


Spieëlbeginssel

Vind die Vader van Jesus in die Tora



ADRIAN EBENS

Spieëlbeginsel

Vind die Vader van Jesus in die Tora

Adrian Ebens



Adrian Ebens, 2023

Kopiereg © 2023, Adrian Ebens

Die morele reg van die skrywer is gehandhaaf.

Alle regte voorbehou. Geen deel van hierdie publikasie mag gereproduseer word vir kommersiële wins nie, insluitend versending in enige vorm op enige manier, elektronies, meganies, fotokopiering, opname of andersins, sonder die vooraf skriftelike toestemming van die uitgewer en kopiereghouers. Neem asseblief kennis dat die skrywer dele van die verse met vetdruk uitgelig het om 'n spesifieke punt uit daardie tekste te beklemtoon.

Tensy anders geïdentifiseer, is Skrifaaanhalings uit die Nuwe Lewende Vertaling [NLV] geneem.

Skrifaaanhalings uit sekere Engelse vertalings is vrylik vertaal.

Skrifaaanhalings wat aan YLT toegeskryf word, kom uit die Bybel, Young's Literal Translation, kopiereg © 1898, deur Robert Young, nou in publieke domein.

Alle webwerfshakels en aangehaalde inhoud is geldig in Januarie 2026.

Hierdie boek en alle ander Father of Love-publikasies is beskikbaar vanaf ons webwerf vadervanliefde.com en fatheroflove.info.

Afkortings vir die Afrikaanse Bybel vertalings wat in hierdie boek gebruik is:

ABA – Afrikaanse Bybel vir Almal

AFR20 – Die Bybel 2020-vertaling

AFR53 – Afrikaans 1933/1953 vertaling

Afr83 – Afrikaans 1983 vertaling

CAB23 – Contemporary Afrikaans Bible 2023

NLV – Nuwe Lewende vertaling (Verse in hierdie boek is NLV tensy anders gemeld)

PWL – Pad van Waarheid tot die Lewe PWL druk Weergawe (Series)

Hierdie boek was

Geskryf deur Adrian Ebens

Geredigeer deur Danutasn Brown, Tony en Anna Pace

Geproeflees deur Lorelle Ebens

Vertaal na Afrikaans deur Sonnette Schubert; geproeflees deur NinaSnyman

Omslag ontwerp deur Adrian Ebens

Voorbladfoto deur Shutterstock

Stel 10.5/14 Palatino Linotype

Gedruk in Suid-Afrika

VOORWOORD

“As jy dink jy weet alles, het jy nog nie die ware kennis nie.”

1 Korinthiërs 8:2

In hierdie nuwe boek het leraar Adrian Ebens weereens gestyg tot nog 'n verstommende bergtop in die openbaring van God se karakter. In ware Bereaanse styl delf Adrian diep in die Bybel op soek na sy antwoorde vir die ernstige en eerlike vrae wat baie nie eers sou waag om te stel nie.

Die proses was uitdagend, want elke openbaring van God se heerlikheid reflekteer ook terug na ons en bring die sondigheid van die mensdom na vore. Hierdie nuwe boek is nie anders nie. Dit sal die leser konfronteer en uitdaag om te bevraagteken wie die God is wat jy liefhet en dien. Hoe praat Hy met ons individueel? Hoe kan ons weet dit is die stem van God, en nie iemand anders s'n nie?

Deur die jare het ons saam met Adrian se bediening gestap en was deel van menigte groepbesprekings om uit te pluus hoe God Sy kinders lei en leer. Elke ontdekking was 'n lig wat verder op die pad geskyn het, wat dit duideliker maak waarheen ons moet gaan. Met behulp van die talle publikasies wat geskryf is, het ons wonderlike groei en transformasie van karakter ervaar.

Leraar Adrian het noukeurig vorentoe beweeg om die struikelblokke wat ons in die gesig staar, aan te spreek terwyl ons die Rots van verlossing uitklim, met stewige bergklim-penne, daargestel deur vaste en bewese beginsels wat oor jare uiteengesit is. Noudat hy die klimroete vasgestel het, bied hy ons almal die geleentheid om dit self te hersien en te bestudeer, of hierdie wonderlike onthullings inderdaad waar kan wees - en in ons geval roep ons hartlik 'Amen!'

Hierdie boek is vir elke siel wat honger en dors na God se geregtigheid, wat sukkel om die oorwinning te behaal oor elke oorweldigende sonde,

VOORWOORD

en smag na kennis wat transformasie van karakter sal gee. Die bladsye in hierdie boek sal jou hartsnare streel.

Deur na die gebeure van die Tora te kyk deur die lewe en leringe van Jesus op aarde, skyn waarheidslig as bevryding van die duisternis wat ons gedagtes omhul het en God uit ons harte uitgesluit het. Dit is nie bloot teoretiese kennis nie, want om te leer hoe God in die verlede met die mens gekommunikeer het, sal jou deur praktiese toepassing wys hoe God nou persoonlik met jou probeer praat.

God se lig is groter as die duisternis waarin die mens is. Maar God se weë is hoër as ons weë. Dus is die wyse waarop Sy lig ons duisternis binnedring, nie vir ons intuïtief nie. Ons moet, met gebed en eerlike nadenke, boontoe reik om insig te verkry, om buite ons gemaksones te dink. Vryheid is die ware prys, en Jesus wag met geduld dat ons dit verstaan en 'n besluit neem daaroor, voor Sy wederkoms.

Moet ons tevrede wees om in die duister na God te struikel? Leraar Adrian het die bergklimpenne geanker. Laat dus ons sy leiding neem en opstaan tot 'n nuwe dag wat breek en insien dat die volgende bladsye inderdaad suiwer, wonderlike waarheid bevat.

Tony en Anna Pace

Vancouver Eiland, Kanada.

Inhoud

Op Soek na die Vader	1
Om Haar te Beskerm en Haar By te Staan	6
Die Vrug van die Liefde	10
Die Hart is Bedrieglik.....	15
Die Weg die Waarheid en die Lewe.....	24
Waarom het U my Verlaat.....	31
Met Onbedekte Aangesig	41
Om Jou Natuurlike Gesig te Sien	50
Die Vloed	59
Neem Verantwoordelikheid	78
Die Mens Het Soos Een van Ons Geword.....	85
Bediening van die Dood	91
Die Geroep van Sodom.....	95
Die Verwoesting van Sodom	103
Agape Jy My?.....	120
Gereedskapskis vir Sluierverwydering	134
Abraham en Isak.....	149
Bloedbruidegom	159
Golgota en die Slangstaf	168
'n Hardkoppigheid om nie te Luister nie.....	181
Muur van Beskerming	188
Die Plae van Egipte	199
Pasga: Verwoester of Beskermer	216
Die Draak in die See word Verslaan.....	232
Evangelie in die Rooi See.....	241

Amalekitiese Nederlaag, Israel is Verslaan	259
Donderweer en Weerligstrale op Sinai.....	276
Lig uit Duisternis.....	293
Die Doodstraf	303
Die Offerstelsel en die Heiligdom	309
Die Goue Kalf.....	318
Nadab en Abihu.....	331
Gestenig oor Godslastering.....	338
Vuur in die Kamp!.....	344
Om van Elke Woord van God te Leef.....	350
Miriam se Melaatsheid.....	354
Muitery op die Grens.....	360
Rebellie van Korag	370
Die Aarde Het Hulle Ingesluk	377
Die Lied van Moses en die Lam	387
'n Gelofte om te Vernietig	394
Verering van die Slang.....	404
Volksmoord op die Amoriete	412
Bileam in die Spieël	418
Afvalligheid by die Jordaan	424
Volksmoord op die Midianiete.....	433
Met die Sluiers Gelig.....	441

HOOFSTUK 1

OP SOEK NA DIE VADER

Ons gesin het vasgenaël voor die televisie gesit terwyl ons die storielyn van *The Sound of Music* ingedrink het. Dit was 'n bekende fliek gebaseer op die werklike ervaring van die Von Trapp-familie in Oostenryk. Kaptein Von Trapp het 'n groot gesin gehad, maar sy vrou is oorlede en het hom alleen agtergelaat om hulle groot te maak. Hy kon nie iemand vind wat die ondeunde kinders wat 'n vaderfiguur benodig, kon hanteer nie. Toe Maria as huishoudster by die huis ingestap het, het sy die harte van die kinders gesteel en 'n omwenteling in die huishouding gebring met lieflike musiek.

Ek was toe rondom 5 jaar oud. Ons het gekyk hoe Maria die onwillige kaptein aanmoedig om vir die kinders te sing, waarna hy uiteindelik die liedjie 'Edelweiss' begin sing het.

Dit was tydens hierdie lied dat ek iets opgemerk het wat ek nog nooit vantevore gesien het nie. My pa het saam met die deuntjie gesing en toe hoor ek sy stem breek. Ek het omgedraai en na hom opgekyk – ek het trane in sy oë gesien.

Dit was vir my 'n raaisel, en ek het gewonder wat dit sou veroorsaak. Met 'n gebroke stem het my geliefde pa vir ons vertel dat die man wat

die rol van die kaptein speel, hom herinner het aan sy pa en aan sy kinderjare in Nederland.

Sy trane het oor my siel gespoel en 'n venster oopgemaak na 'n kind se liefde vir sy pa. Deur my pa se trane het my hemelse Vader na my gewink en met my gepraat van die tere liefde wat tussen pa en seun kan bestaan. My hemelse Vader het aan my 'n blik op Sy teerheid gegee, want elke goeie gawe kom van die Vader van die ligte af.

Alhoewel ek onkundig was oor wat besig was om te gebeur, is 'n honger in my siel aangesteek deur die Gees van God wat my nader aan my hemelse Vader getrek het. Deur die diepste en teerste aardse bande wil ons Vader in die hemel Homself aan ons openbaar.

Soos kaptein Von Trapp, het my pa soms streng voorgekom, en ek was bang om oneerbiedig te wees. Terselfdertyd kon hy saggeaard, sorgsaam en dikwels humoristies wees, veral by feestelike geleenthede.

Ek is dank verskuldig aan my pa vir hierdie vertoon van toegeneentheid teenoor sy pa. Dit het 'n saadjie in my hart geplant, beide in die liefde wat ek vir my pa voel en hoe dit ook my verlange na my hemelse Vader aangewakker het.

Soos almal wat deur hierdie lewe stap, is ek gekonfronteer met woede, konflik, haat en dood. Ek moes ook teësinig elemente in my eie natuur erken wat donker, selfsugtig en vernietigend is.

Terselfdertyd, in hierdie lewensstof ingeweef, is sterrehemele en pragtige sonsondergange, waarvan die lig oor glasagtige seë dans. Ek het in majestueuse woude geloop en is bekoor deur die vreugdevolle geluide van voëlsang in die bome; Ek is geraak deur die tere sorg van moederdiere vir hul harige, snoesige kleintjies; en terwyl ek na die skepping gekyk het, het ek, in 'n sonde-verduisterde spieël, die hand van my tere Vader in die hemel gesien, en Sy liefdevolle stem gehoor wat my nader wink, my bevry en my in Sy Vaderlike omhelsing intrek.

My soeke na my Vader was ingewikkeld en verwarrend, met barmhartige lig gemeng met lang nagte waar ek besef het dat vroeëre oortuigings verkeerd was. Toe ek my hart in my laat tienerjare vir Jesus

gegee het, het ek gretig die Skrif opgeneem en is gekonfronteer met gewelddadige Ou-Testamentiese beelde wat onaantasbare Goddelike Soewereiniteit oproep. Ek het hierdie beelde vir baie jare nie bevraagteken nie. Ek het net aanvaar dat bese mense moet sterf en vernietig word. Sonde is immers 'n verskriklike ding en verskriklike dinge moet gestraf word. Maar onderliggend hieraan was 'n ongemak om verder te kyk, aangesien my begrip van die geweld van God geneig was om enige vroe wat ek dalk gehad het, te onderdruk. Ek het my Vader liefgehad en het nie die verhaal van die vloed of die vernietiging van Sodom en Gomorra bevraagteken nie. Om sulke dinge te bevraagteken was om te twyfel, en twyfel in God kan lei tot afvalligheid en ondergang, dus is dit beter om dit nie te bevraagteken nie.

Hierdie gedagtes kom nie uit gesprekke wat ek met myself gehad het nie, maar dit was wat in my onderbewussyn aangegaan het. My persepsies van geregtigheid is versterk deur my mentors en onderwysers van vorige generasies. Hulle het my gevestig in die gedagte dat wanneer jy 'n heelal bestuur, daar soms moeilike besluite geneem moet word om die slegte uit te skakel en sodoende die goeie te behou.

Ek het in die skadu van twee wêreldoorloë geleef en het grootgeword met swart en wit persepsies van goed en kwaad. Hitler en Mussolini was boos, terwyl die Amerikaners, Britte en Australianers goed was. Hitler het onuitspreeklike boosheid op die wêreld ontketen, veral op mense wat hy as minderwaardig beskou het. Hy het die dood verdien vir wat hy gedoen het. Dit is hoe ek geleer is en dit het vir my volkome sin gemaak, veral omdat Hitler my pa se vaderland in Nederland gebombardeer het, wat die hongersnood van tienduiseende in die winter van 1944 veroorsaak het.

Met hierdie agtergrond het die blootstelling aan Amerikaanse Hollywood-flieks van die Tweede Wêreldoorlog net my tienergemoed versterk om in swart en wit te dink. Die boodskap was eenvoudig: die Duitse leer was boos en die Amerikaanse en geallieerde leërs was helde. Baie van die stories in die Ou Testament het blykbaar bevestig dat die wêreld maar so is. Die Duitse weermag het my pa se mense as slawe

geneem en die Kanadese weermag het gekom om die Nederlandse bevolking van tirannie te bevry. My denke wou hê dat dit ooreenstem met die verhaal van die kinders van Israel in Egipte, ten spyte van die ontoepaslikheid van groot dele van die verhaal.

Op 'n ander vlak het die nuusuitsendings saans vir ons aaklige stories vertel van rowers wat mense se huise binnegaan en bereid was om dood te maak om 'n stel kosbaarhede te steel of, ondenkbaar, om 'n arme vrou wat in die drama vasgevang is, te verkrag.

Hierdie storielyn het daartoe gelei dat ek eindelose gesprekke met my pa en met my vriende gehad het oor wat ons sou doen as 'n rower probeer om ons huis binne te kom of ons gesinne skade aan te doen.

'n Dilemma het in my gedagtes begin opduik. Jesus het Sy vyande liefgehad en die ander wang gedraai, maar Josua, die leier van antieke Israel, sou Israelitiese gesinne beskerm en verdedig en enigiemand wat 'n bedreiging vir die volk van God is, uitwis.

Sommige van my vriende het aangedring dat ons wapens in die huis moet hou, ten minste bofbalkolwe of groot staalstawe, om gereed te wees om toe te slaan op boewe. Ander vriende was in gevegskuns of boks opgelei om kwaaddoeners af te weer.

Tog het die storie van Jesus by my gespook. Hy het na die Kruis gegaan sonder om vergelding te bring aan diegene wat Hom seergemaak het. Hy was 'n man van vrede en liefde. Hoe kan dit moontlik wees om so te leef in so 'n wêreld vol boosheid?

'n Salf is vir my gewete aangebied in 'n televisiereeks genaamd Kung Fu wat tussen 1972 en 1975 vervaardig is. Caine, die hoofkarakter, het homself as 'n vreedsame man voorgedou; hy was stil en gemanierd en het die menslikheid in alle mense gerespekteer. Terselfdertyd, deur die kuns van Kung Fu, sou hy kwaaddoeners onderwerp en vrede herstel, selfs mans is deur hom opgelei hoe om beter te leef. Elke lyfhou van Caine op kwaaddoeners was musiek in my ore. My gevoelens van geregtigheid is opgewek, en toe bese manne met geweld deur 'n

andersins vreedsame man oorwin is, was ek in die versoeking om Jesus met Caine te verwar.

Hoe kon ek die verskil onderskei? Sou Jesus nie op 'n groot wit perd uit die hemel kom om wraak te neem op die wat kwaad doen, en hulle vernietig nie?

Hierdie beginsel is verder ontwikkel deur die Star Wars-filmreeks waar Jedi-ridders 'n streng morele dissipline gehandhaaf het terwyl hulle ander deur hul gevegskuns van die donker kant van die mag beskerm het.

My blootstelling aan televisie en fliks het 'n raamwerk geskep vir hoe ek die Bybel lees. Die Bybel en die fliks van die 1960's en 1970's het dikwels gelyk of hulle met een stem praat: 'n sterk sin van moraliteit wat geregtigheid vereis het vir kwaad wat aangerig is. Nie dat televisie en fliks alleen vir hierdie raamwerk verantwoordelik was nie. My elementêre kennis van die geskiedenis het ook hierdie metode van hantering van die bese onderkryf.

Na my bekering tot Christus op die ouderdom van 17, het die konflik in my gedagtes tussen die vreedsame Jesus en 'n God wat gewelddadig wraak neem op kwaaddoeners, stilweg gegroei, maar meer faktore was nodig voordat hierdie konflik in die openbaar gebring sou word.

HOOFSTUK 2

OM HAAR TE BESKERM EN HAAR BY TE STAAN

Behalwe die manlikheid om 'n held te wees deur middel van krygsvernuf, was daar 'n ander onderwerp wat onder my en my vriende ter sprake gekom het: die vreugde en opwinding van romantiese liefde. Ons het as Christene grootgeword in meer konserwatiewe tye, dus het ons dikwels nie die motivering van seksuele plesier direk aangespreek nie, maar dit was nietemin daar. Hofmakery wat tot die huwelik gelei het, was vroeër die eerbare manier om seksuele oordadigheid en selfbevrediging te betree, alhoewel die erkenning daarvan deur onvolwassenes as kru beskou kon word.

Maar in hierdie dag en dae is daar die groeiende neiging om van hierdie formaliteite af te sien en net vir jou eie plesier te 'doen wat jy wil'. Seks as 'n manier om hoër hoogtes te betree, word met trots sonder voorbehoud verklaar. Soos die bekende Bruno Mars-liedjie *Locked Out of Heaven* lui:

"I'm born again every time you spend the night
'Cause your sex takes me to paradise"

Maar met hierdie beklemtoning van seksuele plesier voor plig binne die huwelik, het die toename in egskedings en gebroke gesinne gekom. Die huwelik word deur baie as verouderd en onwerkbaar beskou. Maar in teenstelling met wat die wêreld dink, leer die Christendom dat die huwelik een van die hoogste instellings is wat deur God aan ons gegee is vir ons bevrediging en vervulling.

Die vreugde wat ek in 'n reddende verhouding met Jesus Christus gevind het, het my gelei om die beginsels van 'n geseënde huwelik te bestudeer. Ek wou intimiteit en die huwelik benader soos Jesus wil hê ek moet. Een van die beginsels wat baie duidelik tot my deurgedring het, was my plig om 'n seën by die vader van die bruid te soek voor die aanvang van 'n huweliksproses.

Met my hart wat klop, het ek Lorelle se pa genader om sy toestemming te vra om met sy dogter te trou. Die gesprek het aan die begin ongemaklik gevoel, maar my liefde vir Lorelle, bygestaan deur die Gees van God, het my aangemoedig om voort te gaan met my versoek. Ek het vir mnr. Masters gesê dat ek vir sy dogter omgee en dat, as ek sy toestemming het om haar die hof te maak, ek vir haar sal sorg, soos hy sou doen.

Na wat soos 'n ewigheid gevoel het, het ek weer 'n volwasse man sien huil, en weereens het dit in daardie oomblik soos vars water oor my siel gespoel. Ek het 'n vader se liefde vir sy dogter gesien, en die wyse van my versoek het my hart aan syne in 'n verbond verbind. Ek het 'n verhouding met Lorelle aangegaan deur 'n verbond met haar pa. Hy het sy kosbaarste skat aan my toevertrou en geglo in my vermoë, deur die Here, om vir haar te sorg. Sy was nie bloot myne om vir *myself* te beskerm en by te staan nie, maar om haar by te staan en haar te beskerm binne die waardekonteks van *'n pa se liefde vir sy kind*. Die verskil is massief.

Ek kon destyds glad nie die volle betekenis van my verbond met Lorelle se pa ten volle begryp nie. Hoe ek haar behandel het, was sedertdien altyd gekoppel aan my belofte aan haar pa. Dit was 'n helder lig om ons

te lei, wat ons verhouding gegrondves het in die seën van ouers en om ons op te bou binne die band tussen ons twee se families.

Geen woorde kan die voorreg van eenheid beskryf wat ontwerp is om tussen 'n man en sy vrou te bestaan nie!

Daar is drie dinge wat vir my te verbasend is, nee, eintlik is daar vier wat ek glad nie kan verstaan nie: hoe 'n arend in die lug kan bly, hoe 'n slang teen 'n rots kan uitseil, hoe 'n skip op die see kan vaar en hoe 'n man die hart van 'n meisie wen. Spreuke 30:18-19

In my hart is Lorelle 'n geskenk van my hemelse Vader aan my. Hy het haar na my toe gebring dat ons saam deur die lewe kan stap, mekaar se hande vashou, mekaar met danksegging omhels, ons vreugdes, uitdagings en hartseer saam kan deel.

Vroeg in ons huwelik was ek partymaal in trane omdat my Vader in die hemel aan my so 'n vriendin en metgesel toevertrou het. Die groeiende teerheid tussen ons het elke dag met toenemende duidelikheid gepraat van die liefde wat ontwerp is om tussen God en Sy mense te bestaan.

“Daarom sal Ek haar naderlok en weer terugwen. Ek sal haar na die woestyn toe lei en daar teer dinge vir haar sê. Ek sal daar haar wingerde aan haar teruggee. Dan sal die Akorvlakte verander in 'n deur van hoop. Daar sal sy weer Myne word soos lank gelede toe sy nog jonk was en Ek haar uit slawerny in Egipte bevry het. “Op daardie dag,” sê die Here, “sal jy My noem ‘my man’ en nie meer ‘my meester’ nie” Hosea 2:13-15

Maar soos die gemeente aan Christus onderdanig is, so moet die vroue dit ook in alles aan hul eie mans wees. Manne, julle moet jul eie vroue liefhê, soos Christus ook die gemeente liefgehad en Homself daarvoor oorgegee het. Efésiërs 5:24-25

Die intimiteit, teerheid, bedagsaamheid, vriendelikheid en liefde wat in die huweliksverhouding moet ontstaan onder leiding van die Gees van God, roep ons op om na die aangesig van God op te kyk en Sy liefde aan ons te oordink. Ons moet verstaan hoe teer, bedagsaam en liefdevol Sy karakter is, dat Hy op hierdie wyse ons in staat stel om hierdie

eienskappe in menslike verhoudings te ervaar. God het aan die begin gesê dat man en vrou na die beeld van God gemaak is. Die intimiteit wat in die huweliksverhouding gemanifesteer word, is ontwerp om aan ons 'n prentjie te skilder van die liefde en karakter van God.

Die huweliksverhouding is egter vol risiko, want as dit sonder ware liefde aangegaan word, kan die verhouding koud word en selfs in die duisternis van mishandeling, lyding en selfbeskerming verval, wat sake baie erger maak as wanneer hulle enkellopend was. Wie sy vrou haat, haat homself, want die Bybel sê:

Op dieselfde manier moet mans hulle eie vroue liefhê. Hulle moet hulle liefhê asof hulle hulle eie liggame is. 'n Man wat sy eie vrou liefhet, het dus eintlik homself lief. 'n Mens haat mos nie jou liggaam nie, maar voed en versorg dit. Christus maak net so met ons, die kerk. Efésiërs 5:28-29

Ek is innig dankbaar teenoor ons Vader, Sy Seun en Lorelle wat my die vreugde om te lewe vir ander, geleer het, en sodoende my perspektief verbreed het van waaruit die koninkryk van God bestaan.

Die huwelik het die tweede en mooiste venster na die hart van God geword, naas die eerste venster deur my ouers. Alle lof aan ons Vader omdat Hy so 'n stelsel van verhoudings binne sy goddelike, oorspronklike ontwerp bedink het! Laat die Vader geseën wees, nou en tot in alle ewigheid, laat al die engele Sy lof besing met trompet en harp en met al die snaarinstrumente! Laat engele-stemme saam opklink met die stem van die verlostes, wat die Naam van die Here loof!

HOOFSTUK 3

DIE VRUG VAN DIE LIEFDE

Slegs goddelike liefde kon die skepping van 'n kind uit die intieme eenheid van 'n man en sy vrou bedink. Dit is onmoontlik om die emosie te beskryf wanneer mens liefdevol in die oë van 'n kind kyk wat na die beeld van jou en jou gade geskep is.

Toe ek my eersgebore seun aanskou en in sy oë kyk, was ek in 'n ewige oomblik vasgevang. Diepe gevoelens van dankbaarheid en bewondering vir my vrou, is gemeng met die vreugde van my seun wat in die wêreld gekom het. Die gevoel van die konneksie wat in daardie oomblik geskep is, het my hemelse Vader toegelaat om diep tot my siel te spreek oor Sy koninkryk en karakter. Nog 'n verhouding wat in die hemel ontwerp is, het ontstaan en daarmee saam nog 'n potensiële geleentheid om die Vader beter te verstaan.

Vandat ek pa geword het, kon ek beter identifiseer met ons hemelse Vader en insien wat vaderskap beteken. Ons voel wat God voel in die hunkerende begeertes dat ons kinders beskerming, ontwikkeling en vreugde sal geniet.

Wanneer die huwelik en kinders ontvang word soos die hemel bedoel het, word 'n uitroepteken geplaas op die hemelse begeerte dat verhoudings nooit bedoel was om te beëindig nie.

Om my seun in my arms te vou en al die vaderlike gevoelens van liefde en vreugde te voel, is asof die hemelse vensters oopgegooi is om die Vaderskap van God aan te raak.

As ek nou terugdink, lyk dit amper vanselfsprekend dat, ten tye van die geboorte van my twee seuns, my hartsnare aangeroei is deur die volgende Skrifgedeelte:

Daar was ook 'n stem uit die hemel wat gesê het: “Dit is my geliefde Seun. Oor Hom verheug Ek My.” Matteus 3:17 (Afr83)

Die geboorte van my seuns het my in 'n dieper verhouding met God geplaas. Die hemelse vreugde wat die Vader vir sy Seun uitgespreek het, het my die vertrouwe gegee dat my hemelse Vader dieselfde voel oor my. Daardie versekering van “dierbaar en geliefd” wees en om God “groot vreugde” te gee, het gegroei toe ek gelees het:

...tot lof van die heerlijkheid van sy genade waarmee Hy ons begunadig het in die Geliefde. Efésiërs 1:6 (Afr53)

Vier jaar na die geboorte van my eerste seun het 'n gedagte in my gekristalliseer wat my hele werklikheid en bestaan sou verander. Die liefde wat ek vir my vrou en seuns ervaar het, het hulle vir my baie kosbaar gemaak. As ek as man en pa hulle so waardevol kon ag, dan is hulle mos werklik so waardevol – of hulle dit nou voel of nie? Kan dit wees dat *ek as pa die waarde van my kinders bepaal*, eerder as wat my kinders hul waarde vir my *bewys* deur hul prestasies?

Dit was die geboorte van wat ek later genoem het die *Identiteitsoorlog*;¹ 'n oorlog tussen my indentiteit wat bepaal word deur my prestasie en wat ek kan bereik, teenoor my identiteit wat bepaal word deur my Vader in die hemel vir wie ek toelaat om my waarde te bepaal deur die liefde wat Hy aan my bewys. Dit was so 'n eenvoudige dog diepgaande

¹ Sien die boek *Identiteitsoorlog* beskikbaar op vadervanliefde.com.

gedagte. Daarmee het die Skrif op 'n nuwe en lewende manier vir my oopgegaan, wat my vorentoe gelei het na 'n begrip waar God se vaderlike woorde/beloftes aan my belangrik was, eerder as my woorde/beloftes aan 'n God wat ver was.

So sê die Here: Laat die wyse hom nie beroem op sy wysheid nie, en laat die sterke hom nie beroem op sy sterkte nie, laat die ryke hom nie beroem op sy rykdom nie; maar laat hy wat wil roem, hom hierop beroem dat hy verstaan en My ken, dat Ek die Here is wat goedertierenheid, reg en geregtigheid op die aarde doen; want in dié dinge het Ek 'n behae, spreek die Here. Jeremia 9:23-24 (AFR53)

Die vermaning om nie in jou eie wysheid, mag of rykdom te roem nie, maar eerder in die liefderyke goedhartigheid van ons hemelse Vader, het hierdie verhoudingsgeoriënteerde denkproses besonder bekragtig. Om Satan in die woestyn in die oë te kyk, het die Vader doodeenvoudig die vreugde wat Hy vir sy Seun gehad het, bevestig. Hy het nie Sy Seun se krag of intellek verhoog nie, Hy het eerder vir Christus gesê dat Hy Hom liefhet.

Toe Satan van Christus geëis het om Sy Seunskap te bewys deur wonderwerke te verrig, het Christus hom daaraan herinner dat rus in die woord van God al was wat Hy moes doen. Die Vader het reeds die Seunskap van Jesus aan die heelal uitgespreek. Christus het in Sy Vader gerus eerder as om Homself deur 'n magsvertoon te probeer verdedig.

Op 'n stadium tydens hierdie proses is ek gekonfronteer met die werklikheid van my hemelse Vader se liefde vir my. My verhouding met my seuns het my denke geopen om 'n bietjie van die vaderskap van God te begryp, en eendag het die deur wyd oopgeswaai toe my Vader my seunskap sonder geld en sonder prys aan Hom aangebied het – 'n seunskap wat suiwer uit die Vader se wil gebore is deur die kanaal van my menslike ouers. Ek het eers gehuiwer by die gedagte daaraan. Dit was majestueus, verhewe, en woorde kan dit nie beskryf nie, maar in die liefde van Christus het ek in my seunskap tot God ingestap, deur bloot te glo dat Christus se Seunskap die hoeksteen van my eie seunskap was en dat niemand meer my waarde van my kon beroof nie.

Dit sou etlike jare neem vir hierdie saadjie wat in my siel geplant is om deur te breek na ander areas van my lewe. In 2015 het ek eendag skielik besef dat as ek so oneindige waarde vir my Vader besit, dit vir Hom onmoontlik sou wees om skielik teenoor my te verander en my te vernietig omdat my sondigheid 'n sperdatum bereik het. Om hierdie moontlikheid te oorweeg, was genoeg om al die waarde te neutraliseer wat gevind is in die geloof dat ek 'n seun van God is, aangesien Hy my waarde vir Hom vooraf bepaal het en bestem het.

Ek het begin om die waarheid van wat die vers sê, te besef:

Volmaakte liefde het nie plek vir vrees nie; volmaakte liefde dryf die vrees uit omdat vrees nog met straf behep is, en wie aanhou vrees, het nog nie dié volmaakte liefde bemeester nie. 1 Johannes 4:18

Volmaakte liefde kan nie werk waar daar vrees vir straf is nie. Die idee dat 'n seun of dogter vernietig kan word deur die hand van hul Vader, ons Skepper, skep 'n spanning in die verhouding wat dit onstabiel, onseker en koud maak. 'n Lewe met 'n swaard wat oor jou hang, veroorsaak ang, wat ons buite Sy volmaakte liefde uitsluit.

'n Welmenende Christen mag uitroep: "Aanvaar Jesus of brand in die hel!" Hy bied nie volmaakte liefde aan nie, want dit word aangebied met vrees vir straf. Enige oproep aan mense wat deur 'n dreigement van die dood gerugsteun word, bring bloot die idee dat mense geen waarde vir God het nie, tensy hulle presies doen soos Hy hulle beveel. Sulke idees ontnem God van die tere eienskappe van 'n Vader en plaas Hom op 'n troon as meedoënlose veroordelende regter van diegene wat ophou om Sy wil te doen.

Die volmaaktheid van die Vader se liefdevolle goedhartigheid en eindelose genade word verbrand in die vlamme van die Christelike hel. Die vernietigende vlamme beëindig nie net die lot van sondaars nie, maar ook die liefdevolle vaderskap van God.

My verwarring van vroeër jare het teruggekeer. Die stryd tussen die lieflikheid van Jesus wat die ander wang gedraai het, en die behoefte

om my gesin teen bese mense te beskerm, het ontplof in 'n stryd in my gedagtes tussen 'n teer Vader wat oneindige waarde op Sy kinders geplaas het, en die behoefte dat geregtigheid boosheid in sy spore moet vastrap.

Verskeie gedeeltes van die Skrif gekombineer met my gesins-ervarings het my in een rigting gestuur, terwyl verskeie ander Skrifgedeeltes saam met byna die hele Christendom in 'n ander rigting gewys het. Hoe sou ek hierdie konflik oplos? Is my Vader in die hemel die een dag wonderlik genadig en die volgende dag gruwelik gewelddadig, sodat Hy op die mees ondraaglike wyse miljarde na hul dood stuur?

Het dit regtig saak gemaak? Waarom nie alles afsluit as 'n raaisel bo my begrip nie? God is immers so oneindig en ek is so klein en my brein is 'n klein ertjie in vergelyking met Syne!

As ek dit waag om my Vader hieroor uit te vra, sou Hy my antwoord? Is ek werklik na Sy beeld gemaak, en het al my huweliks- en gevolglike vaderlike gevoelens nie van Hom gekom nie? Het ek probeer om God na my eie beeld te maak? Of het ek probeer om die Bybel te harmoniseer in die lig van wat ek nou begin sien het? Het my diepgaande ervarings van intimiteit met my vrou en die verlangende begeerte na die welsyn van my kinders my iets vertel van my Skepper?

Een ding was seker: die Bybel bevat die antwoorde. As 'n seun van die lewende God was ek vol vertroue dat, as ek wysheid kortkom, ek na Hom kan kom en Hom in eenvoudige geloof kan vra om hierdie dinge aan my te verduidelik.

Voordat ons voortgaan om my soeke na my dierbare hemelse Vader verder te bespreek, moet ons terugtree en verdere konteks aan hierdie soektog verskaf. Wanneer mense die Bybel benader, doen hulle dit nie sonder vooroordeel nie. Die Bybel openbaar aan ons dat die menslike hart positief vyandig teenoor God is en nie in die minste belangstel in die waarheid oor Hom nie. As ons nie hierdie vooroordeel identifiseer nie, sal ons misluk in ons soeke na die Vader.

HOOFSTUK 4

DIE HART IS BEDRIEGLIK

Die gesegde lui dat twee dinge in die lewe seker is – “die dood en belasting.” Maar daar is iets baie meer seker as dit: dat elke mens op hierdie aarde sy uitspraak oor die karakter van God moet gee.

Die ateïs veroordeel God tot die dood. Sy benadering tot die Bybel lei hom tot die gevolgtrekking dat God nie net 'n fiktiewe karakter is nie, maar dat God as idee 'n negatiewe impak op die mensdom het en daarom filosofies afgetakel moet word.

Die agnostikus is 'n bietjie te bedees om so 'n vrymoedige standpunt in te neem, en verkies eerder om aan God die plek van irrelevansie toe te wys, en bly onverbonden of God bestaan of nie. Maar net soos die ateïs, is die gevolgtrekking vir hom dat daar niks aantreklik in die persoon van God is wat die saak waardig maak om te ondersoek nie.

Die aanhangers van alle gelowe ontken dat Jesus die ware Seun van God is. Die Christelike geloof herbenoem Hom as “God die Seun”. As gevolg van die Christendom se magsbeheptheid, geïllustreer in die geskiedenis deur die vaslegging van die Romeinse politieke struktuur, het teoloë geskryf en geskryf oor Christus wat gelyk is aan die Vader met die klem op mag. Maar hierdie magsgelykheid wat vleeslike mense aan God en

Sy Seun toedig, het dit wat vir Hulle die waardevolste is, asook die werklike basis van hulle gelykheid, verduister: hulle verhouding. Die taal van gelyke en mede-ewige wesens vernietig beide die ware Seunskap van Jesus en die ware Vaderskap van God.

Die Moslem en die Jood sien Christus as bloot 'n man, wat die ware vaderlike karakter van God vernietig vanuit die teenoorgestelde perspektief as die ortodokse Christen. In hulle oë het God geen enigste spesiale Seun nie, en daarom kry ons geen spesiale insig in God as 'n verhoudingswese nie.

Diegene wat deur Oosterse filosofie beïnvloed is, kyk in die spieël en sien hulself as deel van die goddelike eenheid; die waterdruppel wat sy individualiteit oorgee in die groot oseaan van goddelikheid om een met God te word. Hulle identifiseer as God self, en maak dus die idees van 'n tere Vader nutteloos.

In die hart van al hierdie uitsprake oor God staan die hartseer werklikheid van die menslike natuur. Dit is so onbevooroordeeld teenoor God soos die jurie in die suide van die VSA in die film *To Kill a Mockingbird*. Ten spyte van die dapper pogings van Atticus Finch om die swart Tom Robinson te bevry van die aanklag van verkragting teen 'n wit vrou, het die jurie hom nietemin aan verkragting skuldig bevind. Die kleur van hul vel en die haat in hul harte het dit geëis. Dit was nie vir hulle moontlik om dit anders te sien nie.

Die Bybel openbaar aan ons die geestelike kleur van ons vel en die haat in ons harte soos volg:

Dit is soos die Skrif sê: “Niemand is goed nie – selfs nie een nie. Daar is nie een wat verstandig is nie; niemand wat ernstig na God soek nie. Almal het hulle rug op God gekeer; almal het sleg geword. Daar is niemand wat die goeie doen nie – selfs nie een nie. Hulle keel is soos 'n geopende graf. Met hulle tonge pleeg hulle bedrog. Die gif van dodelike slange drup van hulle lippe. Hulle monde is vol vervloeking en bitterheid. Hulle is haastig om moord te pleeg. Oral waar hulle gaan, laat hulle verwoesting en ellende agter. Hulle

DIE HART IS BEDRIEGLIK

weet nie waar ware vrede lê nie. Eerbied vir God speel by hulle geen rol nie.” Romeine 3:10-18

Die Bybel stroop ons van die aangeplakte aansprake van biljoene mense wat sê dat hulle God soek. Hoe is dit selfs moontlik?

“Die mens se hart is deur en deur bedrieglik en boos. Wie weet regtig hoe sleg dit is? Jeremia 17:9

Daar is niks meer bedrieglik as die menslike hart nie. Enigiemand wat dink hulle is beter as ander, openbaar hulle is 'n slagoffer van hul eie bedrog.

Die annale van die menslike geskiedenis is propvol hartseer verhale van trots, selfsug, leuens, losbandigheid en moord. Loop deur die gange van die antieke senaat van Rome, aanskou die metodes van manne soos Julius Caesar, gevolg deur sy roemryke sluipmoord. Hy het gekom, hy het gesien, hy het oorwin ... en in sy sondes gesterf.

Besoek die Imperia-standbeeld van 18 ton in die stad Konstanz, Duitsland en word herinner aan die prostitute wat kerk-ampsdraers en staatsmanne by die Raad van Konstanz tussen 1414-1418 bedien het. Daardie raad het vir John Huss en sy Bybelse leerstellings op die brandstapel verbrand en kon nie besluit of gedwonge bekering deur oorlog aanvaarbaar was of nie. Watter meer gepaste simbool kan vir daardie raad aangewend word, want hulle was manne van mag wat beweer dat heiligheid gehandhaaf word in die arms van 'n wellustige vrou, in 'n vinnige opmars na die poorte van die hel.

Ons Vader in die hemel verduidelik so vir ons die omvang van die probleem:

“My gedagtes is anders as julle s’n, en julle paaie is nie my paaie nie,” sê die Here. “Want soos die hemel hoër is as die aarde, so is wat Ek doen, hoër as wat julle doen, en my gedagtes hoër as julle gedagtes.” Jesaja 55:8-9

As God se gedagtes inderdaad ver bo enigiets is wat ons ons kan voorstel en ons weë geensins soos Syne is nie, hoe op aarde kan ons

Hom dan vind? Paulus herinner ons ook dat ons van nature nie daarin belangstel om Hom te vind nie, maar heel tevrede is om God na ons eie beeld te skep en dit eerder te aanbid.

Kan Etiopiërs die kleur van hulle velle verander? Kan 'n luiperd sy kolle laat verdwyn? Dink julle miskien dat julle skielik kan begin goeie dinge doen nadat julle gewoon was om kwaad te doen?
Jeremia 13:23

Wat van die nasie aan wie God Sy wil getoon het? Alhoewel Israel meer as enige ander nasie geseën is met kennis van God, het hulle Hom voortdurend verwerp en in goddeloosheid verval. Ons sien hoe 'n hartgebroke Vader Sy hartseer uitstort oor hoe hulle Hom hier behandel het:

“Maar toe het jy [Israel] jou vertrou in jou beroemdheid en skoonheid begin stel. Jy het jouself as 'n prostituut aangebied vir elke man wat verbygegaan het. Jy het jouself uitverkoop. En jy het die mooi klere wat Ek jou gegee het, gebruik om heiligdomme vir afgode te maak. Daar het jy as prostituut gelê. Ongelooflik! Hoe kan so iets gebeur?

Jy het jou juwele en die goud en silwer gevat wat Ek vir jou gegee het, en daarvan beeldjies van mans gemaak. En jy het hulle aanbid. So het jy egbreuk teen My gepleeg. Jy het jou geborduurde klere gevat wat Ek jou gegee het, en vir jou afgode aangetrek. En jy het my olie en wierook gebruik om aan hulle te offer. Verbeel jou! Jy het die fynmeel en olyfolie en heuning wat Ek jou gegee het, voor hulle as 'n offer neergesit, sê die oppermagtige Here.

“Jy het ook jou seuns en dogters, die kinders wat jy by My gehad het, gevat en aan jou afgode geoffer. Was dit nie genoeg dat jy 'n prostituut geword het nie? Moes jy ook my kinders slag en aan jou afgode offer? In al die jare wat jy egbreuk gepleeg en vreeslike sondes gedoen het, het jy nie een keer teruggedink aan die dae toe jy kaal in die veld gelê het nie. Daar het jy in jou eie bloed gelê en skop.

“Jy gaan sekerlik vernietig word, sê die oppermagtige Here. Ná al die verskriklike dinge wat jy aangevang het, het jy ook 'n heiligdom vir jou afgode gebou. Jy het altare vir jou afgode op elke dorpsplein ingerig. Op elke straathoek het jy 'n afgodsaltaar gebou en jou skoonheid verkoop. Jy het jou lyf aangebied vir elkeen wat verbygaan. Jy het nie opgehou om jou as prostituut uit te huur nie.”
Esegiël 16:15-25

Is God se eindtyd kerk beter as dit? Nadat ons die voorbeeld van die lewe van Christus gegee is, kan ons moontlik 'n mate van verbetering sien?

“Wanneer Ek, die Seun van die Mens, verskyn, sal dit gaan soos in die tyd van Noag. Destyds, voor die groot vloedwater gekom het, het die mense soos gewoonlik voortgegaan om fees te vier en oor en weer te trou, selfs nog totdat Noag in die ark ingegaan het. Hulle het eers besef wat aan die gang was toe die vloedwater kom en hulle almal verswelg het. Net so sal die koms van die Seun van die Mens wees.” Matteus 24:37-39

Baie kom na die Bybel en beweer nonchalant dat hulle die Bybel lees soos dit daar staan. Maar hoe is dit moontlik wanneer nie een van ons soos God dink en niks van Hom begryp nie? **Enige aanspraak om namens God te praat sonder 'n erkenning van ons totale verdorwenheid, kan net daartoe lei dat God na ons beeld geskep word en dat ons die afgod van ons verbeelding aanbid.** Ons sal altyd bevooroordeelde wees in ons beoordeling, want ons haat God ten diepste; ons haat teen Hom is in lyn met Satan s'n. Totdat ons hierdie uitspraak aanvaar, sal ons nooit enige kans hê om Hom te ken nie. Ware genesing kom slegs met ware diagnose.

Hierdie beoordeling van die menslike natuur voel uiters hardvogtig. Een van die vele verdedigingsreaksies hierop is die idee dat, sodra ons Christus aanvaar, al ons vyandigheid op een of ander manier verdwyn. Dit is maklik om Sy woorde te vergeet:

“Ek is die druiwestok, julle is die lote. Wie aan My verbonde bly en Ek aan hulle, dra baie vrugte, **want sonder My kan julle niks doen nie.**” Johannes 15:5

Die oorgawe van self is 'n daaglikse stryd, nie 'n eenmalige gebeurtenis nie. Elke dag moet ons ons bese natuur in die gesig staar en onself aan Christus gee vir hulp. Ons is nie eens vir 'n oomblik veilig sonder ons gevoel van voortdurende afhanklikheid van Christus vir krag nie.

Ek is met Christus gekruisig, en ek leef nie meer nie, maar Christus leef in my. En wat ek nou in die vlees lewe, leef ek deur die geloof in die Seun van God wat my liefgehad het en Homself vir my oorgegee het. Galasiërs 2:20 (Afr53)

Ek sterf dag vir dag, broeders, so waar as ek op julle roem in Christus Jesus, onse Here. 1 Korinthiërs 15:31 (Afr53)

Daar is nie een goeie gedagte wat in ons opkom wat nie deur God in Christus aan ons gegee is nie.

Die waaragtige lig wat elke mens verlig, was aan kom in die wêreld. Johannes 1:9 (Afr53)

Elke keer wat ons iets goed doen en dink, kan dit net wees omdat ons die Gees van God toegelaat het om in ons harte te woon. Daar is nooit 'n tyd in hierdie lewe wat ons kan of wil goeddoen behalwe as dit aan ons van Bo gegee word nie.

Van Bo af kom net goeie, ja, volmaakte gawes. Hulle kom van die Vader wat die hemelligte geskep het. Anders as die hemelligte, staan Hy onbeweeglik vas. Selfs sy skaduwee verskuif nie soos hulle s'n nie. Jakobus 1:17

Waar ook al in die wêreld jy goeie dinge sien, is dit omdat God daar is. Voel jy ver van God af; smag jy na Sy teenwoordigheid, Sy liefde? Dit kan net wees omdat Hy smag om jou te sien en jou deur Sy liefde te trek. Nie ek of jy het enige neiging tot ons Vader in die hemel nie. Enige begeerte na Hom kom van God deur Christus. Christus is die bron van elke regte impuls, elke regte begeerte.

Omdat hierdie begeertes stilweg na ons toe kom, binne ons, deur die agentskap van die Gees van God, word mense versoek om te dink dat hulle goed kan wees. Alhoewel dit 'n totale dwaling is, kom dit so natuurlik vir ons, aangesien ons trots wil wees op onself. Onthou jy ons probleem met gebrekkige waarde? Ons dink ons is goed genoeg om self 'n bron van gesag te wees, óf goed genoeg om 'n ander mens as ons bron van gesag te kies, en dus word elke dag 'n nuwe godsdienst gebore.

Dit is die rede waarom daar soveel teenstrydige leringe is wat beweer dat dit uit die Bybel kom. Wanneer mense regverdige dade verrig, loop hulle gevaar om te dink dat hulle in staat is om die Bybel te lees en dit te verstaan. Slegs deur die hulp van die Heilige Gees kan ons die Skrifte begryp.

maar soos geskrywe is: Wat die oog nie gesien en die oor nie gehoor en in die hart van 'n mens nie opgekom het nie, wat God berei het vir die wat Hom liefhet. **Maar God het dit aan ons deur sy Gees geopenbaar, want die Gees ondersoek alle dinge, ook die dieptes van God.** Want wie van die mense weet wat in 'n mens is, behalwe die gees van die mens wat in hom is? So weet ook niemand wat in God is nie, behalwe die Gees van God. Ons het ewenwel nie die gees van die wêreld ontvang nie, maar die Gees wat uit God is, sodat ons kan weet wat God ons uit genade geskenk het.

Daarvan spreek ons ook, nie met woorde wat die menslike wysheid leer nie, maar met dié wat die Heilige Gees leer, sodat ons geestelike dinge met geestelike vergelyk. **Maar die natuurlike mens neem die dinge van die Gees van God nie aan nie; want dit is vir hom dwaasheid, en hy kan dit nie verstaan nie, omdat dit geestelik beoordeel word.** 1 Korinthiërs 2:9-14 (AFR53)

Wanneer ons die Bybel oopmaak, moet ons bely dat ons dit nie verstaan nie, want ons ken nie God se gedagtes of weë nie. Ons moet om hulp pleit; ons moet pleit dat die Gees van God ons sal lei en bystaan. Ons moet soos 'n klein kindjie aan die Skrif onderwerp word; en nie die Skrif aan ons onderworpe maak, om dit volgens ons eie wil te onderskei en dit te laat sê wat ons wil hê dit moet sê nie.

Ons moet dit nie net aan die begin van ons Christelike wandel bely nie, maar heeltyd. Geen universiteit of kollege behoort die vermetelheid te hê om 'n Bybelgeleerde met 'n teologiese graad te erken nie. Hoe weet hulle? Kan hulle die harte van mense lees? Kan hulle weet of 'n man die werk van geleerdheid betree het vir sy eie eer of vir God s'n? Dit is onmoontlik. Hoe meer selfversekerd 'n man in sy geleerdheid is, hoe meer bewyse het ons dat hy glad niks weet nie.

As iemand meen dat hy enige kennis het, weet hy nog niks soos 'n mens behoort te weet nie. 1 Korinthiërs 8:2 (Afr53)

En al sou ek die gawe van profesie hê en al die geheimenisse weet en al die kennis, en al sou ek al die geloof hê, sodat ek berge kon versit, en ek het nie die liefde nie, dan sou ek niks wees nie. En al sou ek al my goed uitdeel, en al sou ek my liggaam oorgee om verbrand te word, en ek het nie die liefde nie, dan sou dit my niks baat nie. 1 Korinthiërs 13:2-3 (Afr53)

Die herhaalde seksuele misdrywe van Katolieke en Protestantse geestelikes teen vroue en kinders behoort genoeg bewyse te wees dat die besit van grade of die dra van heilige kleredrag niks bydra tot kennis van die waarheid nie.

Moet ons dit nie as 'n vanselfsprekende waarheid beskou dat enige man wat sy tere en goeie gewete afstomp om 'n vrou of kind te verkrag, baie van sy sensitiwiteit vir die ware teenwoordigheid van ons hemelse Vader verloor het nie?

In die lig van ons vorige hoofstukke aangaande huwelik en gesin, opper ons hierdie belangrike punt: hoe kan die onberouvolle man of vrou wat hul huweliksbelofte vernietig ten gunste van groener weivelde werklik die heiligheid wat God op verhoudings plaas, begryp of sy karakter werklik waardeer? Kan dit een van die vele redes wees waarom God egskeiding haat?

Maar terug na die mensdom se kernprobleem. Aangesien niemand goed is nie, kan ons slegs in die posisie van die tollenaar die waarheid ontvang:

“Twee manne het na die tempel opgegaan om te bid, die een 'n Fariseër en die ander 'n tollenaar.

“En die Fariseër het gaan staan en by homself so gebid: o God, ek dank U dat ek nie soos die ander mense is nie — rowers, onregverdiges, egbrekers, of ook soos hierdie tollenaar nie. Ek vas twee keer in die week, ek gee tiendes van alles wat ek verkry.’

“En die tollenaar het ver weg gestaan en wou selfs nie sy oë na die hemel ophef nie, maar het op sy bors geslaan en gesê: o God, wees my, sondaar, genadig!” Lukas 18:10-13 (Afr53)

En ons kan by hierdie dierbare kind van God leer:

En toe hulle dit hoor, het hulle, deur hul gewete bestraf, een vir een weggegaan, van die oudste af tot die laaste toe; en Jesus het alleen agtergebly, en die vrou wat daar tussen hulle in gestaan het. En toe Jesus Hom oprig en niemand sien behalwe die vrou nie, sê Hy vir haar: Vrou, waar is daardie beskuldigers van jou? Het niemand jou veroordeel nie? En sy antwoord: Niemand nie, Here. En Jesus sê vir haar: Ek veroordeel jou ook nie. Gaan heen en sondig nie meer nie. Johannes 8:9-11 (AFR53)

Die dankbare sondaar wat vergifnis ontvang het, is die enigste een wat kennis van God kan ontvang. Soos sy kennis groei, verdiep sy bekering en word sy gevoelens van algehele afhanklikheid van God sterker. Selfvertroue verdwyn en maak die siel leeg van sy stinkende self om plek te maak vir die Gees van God om hom te onderrig en te lei. Vanuit hierdie posisie kan ons nederig die brandende vraag vra:

“En as Ek gegaan en vir julle plek ingerig het, kom Ek terug en sal julle na My toe neem sodat julle ook kan wees waar Ek is. Julle weet mos waarheen Ek gaan, en hoe om daar te kom.” **Tomas sê vir Jesus: “Here, ons weet nie waarheen U gaan nie; hoe kan ons dan die pad daarheen ken?”** Johannes 14:3-5

Dit is fassinerend dat Thomas die antwoord reg voor sy oë gehad het, en steeds kon hy dit nie sien nie. Durf ons daarop aanspraak maak dat ons beter is as Thomas?

HOOFSTUK 5

DIE WEG DIE WAARHEID EN DIE LEWE

My tienerjare het geblom teen die agtergrond van die digitale rewolusie van die tagtigerjare met “*video killed the radio star*”. Ek het grootgeword voor skerms gevul met Space Invaders, Pacman en Asteroïdes, onbewus daarvan dat ek in die maalkolk van populêre kultuur ingesleep is. Een liedjie het op hierdie tydstip in my gedagtes uitgestaan wat 'n belangrike vraag gestel het: “What is love anyway, does anybody love anybody anyway?” Die liedjie begin met 'n uitbeelding van 'n pragtige tipe liefde wat nie deur twyfel geteister word nie.

I love you whether or not you love me
I love you even if you think that I don't
Sometimes I find you doubt my love for you, but I don't mind
Why should I mind, why should I mind

Maar in die refrein word die vraag geopper:

What is Love anyway, does anybody love anybody anyway
What is Love anyway, does anybody love anybody anyway

In die soeke na volmaakte liefde kom die liedjieskrywer tot die gevolgtrekking dat volmaakte liefde sonder vrees nie gevind kan word nie, en daarom moet ons net aanvaar dat ons altyd in mekaar sal twyfel.

Can anybody love anyone so much that they will never fear
Never worry never be sad
The answer is they cannot love this much, nobody can
This is why I don't mind you doubting

Dit sê uiteindelik vir die luisteraar dat jy voorbereid moet wees dat mense wat van jou hou, uiteindelik besluit om jou te verlaat.

And maybe love is letting people be just what they want to be
The door always must be left unlocked
To love when circumstance may lead someone away from you
And not to spend the time just doubting

Wat is liefde in elk geval? Die vraag het diep in my hart gebly, al het ek dit nie gewaar nie. Minder as 12 maande nadat hierdie liedjie vrygestel is, het ek my eerste liefde ervaar. Minder as 8 maande later het dit geëindig, en ek het van die romantiese hoogtepunt van tienerliefde na die put van hartseer en leegheid neergedaal, baie alleen... en het opnuut gewonder wat liefde is. In hierdie tyd het 'n ander liedjie uitgekome waarna ek gereeld geluister het.

I gotta take a little time, a little time to think things over
I better read between the lines, in case I need it when I'm older
Now this mountain I must climb, feels like the world upon my shoulders
Through the clouds I see love shine, it keeps me warm as life grows colder
In my life there's been heartache and pain
I don't know if I can face it again
Can't stop now, I've travelled so far, to change this lonely life

I want to know what love is, I want you to show me
I want to feel what love is, I know you can show me

Al het die liedjieskrywer gepraat van die liefde van hierdie wêreld, was daar 'n dieper hartskeet in sy woorde wat in my siel geëggo het. Dit

was 'n kreet na my Skepper – ek wil weet wat liefde is, ek wil hê U moet my wys.

'n Paar maande later, in 'n dal van moedeloosheid, terwyl die gevolge van my lewenskeuses begin manifesteer het, het ek tot God geroep. Die skuldgevoel van my selfsug, omring deur 'n wêreld van duisternis, lyding en pyn, het veroorsaak dat ek ernstig gesoek het na 'n beter pad.

Ek het met 'n swaar hart in my kamer gekniel. Ek het tot Jesus gebid om my te bevry van my huigelary, buierigheid en mededingendheid ten koste van vriendskap en familie.

Terwyl ek by my bed gekniel het, het die toneel van die Kruis voor my verskyn. Ek kon Jesus sien, in Sy lyding aan die Kruis, en my hart het uitgegaan na Hom. 'n Gevoel van skaamte het my oorweldig omdat my sondes deel was van die rede waarom Hy daar gehang het. Terwyl ek Jesus aanskou het, het ek hierdie gevoel gehad dat Hy my nie vir my sondes veroordeel het nie; Ek was oortuig daarvan dat my begeerte om vergewe te word aan my toegestaan is.

Vreugde het in my hart opgespring en in 'n stortvloed van tranes uitgebars. Ek is vergewe! Ek was vry! Jesus het my Verlosser geword en my hart het van daardie dag af Sy troon geword. Ek wou weet wat liefde is en Hy het my gewys. Ek is vrylik vergewe ten spyte van die seer wat ek my Verlosser veroorsaak het. Dit was liefde – ware liefde. Alhoewel ek getwyfel het aan Sy liefde vir my wat Hom verskriklik seergemaak het, het Hy my tog vergewe. Nou het 'n nuwe lied my hart gevul:

There is a redeemer
Jesus, God's own Son
Precious Lamb of God, Messiah, Holy One

Thank you oh my Father
For giving us your Son
And leaving your Spirit
'Til the work on earth is done.²

² Gesing deur Keith Green, *There is a Redeemer*. (1982)

Jesus het my hele lewe verlig. My voorkeure en begeertes het heeltemal verander. Die volle versekering van vergifnis het my gemotiveer om alles vir Hom te laat vaar. Ek het dinge prysgegee, nie om God te paai nie, maar omdat ek nie my Verlosser wou seermaak nie. Die gedagte om Hom seer te maak, het my seergemaak. Ek het dit al hoe moeiliker gevind om die dinge te doen wat ek vroeër gedoen het.

Vanuit die posisie van “wees my as sondaar genadig” het die Bybel vir my alles geword. Die gees in die musiek waarna ek geluister het, het voorheen gebots met die Gees van Jesus wat deur die Skrif na my gekom het. Ek kon die spanning in my voel - die stryd tussen my vlees en God se Gees. Ek het soveel keer op my knieë na Jesus toe gekom en Hom gevra om my te verlos van vleeslike begeertes en selfsug, en Hy het my gebede verhoor en my oor en oor verlos.

By een geleentheid het ek geworstel tussen my begeerte om na 'n paar 'top 40' rockmusiek te luister of om my Bybel te lees. Ek kon nie hierdie deuntjie wat in my kop rondmaal afskud nie, gevolg deur hierdie druk om die musiek aan te skakel. Ek het neergekniel en ernstig gebid vir vryheid van hierdie druk. Dit het vir meer as 'n uur aangehou. Die vraag het deur my gedagtes gegaan: *Hoekom maak jy so 'n ophef oor so 'n onbenullige kwessie soos 'n liedjie!*

Maar dit was nie onbenullig nie, want musiek is 'n poort vir die inspirasie agter die musiek om groter beheer oor jou denkproses te neem en jou in sonde te lei. Uiteindelik het ek in desperaatheid tot Jesus geroep om my te verlos. Ek het onmiddellik gevoel hoe krag na my wilskrag kom en ek het dadelik opgestaan, die musiekplaat geneem en dit vernietig.

Deur hierdie uitdagings en oorwinnings het my liefde vir Jesus en my vertroue in Hom toegeneem. O, hoe waar en kosbaar het die woorde van hierdie lied vir my geword:

I would love to tell you what I think of Jesus,
Since I found in Him a friend so strong and true;
I would tell you how He changed my life completely,
He did something that no other friend could do.

No one ever cared for me like Jesus,
There's no other friend so kind as He;
No one else could take the sin and darkness from me,
O how much He cared for me.

Die toetse en beproewings van die lewe het die band van liefde tussen my en Jesus versterk. In my mees vernederende nederlae het my Heiland my nooit verlaat nie; in my grootste oorwinnings was en is Hy die inspirasie.

Hoekom neem ek die tyd om my liefde vir Jesus en die lirieke van liedjies wat my geraak het te deel? Watter relevansie het dit vir die soeke na my Vader? Dit is Christus alleen wat my in my sondes gevind het; Christus alleen wat my laste opgelig het; Christus alleen wat my pad en my wêreld verlig het. Hy het die waarheid aan my bewys, nie bloot teoreties nie, maar in ware werklikheid ook, dat Hy die lig van die wêreld is. Hy is die lig wat my verlig het toe ek in die wêreld gekom het. Hy is die een wat vir my 'n mate van geloof gegee het dat ek die vergifnis wat my aangebied is, kan opneem en saam met Hom kan wandel.

Ek het my lewe lank kerk bygewoon. Ek was in die kerk voor ek kon loop. Ek is grootgemaak in 'n Christelike huis en het na 'n Christelike skool gegaan, en niks hiervan het lig in my siel aangesteek totdat Jesus na my toe gekom het nie. Hierdie dinge het hout voorsien vir die aansteek van daardie vlam wat in my opgekom het, maar niks hiervan kon die vuur aansteek nie.

Oor 'n tydperk van sestien jaar is my liefde vir Christus ontwikkel, my hoop verseker. Hy het my vertrouwe gewen; Hy was nader aan my as die dierbaarste broer en vriend. En met watter doel het Hy dit gedoen? Dat Hy my na Sy Vader, my geliefde Vader kan bring, dat ek my rus in Hom kan vind en in Sy arms met Sy Seun kan rus sonder een greintjie ang of bewing.

Maar om hierdie reis te onderneem, moes ek hierdie raad aanvaar:

En julle sal My soek en vind as julle na My vra met julle hele hart.
Jeremia 29:13 (Afr53)

Hoekom vra dit vir my *hele* hart? Bloot omdat nie een van my gedagtes in lyn was met Syne nie; want, alhoewel ek dit nie geweet het nie, was my hart van nature in stryd met Hom; want ek het geen lus gehad om Hom te soek nie. Dit moes alles aan my gegee word, 'n hartoorplanting wat vyandskap tussen my en die slang van ouds genaamd die duiwel en Satan geplaas het. Christus is die weg, die waarheid en die lewe *van die Vader*.

Dit is absoluut onmoontlik om God te ken sonder die openbaring van Jesus Christus. Christus maak dit self baie duidelik:

Niemand het ooit God gesien nie; die eniggebore Seun wat in die boesem van die Vader is, dié het Hom verklaar. Johannes 1:18 (Afr53)

“Ek het u Naam bekendgemaak aan die mense wat U My uit die wêreld gegee het. Hulle was U s’n en U het hulle aan My toevertrou en hulle het u boodskap gehoorsaam uitgevoer.” Johannes 17:6

My Vader het alles aan My toevertrou. Niemand ken die Seun nie, behalwe die Vader. En niemand ken die Vader nie, behalwe die Seun en elkeen aan wie die Seun die Vader wil bekendmaak. Matteus 11:27

Hier ontdek ons die mees fundamentele beginsel van alles in ons soeke na die Vader. Jesus, net Jesus, openbaar die Vader in Sy volheid. Daar is geen ander naam onder die hemel waar ons die glans van die Vader se heerlikheid of karakter kan sien nie. Sonder hierdie beginsel wat stewig toegepas word, is daar geen hoop om die Vader te ken nie.

Dit het sestien jaar geneem voordat ek werklik die stem van my Vader kon begin hoor op 'n manier wat ek nie vooraf kon dink nie. Dit was nie hoe ek dit verag het nie, wat heeltemal verstaanbaar is aangesien my weë nie soos Syne is nie.

Van 'n hartseer tiener wat nuwe lewe gevind het, tot die vreugde en intimiteit van die huwelik, en dan tot die geboorte van my seuns, kon Jesus my al hoe meer na Sy Vader toe trek. Soos ek gegroei het in my verhoudings met ander in God, het ek al hoe meer Sy Vaderlike liefde gesien en waardeer. Meer fasette van die karakter van Sy Vaderskap sou deurskyn in my ervaring en persepsie van die wêreld.

Dit was altyd Jesus wat my gids en beskerming, trooster en metgesel was. Terwyl ek nagedink het oor die woorde wat die Vader tydens sy Seun se doop gespreek het, het ek my eie seunskap in Jesus gesien as 'n verlengstuk van Syne. My Verlosser het my na daardie plek genooi. Hy het vrylik met my die vreugde, seën en rus gedeel om 'n seun van God te wees.

Vanuit hierdie plek van rus keer ons terug na my moeilikheid tussen my persepsies van geregtigheid en ons Vader se grenslose genade. Hoe hanteer die Vader die bose, en betoon terselfdertyd barmhartigheid en genade aan die eiesinnige sondaar?

HOOFSTUK 6

WAAROM HET U MY VERLAAT

Die vraag na die Vader se omgang met reg en geregtigheid, en barmhartigheid, is fundamenteel 'n vraag omtrent die karakter van die Vader. Daar is geen groter vraag om te vra as dit nie, want die redding van siele is direk gekoppel aan hierdie vraag. Soos Jesus dit uitgedruk het:

En dit is die ewige lewe, dat hulle U ken, die enige waaragtige God, en Jesus Christus wat U gestuur het. Johannes 17:3

Die finale oorwinning van God se volk oor Satan en sy magte binne die geskiedenis van die mens is direk verbind met hierdie vraag:

En ek het gesien, en kyk, die Lam staan op die berg Sion, en saam met Hom honderd vier en veertig duisend, **met die Naam van sy Vader op hulle voorhoofde geskrywe**. Openbaring 14:1 (CAB23)

Wat definieer die Bybel dan as die Vader se naam? Dit is wie Hy is. Dit is hoe Hy is. En dit is wat die Seun van God uit die hemel neergedraal het om ons te wys.

“Ek het U geopenbaar aan diegene wat U My van hierdie wêreld gegee het. Hulle was altyd U s’n. U het hulle aan My gegee, en hulle het u woord bewaar.” Johannes 17:6 [vrylik vertaal uit NLT]

Jesus sê vir ons dat Hy sy Vader aan sy dissipels geopenbaar het. Let op 'n ander vertaling wat 'n direkte verband met Openbaring 14:1 maak.

“Ek het u Naam bekendgemaak aan die mense wat U My uit die wêreld gegee het. Hulle was U s’n en U het hulle aan My toevertrou en hulle het u boodskap gehoorsaam uitgevoer. Johannes 17:6

Ons durf nie die betekenis van hierdie punt mis nie. Die naam van die Vader is 2000 jaar gelede hier deur Jesus gemanifesteer tydens Sy sending na hierdie wêreld. 'n Paar verse vroeër vertel Jesus vir ons dat dit die eintlike doel van Sy werk op aarde was.

Ek het U op aarde verheerlik deur die werk te voltooi wat U My gegee het om te doen. Johannes 17:4

Wat bedoel Jesus dat Hy sy Vader op aarde verheerlik het? Jesus het hierdie gedagte in vers 6 van dieselfde hoofstuk uitgebrei. Hy het gesê dat Hy alles van die Vader se *karakter* aan die dissipels geopenbaar het. Dit is hoekom Hy vir Filippus kon sê:

Filippus sê vir Hom: Here, toon ons die Vader, en dit is vir ons genoeg. Jesus sê vir hom: Ek is so lankal by julle, en het jy My nie geken nie, Filippus? **Hy wat My gesien het, het die Vader gesien.** En hoe sê jy: Toon ons die Vader?” Johannes 14:8-9 (Afr53)

Wat 'n vreugde om te weet dat ons presies kan weet hoe die Vader is! Jesus het Hom geopenbaar toe Hy na hierdie aarde toe gekom het. Dit is die groot lig wat in die wêreld gekom het en die duisternis verlig het.

In Hom was lewe; en die lewe was die lig van die mense. En die lig skyn in die duisternis; en die duisternis het dit nie begryp nie Dit was die ware Lig wat elke mens verlig wat in die wêreld kom. Hy was in die wêreld, en die wêreld het deur Hom ontstaan, en die wêreld het Hom nie geken nie. Hy het na sy eiendom gekom, en sy eie het Hom nie aangeneem nie. Johannes 1:4-5, 9-11 (CAB23)

Die karakter wat Jesus openbaar het, was aanstootlik vir die mensdom. Die liefde, barmhartigheid en vriendelikheid wat Hy aan die dag gelê het, het die eng, veroordelende aard van mense blootgelê. Ons word vertel die wêreld het Jesus nie geken nie. Dit is omdat hulle Hom nie wou ken nie. Om Jesus nie te ken nie, beteken dat die wêreld nie die Vader geken het nie. Dit is die groot duisternis wat die hele wêreld omhul het.

Ek het gekom in die Naam van my Vader, en julle neem My nie aan nie. As 'n ander een in sy eie naam kom, hóm sal julle aanneem. Johannes 5:43

Wie nie die Seun erken nie, verwerp ook die Vader; wie die Seun erken, erken ook die Vader. 1 Johannes 2:23

Deur Jesus te verwerp, het die mees begunstigde nasie op aarde, wat die grootste geleentheid gehad het om God te ken, die Vader ook verwerp.

Jesus het hulle geantwoord: “Ek het julle soveel goeie werke gewys wat van die Vader af kom. Op grond van watter een van hulle wil julle My nou stenig?” Die Jode het Hom geantwoord: “Dis nie oor die een of ander besondere daad dat ons jou wil stenig nie, maar oor laster. Jy wat 'n mens is, doen jouself voor as God.” Johannes 10:32-33

Die Joodse leiers se opvatting van God was anders as hoe Jesus onder hulle geleef het. Eerder as om nederig hulle sondigheid te bely dat hulle opvatting van God verkeerd was, het hulle Jesus verwerp as 'n valse leraar wat die dood verdien.

Toe die priesterhoofde en die wagte Hom sien, het hulle nog harder geskree: “Kruisig hom! Kruisig hom!” “Neem julle hom en kruisig hom, want ek vind geen skuld in hom nie,” sê Pilatus daarop aan hulle. Die Jode het hom geantwoord: “Ons beskik oor 'n wet en daarvolgens moet hy sterf omdat hy homself as die Seun van God voorgehou het.” Johannes 19:6-7

Die Joodse nasie wou Jesus dood hê. Terwyl Pilatus van Jesus se onskuld getuig het, was hy steeds bereid om Jesus te laat sterf om sy posisie te red. Die lewe van Jesus was nie toegelaat om sy verduisterde verstand binne te dring nie. Die Joodse kerk en die Romeinse wêreld het saamgesnoer om Jesus te verwerp – en sodoende het hulle die Vader se karakter in die persoon van Sy Seun verwerp.

In die dood van Christus aan die Kruis word die aangesig van die mens en die aangesig van God geopenbaar. Die suiwer lig van God se karakter wat in Christus gemanifesteer is, is stilgemaak deur die onbekeerde menslike natuur. Eerder as om in nederige bekering te buig, sal die mensdom eerder die lig uitsmoor wat na die wêreld gekom het. Die verklaring van Jesus aan die Kruis openbaar die hartseer van 'n Vaderhart.

Teen drie-uur het Jesus baie hard uitgeskreeu: “Eli, Eli, lema sabagtani,” wat beteken: “My God, my God, waarom het U My verlaat?” Matteus 27:46

Die meeste mense lees hierdie woorde as Jesus wat bloot voel dat Hy deur God verlaat is. Maar Jesus het vir ons gesê dat Hy nooit Sy eie woorde spreek nie maar slegs die woorde wat Sy Vader vir Hom gee.

“Glo jy dan nie dat Ek in 'n hegte verhouding met die Vader leef en Hy met My nie? Die gedagtes wat Ek met julle deel, kom nie uit Myself nie, maar dit kom van die Vader wat in My bly en deur My sy werke uitvoer.” Johannes 14:10

Diegene wat na Jesus geluister het, het nie uit Sy woorde verstaan dat Hy na God geroep het nie:

Party van die omstanders het dit misverstaan en gedink Hy roep na die profeet Elia. Matteus 27:47

Hierby kom die gedagte van wat die term “God” in sy betekenis kan insluit:

Jy mag die **gode** nie belaster nie, **en die owerste van jou volk** nie vervloek nie. Eksodus 22:28 (CAB23)

Die naam gode [El of Eli] kan verwys na die leiers van die mense. En Jesus het die mense vertel:

..." Is daar nie in julle wet geskrywe: Ek het gesê: Julle is gode nie? as hy hulle gode genoem het, tot wie die woord van God gekom het, en die Skrif kan nie gebreek word nie ..." John 10:34-35 (CAB23)

Dus, het Jesus in vreesbevange wanhoop na Sy Vader geroep en verlate gevoel? Of het Jesus namens sy Vader gepraat en die owerstes van die volk opgeroep en hulle gevra waarom hulle Hom en sy Vader verlaat het?

Met die wete dat God se weë nie ons s'n is nie, en dat die mensdom van nature vyandig teenoor God is, vra ons die vraag: Wat openbaar ons begrip van die woorde van Christus? Openbaar dit die Vader se karakter, of ons eie karakter? Welkom by die Spieëlbeginself. Hierdie gebeurtenis openbaar die kernprobleem wat ons almal het met die lees van die Bybel. Kom ons kyk dieper hierna.

Toe Jesus gepraat het van die tyd toe die Joodse leiers Jesus aan die Kruis sou ophang, het Jesus gesê:

"En Jesus sê vir hulle: Wanneer julle die Seun van die mens verhoog het [aan die kruis], dan sal julle weet dat dit Ek is; en **uit Myself doen Ek niks nie; maar net wat my Vader My geleer het, dit spreek Ek.**" Johannes 8:28 (Afr53)

Het die Vader Sy Seun geleer om aan die Kruis te sê dat Hy Hom sou verlaat? Het die Vader vir Sy Seun gesê om in angs tot Hom uit te roep en te sê dat Hy deur sy Vader verlate voel? In net die volgende vers sê Jesus dan:

"En Hy wat My gestuur het, is met My; die Vader het My nie alleen gelaat nie, omdat Ek altyd doen wat Hom welgevallig is." Johannes 8:29 (Afr53)

Jesus het altyd net gedoen wat sy Vader behaag het, daarom was die Vader altyd by Hom. Die Vader het Hom nooit verlaat nie. As Jesus

Homself verbind het aan die idee dat God Hom verlaat het, hoe kon Hy Homself dan in Sy Vader se hande gee as Hy glo dat die Vader nie daar is nie?

En Jesus het met 'n groot stem uitgeroep en gesê: Vader, in u hande gee Ek my gees oor! En toe Hy dit gesê het, blaas Hy die laaste asem uit. Luke 23:46 (Afr53)

Satan het Jesus ongetwyfeld gedruk met die gedagte dat sy Vader Hom verlaat het terwyl Hy sterf. Boonop, wat kan die betekenis wees van die duisternis rondom hom van die middag twaalfuur tot 15:00?

Van twaalfuur af het dit oor die hele land donker geword tot drie-uur die middag. Matteus 27:45

Die Bybel sê vir ons God is lig en daar is geen duisternis in Hom nie. (1 Johannes 1:5). Wat het Jesus gesê vir hulle wat Hom in die tuin kom vange neem het?

“Ek was daaglik saam met julle in die tempel, en tog het julle My nie gearrester nie. Maar hierdie is nou julle tyd, **die tyd van die mag van die duisternis.**” Lukas 22:53

Jesus skryf die duisternis toe aan die leiers van Israel en hulle begeerte om Jesus te vernietig. Daarom was die duisternis rondom Jesus 'n sigbare manifestasie van die haat en verwerping van Jesus deur die uitverkore mense. Dit is 700 jaar vroeër deur die profeet Jesaja voorspel:

Hy was verag en verwerp deur mense, iemand wat leed en pyn geken het. Hy was soos iemand vir wie mense die gesig wegdraai, verag en ons het hom nie geag nie. Jesaja 53:3 [

En bevestig deur Kajafas, die Hoëpriester:

Een van hulle, 'n sekere Kajafas, wat daardie jaar hoëpriester was, het egter vir hulle gesê: “Julle verstaan niks, en julle besef ook nie dat dit tot julle voordeel is dat een man vir die volk sterwe en nie die hele nasie verlore gaan nie.” Johannes 11:49-50 (Afr83)

Jesus het deur die leiers van Israel verwerp gevoel; Sy broers en susters het nie Sy missie verstaan nie; een van Sy dissipels het Hom selfs verraaï; en die aand voor Hy gesterf het, het sy dissipels gestry oor wie die grootste onder hulle is, en gewys dat hulle nie die kernbeginsels van sy boodskap omhels het nie.

Daar het toe 'n wedywering onder hulle ontstaan oor wie van hulle as die belangrikste beskou moet word. Lukas 22:24

Terwyl Jesus aan die Kruis gehang het en afgekyk het in die gesigte van diegene wat Hom gevolg het, het Hy die twyfel in hulle harte sien opkom. Hoe kan Hy die Messias wees as Hy sterf, het hulle gewonder? (Lukas 24:19-21).

Was die duisternis rondom Jesus die toorn van 'n woedende God wat wraak geneem het op 'n plaasvervanger? Of was dit die manifestasie van die toorn van die menslike geslag, wat die Een wat God na hulle gestuur het, verlaat het?

Die antwoord op hierdie vraag is deurslaggewend om die Vader te vind. Terwyl ons die geskiedenis van God se handeling met mense lees, vra ons die vraag: wie verlaat wie?

“Toe roep die kinders van Israel die Here aan en sê: Ons het teen U gesondig, want ons het onse God verlaat en die Baäls gedien.”...
“Maar julle het My verlaat en ander gode gedien; daarom sal Ek julle nie meer verlos nie.” Rigters 10:10,13

“Soos al die werke wat hulle gedoen het, van dié dag af dat Ek hulle uit Egipte laat optrek het tot vandag toe, **dat hulle My verlaat en ander gode gedien het** — so doen hulle ook met jou [Samuel].”
1 Samuel 8:8

“Want my volk het My verlaat deur aan ander gode offers te bring ...” 2 Konings 22:17

Voorwaar, hulle is 'n sondige klomp, met skuld belaaï. Hulle is mense wat totaal en al korrupt is. **Hulle het van die Here af**

weggedraai. Hulle het Israel se Heilige Een geminag en hulle rug op Hom gedraai. Jesaja 1:4

Regdeur God se handeling met die uitverkore volk, het hulle Hom voortdurend verwerp. Toe die gevolge daarvan kom, het hulle God daarvan beskuldig dat Hy hulle verlaat het, want dit is wat die mensdom doen: ons blameer God vir die probleme wat ons self bring. Dit is wat ons doen wanneer ons hierdie vers lees oor Jesus wat uitroep: “Waarom het U My verlaat?” Ons sien dat God besig is om Jesus te verlaat, want dit is wat ons van Sy karakter dink. Ons sien hoe God aan Jesus doen wat ons dink Hy aan sondaars moet doen. Ons kan nie van nature God se hartseer sien deur na die leiers van Israel te roep om te vra waarom hulle Hom verlaat het nie. Hoekom kan ons dit nie sien nie? Want ons gedagtes is nie Syne nie en ons weet nie hoe Hy werklik is nie.

Maar wat van die profesie in Psalm 22? Voorspel dit nie dat God Jesus aan die Kruis sal verlaat nie, en is dit nie die psalm wat Jesus aanhaal nie?

’n Dawidspsalms. My God, my God! Waarom het U my verlaat? Waarom bly U so ver wanneer ek roep om hulp, so ver wanneer ek tot U sug? Elke dag roep ek na U, my God, maar U antwoord nie; ook elke nag roep ek, maar daar is geen rus vir my nie. Tog is U die Heilige wat woon waar Israel U prys. Ons voorouers het op U vertrou, hulle het U vertrou, en U het hulle gered. Psalm 22:1-5

Hierdie Psalm praat van Dawid se ervaring om sy vrese te oorkom dat God hom verlaat het. Soos ons deur die hoofstuk lees, kan ons sien dat hy sy twyfel oorwin en kies om te glo God is met hom.

Prys die Here, julle almal wat Hom dien! Verheerlik Hom, nakomelinge van Jakob! Betoon eerbied aan Hom, nageslag van Israel! Want die leed van hulle in nood ignoreer Hy nie; vir hulle maak Hy nie sy oë toe nie. Hy luister na hulle geroep om hulp. Psalm 22:24-25

Jesus gebruik die woorde van die Psalm om sy stryd met vrees uit te druk en terselfdertyd Sy Vader se geroep tot die volk Israel uit te druk. Christus spreek slegs waarmee die Vader Hom inspireer, want Hy spreek slegs Sy Vader se woorde. Hierdie woorde druk beide die Verlosser se stryd sowel as die Vader se angs uit. As die enigste bemiddelaar tussen God en mens, reflekteer Hy in hierdie beslissende oomblik beide God en mens.

Hierdie woorde van Christus is 'n bepalende uitdrukking van die Spieëlbeginnsel. Ons kan hulle slegs verstaan volgens ons begrip van beide God en onself.

As ons die woorde van Jesus aanvaar dat Hy die Vader se karakter ten volle geopenbaar het terwyl hy op aarde was, dan word ons gedwing om weer in die Skrif te kyk om te bepaal of ons dit reg verstaan het, as ons na Jesus kyk. As ons aanvaar dat Jesus werklik die lig van die wêreld is en dat ons in volle duisternis staan in ons vleeslike natuur, dan kan ons net ontdek wie God is deur na die lewe van Jesus te kyk tydens Sy aardse bediening. Ons moet aanvaar dat die woorde van Jesus tot die Joodse leiers, dalk op Christelike leiers van toepassing is:

“Waarom verstaan julle nie my spraak nie? selfs omdat julle my woord nie kan hoor nie. Julle is van julle vader, die duiwel, en die begeerlikhede van julle vader sal julle doen. Hy was van die begin af 'n moordenaar en het nie in die waarheid gebly nie, want daar is geen waarheid in hom nie. As hy 'n leuen praat, praat hy uit sy eie, want hy is 'n leuenaar en die vader daarvan.” Johannes 8:43-44 (CAB23)

Is ons seker dat ons die woorde wat Jesus spreek, reg verstaan? Is dit moontlik dat ons baie van die dinge wat Jesus sê deur die verkeerde filter van ons bese natuur verkeerd interpreteer? Draai ons onbewustelik die woorde van Jesus teen Sy Vader om Hom uit te maak as 'n onverbiddelike bestrawwer van dié wat Hom mishag?

Is ons seker ons verstaan werklik die betekenis daarvan dat Jesus die lig van die wêreld is as 'n openbaring van Sy Vader se karakter? Soos Filippus gevra het, versoek ons ook: Wys ons die Vader. Begryp ons

SPIEËLBEGINSEL

werklik die antwoord van Jesus en die betekenis daarvan vir hoe ons die Bybel lees??

“...wie My gesien het, het die Vader gesien; en hoe sê jy dan: Toon ons die Vader?” Johannes 14:9

HOOFSTUK 7

MET ONBEDEKTE AANGESIG

Deur in die aangesig van Jesus te kyk, kyk ons na 'n volmaakte beeld of weerspieëling van die Vader. Paulus beskryf dit as om in 'n spieël te kyk.

Maar ons almal, terwyl ons met oop aangesig soos in 'n spieël die heerlijkheid van die Here aanskou, word verander na dieselfde beeld van heerlijkheid tot heerlijkheid, soos deur die Gees van die Here. 2 Korinthiërs 3:18 (CAB23)

Die heerlijkheid wat ons in die aangesig van die Here Jesus sien, is die heerlijkheid van die Vader.

Die Seun weerkaats God se heerlijkheid, en Hy is die presiese ewebeeld van wie God werklik is. ... Hebreërs 1:3

Die afmetings van hierdie spieël word gedefinieer deur Christus se aardse sending.

“Ek het U op aarde verheerlik deur die werk te voltooi wat U My gegee het om te doen.” Johannes 17:4

Niks meer kan by hierdie volmaakte openbaring van God gevoeg word nie. Die boeke van Matthéüs en Johannes in die Nuwe Testament is die begin en einde van hierdie spieël, met Markus en Lukas wat die res van

hierdie goddelike openbaring van die Vader se karakter invul. Dit is die lig wat die res van die hele Skrif en dus die hele wêreld verlig. Maar hierdie lig is geneig om deur die mensdom verwerp te word. Hoekom? Daar is 'n Ou Testamentiese verhaal wat ons help om dit te verstaan.

Nadat Moses 40 dae op die berg was, was hy deurdrenk met die Gees van God in so 'n mate dat sy gesig geskyn het. Die heerlikheid was te helder vir die mense. Dit het die onwilligheid van die mense gesimboliseer om 'n dieper openbaring van God se karakter te aanvaar. Eerder as om hul persepsie te verander, het hulle Moses gevra om sy gesig te bedek. Eerder as om die verstand oop te maak vir God se ware sagmoedigheid en barmhartigheid, het hulle die deur van hul gedagtes toegesluit sodat die kontras met hulself nie blootgelê sou word nie.

Vir die Israeliete onderkant die berg het dit [die heerlikheid van God] gelyk soos 'n vuur wat bo-op die berg brand. Eksodus 24:17

Met hierdie sluier oor hulle gesig het die heerlikheid van God aan die Israeliete verskyn soos 'n verterende vuur. In hulle gedagtes was God 'n vernietiger. Dit was 'n wanvoorstelling van hulself wat hulle op die Godheid geprojekteer het, want hulle was self die vernietigers wat God konsekwent gewantrou het sodat hulle uiteindelik in die woestyn gesterf het.

Paulus praat daarvan om God te nader nadat Christus hierdie sluier verwyder het, in teenstelling met diegene wat voortgaan om die Ou Testament met die sluier op te lees – wat beteken dat hulle dit nie sien deur die openbaring van die lewe van Christus nie.

Hulle denke het verhard geraak. Tot vandag toe is hulle gedagtes versluier as hulle die Ou Testament lees. Daardie sluier word net eenvoudig nie verwyder nie omdat dit net Christus is wat dit geheel en al vernietig. 2 Korintheërs 3:14

God het aan Moses 'n beter prentjie van Homself geopenbaar, maar om in die gesig van Moses te kyk was nie dieselfde as om in die gesig van Christus te kyk nie.

Ons is ook nie soos Moses wat sy gesig versluier het om te verhinder dat die volk Israel sou sien dat die ligglans net tydelik was nie. 2 Korintheërs 3:13

Die prentjie van God op die gesig van Moses het verdwyn. Dit was 'n simbool van die weiering van Israel om toe te laat dat die lig hul verduisterde gedagtes binnekom. Dit was ook 'n simbool van die onvolmaakte weerspieëling wat Moses van die karakter van God verskaf het. Dit is nie om Moses te veroordeel nie, want hy was die sagmoedigste man wat tot op die tyd van Christus op die aarde geleef het (Num 12:3). Maar aangesien geen mens God op enige tydstip gesien het, en niemand God geken het soos Hy werklik was nie, kon geen mens God se karakter ten volle openbaar nie. Net die Seun van God het die Vader geken soos Hy werklik is. Nie eers die engele het die volle waarheid oor God se karakter geweet nie totdat Jesus dit op hierdie aarde geopenbaar het.

... Deur die bloed van sy Seun aan die kruis het Hy die vrede herstel, **deur Hom het Hy alles op die aarde en in die hemel met Homself versoen.** Kolossense 1:20 (Afr83)

'n Groot aantal van die engele het Satan gevolg in sy rebellie teen God omdat hulle oortuig geraak het dat God selfsugtig en diktatoriaal is, en Sy stelsel van regering onwys en onregverdig is. Was dit die waarheid van Sy karakter en van Sy weë? Daar was baie onbeantwoorde vrae wat nie versoen kon word vir diegene wat in die hemel oorgebly het totdat Christus na hierdie aarde gekom het, die Vader se karakter in teenstelling met dié van mense geopenbaar het, en aan die Kruis gesterf het en diegene wat Hom doodgemaak het, vergewe het.

Moses het die gebooie van God van die Berg Sinai afgebring. Hierdie gebooie was 'n geskrewe beskrywing van die karakter van God. Die heerlikheid op die gesig van Moses het 'n gedeeltelike begrip van wat geskryf is, geopenbaar. Maar in die gesig van Jesus was die wet van sy Vader ten volle geken, nie met pen of ink geskryf nie, maar in Sy hart geskrywe.

Die Psalmdigter het oor Christus geprofeteer:

“Ek het 'n welbehag om u wil te doen, o my God; ja, u wet is binne-in my hart.” Psalm 40:8 (CAB23)

Moses het vir ons die geskrewe beskrywing van God se karakter in die wet gegee, en Jesus het hierdie wet geopenbaar wat in Sy hart geskryf is. Christus het die gees van die wet geleef en die volle wil en karakter van Sy Vader geopenbaar.

Want die wet is deur Moses gegee; die genade en die waarheid het deur Jesus Christus gekom. Niemand het ooit God gesien nie; die eniggebore Seun wat in die boesem van die Vader is, dié het Hom verklaar. Johannes 1:17-18 (AFR53)

Dit is noodsaaklik om te besef dat die werk van Jesus nie in kontras was met wat Moses deur die gebooie gegee het nie, maar eerder 'n vervulling daarvan in lewende vlees.

“Julle moenie die rede vir my koms misverstaan nie. Ek het nie gekom om 'n streep deur die wet of die profete te trek nie. Ek het gekom om die ware bedoeling van God se wet te laat uitkom.” Matteus 5:17

Daar is natuurlik 'n verskil tussen om bloot oor die karakter van God te skryf en om dit in lewende lywe te weerspieël. Paulus gebruik hierdie beginsels deur te praat oor hoe die Korinthiërs 'n lewende brief was wat die bediening van Paulus weerspieël het aan hulle.

Begin ons nou al weer om onself aan te beveel? Of benodig ons dalk, soos sommige mense, getuigskrifte aan julle of van julle? **Julle is tog self ons brief, geskryf op ons harte**, bekend aan en gelees deur alle mense. **Julle toon duidelik dat julle 'n brief van Christus is**, deur ons diens voorberei en geskryf, nie met ink nie, **maar met die Gees van die lewende God, nie op kliptafels nie, maar op die tafels van menseharte**. 2 Korinthiërs 3:1-3

Die wet wat Moses van God op die Berg Sinai ontvang het, was nie die probleem nie, maar die probleem was eerder hoe die wet toegepas en verstaan is. Alhoewel die wet wat Moses van God ontvang het, 'n wet van lewe was, was daar nie 'n volmaakte kennis van daardie wet in die

hart van Moses of die ander leiers nie. Dit beteken dat dit dikwels deur hulle toegepas is, terwyl die mense onder die indruk was dat dit 'n wet van die dood is.

As die bediening wat tot die dood lei, en wat met letters in klip gegraveer is, soveel heerlikheid gehad het – al sou dit gou weer verdwyn – dat die kinders van Israel as gevolg van die glans op Moses se gesig nie daarna kon bly kyk nie, hoeveel groter sal die heerlikheid van die bediening deur die Gees dan nie wees nie?
2 Korintheërs 3:7-8

Daar was niks fout met wat op die klippe geskryf is nie. Dit was 'n volmaakte brief van God se karakter. Die fout was by die beloftes van die volk om in hul eie gebrekkige wysheid dit wat geskryf is uit te voer (Heb. 8:6), en dit het gevolglik 'n invloed gehad op die toepassing van die wet en verdere reaksie daarop. Maar God was nie hierdeur onkant betrap nie. Die wet is deur God gebruik om die mens se gebroke toestand te openbaar. Paulus sê hierdie werk was steeds vol heerlikheid.

Want as die bediening wat veroordeel, heerlikheid was, veel meer is die bediening wat regverdig maak, oorvloedig in heerlikheid.
2 Korintheërs 3:9 (Afr53)

Die wet het ingetree met die doel om die sonde van die mense duideliker na vore te bring. Dan kon God hulle meer oorvloedige genade bied. Dit was net so waar in die tyd van Moses as wat dit vandag is.³

Die punt wat ons maak is dat die kontras wat Paulus trek tussen die letter van die wet en die persoon van Christus nie is om te wys dat die wet sleg is en Christus goed is nie, maar eerder dat Christus die werk voltooi het wat Moses begin het met die ontvangs van die wet. Die apostel Johannes het dit so verduidelik:

³ Vir meer hieroor sien die boek *Removing the Veil* deur Daniel Bernhardt beskikbaar by maranathamedia.com.

Geliefdes, ek stuur nie aan julle 'n nuwe opdrag nie, maar 'n ou een wat julle nog altyd gehad het [van Moses]. Dié ou opdrag is die boodskap wat julle reeds lankal gehoor het. Tog is dit ook 'n nuwe opdrag wat ek aan julle gee. Hierdie opdrag is betroubaar en van toepassing op julle verhouding tot Christus en tot mekaar. Die duisternis is immers aan die verbygaan en die lig wat die waarheid bring, skyn alreeds. 1 Johannes 2:7-8 [woorde in hakies ingevoeg]

Die heerlikheid in die aangesig van Moses was 'n gedeeltelike begrip van die wet (of die brief) wat aan hom gegee is. Die heerlikheid in die aangesig van Jesus is die volledige prentjie van die heerlikheid van God wat in die hart van die mens geskryf is.

Die samevatting van wat ons sê is dat die sluier, wat die harte van nie net Israel nie, maar die hele wêreld bedek het, verwyder word in die karakter wat in die lewe van Jesus op aarde geopenbaar is. Deur Hom “word die sluier van ons gesig af weggeneem.”

Wanneer ons die verhale van die Ou Testament lees, word die sluier eers weggeneem wanneer ons dit deur die lens van die lewe van Christus lees. Die heerlikheid van God word nie meer as 'n verterende vuur beskou nie, maar as 'n tere Vader. Ons sien in Jesus se lyding die pyn wat God voel as gevolg van die mensdom se voortdurende verwerping van Hom terwyl Hy probeer om die sluier te bereik en deur te dring, veral deur Sy geliefde Israel – die antieke kerk en die Christelike kerk van vandag.

Dit is hierdie eenvoudige waarheid wat 'n verandering bring aan die manier waarop jy Christus se stelling “Eli, Eli, lama sabagtáni” verstaan. (Matthéüs 27:46). As ons die openbaring van Jesus op aarde verwerp as die volle openbaring van God se karakter, dan sal ons slegs sien dat Jesus vrees dat Sy Vader Hom verlaat as gevolg van sonde. Ons kan nie die angsgeroep van 'n Vaderhart na die leiers van Israel sien nie.

Ons bou nou voort op die waarheid “as julle My [Jesus] gesien het, het julle die Vader gesien.” Die taak voor ons is om slegs die waarheid van God se karakter, gemanifesteer in die Ou Testament, te sien wanneer dit in harmonie is met die karakter van Christus gemanifesteer in die Nuwe

Testament. Dit is die enigste manier waarop die sluier weggeneem kan word wanneer ons die Ou Testament lees.

Toe ek die eerste keer oor hierdie beginsel nagedink het, was ek dadelik ongerus oor 'n menigte verwysings na die optrede van God in die Ou Testament wat die gewelddadige dood van mense behels het. Aangesien geen van hierdie dinge in die lewe van Jesus geopenbaar word nie, moes ek 'n manier vind om die Ou Testament op 'n konsekwente manier te lees sonder om enigiets wat dit sê te verwerp of die betekenis daarvan te verdraai om by 'n idee wat moontlik denkbeldig en onwerklik is, te pas.

Aan die ander kant was daar 'n ewe kommerwekkende gedagte aangaande die werk van Jesus as 'n boodskapper van God. As ek nie kon wys dat God net soos Jesus in die Nuwe Testament was nie, dan sou ons moes aflei dat Jesus eintlik nie die waarheid gepraat het toe Hy met Filippus gepraat het nie. Hoe kon die bewering aan Filippus gemaak word, “as jy My gesien het, het jy die Vader gesien,” as Filippus nooit gesien het hoe Christus enige persoon vermoor het nie? As God wel mense doodgemaak het, dan is die bewering van Christus duidelik onwaar.

Nog 'n probleem om te oorweeg was die implikasies van die woorde van Paulus in 2 Korintiërs 3:18. Wat ons ookal in die spieël van die aangesig van Jesus sien, sal wees waarin die Gees van God ons verander.

... soos in 'n spieël die heerlijkheid van die Here aanskou, word ons van gedaante verander na dieselfde beeld, van heerlijkheid tot heerlijkheid, as deur die Here wat die Gees is. 2 Korinthiërs 3:18 (Afr53)

As ek sien dat God diegene wat Sy wette oortree gewelddadig doodmaak, is dit moontlik dat ek na dieselfde beeld getransformeer kan word? Hoe sou dit vir my moontlik wees om die gebooie te onderhou? As die gebooie aandui dat ek nie moet doodmaak nie en tog sien ek 'n God in my denke wat wel doodmaak, hoe kan ek dan ophou om te word

wat ek aanskou? Dit sal voel soos om gewig te probeer verloor terwyl 'n mens drie keer per dag sjokoladekoek eet!

Skielik het die paadjie voor my uiters smal gelyk. Was dit selfs moontlik? Ek het dadelik in gebed na my Vader gegaan en Hom gevra om my te help. Ek het geweet dat uit my huidige begrip die taak onmoontlik gelyk het. Ek het baie soos die kinders van Israel by die Rooi See gevoel. Agter my, besig om my in te haal, was die gedagte aan God se vernietigende geregtigheid wat mense sal verdrink, lewendig verbrand, stenig of met die swaard doodmaak. Voor my was dit 'n onbegaanbare oseaan van kompleksiteit in 'n poging om te bewys dat Jesus presies bedoel het wat Hy vir Filippus gesê het.

Here Jesus, as ek in u kosbare gesig opkyk, kan ek seker wees dat ek na die aangesig van u Vader kyk? Is daar 'n sluier oor my gemoed net soos die Israeliete van ouds? Wanneer ek die Ou Testament durf lees, blyk dit dat U Vader miljoene mense in een vloed wegvee. Ek vrees by die gedagte aan 'n menigte mense wat in 'n vuurstorm in Sodom en Gomorra doodgebrand het. Was hulle gille van angs die gevolg van 'n vlam uit U wese? Is dit enigsins moontlik dat U dieselfde karaktertrekke as 'n vuurspuwende draak kan vertoon? Sekerlik is U nie so nie! Maar die Bybel sê dat vuur “van die Here” uit die hemel neergedaal het! Maar Jesus het dit nooit op aarde gedoen nie! Here, red my, anders gaan ek verlore!

Ek is herinner aan daardie twee tekste wat ons voorheen genoem het:

As iemand meen dat hy enige kennis het, weet hy nog niks soos 'n mens behoort te weet nie. 1 Korinthiërs 8:2

“My gedagtes is anders as julle s'n, en julle paaie is nie my paaie nie,” sê die Here.” Jesaja 55:8

Here Jesus, neem asseblief my hand en lei my. Ek is soos 'n klein kindjie wat die waarheid van U Vader probeer verstaan. Deur baie jare se wandel met U het ek geleer om U te vertrou – ek weet U sal my gebed verhoor. Wys my asseblief hoe U Vader werklik is. Hy moet soos U wees, want U is Sy Seun! Ek kies om te glo dat U die volledige

openbaring van God is en dat dit wat U op aarde geopenbaar het presies is soos U Vader is. Om anders te glo is om U woorde te verwerp, en die Bybel sê dat slegs wanneer ons die Seun van God het, ons die Vader kan hê.

Van hierdie punt af vorentoe neem ons die standpunt in dat die Goddelike Spieël wat ons die karakter van God wys, die persoon van Jesus Christus is soos geopenbaar op aarde. Ons sal hierdie lig van Christus gebruik om terug te stap in die Ou Testament om te soek na die ontsluerde aangesig van die karakter van die Vader. Maar eers moet ons 'n ander spieël ondersoek waarvan die Bybel praat.

HOOFSTUK 8

OM JOU NATUURLIKE GESIG TE SIEN

In die vroeë 1990's het twee wetenskaplikes in Italië 'n paar eksperimente met ape gedoen wat gefokus het op hoe hulle deur waarneming leer. Dit het gelei tot 'n hele studieveld genaamd spieëlneurone. Tot 20% van die neurone in die brein werk deur die gedrag van mense rondom hulle te kopieer of te weerspieël.

'n Spieëlneuron is 'n neuron wat geaktiveer word beide wanneer 'n dier optree en wanneer die dier dieselfde aksie waarneem wat deur 'n ander uitgevoer word. Die neuron “weerspieël” dus die gedrag van die ander, asof die waarnemer self optree. Sulke neurone is direk waargeneem in mense en primate spesies, asook in voëls.⁴

Spieëlneurone is 'n kerndeel van die menslike beskawing, want daardeur word mense in staat gestel om empatie met ander te hê en om vinnig in die samelewing te integreer. Indien ons 'n ander persoon sien wat deur trauma gaan, sal ons spieëlneurone ons dikwels laat voel wat hulle voel, asof ons saam met hulle deur dieselfde ervaring gaan.

⁴ https://en.wikipedia.org/wiki/Mirror_neuron

Dit laat baie vrae ontstaan oor die impak van flieks of interaktiewe rekenaarspeletjies. Deur spieëlneurone kan ons voel asof ons deur dieselfde ervaring gegaan het as die akteurs waaraan ons die meeste aangetrokke is.

Wanneer 'n persoon onbewustelik die optrede van 'n ander persoon begin weerspieël, kan dit belangstelling in daardie persoon aandui of bewys lewer van 'n gevoel van vertroue. Spieëlneurone help ons ook om persepsies van ander mense se gedrag te ontwikkel en hoe ons hul gedrag moet interpreteer.⁵

Is dit moontlik dat daar 'n veel groter betekenis is in Paulus se woorde in 2 Korintiërs 3:18, oor die spieël, as wat ons voorheen oorweeg het? Om in die gelykenis van Christus verander te word deur Hom te aanskou, bygestaan deur die Gees, dui daarop dat spieëlneurone geaktiveer word. Dit is slegs deur die Gees dat ons Christus kan aanskou, maar sodra ons dit konsekwent doen, sal ons verander word om soos Hy te wees.

Voor die sonde-val van die menslike ras het die menslike natuur die optrede en gedrag van God, Sy Seun, weerspieël (2 Korintheërs 3:18), en tweedens, die lojale hemelse engele. Toe Adam en Eva gesondig het, het hulle hul toewyding aan Satan en sy engele oorgedra. Hulle spieëlneurone het die eienskappe van Satan begin weerspieël en hulle het begin om die optrede van hemelse wesens te interpreteer op dieselfde manier as wat Satan en sy engele gedoen het. (Johannes 8:44).

Ons is vertrouwd met hierdie prosesse wanneer ons 'n persoon waarneem wat by 'n kultus aansluit. Die persoon verander van persoonlikheid en begin aantrek, eet en leef soos die geïsoleerde gemeenskap rondom hulle, in teenstelling met die algemene samelewing.

Nog 'n plek waar spieëlneurone hulself openbaar, is deur groepsdruk. Om aanvaar te word, moet nuwe studente kenmerke van die “groep” aanneem om in te pas en aanvaar te word.

⁵ <https://www.sciencedirect.com/topics/neuroscience/mirror-neuron>

Met hierdie dinge in gedagte kan ons terugkeer na die woorde van ons Vader in die hemel en op 'n dieper vlak die betekenis daarvan begryp.

“My gedagtes is anders as julle s’n, en julle paaie is nie my paaie nie,” sê die Here. Jesaja 55:8

Na verskeie generasies van die menslike geskiedenis, het die spieëlbeginsels waaronder ons geopereer het, verder en verder verwyderd geraak van die beginsels van die hemel. Elke generasie het voortgebou op die perversiteit van die generasie voor hom, wat toenemende agteruitgang van die mensdom veroorsaak het. Nadat dit verdraai is in hierdie nuwe koers, sou dit uiters moeilik wees om die mensdom terug te verander na die beginsels van die hemel – al het God deur die geskiedenis probeer: deur die afstammeling van Sem, deur Henog, deur profete en deur Sy kerk. Maar voortdurende weiering om ag te slaan op God se weë en eerder ons eie, verharde mensdom se harte oor baie eeue te volg, is ons vasgevang in ons eie denkwyse.

Dit is die rede waarom die lewe en leringe van Jesus so verkeerd verstaan en verkeerd geïnterpreteer is deur diegene rondom Hom. Kom ek illustreer dit met 'n Bybelverhaal:

Maar Hy het Hom heeltemal doof gehou vir haar. Sy dissipels kom vra Hom toe: “Stuur haar tog weg. Sy hou nie op met tekere gaan al agter ons aan nie.” Matteus 15:22-23

Die dissipels het die optrede van Jesus aan hierdie vrou geïnterpreteer volgens die manier waarop hulle gewoon was om so 'n persoon te behandel. Die stilte van Jesus het die spieëlneurone van die dissipels geaktiveer en veroorsaak dat hulle Sy optrede interpreteer asof Hy haar verwerp op dieselfde manier as wat hulle haar verwerp het. Hulle het verwag dat Hy sou optree volgens hul eie gedrag.

Sy stilsyde het die volmaakte omgewing geskep sodat die rasse-onverdraagsaamheid van die dissipels kon manifesteer. Dit werk soos 'n spieël waarin hulle hulself in hul ware lig kan begin sien.

As Jesus die dissipels op hierdie stadium gekonfronteer het, sou die kontras tussen Sy gedrag en hulle s'n nie maklik bespeur word nie.

Hulle sondige gebruike sou in groter mate na vore gebring moes word; dus stap Jesus 'n pad wat die dissipels toelaat om meer openlik hulle vooroordeel te openbaar.

Hy antwoord hulle: “Ek is net gestuur na die afgedwaalde skape van die volk van Israel.” Matteus 15:24

Jesus het die denke van die dissipels geken en hoe hulle Sy woorde sou interpreteer, maar Hy wend op hierdie stadium geen poging aan om die ontwikkeling van hulle natuurlike karaktertrekke te keer nie. Vir Sy dissipels, toe Jesus “Israel” gesê het, het hulle verstaan dat Hy verwys na besnede Jode. Die dame wat hulp vra, was nie 'n Jood nie, daarom het hulle Sy woord geïnterpreteer as 'n bevestiging van hul gedagte dat sy weggestuur moet word as 'n nuttelose heiden wat onwaardig is.

Maar die dissipels het voorheen gesien hoe Jesus met die Samaritane omgegaan het toe Hy die vrou by die put ontmoet het en toe sy ander gebring het om na Hom te luister. Nadat hulle Hom gehoor het, het die Samaritane gesê:

... “ Ons glo nie net meer op grond van wat jy gesê het nie; ons het nou self gehoor wat Hy sê, en **ons weet dat Hy regtig die Verlosser van die wêreld is.**” Johannes 4:42

Nadat hulle Jesus gehoor het, het die Samaritane tot die gevolgtrekking gekom dat Hy die Verlosser van die wêreld was, nie net van die Jode nie. Jesus het vir Nikodemus gesê:

Want God het sy Seun nie na die wêreld gestuur om die wêreld te veroordeel nie; maar dat die **wêreld deur Hom gered kan word.** Johannes 3:17 (CAB23)

Deur die manier hoe Jesus met die buitelanders omgegaan het, en hoe Hy hulle behandel het, kon die dissipels dalk die wyer perspektief gegee het. Maar hulle opleiding van kleins af het oorgeneem toe hulle hierdie nie-Joodse vrou vir haar dogter sien pleit het. Hulle spieëlneurone was steeds in harmonie met Satan se houding teenoor ander. Satan hou daarvan om homself as beter en meer bevoorreg as

ander te sien; hy sien neer op diegene wat hy dink minder bevoorreg as hy is.

Tog was hierdie vrou deel van Israel – geestelike Israel. Paulus sê in Romeine 2:29 dat 'n Jood nie in die vlees is nie, maar in die Gees, en hierdie vrou het gereageer op die Gees van God. In die koninkryk van die hemele het die woorde van Jesus iets anders beteken as wat dit vir die dissipels beteken het.

Om hulle te help, moes Jesus hulle toelaat om, sonder geforseerde konfrontasie, hulself in nog groter kontras met Homself te sien.

Daarop kom sy en val voor Hom neer en sê: “Here, help my!” Maar Hy antwoord en sê: “Dit is nie mooi om die brood van die kinders te neem en dit vir die hondjies te gooi nie.” En sy sê: “Ja, Here, maar die hondjies eet darem van die krummels wat van die tafel van hulle base afval.” Matteus 15:25-27 (Afr53)

Jesus weet die dissipels beskou hierdie vrou as 'n hond. Hierdie vrou het haarself ook deur haar belydenis as 'n hond beskou. Miskien het sy gewoonnd geraak daaraan om so deur Jode behandel te word, en dalk selfs deur haar eie mense ook. Maar is daar enige mens op hierdie planeet wat deur God as 'n dier eerder as 'n mens beskou word?

Jesus stel al hulle eie denke aan hulle duidelik voor; Hy hou 'n spieël vir hulle op sodat hulle hulself kan sien. Hulle private gedagtes word geopenbaar in wat Hy spreek. Maar let mooi op dat Hy haar nie 'n hond genoem het nie. Hy sê eenvoudig dit is nie reg om kinders se brood te neem en dit vir honde te gee nie. Die vrou sou dalk geantwoord het: “Ek is U kind en ek vra om brood uit U hand te ontvang,” en Jesus sou haar gehelp het.

Al glo die vrou dat Jesus haar 'n hond genoem het, wankel haar geloof nie in Hom nie. Die dissipels voel nou seker dat Jesus haar sal wegstuur, as vervulling van hul interpretasie van Sy woorde dat sy nie waardig is om gehelp te word nie. In plaas daarvan is hulle geskok wanneer Hy presies die teenoorgestelde doen:

“Toe antwoord Jesus en sê vir haar: o Vrou, groot is jou geloof; laat dit vir jou wees soos jy wil hê. En haar dogter het gesond geword van daardie uur af. Matteus 15:28 (Afr53)

Hierdie aksie konfronteer direk, maar sagkens, die idee wat die dissipels voorgestel het. Die genesing van hierdie vrou se dogter het hul beeld van Jesus gebreek. Dit is die proses waardeur Christus mense deur die Spieëlbeginnsel oplei.

1. Hy reflekteer hulle eie gedagtes na hulle terug.
2. Terselfdertyd poog Hy om hulle iets te leer deur hul vooropgestelde foutiewe opinies.
3. As hulle Sy ware betekenis mis, dan word 'n groter manifestasie van hul bose karakter deur hul misverstand geopenbaar.
4. Christus sê of doen iets lynreg teen hulle wêreldbeskouing.
5. Hulle het 'n keuse om te maak: aanvaar 'n nuwe begrip of bly in hul sonde.
6. Hy gee Sy Gees aan diegene wat die waarheid aanneem, om hulle nader te trek, om hul denkwyses te verander.

Nou het die dissipels 'n keuse gehad om te maak. Bely óf hul rasse-onverdraagsaamheid óf begin twyfel dat Jesus die langverwagte Messias is. Hierdie verhaal openbaar die proses van hoe die evangelie werk.

Maar die wet het daar bygekom, sodat die misdaad meer sou word; en waar die sonde meer geword het, het die genade nog meer oorvloedig geword. Romeine 5:20 (AFR53)

Jesus se woorde was 'n lewensgetroue demonstrasie van die wet van God. Maar die dissipels se spieëlneurone het Sy woorde geïnterpreteer volgens hulle verkeerde begrip. Toe Jesus die vrou se dogter genees het, het dit veroorsaak dat hulle sonde vermeerder of geopenbaar is. Hulle was in hulle harte oortuig van sonde en die Gees van God het aan hulle genade gebied om te verander. Tog sê die Bybel nie dat dit hulle op

hierdie stadium verander het nie. Dit het 'n saad geword wat in hulle sou groei en later manifesteer. Soos die boek Jakobus dit uitdruk, het hulle hulself in hierdie spieël gesien, maar hulle het dadelik vergeet watter tipe persoon hulle is, om weg te kruip van die implikasies van wat Jesus aan hulle geopenbaar het.

Wanneer ons hierdie storie in die Bybel lees, betree ons dieselfde ervaring deur *ons* spieëlneurone. Ons sien onself in die storie en ons gaan deur dieselfde proses. As ons rasse-onverdraagsaamheid in ons rondra, sal ons die woorde van Jesus soos die dissipels verstaan. Wanneer ons by die deel kom waar Jesus die vrou se dogter genees, word ons tot 'n besluit gebring. Ons staan voor dieselfde opsies as die dissipels. Óf ons voel 'n oortuiging om by God te begin pleit om ons te verander, óf ons vergeet die storie en onderdruk ons karakterfout met 'n verdedigingsmeganisme.

Want as iemand 'n hoorder van die woord is en nie 'n dader nie, dié is soos 'n man wat sy natuurlike gesig in 'n spieël sien; want hy sien homself en gaan weg en vergeet dadelik hoe hy gelyk het. Maar hy wat diep insien in die volmaakte wet van die vryheid en daarby bly, hy sal, omdat hy nie 'n vergeetagtige hoorder is nie, maar 'n dader van die werk, gelukkig wees in wat hy doen. Jakobus 1:23-25 (Afr53)

Wanneer ons die stories van die Ou Testament lees, interpreteer ons spieëlneurone die stories volgens die kultuur waarin ons grootgemaak is. Wanneer ons oor God se woede lees, interpreteer ons hierdie woorde tipies volgens ons eie woede. Wanneer ons sien hoe bese mense vernietig word, interpreteer ons die vernietiging as God wat geregtigheid uitvoer net soos ons sou doen in dieselfde situasie en volgens die kultuur en geskiedenis waarin ons leef.

Aan die getroues toon U Uself getrou; aan diegene met integriteit toon U integriteit. Vir die reines toon U Uself rein, maar teenoor die goddeloses toon U Uself vyandig. Psalm 18:26-27 [vrylik vertaal uit NLT]

Die manier waarop ons God beskou, hang baie van onself af. 'n Getroue mens sien God se getrouheid, 'n rein mens sien God se reinheid, maar 'n goddelose persoon sien God as ongevoelig, gewelddadig en vernietigend.

Nog 'n rede waarom ons God so sien, is omdat ons wegstrem om te aanvaar hoe boos ons is in teenstelling met hoe heilig Hy is. As ons die Bybel verstaan dat God soos ons is, dan is daar minder wat in ons lewens moet verander en ons wandel op ons eie weg, en voel redelik tevrede.

Maar soos die dissipels wat toekyk hoe Jesus die versoek van die vreemde vrou toestaan, word ons oomblikke in die lees van die Bybel gebied waar ons Vader ons sagkens roep om 'n ander manier te oorweeg as wat ons ken. Maar sodra jy die Bybel op hierdie manier begin lees, moet jy baie dinge prysgee wat jy eens geglo het. Die meeste Christene sal dit nie doen nie, want dit is te vernederend om alles wat hulle geleer het, te bevraagteken.

Dit is hoekom so baie mense die Ou Testamentiese verhale lees met die begeerte om te bewys dat God sondaars veroordeel en doodmaak. Dit stel hulle in staat om voort te gaan om ander te veroordeel en vernietiging aan hulle toe te wens. As hulle die idee begin koester dat God nie so is nie, sou dit 'n geweldige skok wees en so 'n gedagteverandering oor hoe hulle God verstaan, kan soos 'n aardbewing wees.

So in watter spieël sal jy kyk om die karakter van God te verstaan? Sal jy die Ou Testament direk lees sonder die aardse lewe van Jesus as jou middelaar, en die weerkaatsing van jou eie gesig sien wanneer jy van God lees? Sal jy aanhou dink God is net soos jy is?

Hierdie dinge het jy gedoen, maar Ek het stilgebly. **Jy het gedink Ek is net soos jy!** Ek gaan jou tereg wys en vir jou die saak duidelik uiteensit. Psalm 50:20-21 (Afr20)

Alhoewel ons God dalk heeltemal verkeerd verstaan het, sal Hy ons gelukkig vermaan net soos Jesus aan die dissipels gedoen het. Hy het

nie op hulle geskree soos ons sou nie. Hy het hulle nie blootgelê soos ons sou nie. Hy het hulle net stilweg gewys deur vir die vrou te sê dat Hy haar dogter genees het. Dit het hul gedagtes heeltemal tereg gewys. Hy het dit saggies gedoen. Dit is hoe ons Verlosser werk:

God se wet is *gegee* sodat alle mense kon sien hoe groot en baie hulle oortredings is. Maar hoe meer die sonde geword het, hoe oorvloediger het God se genade geword. Romeine 5:20

Die Griekse woord vir *gegee* in hierdie vers beteken om in privaatheid in te kom of om stilweg of skelmpies in te kom. Ons Verlosser poog nie om ons te verneder of in die verleentheid te stel nie, Hy gee eerder sy Gees om ons in ons gewete te oortuig. Elke gewelddadige storie in die Bybel gee ons die geleentheid om skuldig bevind te word aan ons gewelddadige, bose natuur en om na Jesus te kyk as die enigste weg na die Vader.

Ons sal nou begin kyk na sommige verhale van die Ou Testament in die lig van die Evangelie se spieël. Ons sal sien hoe ons in die versoeking kom om daarna te kyk deur ons natuurlike spieëlneuronbegrip van dinge, maar hopelik sal jy 'n nuwe en lewende manier ontdek om die aangesig van ons Vader te sien.

As jy nie gereed is om in hierdie proses saggies verootmoedig en reggehelp te word nie, dan is jy dalk gereed om hier om te draai. Ek bid dat jy dit nie sal doen nie. Ek bid dat jy by 'n tyd in jou lewe gekom het waar jy moeg is om in dieselfde geheime sondes te verval, met dieselfde frustrasies en woede van die verlede, dat jy werklik 'n beter manier soek om te lewe. Sal jy by ons aansluit?

HOOFSTUK 9

DIE VLOED

Die Here het die omvang van die boosheid van die mensdom op aarde raakgesien. Hy het opgemerk dat hulle gedagtes gedurig sleg was. Die Here was spyt dat Hy die mens op die aarde gemaak het. Dit het Hom diep bedroef.

Daarom sê die Here: “Ek sal die mensheid wat Ek gemaak het heeltemal uitwis van die aarde. Saam met hulle sal Ek ook al die diere, klein en groot, asook die voëls vernietig, want Ek is spyt dat Ek hulle gemaak het.” Genesis 6:5-7

Die verhaal van Noag en die sondvloed is een van die bekendste verhale van die Bybel. Dit is een van die mees bepalende verhale van hoe mense God sien en verstaan hoe Hy is. Neem byvoorbeeld die Amerikaanse komediant, skrywer, vervaardiger, politieke kommentator, akteur en televisiegasheer, Bill Maher, wat kommentaar lewer op die storie van die vloed:

“Die ding wat regtig ontstellend is van Noag ... is dat dit immoreel is. Dit gaan oor 'n psigotiese massamoordenaar wat daarmee wegkom en Sy naam is God. Genesis sê dat God so kwaad was vir Homself omdat Hy die fout gemaak het om die mensdom so gebrekkig te maak, dat Hy die vloed gestuur het om almal dood te maak: mans, vroue, kinders, babas. Watter soort tiran straf almal

net om die paar mense vir wie Hy kwaad is terug te kry? ... Haai God, jy weet, jy is soort van 'n [kragwoord] Wanneer jy in 'n fliek met Russell Crowe is, is jy die een met die woedeprobleme.

Jy weet dat konserwatiwes altyd aan die gons is oor Amerikaners wat hul waardes en hul moraliteit verloor ... Wel, miskien is dit omdat julle 'n ou aanbid wat babas verdrink! En dan is God se geniale plan, nadat Hy almal doodgemaak het, om die wêreld te herbevolk met 'n nuwe oes van dieselfde [tipe mense] wat Hom die eerste keer [ontstel] het, met voorspelbare resultate. Hy maak nog 'n keer miljoene mense dood.

As ons 'n hond was en God het ons besit, sou die polisie ons kom wegvat. Hoekom haal ons ons sedes uit hierdie boek? Hoekom volg mense hierdie idees na?⁶

Dit is duidelik dat Bill Maher se afkeer van die moraliteit van die Noag-verhaal een van die hoofredes is waarom hy God en Christenskap verwerp. Die 2014 Noag-fliek waarna Maher verwys het, bied 'n spieël waarin 'n groot deel van menslike denke sigbaar is. Noag word voorgestel as 'n donker, afgesonderde karakter, wat die wil van God obsessief navolg om die menslike ras uit te roei. Die Noag-karakter is so oortuig dat God wil hê dat die mensdom tot 'n einde kom, dat hy amper sy kleindogters doodmaak om te verhoed dat die mensdom oorleef. Hy het geweier om enigiemand behalwe sy gesin op die ark toe te laat. Sy vrou en kinders word afgestoot deur sy rigiede dog donker obsessie met straf en oordeel. Die twee hoofkarakters, Noag en Tubal-Kain, lewer albei op verskillende tye kommentaar op die stilte van God en Sy oënskynlike weiering om met hulle te praat.

Die 1999 TV-minireeks genaamd *Noah's Ark* maak 'n volledige bespotting van Noag en stel hom as 'n volslae dwaas voor. Noag is obsessief daaroor om sy seuns en hul vrouens van seksuele verhoudings te weerhou. God sê vir Noag Hy is nie seker of Hy die menslike geslag heeltemal sal uitroei nie, en swyg dan vir 'n lang tyd.

⁶ YouTube video – Bill Maher Trashes the Bible Noah Story.

Wanneer God uiteindelik na Noag terugkeer, vertel Hy vir hom dat Hy besluit het om hulle almal dood te maak, waarop Noag 'n snaakse dansie doen wat God amuseer, sodat Hy van plan verander en die mensdom spaar.

Albei flieks dwaal ver weg van die Bybelverhaal en voeg baie elemente by wat net die menslike neiging, om dit wat God sê te verdraai in 'n raamwerk wat Hom verdoem, onderstreep. Dit openbaar die realiteit dat daar niemand is wat na God soek of Sy wil van harte begeer.

Alhoewel Bill Maher ook die storie verdraai, opper hy steeds 'n paar baie geldige punte. Aanbid jy werklik 'n persoon wat babas verdrink? Waarom hoor so baie Christene nie die menslike oproep tot redelikheid in hierdie vraag oor die babas nie? Die grootste deel van die mensdom verstaan dat straf by misdaad pas. Is dit nie hoe ons geregtigheid verstaan nie? Watter misdaad het al daardie babas gepleeg om die dood te verdien? Is dit nie 'n geldige vraag om te vra nie?

Hoe het die Christendom die wêreld van hierdie storie verkondig? Watter saad het dit gesaai in die manier waarop God aan die wêreld voorgestel is? Luister na die prins van Protestantse predikers, Spurgeon, wanneer hy praat oor hierdie storie:

Ons sê baiemaal: “Daar is geen reël is sonder 'n uitsondering nie,” en die reël dat daar geen reël sonder 'n uitsondering is nie, het beslis 'n uitsondering op homself, want die reëls van God is sonder uitsondering. Die reël dat God die goddeloses sal straf, is sonder uitsondering; die reël dat almal wat sonder Christus is, sal vergaan, is 'n reël sonder 'n uitsondering; en die reël dat almal wat in Christus is gered sal word, is ook sonder uitsondering...

“ Wel, hy is so dwaas soos ou Noag!” Vulgêre grappies was al wat Noag van hulle kon kry; hulle het hom verag, bespot en heeltemal geminag, maar die vloed het gekom en hulle almal weggeneem, en daar was 'n einde aan hulle grappies, hulle sarkasme en hulle bespottings. Die vloed het hulle op die mees effektiewe manier stil gemaak. So sal dit wees met enigeen van julle wat die evangelie van Christus bespot het. Jy sal in die groot en verskriklike dag van die

Here vind dat jou lag geen mag oor die dood sal hê nie en jou geen verligting sal gee van die angs van die hel nie. **Daar sal geen plek wees vir ontrouheid op daardie geweldige dag nie.** God sal vir jou al te werklik wees wanneer Hy jou in stukke verskeur, en daar sal niemand wees wat jou red nie; en die oordeel sal al te werklik wees wanneer die donderslag die dooies sal opwek, en die boeke sal oopgemaak en gelees word deur die weerligstraal, en die vonnis sal uitgespreek word: “Gaan weg, julle vervloektes!” – Noah’s Flood, Charles Spurgeon.

Vir baie Christene bied die verhaal van Noag 'n vertroostende “ek het vir jou gesê” en “jy sal eendag sien” oor al die grappe of bespotting wat verduur word omdat hulle in God glo. Is dit moontlik om dit makliker te vind om “die goddeloses” te herinner aan hul toekoms en hoe God hulle “in stukke sal verskeur” eerder as om werklik jou vyande te vergewe?

As daar een storie in die Bybel is wat 'n middelaar nodig het, is dit hierdie een. As ons gedagtes nie God se gedagtes is nie en ons natuurlike vyandskap teenoor Hom koester, is ons veilig om hierdie verhaal te lees sonder dat die karakter van Jesus vir ons 'n middelaar is? Die manier waarop ons hierdie storie interpreteer, sal bepaal hoe ons die natuurrampe wat vandag om ons voorkom, interpreteer, dus moet ons uiters versigtig wees.

Let op! Ek gaan vloedwaters oor die aarde laat kom wat elke lewende wese onder die son sal uitwis. Alles op aarde sal doodgaan. Genesis 6:17

Om hierdie Bybelvers te lees sonder die beskerming van die persoon van Christus, lewer net die voorspelbare resultate wat in die boek Jakobus opgeteken is.

Want wie 'n hoorder van die woord is en nie 'n doener nie, **is soos iemand wat sy eie gesig in 'n spieël sien.** Hy sien homself, gaan weg en vergeet onmiddellik hoe hy gelyk het. Jakobus 1:23-24

Om na hierdie Bybelvers sonder die karakter van Christus te luister, openbaar wat *jy* oor God dink – jy kyk in 'n spieël en sien jou eie gedagtes. Of jy nou dink die goddeloses verdien dit, en of jy dink dat God sleg is deur so iets te doen, en of jy dink dat die hele storie belaglik is; alles is variasies van ons eie denkpatrone.

Die boek Genesis is deel van die Tora wat deur Moses geskryf is. Die verhaal van die vloed is dus deel van die wet. Om die wet buite die karakter van Christus te lees, kan net ons eie denke openbaar. Soos ons in die vorige hoofstuk ontdek het, is dit die einste werk wat die wet eerste met ons wil doen.

Verder het die wet ingekom, sodat die oortreding meer kon word. Maar waar die sonde oervloedig was, het genade baie meer oervloedig geword... Romeine 5:20 (CAB23)

Die lees van die verhaal van die sondvloed is inderdaad die proses van die wet wat in ons gedagtes inkom. Dit veroorsaak dat ons oortreding oervloedig word of meer voor die hand liggend word. Dit ontbloot ons spieëlneurone, opgelei deur baie generasies onder leiding van Satan. Dit wys ons ons sondigheid, omdat ons God se karakter as 'n massamoordenaar waarneem.

Wanneer ons in die vlees is, in ons sondige denke, kan God net soos ons wees omdat ons nie God se gedagtes ken nie. Ons kan ons nie voorstel dat Hy iets anders is as wat ons is nie, net met groter krag.

Jesus Christus is die lig van die wêreld. Hy is die lig van God. Slegs in Hom kan ons God se manier van dink begin waardeer en daarom hoe Hy in wese is. Slegs deur Christus kan ons die wet nader en dit toelaat om die werk te doen wat dit bedoel was om vir ons te doen.

Kom ons kyk in albei spieëls langs mekaar. Ons sal direk na die wet kyk sonder Christus en dan sal ons kyk na Christus en Sy uitbeelding van die Vader.

Ons Natuurlike Gesig	Die Heerlikheid van die Here
Ek sal die mens wat Ek geskep het, van die aardbodem af uitwis – mense sowel as diere, ook kruipende diere en die voëls van die hemel, want Ek is jammer dat Ek hulle gemaak het. Genesis 6:7 Let op! Ek gaan vloedwaters oor die aarde laat kom wat elke lewende wese onder die son sal uitwis. Alles op aarde sal doodgaan. Genesis 6:17	Maar Ek sê vir julle: Julle moet jul vyande liefhê; seën die wat vir julle vervloek, doen goed aan die wat vir julle haat, en bid vir die wat julle beledig en julle vervolg; sodat julle kinders kan word van julle Vader wat in die hemele is; want Hy laat sy son opgaan oor slegtes en goeies, en Hy laat reën op regverdiges en onregverdiges. Matthéüs 5:44-45 (AFR53)

Deur direk na die uitdrukking van die wet te kyk, is God besig om sy vyande te vernietig. In Christus seën Hy hulle. In die onbemiddelde wet beskerm God die goeie en vernietig die bose met geweld. In Christus stuur God goeie dinge na die goeies *en* die slegtes.

Hoe los ons hierdie oënskynlike teenstrydigheid op? Het God Sy vyande lief of maak Hy hulle dood? Is Hy wispelturig en arbitrêr, en kies Hy soms om lief te hê en te vergewe en ander kere om dood te maak en te vernietig? Is God vir 'n rukkie gaaf en besluit dan Hy het genoeg gehad en wis almal uit? Of is God soos Jesus – heelyd?

As ons net na die Woord van God luister en dit nie gehoorsaam nie, dan sal ons waarskynlik stop by die twee verse in die linkerkolom hierbo en die gevolgtrekking maak dat God mense met geweld sal vernietig wanneer Sy geduld opraak. Dit is nie nodig om verder te soek nie, want die lig van die karakter van Christus bemiddel nie die verhaal vir ons nie. Maar diegene wat glo dat Jesus die volledige openbaring van die Vader is, sal verder soek om die verskil tussen die twee beelde te

versoen. Dit is die verskil tussen die blote aanhoor van die woord en gehoorsaamheid aan die woord.

Dit sal moeite verg; dit sal tyd neem. Eers wanneer jy met jou hele hart na die Vader soek, sal jy Hom vind. As jy uit die lees van 'n paar tekste in Genesis aflei dat ons Skepper, wat Homself ons Vader noem en die menslike gesin en die skepping na Sy eie liefdevolle verhouding gemodelleer het, miljoene mense vernietig, insluitend babas, dan wil ek 'n beroep op jou doen dat jy nie soek met jou hele hart nie. Luister jy? Ja. Gehoorsaam jy? Nee.

Toe ek Jesus as die volledige openbaring van God se karakter aanvaar het, moes ek nederig op my knieë gaan en God vra hoe om die twee prente voor my te versoen. Ek kon nie sien hoe dit moontlik was nie. Dit is 'n belangrike deel van die proses. As *jy* te selfversekerd is in jou Bybelstudie, dan is die Gees van God nie in beheer nie. Wanneer jy by 'n punt kom waar jy vasgevang voel en nie kan voortgaan nie, op jou knieë val en pleit “Vader wys my asseblief die waarheid,” dan plaas jy jouself in die hande van God om Hom toe te laat om jou te leer. Dit is wat ek al baie keer gedoen het. Ek gaan na Hom en vra in geloof dat my Vader aan my sal openbaar dat Hy waarlik in elke opsig net soos Jesus is.

Die gedagte het by my opgekom hoe die aarde vervloek is toe Adam gesondig het. (Gen 3:17-19). Die vraag het by my opgekom: *Waarom het die aarde dorings en dissels voortgebring?* Was dit God wat die dorings gemaak het of was dit Adam se sonde wat hulle laat groei het? Dit het 'n deurslaggewende vraag geword in my soeke om die vloedverhaal met Jesus se openbaring van die Vader te versoen. Kom ons kyk na wat God vir Adam gesê het.

En aan die mens het Hy gesê: Omdat jy geluister het na die stem van jou vrou en van die boom geëet het waarvan Ek jou beveel het om nie te eet nie — **vervloek is die aarde om jou ontwil**; met moeite sal jy daarvan eet al die dae van jou lewe. Genesis 3:17 (AFR53)

God het vir Adam gesê dat die grond vervloek is weens sy sonde. Dit is sonde wat die dorings en dissels gebring het, nie God nie. Hierdie vloek is uitgebrei deur die moord op Abel deur Kain.

“Daarom sal jy vervloek wees, ver van die grond wat sy mond oopgemaak het om die bloed van jou broer uit jou hand te ontvang. As jy die grond bewerk, sal dit sy vermoë aan jou nie meer gee nie; 'n swerwer en vlugteling sal jy wees op die aarde.” Genesis 4:11-12 (AFR53)

Let mooi op hoe Kain die woorde van God verstaan.

Kain antwoord die Here: “My straf is te groot om te dra! U het my verban van my grond af en uit u teenwoordigheid. U het my 'n swerwende vlugteling op aarde gemaak. Elkeen wat my teëkom, sal my wil doodmaak!” Genesis 4:13-14

Kain spreek die idee uit dat God hom arbitrêr gestraf het deur hom van die grond af te verban. Is dit wat God gesê het? As ons Genesis 4:11 lees, kan ons sien dat God vir Kain sê dat sy optrede die grond beskadig het? Die bloed van Abel wat in die aarde inloop, beskadig in werklikheid die vrugbaarheid van die grond. Die aarde wat sy mond “open” om Abel se bloed te ontvang, is die aksie van moord wat na die aarde self oorgeplaas word.

Moet ons die woorde van God interpreteer deur die lens van Kain of deur die lens van Christus? Het God vir Kain vertel van Sy arbitrêre optrede teen hom, of het Hy bloot vir hom die natuurlike gevolg van wat Kain gedoen het vertel?

Bied die Bybel ons verdere bewyse van die sondigheid van mense wat die balans van die natuur beskadig en rampspoed meebring? Soos ons hierdie gedagtegang volg, sal ons verskillende begin sien in hoe Bybelvertalers die tekste van die Skrif verstaan. Kan jy die verskil in hierdie twee vertalings sien?

“Moenie julleself onrein maak op enige van hierdie maniere nie, want dit is hoe die mense wat Ek uit die Beloofde Land verdryf, hulleself onrein gemaak het. Die hele land is deur hulle

verontreinig. **Dit is waarom Ek die mense wat daar woon, straf. Binnekort sal die land hulle opgooi.**" Levitikus 18:24-25 (NLV)

"Verontreinig julle nie met een van hierdie dinge nie, want deur al hierdie is die nasies verontreinig wat Ek voor julle uit verdrywe; En die land is verontreinig; **daarom besoek Ek sy ongeregtheid daarop, en die land self spoeg sy inwoners uit.**" Levitikus 18:24-25 (CAB23)

Straf God die mense deur die land *sover te bring* om die mense uit te braak? Of *laat* God *toe* dat die effek van hul voortdurende skade aan die aarde vorendag kom, sodat die land wanfunksioneer met natuurrampe? Ek sou voorstel dat die eerste begrip is om die teks buite die karakter van Christus te lees. Dit weerspieël wat ons natuurlike mens van God dink, maar beide die KJV-weergawe en die CAB23-weergawe bied 'n ander siening wat ons toelaat om te sien dat God eenvoudig toelaat dat die sondes van die mense wat die aarde beskadig, terugkeer op die mense in verdere vernietigingswerk. Hy hou nie meer die gevolge van hul dade terug nie.

Kom ons kyk na nog een Bybelgedeelte wat praat oor die verhouding tussen die sondes van mense en die impak daarvan op die aarde. Weereens, kom ons vergelyk twee vertalings en sien die variasie van uitdrukking.

Die aarde ly ter wille van die sonde van sy mense, want hulle het God se opdragte verontagsaam, sy voorskrifte verdraai, sy ewige verbond verbreek. **Daarom verteer 'n vloek die aarde en al sy inwoners. Daarom is die inwoners van die aarde verbrand en het baie min oorgebly.** Jesaja 24:5-6 (NLV)

Ook is die aarde verontreinig onder sy bewoners; omdat hulle die wette oortree het, die verordening verander het, die ewige verbond verbreek het. Daarom **het die vloek die aarde verteer**, en die bewoners daarvan is woest; **daarom word die bewoners van die aarde verbrand, en min mense het oorgebly.** Jesaja 24:5-6 (CAB23)

Laat God die mense 'n prys betaal vir hulle sonde deur hulle met vuur te vernietig? Of breek die aarde uiteindelik op onder die vloek van mense se sonde, en stort ineen onder die mensdom? Word mense deur die aarde vervloek, of word hulle vervloek deur God wat die aarde gebruik? As ons in die gesig van Jesus kyk, is die antwoord eenvoudig: net soos God vir Kain gesê het, kom die vloek van die aarde op hom af weens sy optrede. Sy eie optrede het hom vervloek.

Oorweeg die volgende tekste om verder gewig te gee aan die idee dat dit natuurlike gevolg is wat op 'n mens val as gevolg van hulle sondigheid.

Die HERE word geken aan die oordeel wat Hy voltrek: die goddelose is verstrik in die werk van sy eie hande. (Higgaion. Sela).
Psalm 9:16

Moenie julleself bedrieg nie. God laat nie toe dat iemand met Hom spot nie. Dit wat jy plant, sal jy ook oes. Galasiërs 6:7 (DB)

Wat is die geregtigheid van God? Dit laat ons altyd toe om die vrug te oes van dit wat ons plant. As ons die waarheid van hierdie gedagte in ons harte toelaat, sal baie stories in die Bybel vir ons 'n ander kleur kry. 'n Nuwe prentjie sal aan die lig kom.

Kom nou terug na die verhaal van die vloed. Oorweeg weereens twee vertalings wat twee verskillende prente aan ons bied.

Die aarde was korrup in die oë van God, vol geweld; Hy het die aarde gesien: dit was korrup, elke mens op aarde se lewe was verrot. Toe sê God vir Noag: “Ek het besluit om 'n einde te maak aan alle mense, want deur hulle toedoen is die aarde vol geweld. **Ek gaan hulle saam met die aarde verdelg.** Genesis 6:11-13 [Afr83]

Maar die aarde was verdorwe voor die aangesig van God, en die aarde was vol geweld. Toe sien God die aarde aan, en — dit was verdorwe, want alle vlees het sy wandel op die aarde verderwe. En God sê vir Noag: Die einde van alle vlees het volgens my besluit gekom; want die aarde is deur hulle vervul met geweld. **En kyk, Ek**

gaan hulle met die aarde verdelg.” Genesis 6:11-13 [vrylik vertaal uit NKJV]

Die eerste weergawe wek die indruk dat Hy besluit het om hulle saam met die aarde uit te wis, omdat die mense van die aarde korrup geraak het.

Die tweede weergawe dui aan dat die aarde self gevul was met geweld omdat mense gewelddadig op die aarde was. Die aarde is soos 'n battery wat die energie van mense se dade absorbeer. Soos mense die aarde met negatiewe energie vul, ontplof die battery uiteindelik omdat sy kapasiteit oorskry word. God sê dat Hy die mense sal vernietig met (met behulp van) die aarde; met ander woorde, Hy sal toelaat dat die aarde hulle vernietig. Hy vernietig hulle nie *saam* met die aarde nie, maar laat die vrug van mense se optrede op die aarde hulle eerder vernietig.

Die tweede weergawe sluit aan by die karakter van Jesus. In hierdie konteks voeg die volgende verse meer belangrike detail by die verhaal.

Wil jy die pad van die ou tyd hou, wat die kwaaddoeners bewandel het, wat gegryp is voor die tyd, wie se grondslag uitgegiet is soos 'n stroom [die vloed], **wat tot God gesê het: Bly ver van ons af!** en: Wat kan die Almagtige ons aandoen? En tog het Hy hulle huise gevul met wat goed is. (Maar die gesindheid van die goddelose is ver van my!) Job 22:15-18 (AFR53)

Hier sien ons dat die manne van die ou wêreld vir God gesê het om van ver van hulle af weg te bly. Hulle wou Hom nie hê nie, al het Hy hulle huise van goeie dinge voorsien.

Deur die stukke bymekaar te sit, word dit duidelik dat die vloed se kindermoord veroorsaak is deur die sondes van mense wat die aarde beskadig het, deur om te gaan met hierdie selfde mans wat God uit hul lewens verdryf het en hul kinders weerloos gelaat het. Die enigste man wat na God geluister het, was Noag. Noag het “genade gevind in die oë van die Here”, wat beteken dat Hy in God se genade geglo het, en geglo het dat God probeer het om die mensdom te red.

Deur Noag het God mense probeer waarsku dat rampspoed op pad was. God was nie die outeur van daardie ramp nie, maar Hy het geweet hoeveel euwel Sy stelsel kon hanteer voordat dit ingee en uitbraak: dit sou 120 jaar hou. God het nie hierdie onskuldige kinders vernietig nie, maar die opstandige saad van mense wat in die aarde geplant is, het die voorspelbare, bitter oes gebring.

Hierdie siening van die vloed onthef God van die aanklag dat hy onskuldige babas doodgemaak het. Dit bevry Hom ook van die aanklag om al die diere dood te maak wat in die vloed vasgevang was. Tog is daar die reaksie: "Jy wil net vir God swak laat vertoon teenoor sonde en daarom kom jy hierdie idees vorendag om te verhoed dat God op jou neerkom." My reaksie hierop is: "Eintlik probeer ek om die woorde en lewe van Jesus te harmoniseer: Hy het gesê dat, as ons Hom gesien het, het ons die Vader gesien." As God babas verdrink het dan is Jesus 'n leuenaar en is dit duidelik nie die openbaring van God se karakter nie. Om die woorde van Jesus ernstig op te neem, vereis dat ons met hierdie Ou Testamentiese verhale worstel sodat ons die hele Skrif in harmonie kan bring oor hierdie kwessie van God se karakter.

Verder sien ons dat God nie swak is teenoor sonde nie, eerder sien ons die vernietigende krag van sonde en die gevolge daarvan om God en Sy weë uit ons lewe te stoot. Die implikasies hiervan is ontstellend. Kan mense se sondes so 'n dramatiese uitwerking op die aarde hê dat dit 'n wêreldwye vloed veroorsaak? Het God aan die mens so 'n groot heerskappy oor die aarde gegee? Kan die aarde die geestelike saad wat mense saai net soveel openbaar as die fisiese saad wat hulle plant?

Een punt wat ek nog vir myself moes beantwoord, was: Waarom 'n vloed? Waarom nie veelvuldige rampe, soos aardbewings, orkane, brande sowel as 'n vloed nie? Om dit te beantwoord, is ek na hierdie vers geleë:

"Hou op om 'n oordeel oor ander uit te spreek. Dan sal God ook nie 'n oordeel oor julle uitspreek nie. Hy sal julle beoordeel soos julle ander beoordeel. Die kriterium waarmee julle oordeel, sal ook vir julle gebruik word. Matteus 7:1-2

Die standaard wat ons almal gebruik om te beoordeel, is die standaard van die God wat ons dien. Ons beoordeel ander soos ons glo hoe God hulle beoordeel, of ons probeer ten minste volg dit wat ons verstaan omtrent God se oordeel. Ons spieëlneurone veroorsaak dat ons die God naboots waarin ons glo. Selfs as ons nie eintlik dink God bestaan nie, beoordeel ons steeds volgens die manier waarop ons dink 'n hoër mag sal oordeel, of dit bestaan of nie (God verteenwoordig ons hoogste ideaal van hoe mag uitgeoefen moet word). In die lig hiervan, hoe het die mense in Noag se tyd hulle gode waargeneem?

Die Sumeriërs het geglo dat die heelal deur 'n reeks kosmiese geboortes tot stand gekom het. Eerstens het Nammu, die oerwaters, geboorte gegee aan Ki (die aarde) en An (die lug), wat saam gepaar het en 'n seun met die naam Enlil voortgebring het. Enlil het die hemel van die aarde geskei en die aarde as sy domein geëis. Daar word geglo dat mense geskep is deur Enki, die seun van Nammu en An.⁷

Die antieke godsdiens van diegene voor die vloed het geglo die eerste godin was Nammu, die oerwaters. Daar is verstaan dat mense van haar en An – die lug kom. As die godin van water die eerste god was, dan volg dit dat water die hoogste vorm van rampspoed, misnoeë en oordeel vir die mense sou verteenwoordig. Die mense het geweet hulle dade was boos. Soos die apostel Paulus sê:

En omdat hulle dit nie die moeite werd geag het om God in erkenenis te hou nie, het God hulle oorgegee aan 'n slegte gesindheid, om te doen wat nie betaam nie: hulle is vervul met allerhande ongeregtigheid, hoerery, boosheid, hebsug, ondeug; vol nydigheid, moord, twis, bedrog, kwaadaardigheid; nuusdraers, kwaadsprekers, haters van God, geweldenaars, trotsaards, grootpratery, uitvindery van slegte dinge, ongehoorsaam aan die ouers; onverstandig, ontrou, sonder natuurlike liefde, onversoenlik, onbarmhartig, mense wat — **al ken hulle die verordening van God goed, dat die wat sulke dinge doen, die**

⁷ https://en.wikipedia.org/wiki/Sumerian_religion

dood verdien — dié dinge nie alleen self doen nie, maar ook hulle goedkeuring skenk aan die wat dit doen. Romeine 1:28-32 (AFR53)

Die rede waarom die aarde deur water vernietig is, is dat die meeste mense van die antieke tye 'n watergodin aanbid het. Is dit moontlik dat die kollektiewe gedagtes van die mense die wêreld om hulle in so 'n mate beïnvloed het dat vernietiging blykbaar kom van die een wat hulle self aanbid het?

Opsommend: Ek het hier 'n alternatiewe siening voor jou gelê om die verhaal van die vloed te verstaan. Die motivering kom van die lens waardeur ons hierdie verhaal bekijk: deur die karakter van Jesus wat Sy vyande liefgehad het en goed aan hulle gedoen het – altyd.

Sonder die karakter van Jesus hoor ons net die Woord van God in die verhaal van die vloed as ons eie gedagtes en nie God s'n nie; al wat ons kan doen is om te openbaar wat ons van God dink en dus wie ons is. Maar wanneer ons in die aangesig van Jesus kyk, begin die Woord van God ons verander, lewe voortbring en die Woord bereik waarvoor God dit vir ons ontwerp het.

“My gedagtes is anders as julle s’n, en julle paaie is nie my paaie nie,” sê die Here. “Want soos die hemel hoër is as die aarde, so is wat Ek doen, hoër as wat julle doen, en my gedagtes hoër as julle gedagtes. Reën en sneeu kom uit die hemel, en dit gaan nie daarheen terug nie. Dit maak die aarde nat om die plante te laat bot en vrugte te laat dra sodat daar saad is om te saai en brood om te eet. Net so is dit met die woord wat uit my mond kom: Dit sal nie leeg na My toe terugkeer nie, maar dit sal doen wat Ek verwag en die doel bereik waarvoor Ek dit gestuur het.” Jesaja 55:8-11

Wanneer ons die lewe van Jesus as die karakter van God aanvaar, begin ons verskuif van die blote aanhoor van die Woord na gehoorsaamheid daaraan. Die Bybel word 'n nuwe boek, ons begin met ons hele hart na God soek, en die saad van die Woord spring in ons op en doen wat God bedoel het.

Die vraag bly egter: hoekom gebruik die Bybel in Genesis 6 taal wat sê God sal die wêreld vernietig en uitwis? Hoekom sê dit nie die wêreld sal homself vernietig nie?

As ons 'n bietjie verder in die Hebreeus delf, ontdek ons iets fassinerend in die gebruik van die Hebreeuse taalvorm *Hiph'il* in Genesis 6:13 en 6:17.

En God sê vir Noag: Die einde van alle vlees het volgens my besluit gekom; want die aarde is deur hulle vervul met geweld. En kyk, **Ek gaan** hulle saam met die aarde **verdelg** [*Hiph'il*]. Genesis 6:13 (AFR53)

En kyk, **Ek self bring** [*Hiph'il*] vloedwaters oor die aarde, om alle vlees waarin die asem van die lewe is, onder die hemel te vernietig; alles wat op die aarde is, sal sterwe. Genesis 6:17 (AFR53)

Die *Hiph'il* vorm maak voorsiening vir beide aktiewe en permissiewe (toestemmende) gebruike. Hier volg 'n aanhaling uit die boek *Jesus Christ and Him Crucified*, bl. 44, deur Kevin Mullins (Gratis beskikbaar op fatheroflove.info)

Die oorsaaklike nuanse van die *hiph'il*, en van sy Aramese en Akkadiese eweknieë, onderskeidelik die *haph'el* / *'aph'el* en *šuprus*, sluit nie net aksies in waarin die onderwerp die voorwerp ('n ander persoon of 'n ding) iets laat doen, maar 'n reeks ander maniere waarop die onderwerp verantwoordelik is vir die voorwerp se handeling, soos om dit toe te laat, dit moontlik te maak, dit te verdra of toestemming te verleen om dit te doen.⁸

Wanneer dit by God kom, word die frase “Ek sal verdelg” as 'n Hebreeuse idioom gebruik. Daar is twee klasse idiome wat gebruik kan word. 1. Oorsaaklik. 2. Permissief/Toestemmend. Die skrywer (nie die vertaler nie) se gebruik van die frase is meestal in die

⁸ “On the Tolerative/Permissive *Hiph'il*,” in Le-Ma'an Ziony: *Studies in Honor of Ziony Zevit*, ed. Frederick E. Greenspahn and Gary A. Rendsburg. Eugene, Oregon: Cascade Books, 2017. bl. 397

permissiewe vorm wanneer dit kom by aanhalings van die woorde van God - veral wanneer die werkwoord negatief is, soos vernietiging en siekte. Hierdie permissiewe werkwoordvorm in Hebreeus word *Hiph'il* genoem, waarna William Lowth verduidelik:

“... die vorm genaamd *Hiph'il* in Hebreeus dui dikwels slegs toestemming aan, en word elders in daardie sin deur ons vertalers weergegee.” (*A Commentary Upon the Prophet Isaiah*, bl. 501)

Maar dit blyk dat slegs konteks sal bepaal of dit aktief of permissief is.

Die enigste riglyn om tussen hulle te onderskei is konteks, maar om te bepaal wat die konteks vereis – of ten minste wat ooreenstem met die konteks – kan 'n baie subjektiewe taak wees.⁹

Dit beteken dat dit moontlik is om Genesis 6:13 en 6:17 op hierdie manier te vertaal:

En God het vir Noag gesê: Die einde van alle vlees het voor My aangesig gekom, want die aarde is deur hulle vol geweld; en kyk, **Ek sal toelaat dat hulle saam met die aarde vernietig word.** Genesis 6:13

En kyk, **Ek self laat toe dat vloedwaters oor die aarde gebring word**, om onder die hemel alle vlees waarin die asem van die lewe is, te vernietig; alles wat op die aarde is, sal sterwe. Genesis 6:17

Om die teks so te lees, bring harmonie in 'n teks in Jesaja wat ook oor die sondvloed praat.

Ek het in Noag se tyd belowe dat Ek **nooit weer 'n watervloed oor die aarde sal laat kom nie**. Ek belowe nou net so dat Ek nie weer in woede teen jou sal uitbars en jou straf nie. Jesaja 54:9 (Die Boodskap)

⁹ Ibid, Greenspahn and Rensburg bl. 399.

Die Hebreeuse vorm in hierdie vers is *Niphal* wat altyd passief of permissief is. As Genesis 6:13 en 6:17 in die aktiewe stem was, sou dit bots met die permissiewe weergawe van Jesaja 54:9. Wanneer ons toelaat dat die *Hiph'il*-vorm die permissiewe toon aanneem, word die teks opgelos.

Aangesien dit konteks is wat bepaal hoe ons die *Hiph'il* Hebreeuse vorm lees, hoe moet ons die konteks bepaal? Jesus Christus, soos Hy aan ons op aarde geopenbaar is, moet altyd die konteks bepaal. Maar hoekom het vertalers nie eers die permissiewe konteks gebruik wanneer hulle van vernietiging praat, eerder as die aktiewe een in hierdie geval nie? Eerstens blyk dit dat grammatici van die Middeleeue nie bewus was van hierdie permissiewe variasie van die *Hiph'il*-vorm nie.

Die toleratiewe nuanse van die *hiph'il* word oneweredig erken in grammatikas van Bybelse Hebreeus. Ek het nie gevind dat dit deur die Middeleeuse Hebreeuse grammatici genoem word nie ...¹⁰

Die ander, en belangriker rede is dat die karakter van God nie deur die lewe van Christus op aarde waargeneem is nie.

Die permissiewe *Hiph'il*-grammatika help ons nie net om die verhaal van die vloed te verduidelik nie, maar dit sal ander verhale beïnvloed, soos ons sal sien. Tog verklaar dit nie elke situasie in die Ou Testament nie. Wanneer ons Genesis 6:7 lees, praat dit met 'n aktiewe stem.

“Ek sal die mens wat Ek geskep het, van die aardbodem af uitwis
– [Qal onvoltooid] mense sowel as diere, ook kruipende diere en die voëls van die hemel, want Ek is jammer dat Ek hulle gemaak het.” Genesis 6:7

Die Hebreeuse vorm hier is *onvoltooid*, wat beteken dat dit vertaal kan word “Ek sal die proses begin om die mens uit te wis.” As ons dit in lyn bring met die tekste van Gen 6:13,17 en Jesaja 54:9, sien ons die proses wat God begin het was om toe te laat dat die vloed die aarde oorstroom. Natuurlik is dit moontlik om dit alles in 'n aktiewe stem te lees, om God

¹⁰ Ibid, Greenspahn and Rensburg p. 398.

voor te stel as die Een wat aktief mense in die vloed vernietig, dit is die leser wat die konteks bepaal.

Maar selfs al neem ons bloot Gen 6:7 as God wat sê dat Hy die wêreld sal vernietig, spreek die Spieëlbeginsel dit steeds aan. Die wet spreek ons eie gedagtes aan ons uit wanneer ons dit direk lees sonder die bemiddeling van die lewe van Jesus. Soos Kain, vergeet ons dat God vir ons gesê het die vloek sou van die aarde af kom. Die ware openbaring van God se karakter in hierdie verhaal vereis dieper, gehoorsame studie om die stukke te harmoniseer, en deur dit te doen, wys dit ons die dieper werklikheid van menslike boosheid, in die manier waarop ons God waarneem.

Dit openbaar dat ons Hom sien as een wat bereid is om elke lewende wese te vernietig, insluitend onskuldige kinders. Deur te bely om dit te glo, laat 'n mens onbewustelik toe om die realiteit van die mens se eie verdorwenheid weg te steek en dit op God te projekteer. Om God tot op ons vlak af te trek, laat ons beter voel oor onself.

Ander wil dit in die Bybel lees om Hom as massamoordenaar te veroordeel en te verdoem. Dit pas hulle om God so te sien dat hulle Hom van die troon van hulle harte kan verban. God dwing niemand om dinge op sy manier te sien nie, maar Hy het sy Seun aan ons geopenbaar, sodat ons die betekenis van Sy woorde kan onderskei.

Nog 'n rede waarom die Bybel blykbaar God voorstel dat Hy alles sal vernietig, is omdat die menslike natuur outomaties die godheid verantwoordelik maak vir enige rampspoed wat ons tref. Wanneer dinge verkeerd loop, is dit makliker om te vra hoekom straf God my eerder as om te vra wat ek gedoen het om hierdie gevolge oor myself te bring. Dit is wat Kain gedoen het toe God die natuurlike gevolge van sy dade aan hom geopenbaar het. Hy het God se woord hervorm as 'n arbitrêre straf van God.

Die grootste rede waarom ek glo dat die Bybel God voorhou as die Een wat "verantwoordelikheid neem" vir die vernietiging van die mensdom is, as gevolg van die natuurlike menslike selfverdedigingsmeganisme wat die blaam altyd na enigiemand anders behalwe die self verskuif.

DIE VLOED

Die sielkundewêreld noem dit Projeksie. Dit is 'n fundamentele menslike beginsel wat ons in die Bybel behoort te vind, indien die Bybel ware diagnostiese vermoë vir die menslike toestand het.

Want die woord van God is lewend en kragtig en skerper as enige tweesnydende swaard, en dring deur tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg, en is 'n beoordelaar van die gedagtes en bedoelings van die hart. Hebreërs 4:12

HOOFSTUK 10

NEEM VERANTWOORDELIKHEID

As jy 'n soektog op die internet doen vir “neem verantwoordelikheid vir jou daade”, sal jy 'n oorvloed skakels vir aanbiedings en materiaal kry oor hoe om dit te doen. Die feit dat daar so baie daaroor geskryf is, wys dat mense dit geweldig moeilik vind om verantwoordelikheid te aanvaar. Hoekom?

Dit gaan terug na die tuin van Eden, toe Adam gevra is hoekom hy die vrugte van die boom geëet het, wat hy beveel is om nie te doen nie.

“Wie het vir jou gesê dat jy sonder klere is?” vra die Here God. “Het jy dan van die boom geëet wat Ek jou beveel het om nie te eet nie?”

“Ja,” erken die mens, “dit was die vrou **wat U aan my gegee het** wat die vrugte vir my aangebied het, en toe het ek daarvan geëet.”

Genesis 3:11-12

Eerder as om sy fout te aanvaar en om vergifnis te vra, verskuif Adam die skuld vir die optrede na sy vrou sowel as na God. Dit laat my dink aan die storie van 'n jong man wat 'n ander persoon met 'n sneeubal gegooi het terwyl hy by 'n sportwedstryd was. Toe hy gevra is om rekenskap te gee, het hy gesê, “as die sneeu nie daar was nie, sou dit nooit gebeur het nie!”

Die eerste opsie vir die mensdom is om hul probleem op ander te projekteer en hulle daarvoor verantwoordelik te hou, veral wanneer daar vrees betrokke is. Projeksie is soos volg gedefinieer:

Sielkundige projeksie is 'n verdedigingsmeganisme van verandering met betrekking tot die “binnekantste” inhoud wat met ‘n misgissing as die “buitekantste” na vore kom. Dit vorm die basis van empatie deur die projeksie van persoonlike ervarings om iemand anders se subjektiewe wêreld te verstaan. In sy kwaadaardige vorm is dit 'n verdedigingsmeganisme waarin **die ego homself teen verwerpte en hoogs negatiewe dele van die self verdedig deur hul bestaan in hulself te ontken en dit aan ander toe te skryf**, om so misverstand te kweek en ongekende interpersoonlike skade mee te bring.¹¹

Ons sien hierdie beginsel van Adam na Kain oorgaan, want wanneer Kain gevra word om die dood van sy broer te verduidelik, maak hy eers asof hy niks daarvan weet nie. Hy poog om die kwessie eenvoudig te laat verdwyn.

In die vorige hoofstuk het ons gekyk hoe Kain die woorde van God verdraai het en dit laat lyk het of God die aggressor en bestraffer was. God het vir Kain gesê dat sy optrede hul eie gevolge sou meebring en die aarde sou beskadig. Kain het hierdie gevolge op God geprojekteer en Hom blameer vir die verdrukking wat hy nou verduur het. Maar sy blaamspel het nie daar geëindig nie.

“U het my verban van my grond af en uit u teenwoordigheid. U het my ‘n swerwende vlugteling op aarde gemaak. **Elkeen wat my teëkom, sal my wil doodmaak!**” Genesis 4:14

Waar kry hy hierdie absurde idee dat enige persoon wat hom teëkom hom sal doodmaak? Kain het die moord op sy broer geprojekteer op almal rondom hom en homself die slagoffer gemaak van die einste ding wat hy gepleeg het. Dit is Kain wat die moordenaar is, en nadat hy ‘n moord gepleeg het, dink hy almal rondom hom is potensiele

¹¹ https://en.wikipedia.org/wiki/Psychological_projection

SPIEËLBEGINSEL

moordenaars soos hy. Hy besef nie dat hy dink mense sal hom doodmaak weens sy eie ingesteldheid, wat moord as 'n oplossing vir probleme sien nie; in plaas daarvan blameer hy God vir die omgewing wat geskep is, wat sy dood kon veroorsaak.

Hoe help jy iemand wat elke verkeerde ding wat hy doen op iemand anders projekteer en homself die slagoffer maak? Die Bybel openbaar hierdie eienskap van die mens deur voor te doen dat God die eintse ding doen wat die mens eintlik doen.

Ons let noukeurig daarop dat die patroon van Kain se verhaal die saad is vir die gebeure wat in die verhaal van die sondvloed afgespeel word.

Kain	Die Vloed
Kain vermoor Abel.	Mensdom word gewelddadig en boos voor God.
Die aarde is beskadig deur Kain se dade.	Die aarde is korrup deur die dade van die mense op die aarde.
Kain blameer God omdat Hy hom van die land af verdryf het.	Die mensdom blameer God omdat die hele wêreld uitgewis is.
Kain weier om verantwoordelikheid te vat vir die dood van Abel en vir die grond se verlies aan vrugbaarheid, en projekteer die rampspoed op God.	Die mensdom weier om verantwoordelikheid te aanvaar vir die vernietiging van die vloed, maar blameer God eerder daarvoor en projekteer die vernietiging daarvan op Hom.

Omdat die Bybel onderskeiding bring in mense-denke (Heb 4:12), word hierdie bose proses van Projeksie gevind in die Skrif.

En die HERE het gesê: “Ek sal die mens wat Ek geskep het, van die aardbodem af uitwis – mense sowel as diere, ook kruipende diere en die voëls van die hemel, want Ek is jammer dat Ek hulle gemaak het.” Genesis 6:7

Die taal wat God gebruik, verklaar hoe mense oor die verhaal van die vloed dink. Ons kies om te glo dat God die aarde in 'n vloed uitgewis het om te verhoed dat ons die verantwoordelikheid aanvaar dat God aan ons die mag gegee het om self die aarde te vernietig.

“Die nasies het baie kwaad geword, maar nou het die tyd van u oordeel aangebreek om dié wat dood is, te oordeel; om u diensknegte, die profete, te beloon en dié wat aan God toegewy is, en dié wat ontsag het vir u Naam, klein en groot, **en dié wat die aarde vernietig, óók te vernietig.**” Openbaring 11:18

Hoe vernietig God diegene wat die aarde vernietig? Deur hulle nie te verhinder om die vernietiging te doen deur hulle rebellie teen Hom nie.

Dit is onnodig om die geskiedenis van die mensdom aan te haal, hoe mense ander beskawings heeltemal van die aarde af uitgewis het. Dit is wat in die hart van die mens woon en dit sal gemanifesteer word elke keer as die geleentheid daartoe gebied word. Hierdie menslike eienskap is in Genesis 6:7 ingeskryf. Die taal dra die projeksiebeginsels van die mensdom oor. Sodra jy dit begryp, sal jou hele wêreld verander wanneer jy die Bybel lees en baie oënskynlike teenstrydighede sal hulself oplos.

Kom ons neem 'n baie ooglopende voorbeeld hiervan in die boek Eségiël.

Die Here het vir my gesê: “Mensekind, kyk na Jerusalem en profeteer teen Israel en haar heiligdomme. Profeteer teen die land Israel. “Sê vir haar die Here sê: **Ek is jou vyand, Israel, en Ek is besig om my swaard te trek om jou mense daarmee dood te maak, sowel regverdiges as slegte mense.** Eségiël 21:1-3

Verdelg God die regverdige en goddelose gelyk? Is dit werklik Sy karakter?

Wanneer God met Israel praat, spreek Hy hulle eie gedagtes uit. Hy bring onderskeiding in hulle gedagtes deurdat Hy hulle konfronteer met dit wat hulle vrees. God openbaar ook aan ons hoe mense eintlik is. In hierdie vers het ons die eksternalisering van die menslike hart se begeerte. Het daar in die menslike geskiedenis gebeure plaasgevind waar mense bereid was om die regverdiges saam met die goddelose te vernietig?

Hier is een voorbeeld. In 1209 in Suid-Frankryk het die Pouslike gesant en leier van die Albigeniese Kruistog, kloostervoog Arnaud Amalric, hierdie woorde geuiter terwyl sy leër 'n dorp omsingel het wat 'n mengsel van Albigense en Katolieke was: “Caedite eos. Novit enim Dominus qui sunt eius” – “Maak hulle dood. Die Here ken dié wat aan Hom behoort.” Arnaud het daardie jaar in 'n brief aan die Pous gesê: “Ons manne het niemand gespaar nie, ongeag van rang, geslag of ouderdom, en het byna 20 000 mense met die swaard verslaan. Na hierdie groot slagting is die hele stad geplunder en verbrand...”

Die woorde van Eségiël 21:1-3 identifiseer dus die goddeloosheid van die mensdom wat in mense soos Arnaud Amalric gemanifesteer het. Maar ons sê weer dat hierdie menslike eienskap geëksternaliseer word deur die mens en op God geprojekteer word om die mensdom te red van die skande om verantwoordelikheid te aanvaar vir hierdie natuur wat onuitspreeklike gruwels sal doen. Ons word herinner hoe die dissipels die woorde van Jesus geneem het en dit laat blyk het dat Hy ras-onverdraagsaam was teenoor die Kanaänitiese vrou wat Jesus gevra het om haar dogter te help.

'n Aantal Bybelkenners het gevind dat sommige van die taal van die Bybel onmoontlik God se ware karakter kan wees. Hier is een voorbeeld:

“Wanneer gesê word dat God mense se harte verhard [Eksodus 7-8], om hulle oor te gee aan 'n verworpe gesindheid [Rom 1:27-29], om hulle sterk dwalings te stuur, dat hulle sou glo dat God

onregverdig handel [2 Thess. 2:11] – wat beteken dat Hy teen sy karakter optree – dit is oneindig ver van die betekenis dat dit 'n kragdadige impuls in God die Almagtige kan wees. Dat al daardie werkwoorde, – om te verhard, om te verblind, om oor te gee, om dwalings te stuur, om te bedrieg, en dies meer, deur gewone Hebraïsme slegs **permissief (toestemmend) in betekenis is, alhoewel aktief in klank**, word sonder enige kontroversie geplaas.” (Thomas Pierce, I, bladsy 23-24 uitgawe van 1658 soos gekwoteer in Jackson, *The Providence of God*, bladsy 401)

Wat hy sê, is dat dit 'n linguistiese feit is dat God se woorde in antieke Hebreeus beskryf kan word as iets wat Hy aktief doen terwyl Hy dit net toelaat. Wanneer die Bybel sê God het mislei, beteken dit dat Hy toegelaat het dat die man mislei word weens sy eie optrede.

Deel van die rede hiervoor hou verband met wat ons vroeër ontdek het met betrekking tot die *Hiph'il*-vorm. Konteks bepaal of dit aktief of passief is. Dus, in sommige gevalle is dit nie die Hebreeus nie, maar eerder die gebrek aan begrip van die vertalers met betrekking tot Hebreeus.

Dit bring ons terug na wat God vir Kain gesê het.

“Daarom sal jy vervloek wees, ver van die grond wat sy mond oopgemaak het om die bloed van jou broer uit jou hand te ontvang. As jy die grond bewerk, sal dit sy vermoë aan jou nie meer gee nie; 'n swerwer en vlugteling sal jy wees op die aarde.” Genesis 4:11-12 (AFR53)

God het nie aktief die grond se vrugbaarheid verlore laat gaan nie, maar Hy het toegelaat dat die gevolge van Kain se optrede die aarde beïnvloed, sodat die vrugbaarheid verlore gegaan het. Hy kon hierdie gevolge gekeer het, maar Hy het dit toegelaat volgens die natuurwette wat Hy daargestel het.

Die twee hoofstruikelblokke wat mense vind in die lees van die Ou Testament is: 1) 'n weiering of gebrek aan begrip om dit te lees deur die karakter van Christus, en 2) 'n selfverdedigingsmeganisme wat ons bese

natuur op God projekteer. Tans roep ons Vader ons op om verantwoordelikheid vir ons natuur te aanvaar. Hy veroordeel ons nie, juis sodat ons kan ophou om ons boosheid op God en ander te projekteer.

HOOFSTUK 11

DIE MENS HET SOOS EEN VAN ONS GEWORD

Die verhaal van Kain het vir ons 'n belangrike patroon gegee vir die wyse waarop God met sondige mense omgaan en dit openbaar hoe mense hul verkeerde dinge op Hom projekteer. Ons wil nou 'n paar treë terugstap in die Genesis-verhaal en sien hoe God met Adam gehandel het deur hom uit die tuin te stuur. Dit bevat belangrike inligting oor hoe die spieël werk.

Adam het die verbode vrug geëet en daarna het God besluit wat met hom gedoen moet word:

Toe sê die Here God: **Nou het die mens geword soos een van Ons deur goed en kwaad te ken.** As hy nou maar nie sy hand uitsteek en ook van die boom van die lewe neem en eet en lewe in ewigheid nie! Toe stuur die Here God hom weg uit die tuin van Eden om die grond te bewerk waaruit hy geneem is. So het Hy dan die mens weggedrywe en gérubs aan die oostekant van die tuin van Eden laat woon, met die swaard wat vlam en flikker, om die toegang tot die boom van die lewe te bewaak. Genesis 3:22-24 (AFR53)

Hoe was dit vir Adam moontlik om soos God te word deur die vrug van die Boom van Kennis van Goed en Kwaad te eet? Hoe kon Adam soos God word deur 'n proses van ongehoorsaamheid aan Hom? Adam het kennis van boosheid opgedoen uit sy ervaring, maar hoe het dit hom soos God gemaak? Die ergste hiervan is dat die optrede van God blykbaar presies bevestig wat Satan vir Eva gesê het:

Toe sê die slang vir die vrou: Julle sal gewis nie sterwe nie; maar God weet dat as julle daarvan eet, julle oë sal oopgaan, sodat **julle soos God sal wees deur goed en kwaad te ken.**" Genesis 3:4-5 (AFR53)

Satan het vir Eva gesê dat God probeer keer dat hulle iets kry wat hulle soos Hy sou laat word. Later verklaar God dat die man soos "ons" geword het, wat beteken soos God, en sê dan aan hulle om die tuin te verlaat. Dit kan gesien word as 'n bevestiging van Satan se voorstel dat hulle soos God sou word en dat God dit nie kan hanteer nie.

Maar wat gaan eintlik hier aan?

Daar is niks in Genesis 3 wat daarop dui dat Adam hom van sy sonde bekeer het nie. Ons het wel gelees dat Adam God en sy vrou vir sy dade blameer het. Op daardie oomblik is Adam buite Christus – wat beteken dat Hy nie die Gees van Christus in Hom het nie. Die Spieëlbeginsel leer ons dat wanneer ons buite Christus is, die woorde wat God spreek net kan weerspieël wat ons dink. Dit is omdat ons gedagtes nie God se gedagtes is nie en soos ons vroeër ontdek het, "ontvang die natuurlike mens nie die dinge van die Gees van God nie, want dit is vir hom dwaasheid." (1 Kor. 2:14).

Jesus verduidelik:

"Want met die oordeel waarmee julle oordeel, sal julle geoordeel word; en met die maat waarmee julle meet, sal weer vir julle gemeet word." Mattheüs 7:2 (AFR53)

Toe Adam die vrug geëet het, het hy toegelaat dat Satan hom in 'n baie groter mate beïnvloed. Die woorde van Satan het vir hom volkome sin gemaak. Dit moes, want óf Adam bekeer homself, óf sy enigste manier

wat hy kan sien waarop hy kan ontsnap, is om die woorde te glo wat Satan deur die slang gespreek het.

Deur die woorde van die slang te glo, het Adam geglo dat hy soos God geword het, en hy het ook geglo dat God dit vir hom wou wegsteek, wat hom tot die gevolgtrekking gelei het dat God sou probeer verhoed dat Adam in die tuin bly, óf deur hom dood te maak of deur hom uit te stuur.

Die woorde van God aan Adam is in werklikheid die gedagtes van Adam wat geopenbaar is, want ons het in hoofstuk 8 ontdek dat wanneer die wet van God tot 'n mens kom, dit eers die sondes van mense laat toeneem – sodat mense in staat is om hulle sonde te herken – en daarom kan genade toegepas word. (Rom 5:20).

Deur die woorde “die mens het geword soos een van ons” spreek God die gedagtes van Adam uit soos deur Satan verkondig. Deur vir Adam te sê dat hy uit die tuin verdryf moet word, gee God bloot net die vonnis wat Adam glo God sal gee. God oordeel Adam soos Adam gemeen het God sal optree.

Ons sien hierdie beginsel in die verhaal van die talente:

‘Ek was bang vir u omdat u 'n hardvotige besigheidsman is. U eis wat u nie belê het nie, en oes waar u nie gesaai het nie.’ “Hy sê vir hom: ‘Uit jou eie mond oordeel ek jou nou. Jy is 'n slegte slaaf! Jy was deeglik daarvan bewus dat ek 'n hardvotige man is wat opvra wat ek nie belê het nie, en oes waar ek nie gesaai het nie.’ Lukas 19:21-22

Die man met een talent het verkies om te glo dat die meester hardvotig is en onregverdig optree. Die meester beoordeel die man uit sy eie denke en woorde. Wat met hierdie man gebeur het, is presies wat met Adam in die tuin gebeur het. Toe Adam geval het, was hy omgepraat om te glo dat God in harde strengheid hom weerhou het van die Boom van Kennis. Hy is dus volgens sy eie gedagtes geoordeel en uit die tuin verdryf en met mag verhinder om die boom van die lewe te nader.

Betekén dit dat as Adam tot bekering gekom het, hy in die tuin sou kon bly? Ja, maar God het geweet dat wanneer Adam eers die vrug geëet het, Satan sy gedagtes in so 'n mate sou beïnvloed dat Adam nie tot bekering sou kon kom nie. Adam het nie die ware verdorwenheid van sy hart geken nie. Dit sou tyd neem vir God om hom te help sien hoe ver hy geval het.

“Die mens se hart is deur en deur bedrieglik en boos. Wie weet regtig hoe sleg dit is? Jeremia 17:9

Die manier waarop God ons help om onself te sien, is om toe te laat dat dinge volgens ons eie denke manifesteer en ons dan te lei om dit met Christus se karakter te vergelyk, sodat ons ons ware probleem sien. God moes aan Adam die oordeel gee wat Adam gedink het God sou gee.

Die leser mag dink dat daar sekerlik 'n ander manier was waarop God hierdie situasie kon hanteer. Maar hierdie denke onderskat die vyandskap wat Adam op daardie oomblik teenoor God gehad het; Adam moes soos 'n bedreigde dier wat in 'n hoek vasgekeerde is, gevoel het. Daar was niks anders wat God kon gee, as dit wat Adam verwag het nie, want die natuurlike mens ontvang nie die dinge van die Gees van God nie. (1 Kor 2:14). Om op daardie oomblik verder te probeer verduidelik, sou net Adam se hart verhard.

“Los 'n geskil met jou teenstander gou op, terwyl jy nog saam met hom op pad is, sodat die teenstander jou nie aan die regter oorlewer en die regter jou aan die hofdienaar oorlewer en jy in die tronk gegooi word nie.” Matteus 5:25 (Afr20)

Op daardie oomblik kon God net vinnig met sy teëstander saamstem terwyl Hy met Adam op die pad was. Adam het sy oordeel oor die saak van God se karakter gelever en dus kon God niks anders doen as om hom aan die offisier oor te lewer om uit die tuin gedryf te word nie. (Matt. 5:25).

Alhoewel God met Adam se gedagtes gepraat het in die woorde – “die mens het soos ons geword deur goed en kwaad te ken,” het God 'n boodskap vir Adam in hierdie woorde gehad wat eintlik waar sou wees

op 'n heel ander manier as wat Adam verstaan het toe hy dit gehoor het. God het met Satan te doen gehad selfs voor die skepping van die mens, en het waarheid en lankmoedigheid gebruik om Satan se wanvoorstellings van God aan die engele te beantwoord. Nadat hy gesondig het, sou Adam nou met Satan, bygestaan deur Christus, op 'n baie dieper en meer ingewikkelde manier moes worstel, baie meer soortgelyk aan God se ervaring met Satan as die oorspronklike toets van gehoorsaamheid. Adam sou die evangelie vir 'n duisend jaar moes verkondig en voortdurend verwerp, bespot en aangeval word. Dit is so dat hy soos “ons” geword het – God en sy Seun – wat sesduisend jaar lank voortdurend verwerp, gespot en aangeval is. Maar toe Adam daardie woorde hoor en die tuin verlaat, het hy nie geweet dat dit sy lot sou wees nie.

Die gebruik van die spieëlbeginself om hierdie gedeelte te verduidelik, voel aanvanklik baie destabiliserend omdat dit ons natuurlike menslike neiging blootlê om die verantwoordelikheid van ons eie gedagtes en optrede op God te projekteer. Dit is ook moeilik om te aanvaar dat ons harte so hardnekkig in sonde verval is, dat God hierdie metode moet gebruik. Dit bring ons om ons aannames oor God te heroorweeg terwyl ons pynlike selfondersoek op sielsvlak doen.

Dit voel van nature meer vertroostend om te sien hoe God vir Adam uit die tuin verdryf en wagte plaas om te verhoed dat hy toegang tot die Boom van die Lewe kry. Ons eie denke veroorsaak dit. Maar God se gedagtes is nie ons gedagtes nie. Sodra jy aanvaar dat dit onmoontlik was vir Adam om soos God te word deur 'n aksie van ongehoorsaamheid, dan is jy gereed om 'n ander raamwerk te oorweeg.

As God Adam gestraf het deur hom uit die tuin te dryf, dan is dit duidelik dat God self die straf op hom afgedwing het. Maar die Bybel sê ook:

Volmaakte liefde het nie plek vir vrees nie; volmaakte liefde dryf die vrees uit omdat vrees nog met straf behep is, en wie aanhou vrees, het nog nie dié volmaakte liefde bemeester [ondervind] nie.

1 Johannes 4:18

Om Adam op hierdie manier te straf, veroorsaak bloot vrees vir verdere straf in die toekoms, wat liefde in die siel uitdoof. Straf lei tot vrees, nie liefde nie. Liefde laat ons die straf ontvang wat ons dink ons verdien in die hoop dat ons dan na Christus kan opkyk en lewe. Liefde laat ons die waarheid van onself, ons daade en die gevolge daarvan sien.

Dit is te verwagte dat baie lesers dit eenvoudig nie sal aanvaar nie en vashou aan die leuen dat God Adam as straf uit die tuin gedwing het en soos die mens opgetree het deur wagte te plaas om Adam uit te hou. Is dit nie tyd om te sien dat God bloot aan Adam die oordeel gegee het wat hy gedink het God moet gee nie? Slegs dit sou Adam se idee van geregtigheid bevredig en daarom dien as 'n grondslag vir hom om hom later te bekeer.

HOOFSTUK 12

BEDIENING VAN DIE DOOD

Kan jy jou die hartseer toneel voorstel van Adam met sy arm om sy dierbare vrou, om haar vas te hou vir 'n bietjie troos terwyl hy sy geliefde tuin verlaat. Soos dit later in sy seun Kain geopenbaar sou word, was Adam deels in die versoeking om te voel dat die straf groter was as wat hy kon dra en deels versoek is om te voel sy ongeregtigheid was groter as wat vergewe kon word. Hierdie twee persepsies word geopenbaar in die twee moontlike betekenisse van Genesis 4:13.

Kain antwoord die Here: “My straf is te groot om te dra!” Genesis 4:13 (NLV)

“My ongeregtigheid is groter as dit wat vergewe kan word.”
Genesis 4:13 [vrylik vertaal uit *KJV Marginal reading*]

Kain se gevoelens is 'n manifestasie van die saad wat in sy onbekeerde vader gewoon het voordat hy ten volle berou gehad het.

Wanneer ons buite Christus is, kan ons, soos die kinders van Israel, vanweë die heerlijkheid nie na die aangesig van Moses kyk nie. Ons kan nie die karakter van God sien nie. Met hierdie sluier oor ons oë moet ons deur die bediening van die dood gaan.

As die **bediening van die dood**, wat met letters op klippe gegraveer is, met soveel heerlijkheid tot stand gekom het dat die kinders van Israel **nie stip na die aangesig van Moses kon kyk nie, weens die glans op sy gesig**, wat tog aan die verbygaan was – hoeveel te meer sal die bediening van die Gees nie in heerlijkheid wees nie? 2 Korintheërs 3:7-8 (Afr20)

Die bediening van die dood ontbloot die vleeslike verstand in die mens. In hierdie toestand word die ware karakter van God verborge deur die sluier van ons sondige natuur. Ons sien in 2 Kor 3:7 dat die bediening van die dood funksioneer wanneer ons nie bestendig kan kyk na die heerlijkheid van God se karakter nie. Die heerlijkheid op die aangesig van Moses was 'n weerspieëling van die karakter van God. Die bediening van die Gees werk wanneer die sluier wat God se ware heerlijkheid bedek, verwyder word.

Hulle verstand was ook toe, en vandag nog bly hulle verstand met dieselfde sluier toegemaak as hulle die Ou Testament lees, maar die sluier word deur Christus weggeneem vir iemand wat in Hom glo. 2 Korintheërs 3:14 (Afr83)

Die bediening van die dood vind plaas wanneer mense sonder Christus na die aangesig van God kyk en hulleself dus net in Sy aangesig sien omdat ons dink God is soos ons. Wanneer ons in die naam of karakter van Jesus glo en Sy aangesig standvastig aanskou, dan kan die bediening van die Gees ons begin transformeer.

...wat ons bekwaam gemaak het om bedienaars van 'n nuwe verbond te wees, nie van die letter nie, maar van die Gees. Die letter maak dood, die Gees maak lewend. 2 Korintheërs 3:6 (Afr83)

Die bediening van die Gees is die Nuwe Verbond. Die bediening van die dood is dus die Ou Verbond. Die Nuwe Verbond is die ware openbaring van God se karakter wat baie heerliker is as die Ou Verbond wat die karakter van die mens openbaar. Om werklik ons bese natuur aan ons geopenbaar te hê sodat ons ons kan bekeer, is 'n glorieryke werk, maar dit bevat baie meer glorie wanneer ons daarna die kontras in die karakter van God sien.

Binne hierdie raamwerk lees die Bybel heeltemal anders wanneer ons onder die bediening van die dood staan as wanneer ons in die bediening van die Gees is.

Iemand wat altyd net die woord aanhoor en nooit doen wat dit sê nie, **is soos een wat na sy gesig in 'n spieël kyk**: hy bekyk homself, gaan van die spieël af weg en vergeet dadelik hoe hy gelyk het. Maar iemand wat hom verdiep in die volmaakte wet wat 'n mens vrymaak, en hom daaraan hou en nie vergeet wat hy hoor nie, maar dit doen, hy sal gelukkig wees in wat hy doen. Jakobus 1:23-25 [AFR83]

Om die Bybel te lees onder die bediening van die dood is bloot om na die Bybel te luister, maar om dit nie te gehoorsaam nie. Al wat die Bybel onder die bediening van die dood kan doen, is om God aan jou voor te stel as 'n tiranniese moordmasjien wat slegs 'n mate van genade toon wanneer dit Hom pas. Dit is omdat ons almal van nature so is.

“Niemand is werklik wys nie; niemand soek God nie. Almal het weggedraai; almal het nutteloos geword. Niemand doen goed nie, nie een enkele een nie.” **“Hulle gepraat is vuil, soos die stank van 'n oop graf. Hulle tonge is vol leuens.” “Slanggif drup van hul lippe af.” “Hulle monde is vol gevloekery en bitterheid.” “Hulle jaag om moord te pleeg. Verwoesting en ellende volg hulle altyd.”** Romeine 3:11-16

Ons menslike ou natuur projekteer ons eie ongewenste eienskappe op God, soos vroeër genoem. Wanneer ons die Ou Testament lees sonder die bemiddeling van die karakter van God, sal die Bybel God net aan ons voorhou soos ons werklik is. Dit is die rede waarom mense soos Richard Dawkins en Bill Maher God as 'n genadelose, volksmoord-maniak beskou. Dit is 'n positiewe bewys van die vleeslike hart wat sy eie natuur op God projekteer.

Die Bybel is wonderlik geskryf om aan ons onder die bediening van die dood te openbaar hoe ons werklik is. Natuurlik, as ons glo dat God mense oordeel, veroordeel en vernietig, en hierdie beeld gedurig aanskou, sal ons ou natuur hulself vinniger manifesteer en dan,

SPIEËLBEGINSEL

wanneer ons op die plek is waar ons sonde oorstroomend geword het, probeer ons hemelse Vader dan om die sagmoedige en nederige Jesus aan ons as 'n kontras te toon. Dan pleit Hy by ons om Sy Seun, Sy karakter in ag te neem en bied aan ons die uitnodiging om van Hom te leer, dat ons kan verander om soos Hy te word deur Sy Gees.

Die beste manier om die Spieëlbeginsel te leer ken is om nou die beginsel toe te pas op verskeie Bybelverhale. Ons moet na die stories kyk deur die bediening van die dood en ons eie natuur raaksien. Daarna moet ons na die verhaal kyk deur die bediening van die Gees, wat beteken om daarna te kyk deur die karakter van Christus en raaksien hoe hierdie verhale die verwarring oplos waar God hard en genadeloos voorkom.

HOOFSTUK 13

DIE GEROEP VAN SODOM

Die verhaal van die sondvloed is relatief maklik om saam te voeg sodra ons die verduisterde sluier van menslike misverstand van God se karakter verwyder het. Die effek op die aarde van Kain wat Abel doodgemaak het, gee ons die vermoë om te sien hoe die voortdurende boosheid van mense 'n wêreldwye vloed kan bring.

Die verhaal van Sodom en Gomorra is meer kompleks om te ontrafel. Ons vertrou in ons strewe om God net so geweldloos as Sy Seun te sien, kan maklik verpletter word deur die verhaal aan te durf van die vuur uit die hemel wat die vyf stede op die vlakte tot as verbrand het.

Ons begin hierdie verhaal met Abraham wat bekommerd is dat God die regverdiges saam met die goddelose kan vernietig.

Toe sê die HERE: Omdat die geroep van Sodom en Gomorra groot is, en omdat hulle sonde baie swaar is; Ek sal nou afgaan en kyk of hulle heeltemal gehandel het volgens die geroep daarvan wat na my toe gekom het; en so nie, sal ek weet. En die manne het hulle aangesig daarvandaan omgedraai en na Sodom gegaan, maar Abraham het nog voor die aangesig van die HERE gestaan. En Abraham het nader gekom en gesê: Sal U ook die regverdige saam

met die goddelose vernietig? Miskien is daar vyftig regverdiges in die stad; sal U ook die plek vernietig en nie spaar vir die vyftig regverdiges wat daarin is nie? Dit is ver van U af om so te doen, om die regverdige saam met die goddelose dood te maak, en dat die regverdige moet wees soos die goddelose, wat ver van U af is: Sal die Regter van die hele aarde nie reg doen nie?" Genesis 18:20-25 (CAB23)

God sê Hy sal nie die stad vernietig as daar vyftig regverdiges daarin is nie. Abraham, wat nie wil hê dat die stad vernietig word nie, probeer om hierdie getal laer te bring. Abraham het 'n interne stryd tussen sy persepsie van geregtigheid en die lewens van die regverdiges in die stad. Wat eienaardig in hierdie verhaal is, is dat Abraham by tien mense ophou om vir die regverdiges te pleit.

Uiteindelik sê Abraham: "Here, moet tog nie kwaad word nie. Ek sal net nog hierdie een keer praat. **Sê nou daar is net tien?" En die Here sê: "Ter wille van tien mense sal Ek dit nie verwoes nie."** Daarna het die Here sy gesprek met Abraham beëindig en weggegaan. Abraham het na sy tent toe teruggegaan. Genesis 18:32-33

As Abraham geglo het dat dit nie net was om die regverdiges saam met die goddelose dood te maak nie, hoekom het hy dan nie aan gegaan om vir een persoon te vra nie? Het Abraham geglo dat daar meer as tien regverdige mense in Sodom was as gevolg van die feit dat Lot en sy gesin daar was? Miskien het hy gedink daar sou verseker tien van Lot se familie wees wat die ramp kon voorkom.

Maar die werklikheid om by tien mense te stop, is dat Abraham openbaar dat hy bereid sou wees om nege regverdige mense op te offer vir die bevrediging van goddelike geregtigheid. Dit is asof hy gedink het, *as daar minder as 10 regverdige mense is, is dit so min dat dit sin maak om die stad te vernietig.*

As ons in die gesig van Jesus kyk, sien ons iets anders.

“As 'n man honderd skape het en een van hulle verdwaal, wat sal hy doen? Sal hy nie die nege-en-negentig ander in die wildernis los en na **die een wat verlore is gaan soek** totdat hy dit kry nie? En as hy dit gekry het, sal hy dit met vreugde op sy skouers huis toe dra.”
Lukas 15:4-5 [vrylik vertaal uit NLT]

En Petrus sê:

Die Here stel nie die vervulling van sy belofte uit nie, al dink party mense so. Nee, Hy is geduldig met julle, omdat **Hy nie wil hê dat iemand verlore gaan [vernietig word] nie**: Hy wil hê dat almal hulle moet bekeer. 2 Petrus 3:9

Projekteer Abraham die menslike eienskap op God om gewillig te wees om die regverdiges saam met die goddelose dood te maak deur God se genade aan tien regverdige mense te bedek?

Dit bring ons by die vraag wat in Sodom en die ander stede op die vlakte gebeur het. God het met Abraham gepraat van 'n “geroep” in Sodom. Let weereens op twee verskillende vertalings hieroor.

Toe sê die HERE: Omdat die geroep **van** Sodom en Gomorra groot is, en omdat hulle sonde baie swaar is. Genesis 18:20 [CAB23]

Toe sê die Here: “Die geroep **teen** Sodom en Gomorra is hard. Hulle sonde is baie groot!” Genesis 18:20 [AFR83]

Waar kom hierdie geroep vandaan? Was daar 'n geroep *van* Sodom af of was daar 'n geroep *teen* Sodom? As die uitroep teen Sodom gemaak word, sal dit wees deur diegene daarbuite wat geregtigheid teen die stede op die vlakte eis. As die geroep van Sodom af kom, dan is dit diegene daarbinne wat treur oor die natuurlike gevolge van die sondes wat in die stad gepleeg is.

Een vertaling beskou die teks deur 'n lens van reg wat moet geskied as gevolg van sonde, terwyl die ander die teks deur 'n lens van die natuurlike effek van sonde beskou. Hoe lees jy dit? As ons dit lees deur die persoon van die karakter van Jesus op aarde, sou dit 'n verskil maak? Sou dit natuurlike gevolge eerder as opgelegde vernietiging voorstel?

Dit is interessant om daarop te let dat die woord vir *geroep* in Hebreeus die betekenis dra om *te skree*. Alhoewel dit moontlik is dat mense kan uitroep teen ander wie gestraf moet word, is dit meer waarskynlik die geskreeu van diegene wat ly onder die misdade wat in Sodom gepleeg is. Dit is ook interessant om daarop te let dat alhoewel die Bybel 'n ander Hebreeuse woord gebruik om die geluid van Abel se bloed wat roep van die grond af te beskryf, dit ook die betekenis dra om *te skree*.

Watter sondes is in Sodom gepleeg wat vernietiging daarvoor gevra het? Die profete gee vir ons die volgende:

Terwyl Abram in die land Kanaän gebly het, het Lot sy tente tussen die stede in die vallei opgeslaan naby Sodom. Die inwoners van hierdie gebied **was sleg en het baie teen die Here gesondig**. Genesis 13:12-13

Sodom en haar dogters se sonde was dat hulle **trots** was en **te veel kos** gehad het en **glad nie vir ander omgee nie**. Hulle het nie arm en behoeftige mense gehelp nie. Esegïel 16:49

“maar by die profete van Jerusalem het Ek gesien wat afskuwelik is: **hulle bedryf owerspel en gaan om met leuens**, en hulle versterk die hande van die kwaaddoeners, sodat hulle hul nie bekeer elkeen van sy boosheid nie. **Hulle het almal vir My geword soos Sodom, en sy inwoners soos Gomorra.**” Jeremia 23:14

Trots en vraatsug is 'n seker pad na owerspel en oneerlikheid. Hierdie selfsugtige sondes verhard die hart, wat daartoe lei dat die armes vergeet word. Oormatige eet vertroebel die verstand en berei die hart voor vir seksuele oordaad. Seksuele oordaad in die vorm van owerspel bring byna altyd haar suster Bedrog saam om haar bose daade te bedek.

Jesus volg hierdie pad van eet en drink wat lei tot seksuele oordaad in die verhale van die Vloed en Sodom op hierdie manier:

“Hulle het geëet, gedrink, getrou en vroue in die huwelik uitgegee tot op die dag dat Noag in die ark ingegaan het. Die watervloed het gekom en hulle almal vernietig. Dit het ook net so gebeur gedurende die dae van Lot: Hulle het geëet, gedrink, gesmous,

geplant en gebou. Op dieselfde dag dat Lot uit Sodom weggegaan het, het vuur en swael uit die hemel gereën en almal vernietig.”
Luke 17:27-29

Jesus maak die stelling dat hulle met vroue getrou het. Wat is fout om met 'n vrou te trou? Niks, tensy een man met verskeie vrouens trou, en hulle almal bymekaar aanhou, of die voriges langs die pad weggooi.

Dit is interessant om daarop te let dat die eerste man wat opgeteken is wat twee vrouens op een slag geneem het, die tweede aangetekende moordenaar in die Bybel was.

Op 'n dag sê Lameg vir sy twee vroue Ada en Silla: “Vroue van Lameg, hoor wat ek vir julle sê! Luister na wat ek sê. 'n Man wat my wond, maak ek dood, ja, selfs 'n jong man wat my aanval. Kain se dood sal sewe maal gewreek word, maar Lameg s'n 77 maal!”
Genesis 4:23-24

Ek het in hoofstuk twee aangedui dat die intimiteit wat ek in die huwelik met my vrou gevind het, 'n sleutelfaktor was wat my gelei het om na die waarheid van my Vader se karakter te soek. Dit moet duidelik wees dat rustige intimiteit nooit gevind kan word waar 'n vrou met 'n ander vrou stry vir die toegeneentheid van haar man nie. Ons sien die jaloesie wat ontwikkel het onder die vroue van Jakob en watter hartseer dit vir sy huis gebring het. Ons Vader in die hemel het net een gebore Seun en Hy alleen woon in die boesem van die Vader. (Johannes 1:18). Hierdie intimiteit word weerspieël in die man en vrou-verhouding, nie seksueel nie, maar in terme van nabyheid en intimiteit. Wanneer 'n derde party die huwelik betree, word lojaliteit verdeel en rus word vervang met 'n gejaag na guns. Dit verhard die hart, soos in die geval van Lameg, wat dit vir hom makliker maak om iemand anders dood te maak.

Die vrugbaarheid van die vlakte van Sodom het Lot aangetrek en was die rede waarom hy hom daar gevestig het. Sulke vrugbaarheid het dit maklik gemaak om kos om te kweek en het dus meer tyd gegee vir plesier. Die oorfloed van kos gekombineer met meer tyd vir ontspanning, het die hart tot seksuele oordaad gelei. Die huweliks-

verbintenis is gedegradeer en die strewe na wêreldse ekstase het die god van baie mense in Sodom geword. Wanneer ware liefde vir 'n huweliksmat vervang word met die strewe na selfplesier, sal nuwigheid in seksuele aktiwiteit homself afdwing op diegene wat die vrou van hul jeug verlaat.

Normale seksuele aktiwiteit produseer die plesierhormoon, dopamien. Seksuele aktiwiteit buite die gebooie van God bring adrenalien saam met dopamien as gevolg van die bewussyn van boosheid in die hart. Die hart klop vinniger as gevolg van die geroep van God in die harte (die gewete) van diegene wat van Sy gebooie af wegvlug. Vreemd genoeg is die resultaat 'n verhoogde seksuele ervaring in die vlees vir 'n kort tydjie, totdat die hart verhard word vir die stem van God, wat die sondaar dieper in sonde lok om meer adrenalien saam met dopamien te bring om dieselfde ervaring as voorheen te bring. Dit verduidelik ook die groeiende mark vir adrenochroom onder die goddeloses van hierdie laaste dae. In hierdie konteks maak dit volkome sin dat die manne van Sodom daardie noodlottige nag by die twee besoekers aan Sodom wou slaap.

Daardie aand het die twee engele by Sodom aangekom. Lot het juis in die poort van Sodom gesit. Toe hy hulle sien, het hy opgestaan om hulle te ontmoet. Hy het hulle verwelkom en laag voor hulle gebuig. “Menere,” sê hy, “kom gerus saam na my huis toe. Daar kan u u voete was en my gaste vir die nag wees. Môre-oggend kan u weer vroeg op pad wees.”

“Nee, dankie,” antwoord hulle, “ons sal die nag sommer hier op die stadsplein deurbring.” Maar Lot het daarop aangedring sodat hulle uiteindelik ingewillig het om saam te gaan. Hy het 'n groot feesmaal voorgesit met ongesuurde brood en hulle het dit geëet.

Ná die ete, toe hulle begin klaarmaak om te gaan slaap, het al die mans van Sodom, oud en jonk, van oor die hele stad saamgekom en die huis omsingel. Hulle skree vir Lot: “Waar is die mans wat die nag by jou deurbring? Bring hulle uit sodat ons seksueel met hulle kan verkeer!”” Genesis 19:1-5

Wat 'n verstommende toneel! Nie net sommiges nie, nie 'n paar nie, maar *al* die manne van Sodom het gekom om die twee besoekers aan die stad te verkrag. Die dringende behoefte aan een of ander nuwe dopamien/adrenalienoplossing het al die manne van die stad na hierdie twee duidelik onbekende besoekers gedryf. Hulle het een of ander vorm van 'n 'hoë ervaring' nagejaag om dit wat hulle verloor het te vervang: 'n verhouding met God en die salige intimiteit wat daaruit voortspruit om in 'n gees van onbaatsugtige liefde met een persoon getroud te bly.

Die apostel Paulus skryf elke ander vorm van goddeloosheid toe aan die sonde van seksuele oordad:

Op dieselfde manier **het die mans die natuurlike manier om seksueel te verkeer prysgegee en 'n brandende begeerte na mekaar begin koester**. Mans het skandelijke dade met mekaar bedryf. Gevolglik moes hulle in hulle eie persoon die duur prys vir hulle perversiteit betaal. Inderdaad, omdat hulle geweier het om aan God die erkenning te gee wat Hy verdien, **het Hy hulle oorgegee aan hulle skewe ingesteldheid. Gevolglik doen hulle allerlei onbehoorlike dinge. Hulle lewe word gekenmerk deur elke vorm van ongeregtigheid**, boosheid, grypsug, kwaadwilligheid; hulle is vol jaloesie, moord, twisgierigheid, skelmstreke, slegte bedoelings en skinderpraatjies. Hulle stook kwaad, haat God en is arrogant, hooghartig en verwaand; hulle is vindingryk om slegte dinge te bedink en ongehoorsaam aan hulle ouers; jy kan nie met hulle redeneer nie en ook nie op hulle reken nie; hulle is liefdeloos en sonder ontferming vir ander mense. Romans 1:27-31

Wanneer mans brand in hul lus vir mekaar, het ons bewyse van die soeke na uitheemsheid en adrenalien wat vorendag kom wanneer God se gebooi verbreek word. Ongelooflike hartseer word geskep wanneer mans hul rusteloosheid probeer verlig, en seks met jong kinders begeer. Dit gee kinders die indruk dat dié idee omtrent sulke dinge normale seksuele gedrag is; dit verwar hul sintuie terwyl dit hulle ontnem van die soetheid en onskuld van maagdelike liefde tussen 'n man en vrou

wat lewenslank hou. Dit is nog erger wanneer ouers dit aan hul eie kinders doen; sulke korrupsie van suiwer gesinsverhoudings spook vir altyd in huishoudings.

Die manne van Sodom het so pervers geword, so gehard in hul strewe na plesier, dat hulle alle respek vir die gebooie van God sowel as die heiligheid van die huwelik en die lewe self verloor het. Soos die mense voor die vloed, was hulle “gedagtes voortdurend net boos”.

Dit is duidelik wat God bedoel het toe hy 'n geroep in Sodom kon hoor. Die gebroke lewens van kinders, waar hul onskuld van hulle afgeruk is deur vernederende mans wat 'n bietjie adrenalien soek in hul “opwindende” vrees om God se gebooie te breek, het soos 'n kreet van wanhoop van beide die oortreders en van die slagoffers na die hemele opgestyg. Hulle het probeer om hul lewens met verbode plesier te vul, maar het hulself ellendig en leeg bevind.

Hierdie hartseer werklikheid bewys die waarheid dat rus slegs in God gevind kan word. Hy is die God van alle vertroosting (2 Kor 1:3) en Sy gebooie is die enigste plek om blywende vrede te vind. (Ps 119:165). Almal wat God haat, het die dood lief. (Sprenke 8:36).

HOOFSTUK 14

DIE VERWOESTING VAN SODOM

Noudat ons 'n bietjie van die agtergrond tot hierdie verhaal verskaf het, laat ons nou direk na die aangesig van God kyk deur die tekste wat praat van hoe Hy met Sodom se verdorwenheid omgaan. Met die beginsels wat ons tot op hierdie punt oorweeg het, is dit maklik om in 'n oomblik verswelg te word deur wat ons in die Ou Testament lees. Ons moet die stap neem om die bediening van die dood te kontrasteer met die bediening van die Gees. Neem gerus waar wat jou aanvanklike reaksie is op wat die Ou Testament sê:

Toe het die Here vuur en brandende swael uit die hemel op Sodom en Gomorra laat neerreën. Hy het hierdie stede en hulle omgewing totaal verwoes met al hulle inwoners en die plante en die diere.
Genesis 19:24-25

Dit lyk amper sinloos om iets te sê. Dit lyk so volledig. God het vuur op hierdie stede laat reën om dit te brand, met almal daarin. Hy het nie een groen blaar agtergelaat nie maar dit alles vernietig.

Is hierdie twee verse genoeg om die hele storie vir jou af te handel? Nadat ons nou in die wolke gevlieg het oor dit wat hierdie verhaal

versluier, sal ons vlieg deur wat ons voel of sal ons vlieg deur ons instrumente wat gegee is om ons na Christus as persoon te rig?

Daar is 'n soort traagheid wat die siel druk om net bloot die soektog na die Vader se karakter in hierdie verhaal af te sluit. Gee ek die mooi dinge op oor wat ek op die rand van hierdie krans van Hom ontdek het? Word al die sagmoedigheid wat ek in die gesig van Jesus gesien het, verbrand in hierdie twee verse? Is daar niks wat my aanspoor om verder te soek om te sien of ek dit reg verstaan het nie? Is dit moontlik dat ek onbewustelik my eie gedagtes op God projekteer? Neem ek genoeg verantwoordelikheid vir die mensdom se aandeel in hierdie gebeurtenis? Met die lees van hierdie verhaal, het my onskuld omtrent God se karakter verlore gegaan? Het ek soos God geword, met kennis van goed en kwaad, en moet ek nou uit Sy vredevolle tuin gestoot word en van alle moontlike rustigheid ontnem word deur vrees vir marteling tot die dood?

Dit is tog die moeite werd om verder te soek; om te sien of die hele Skrif bevestig wat ons ons voorstel wat hierdie twee verse sê. As jy bereid is om hierdie reis saam met my voort te sit, dan sal ek eers stilstaan by hierdie vers, net om die gedagtes te laat dink dat daar meer aan die storie is as om bloot Genesis 19:24 en 25 te lees.

en hulle lyke [twee getuies] sal lê op die straat van die groot stad wat **geestelik genoem word Sodom** en Egipte, **waar ook onse Here gekruisig is**. Revelation 11:8 (AFR53)

Hierdie hoofstuk van Openbaring praat oor die twee getuies en hulle mag teen die bose. Uiteindelik word hierdie twee getuies oorwin en gedood en daar word gesê dat hulle in die strate van Sodom en Egipte lê. Die apostel Johannes dui aan dat hierdie verwysings geestelik is, wat beteken dat hierdie stede die een of ander simbool van 'n dieper betekenis dra. Dit stel dan dat Jesus in Sodom gekruisig is (en ons sal geestelik byvoeg, want Jesus is letterlik in Jerusalem gekruisig, nie Sodom of Egipte nie). Hoe kan God vuur uit die hemel laat reën en Sodom verbrand terwyl Jesus Christus op dieselfde plek gekruisig is?

Kan dit moontlik wees dat Johannes verwys na dieselfde gebeurtenis waar vuur op Sodom gereën het?

Met die tema van die kruisiging, kom ons kyk na die kruisigingsgedeelte van Jesaja:

Hy was verag en deur die mense verlaat, 'n man van smarte en bekend met krankheid; ja, soos een vir wie 'n mens sy gelaat verberg; Hy was verag en ons het Hom nie geag nie. Nogtans het Hy óns krankhede op Hom geneem, en óns smarte — dié het Hy gedra; maar óns het Hom gehou vir een wat geplaag, deur God geslaan en verdruk was. Jesaja 53:3-4 (AFR53)

Die beginsel van die Kruis behels dat die mensdom onder die indruk is dat God die een is wat slaan en verdruk. Die hele Christelike wêreld glo dat God Sodom getref het en daarom pas die gebeurtenis van vuur uit die hemel by hierdie kriterium vir 'n Kruis-gebeurtenis.

Ons het voorheen die woorde van Jesus aan die Kruis oorweeg: “My God, my God, waarom het U My verlaat.” Ons het ontdek dat hierdie frase op twee maniere verstaan kan word. Dit kan gelees word as God wat Sy Seun in woede teen sonde straf en Hom laat sterf, of ons kan dit lees as Jesus wat namens Sy Vader na die leiers van Israel roep en vra hoekom hulle Hom verlaat het.

Openbaring 11:8 praat van 'n geestelike kruisiging, wat daarop dui dat die dood betrokke is. So, hoe is Christus in Sodom gekruisig?

In al hulle nood het Hy saam met hulle gely. Hy was die engel wat hulle toe gered het. In sy liefde en genade het Hy hulle gered. **Hy het hulle opgetel en gedra soos in die ou dae.** Jesaja 63:9

Hierdie Een wat die lewe self is, is aan ons geopenbaar, en ons het Hom gesien. En nou getuig ons en verkondig ons aan julle dat **Hy die Een is wat die ewige lewe is.** Hy was by die Vader, en toe is Hy aan ons geopenbaar. 1 John 1:2 [vrylik vertaal uit NLT]

Die Seun weerkaats God se heerlikheid, en Hy is die presiese ewebeeld van wie God werklik is. **Deur sy magtige bevel hou Hy die ganse heelal in stand.** Hebreërs 1:3

Elke man, vrou en kind wat op hierdie aarde lewe, word onderhou deur die lewe in Christus. Elke asemteug wat ons inasem word deur Christus aan ons gegee. Dit beteken dat die Seun van God oneindig nader aan ons is as 'n broer. (Spreek 18:24). Aangesien ons almal volgens sy lewe leef, voel Hy al ons beproewings saam met ons. Dit beteken dat Hy ons deur al die uitdagings van die lewe dra. God se lewe wat deur Christus aan ons gestuur is, word so deur Paulus uitgedruk:

“Want in Hom lewe ons, beweeg ons en bestaan ons; soos sommige van julle digters ook gesê het: Want ons is ook sy nageslag.” Handeling 17:28

Elke man, vrou en kind in Sodom het geleef deur die lewe wat in Christus Jesus bestaan. Christus is aangeraak deur die gevoelens van hulle swakhede; Hy het hulle hartseer, lyding en pyn gevoel. Hy het in groot besonderheid die pyn gevoel van kinders wat deur ouer mans verkrag is; Hy is deur hul wreedheid teenoor mekaar deurboor. Die hele tyd het Sy stil stem met hulle gepraat om van hulle goddelose weë af te draai en vrede te vind in goeie werke, selfbeheersing en geregtigheid. Maar Sy smeking tot die gewete is verag.

Christus het Sy Kruis deur die strate van Sodom gedra. Hy is deur hulle verag en verwerp. Is daar nie 'n uitroep om geregtigheid van die swakkes, armes en mishandelde nie? Die angskreet van die slagoffers in Sodom word geëwenaar deur die Bybellesers se eis dat hierdie dade gekeer moet word. Hoor ons nie deesdae dikwels daar word gesê dat God moet inspring en iets doen aan die onreg rondom ons nie? Dit is op hierdie punt wat ons God se toorn moet verstaan.

“Die hele land is verbrand, dis swael en sout! Niemand saai daar nie, daar groei niks, daar kom nie eers 'n groenigheid op nie. Dit is verwoes soos Sodom en Gomorra, soos Adma en Sebojim wat deur die Here in sy gloeiende toorn verwoes is.” Deuteronomium 29:23 (Afr83)

Ons verstaan menslike toorn maklik, want ons het almal daarby betrokke geraak. Ons voel hoe die verkeerde optrede van 'n ander ons dryf tot die punt waar ons woedend vir hulle sê dat hulle verkeerd is en, indien nodig, val ons hulle aan en lê hulle 'n straf op. Maar aangesien God se gedagtes nie ons gedagtes is nie, laat ons sien wat die Bybel oor God se toorn sê.

“Dan sal my toorn op dié dag teen hulle ontvlam, en Ek sal hulle verlaat en my aangesig vir hulle verberg, sodat hulle verteer word en baie onheile en node hulle oorkom. Dan sal hulle op dié dag sê: Het hierdie onheile ons nie oorgekom, omdat onse God nie onder ons is nie? Maar Ek sal op dié dag my aangesig heeltemal verberg weens al die kwaad wat hulle gedoen het; want hulle het na ander gode afgewyk.” Deuteronomium 31:17-18 (AFR53)

Toe die HERE dit sien, het Hy hulle verwerp, uit ergernis oor sy seuns en dogters. En Hy het gesê: **Ek wil my aangesig vir hulle verberg, Ek wil sien wat hulle einde sal wees;** want 'n heeltemal verkeerde geslag is hulle, kinders in wie geen trou is nie. **Hulle het my ywer [toorn] gewek** deur wat nie-God is, My geterg deur hulle nietige afgode. **Ék sal dan hulle ywer wek** deur die wat 'n nie-volk is, deur 'n dwase nasie sal Ek hulle terg. **Want 'n vuur is aangesteek in my toorn en het gebrand tot in die doderyk daaronder,** en dit het die aarde met sy opbrings verteer en die fundamente van die berge aan die brand gestee. Deuteronomium 32:19-22 (AR53)

“hulle kom wel om te veg teen die Chaldeërs, maar dit is om dié huise te vul met die lyke van mense wat Ek verslaan het in my toorn en in my grimmigheid en oor al die boosheid van diegene om wie Ek my aangesig vir hierdie stad verberg het.” Jeremia 33:5 (AFR53)

God se woede word geopenbaar deur sy aangesig te verberg en op te hou om mense te ondersteun en te beskerm teen die gevolge van die kwaad wat hulle doen. Jesus het die woede van Sy Vader perfek gedemonstreer toe Hy met die leiers van Israel gepraat het:

“Ellende wag vir julle, julle skynheilige skrifkenners en Fariseërs! Want julle is soos grafte wat aan die buitekant spierwit

gekalk is, maar aan die binnekant vol is van doodsbeendere en allerlei onreinheid. So lyk julle ook van buite vir die mense baie vroom, maar van binne is julle vol skynheiligheid en minagting van die wet. Ellende wag vir julle, julle skynheilige skrifkenners en Fariseërs! Want julle rig grafstene op vir die profete en julle versier die gedenkstene van die vromes, [die godvresende mense wat julle voorvaders vernietig het]...

“O Jerusalem, stad wat die profete doodmaak en God se boodskappers stenig! Hoeveel maal wou Ek jou kinders bymekaarmaak soos 'n hen haar kuikens onder haar vlerke bymekaarmaak, maar jy wou My dit nie toelaat nie! **Julle moet besef, julle woning word vir julle verlate agtergelaat.** Matteus 23:27-29,37-38

Jesus was kwaad vir die leiers van Israel omdat hulle skynheilige lewens gelei het en verhoed het dat die waarheid die mense bereik. Sy woede het Hom laat aankondig dat Hy hulle aan hulle eie weë oorlaat. Hy sou hulle nie meer probeer beïnvloed om reg te doen nie, want hulle het Hom heeltemal verwerp. Jesus het nie een van die Joodse leiers doodgemaak wat Hom wou doodmaak en wat die meeste van die probleme veroorsaak het nie, in plaas daarvan het Hy weggestap en hulle gelos. Hy het sy aangesig vir hulle verberg; Hy het hulle aan hulle eie weë oorgelaat.

Dit is hoe God Sodom omvergewerp het. Toe al die manne van die stad die twee besoekers wou verkrag, het Lot probeer om hulle te ontmoedig om sulke kwaad te doen, wat daartoe gelei het dat hulle hom wou doodmaak. Hierdie boosheid was die finale optrede wat veroorsaak het dat die Gees van God teruggetrek is.

Dit is parallel met Jesus wat aan die Kruis gehang is, aangesien albei die finale optrede was wat die totale verwerping van God beteken het. Duisternis het die hele land bedek, wat wys dat God se Gees teruggetrek is as gevolg van die leiers van die nasie wat Jesus wou vermoor. Deur hierdie verskriklike oomblikke bly Christus by diegene wat God se liefdevolle barmhartigheid verwerp, en Hy voel die pyne

van hulle laaste oomblikke. Dit is hoe Christus geestelik gekruisig word in die lewens van diegene wat van God wegdraai.

Die blindheid wat die engele fisies aan die manne van Sodom gebring het, was slegs 'n manifestasie van hulle geestelike toestand.

en Hy het hierdie stede **omgekeer** [H2015] en die hele Jordaanstreek, ook al die inwoners van die stede en wat op die grond groei. Genesis 19:25 (AFR53)

Die woord *omgekeer* in hierdie teks het 'n wortelbetekenis om *te draai*. Dit kan ook die betekenis dra om *opsy te draai, weg te tree, terug te draai*. Hierdie selfde woord word soos volg in verskeie gedeeltes gebruik:

Die Here het gesorg dat hulle baie kinders het, baie meer as die mense wat hulle verdruk het. Hy het die Egiptenaars **teen** sy mense laat **draai**. Later was hulle so vol haat dat hulle sy dienaars sleg behandel het. Psalm 105:24-25 (DB)

Hierdie mense het destyds nie brood en water vir die Israeliete voorsien nie. Trouens, hulle het eerder vir Bileam gehuur om hulle te vervloek. Maar ons God het die vloek in 'n seën **verander**. Nehemia 13:2

Hoe het God die stede Sodom en Gomorra omgekeer? Hy het Sy aangesig van hulle af weggedraai en versteek en die plek was nou sonder Sy beskermende hand.

Want die ongeregtigheid van die dogter van my volk was groter as die sonde van **Sodom wat soos in 'n oomblik omgekeer is, sonder dat iemand die hand daaraan geslaan het**. Klaagliedere 4:6 (AFR53)

As God Sodom tot as verbrand het, sou daar maklik gesê kon word dat Hy die hand van geregtigheid op haar gelê en haar doodgebrand het – maar die Bybel sê “sonder dat iemand die hand daaraan geslaan het”. God het opsy gestaan en die gevolge van haar daade sou nou op haar val.

Die Bybel vertel ons wat gebeur met diegene wat seksuele oordaad pleeg:

Met 'n manspersoon mag jy ook geen gemeenskap hê soos 'n mens met 'n vrou het nie. Dit is 'n gruwel. En jy mag met géén dier vleeslike gemeenskap hê om jou daardeur te verontreinig nie. 'n Vrou mag ook nie voor 'n dier gaan staan om daarmee te doen te hê nie. Dit is 'n gruwelike vermenging. Verontreinig julle nie deur al hierdie dinge nie, want deur al hierdie dinge is die heidene verontreinig wat Ek voor julle uit verdryf. So het die land dan onrein geword; en **Ek besoek** [Hiph'il onvolmaak] sy ongeregtheid daaraan, **sodat die land sy inwoners uitspuug**. Levitikus 18:22-25 (AFR53)

Let op 'n ander vertaling met betrekking tot God wat die land die mense laat uitbraak.

En die land is verontreinig; daarom besoek Ek sy ongeregtheid daarop, **en die land self spoeg sy inwoners uit**. Levitikus 18:25 (CAB23)

In hierdie geval verskaf die CAB 'n permissiewe konteks vir die aarde wat braak, in vergelyking met die AFR53 wat 'n aktiewe konteks verskaf, wat verklaar dat God die aarde sal laat braak.

Die land self braak die mense uit omdat geen hand op Sodom was om haar te beskerm of haar skade aan te doen nie. God het Sy aangesig in Sy toorn verberg en Sodom is gelaat om uitgebraak te word deur die natuurwette wat Sodom oortree het.

Die aarde ly ter wille van die sonde van sy mense, want hulle het God se opdragte verontagsaam, sy voorskrifte verdraai, sy ewige verbond verbreek. Daarom verteer 'n vloek die aarde en al sy inwoners. Daarom is die inwoners van die aarde verbrand en het baie min oorgebly. Jesaja 24:5-6

Dit is soortgelyk aan die verhaal van Kain. God het vir hom gesê dat die vloek *van* die aarde af oor hom sou kom. In die tyd van die sondvloed het die mense die aarde verderf, en God het hulle vernietig deur sy aangesig te verberg en die aarde te laat opgooi. Dieselfde het gebeur in die verhaal van Sodom en Gomorra. Die gebied waar Sodom geleë was, was omring deur teer- of asfaltputte:

Die vallei was egter vol asfaltgate. Toe die leer van Sodom en Gomorra vlug, het sommige in die gate geval en die ander het na die berge toe gevlug. Genesis 14:10

Die geskiedskrywer Josefus vertel ons presies wat met Sodom en Gomorra gebeur het. Die volgende argeologiese inligting kan ons dalk 'n beter leidraad gee oor hoe daardie stede deur hul eie ongeregtighede vernietig is en nie direk deur die Here nie.

4. Die aard van die meer Asphaltitis is ook die moeite werd om te beskryf. Dit is, soos ek reeds gesê het, bitter en onvrugbaar. Dit is so dig [of dik] dat die swaarste dinge wat daarin gegooi word, dryf; en dit is ook nie maklik vir iemand om dinge daarin tot op die bodem te laat sink nie, selfs al word dit probeer. Gevolglik, toe Vespasianus gaan kyk het, het hy beveel dat sommige wat nie kon swem nie, se hande agter hulle rug vasgemaak moes word en so in die diepkant gegooi moes word, maar dit het so gebeur dat hulle almal geswem het asof 'n wind hulle bo laat dryf het.

Boonop is die verandering van die kleur van hierdie meer aanskoulik, want dit verander elke dag drie keer sy voorkoms; en soos die strale van die son anders daarop val, word die lig op verskillende maniere weerkaats. **Dit bring egter swart kluite bitumen in baie dele daarvan vorendag;** hierdie dryf bo-op die water, en lyk beide in vorm en grootte soos koplose bulle; en as die werkers wat aan die meer behoort daarheen kom en dit gryp soos dit aanmekaar hang, trek hulle dit in hul skepe in; maar as die skip vol is, is dit nie maklik om die res af te sny nie, want dit is so hardnekkig om die skip aan die kluite te laat hang totdat hulle dit losmaak met die maandstonde-bloed van vroue en met urine, wat

dit alleenlik oplos. Hierdie bitumen is nie net bruikbaar vir die digmaak van skepe nie, maar vir die genesing van die mens se liggame; gevolglik word dit in 'n groot aantal geneesmiddels vermeng.

Die lengte van hierdie meer is vyfhonderd-en-tagtig stadies, [116,5 km] waar dit tot by Zoar in Arabië strek; en sy breedte is honderd en vyftig. [30 km] Die land Sodom grens daaraan. Dit was van ouds 'n baie gelukkige omgewing, beide as gevolg van die vrugte wat dit gedra het en die rykdom van sy stede, hoewel dit nou alles verbrand is. **Dit word vertel hoe dit weens die goddeloosheid van sy inwoners deur weerlig verbrand is; die gevolge van daardie Goddelike vuur is die oorblyfsels,** en die spore [of skaduwees] van die vyf stede is nog te sien, sowel as die as wat aan hulle vrugte sit; met vrugte wat 'n kleur het asof hulle geskik is om geëet te word, maar as jy dit met jou hande pluk, los hulle op in rook en as. Wat dus oor hierdie land Sodom vertel word, het sekere tekens van geloofwaardigheid, wat ons self kan sien dat dit wel so is. Josephus, *War of the Jews*, Boek 4, Hoofstuk 8, Paragraaf 4.

Wanneer mense die gebooie van God verbreek, laai dit die aarde met frekwensies wat uiteindelik ontlaai moet word. God het die verskriklike storm wat oor Sodom losgebars het, teruggehou, maar uiteindelik het Hy sy aangesig verberg en die aarde het sy bewoners uitgespoeg. Die teerputte is deur weerlig getref en die hele vallei is gevolglik katastrofies verbrand.

Dit sou verduidelik hoekom die engele so haastig was om Lot uit die stad te verskuif.

Teen dagbreek die volgende dag het die engele by hulle aangedring: “Maak gou! Neem jou vrou en twee dogters wat by jou is uit hierdie plek, **anders sal die verwoesting van die stad julle ook tref.**” Genesis 19:15

As God die een was wat die stad met Sy hand sou vernietig, kon die engele so lank geneem het as wat hulle wou. Daar sou geen haas wees nie, want God sou wag dat hulle uitkom voordat Hy optree. Maar

aangesien dit die boosheid van die mense van Sodom was wat die aarde verderf het, was die hele ding op die punt om op te blaas en die engele moes Lot uit die stad kry.

Maar hoe sou die engele hierdie plek vernietig? Die meeste glo dat God vuur direk uit die hemel gestuur het om Sodom te vernietig volgens die manier waarop hulle Genesis 19:24 lees. Let op wat die engele vir Lot gesê het. Weereens wil ek twee vertalings verskaf om jou te wys hoe verskillende vertalers dit aanbied:

“Ons gaan hierdie plek heeltemal verwoes omdat die mense so sondig is. Daarom het die Here ons gestuur om die plek te verwoes.” Genesis 19:13

“want ons gaan hierdie plek verwoes, omdat die geroep oor [*van* in KJV] hulle groot is voor die aangesig van die Here, en die Here het ons gestuur om dit te verwoes.” Genesis 19:13 (AFR53)

Tydens ons studie het ons die waarheid ontdek wat God met Kain gepraat het: dat sonde die aarde vervloek en dat hierdie vloek op die sondaar sou terugval. As gevolg van die feit dat mense se gedagtes voortdurend net boos was, het dit die aarde in so 'n mate bederf dat die aarde finaal ineengestort het onder die gewig van menslike sondigheid. Daarom vind ons dat menslike sondigheid die aarde beskadig, wat vloede, brande, aardbewings en storms tot gevolg het. Hier vind ons ons vyfde hulpmiddel. Dit is hoekom God gesê het “Ek sal hulle saam met die aarde vernietig,” wat, indien dit korrek verstaan word, beteken dat God nie die aarde sou verhinder om die hele menslike geslag te vernietig nie, behalwe diegene wat die ark binnegaan.

Die feit dat byna alle mense wat die Bybel lees, glo dat God persoonlik die wêreld met 'n vloed vernietig het, insluitend alle mense sonder Noag en sy gesin, wys dat byna niemand in die gesig van Jesus kyk om die sluier wat oor hierdie storie hang, te verwyder nie. Onbewustelik vergeet mense die woorde van Jesus dat niemand na die Vader kan kom behalwe deur die openbaring wat in die aardse lewe van Jesus gegee is nie. Hulle laat nie toe dat hierdie openbaring vir hulle die verhale bemiddel wat blyk te dui op 'n gewelddadige God wat persoonlik straf toedien nie.

Gekoppel aan hierdie vyfde hulpmiddel is 'n sesde hulpmiddel wat ons bespreek het oor die vernietiging van Sodom. Die engele wat gestuur word om die winde van stryd, daargestel deur menslike sondigheid, terug te hou, word uiteindelik beveel om die plek te verlaat wat hulle eens beskerm het as gevolg van menslike vasberadenheid om God te weerstaan. Die teenwoordigheid van engele hou die slegte gevolge van mense op die aarde terug, maar wanneer die engele uiteindelik weggaan, sal die gevolge van sonde die aarde toelaat om sy bewoners uit te braak.

Dit bring ons by die sewende hulpmiddel in ons gereedskapkis, wat 'n verlengstuk is van die derde instrument aangaande die verdorwenheid

en duisternis in mense. Die sewende hulpmiddel ontbloot die onvermoë van die mens om verantwoordelikheid vir hul dade te neem. In hoofstuk tien het ons die menslike eienskap van projeksie ondersoek, wat in sy negatiewe vorm 'n manier is waarop die menslike agent negatiewe elemente in homself op God projekteer.

Die Woord van God het die vermoë om die gedagtes en bedoelings van die hart te onderskei (Heb 4:12), daarom het dit die vermoë om die menslike eienskap van Projeksie te diagnoseer. Die diagnose lê die Projeksie bloot, deur die manier waarop die Twee Spieëls werk om die siel te red. Ons het die verhaal verskaf van God se werking met Adam na sy sondeval, waar God gesê het: “die mens het soos een van ons geword om goed en kwaad te ken,” as 'n voorbeeld van hoe God die spieël gebruik om die sondigheid van die mens bloot te lê en te vergroot tot die punt waar dit duidelik sigbaar is. Wanneer mense dan in die spieël van die lewe van Christus kyk, word die kontras dadelik gesien en die oomblik van afrekening breek aan. Die Gees van God oortuig die siel van geregtigheid in die persoon van Christus en die siel gee oor aan die genade van God, sonder werke, en word dus geregverdig deur geloof.

Hoe het hierdie proses in die Ou Testamentiese tye gewerk, aangesien mense in daardie era nie die voorbeeld van Christus se aardse lewe gehad het nie? Hulle moes staatmaak op die Gees van Christus wat in hulle was (1 Pet 1:11), (ook gesimboliseer in die beginsel van die saad van die vrou, Gen 3:15) om hulle na genade te lei. Maar ons sal later hierna terugkom.

Die beginsel van Projeksie kan ook verstaan word as 'n beginsel van akkommodasie. Dit word deur baie Bybelkenners so verstaan. Hierdie beginsel stel dat God verantwoordelikheid neem vir dit wat Hy toelaat. Anders gestel, woorde wat sê dat God aksie neem, sê in werklikheid dat God toelaat dat die gevolge van hul eie keuses oor mense kom. Een Bybelkenner het dit so uitgedruk:

“ In die taal van die Skrif word daar soms van natuurlike gevolge gepraat asof dit voorafbepaalde en onherroeplike dekrete is. Wat

slegs deur die toestemming van die Almagtige, in die gewone loop van sy Voorsienigheid gebeur, word beskryf asof dit plaasgevind het deur een of ander spesiale en onvoorkombare ingryping van sy hand. Dit is 'n skryfwyse eie aan die Hebreeuse idioom; 'n idioom wat oral in die Nuwe Testament heers, sowel as die Ou. Dus, wanneer die heilige skrywers beskryf dat God “die oë van mense verblind dat hulle nie sou sien nie, en hulle harte verhard dat hulle nie sou verstaan nie”; is hulle betekenis oor die algemeen dat hy nie kragtig inneng om daardie ewels te voorkom, wat die natuurlike vrug van ons eie dwaasheid, perversiteit en onboetvaardigheid is nie.” (John Goodge Foyster, *Sermons*, 1826)

Die beperking om dinge op hierdie manier uit te druk, is dat dit nie die onderliggende werklikheid aanspreek dat die mens hierdie dinge op God projekteer en Hom verantwoordelik maak vir hul dade nie. Wanneer God verklaar dat Hy “oë verblind” en “harte verhard”, spel Hy duidelik die menslike eienskap uit om blaam op God te projekteer, dit is die selfbedrog wat sondaars op hulleself bring.

Die **agste hulpmiddel** is hoe die Twee Spieëls uitgedruk word in die idees van die Ou en Nuwe Verbond, wat twee verskillende maniere is waarop mens en God mekaar benader. Die Ou Verbond is die bediening van die dood om die ware omvang van ons verdorwenheid ten volle in ons natuurlike spieël aan ons te openbaar. Paulus beskryf hierdie werk as heerlik (2 Kor 3:9), maar hoeveel heerliker is die bediening van die Gees wat oorvloedig oor ons is as ons in die spieël kyk van Christus wat die beeld is van die onsigbare God.

Dit bring ons by die toppunt van hierdie boek, wat ek die Spieëlbeginsel genoem het. Dit is die gebruik van hierdie Twee Spieëls wat in die Bybel beskryf word om 'n persoon terug te bring in die boesem van die Vader en uit die ryk van menslike duisternis en misverstand na Sy kosbare karakter. Hierdie twee spieëls, soos geopenbaar in die Twee Verbonde, is wat my die deuropening verskaf het om die sluier wat my gedagtes bedek, te lig wanneer ek die Ou Testament lees.

Wanneer ons al die verhare van die Ou Testament lees, openbaar die bediening van die dood die innerlike gedagtes wat ons almal besit, maar wat ons aan God toeskryf. Ons is almal bestem, deur ons verdraaide natuur, om te verstaan dat God die wêreld uitgewis het, en ontelbare miljoene siele in die vloed uitgewis het. Maar God weet hoe ons is en hoe ons dink, en Hy werk op 'n unieke manier om sagkens ons ons boosheid te wys, tot die punt van wanhoop binne onself, terwyl Hy ons aanmoedig om na Sy Seun te kom as die kosbare antwoord op ons probleem. Dit is deur Hom dat ons die aangesig van God kan sien.

Dit is 'n delikate proses, want die meerderheid van die wêreld stem nie in om die diagnose te aanvaar nie, en kies eerder om voort te gaan om hul verdorwenheid op ander en God te projekteer – dit is die verskriklike verharding van die mens se hart. Dit is hier waar ons stilstaan in verwondering oor die werklikheid van die woorde van Christus dat die pad na die ewige lewe smal is en daar min is wat dit sal vind. (Matt 7:14). Die gaping tussen die twee speëls is een klein tree vir die individu, maar dit lyk na 'n sprong wat net te groot is vir die meerderheid van die mensdom.

Ek bied hier vir jou 'n opsomming van die agt hulpmiddels in ons gereedskapskis aan voordat ons na die negende beweeg, wat die mees verhewe en asemrowende beginsel van almal is en waaraan ons alles verskuldig is.

Hulpmiddels	Bybel Bewyse
1. Die teerheid van God gesien in gesinsverhoudings.	Spr 17:6; 30:19; Matt 3:17; Efe 5:22-24; Jer 9:23-24; Efe 1:6
2. Die volledige openbaring van die Vader se karakter in die lewe van Jesus Christus soos geopenbaar op aarde en beskryf in die vier Evangelies van die Nuwe Testament.	Joh 5:19,30,43; 14:6,9; 17:4,6; Heb 1:3-4; Kol 1:15; 2 Kor 3:14

3. Die vyandigheid van die menslike hart teen God wat opsetlike wanvoorstelling van Sy karakter bring.	Rom 3:10-18; Rom 8:7; Jes 55:8-9
4. Die twee spieëls. Christus as die spieël van die Vader se karakter teenoor die spieël van onself wanneer ons probeer om direk na God, sonder Christus, te kyk.	2 Kor 3:18 Jak 1:23
5. Die menslike sondigheid vervloek die aarde, wat daartoe lei dat die aarde sy bewoners uitbraak.	Gen 4:13; Lev 18:25; Jes 24:4-6
6. Skans van Engele.	Ps 34:7; Heb 1:14; Job 1:10
7. Die menslike eienskap om boosheid in jouself op ander en veral op God te projekteer.	Ps 50:21
8. Die gebruik van die Twee Spieëls binne die Twee Verbonde, naamlik die bediening van die dood en die bediening van geregtigheid.	2 Kor 3:7-18

Die **negende hulpmiddel** het ons in hoofstuk 14 in die verhaal van Sodom verduidelik. Die boek van openbaring het gepraat van Christus wat geestelik gekruisig is in Sodom. Ons het ontdek dat, aangesien Christus lewe gee aan elke mens wat in die wêreld kom, voel Hy persoonlik al die hartseer en pyn wat 'n mens voel. Ons het in Jesaja 63:9 geleer dat Christus in al ons beproewinge saam met ons gely het, en Hy het sekerlik ons krankhede op Hom geneem en ons smarte gedra. (Jes 53:4). Die letterlike Hebreeuse vertaling maak hierdie skakel met ons nog meer konkreet:

Waarlik, Hy het ons siektes gedra, en ons smarte het Hy ook gedra
... Jesaja 53:4 [vrylik vertaal uit YLT]

Om elkeen van ons die kans te gee om te besef hoe sondig ons is, word Christus gedwing om Sy Kruis te dra deur elke sonde wat ons teen God en ander pleeg, te verduur. Christus sien elke daad van verdorwenheid en dit veroorsaak groot lyding vir Christus omdat Hy nederig en sagmoedig van hart is.

As ons vir 'n oomblik stilstaan om te dink aan die biljoene siele wat hierdie wêreld bewoon en hoeveel lyding aan die gang is, dan kan ons vaag begin begryp hoeveel Christus ly. Christus word elke dag opnuut gekruisig (Heb 6:6) in die sondes wat mense pleeg. As ons in ag neem hoeveel selfverloëning Jesus vir ons moet verduur, behoort ons in verwondering strane te stort oor hierdie onbaatsugtige liefde wat teenoor ons geopenbaar word.

Maar maak nie saak wat gebeur nie, Jesus sal ons nooit verstoot nie. Hy sal ons nooit begewe en ons nooit verlaat nie; Hy is met ons tot aan die voleinding van die wêreld. Maar om dit te doen moet Hy elke dag die sondigheid van die hele menslike geslag ly.

Om die werklikheid van hierdie Kruis te ontsnap, 'n Kruis wat openbaar dat Christus die Lam is wat van die grondlegging van die wêreld af geslag is, projekteer die menseras die rampe wat op hulle val, op God. Wanneer ons die verhaal van Sodom lees, redeneer ons ou natuur dat God die inwoners van hierdie stad met Sy eie hand vernietig het. Ons doen dit om te verhoed dat ons sien hoeveel God en sy Seun ly in die verlies van een menslike siel.

Dit word as noodsaaklik beskou vir sondige mense om te glo dat God die manne van Sodom tot as verskroei het om die glans van die lyding van Christus, wat geestelik in Sodom gekruisig is, weg te steek. Dit is hoekom die mens die sluier eis in die lees van die gewelddadige verhale van die Ou Testament, want wanneer hierdie geskiedenis in sy ware opset vertel word, sien ons net Christus en Hom gekruisig. (1 Kor 2:2).

Liewe leser, ek doen 'n beroep op jou om toe te laat dat die Gees van Jesus hierdie lig in jou gedagtes aansteek. Laat die ware Kruis van Christus na jou toe kom en sien die onuitspreeklike skoonheid van die karakter van God soos geopenbaar in Christus. Deur hierdie waarheid te aanskou sal ons verander word na dieselfde beeld, selfs deur die Gees van die Here. (2 Kor 3:18).

Laat ons dus die nege hulpmiddels wat ons oorweeg het in 'n paar woorde opsom.

1. Gesin
2. Evangelie Karakter
3. Vyandskap
4. Twee Spieëls
5. Aarde Vervloek
6. Engele Skans
7. Projeksie
8. Raamwerk van Twee Verbonde
9. Ware Kruis

Hierdie is gereedskap of beginsels wat ons sal gebruik wanneer ons 'n Ou Testamentiese verhaal oorweeg wat blykbaar God as gewelddadig en vernietigend voorstel.

Dit neem tyd om te leer om hierdie instrumente te gebruik en te sien watter van toepassing is op watter stories. Elkeen van hierdie instrumente is 'n beginsel wat konsekwent in die Skrif aangebied word. Om 'n ander analogie te gebruik, is hierdie gereedskap soos instrumente in 'n vliegtuig. Wanneer God anders lyk as Jesus, is dit soos om in wolke te vlieg en ruimtelike disoriëntasie te ervaar: dit is natuurlik om ons gevoelens te vertrou om ons deur te sien, maar die opgeleide vlieënier weet dat dit baie gevaarliker is om volgens sy eie persepsie te gaan as om sy instrumente te vertrou om hom deur te sien.

SPIEËLBEGINSEL

Ons wil na verskeie stories kyk terwyl ons hierdie gereedskap/beginsels toepas totdat dit makliker word om te sien hoe hulle werk.

Kom ons draai nou na die verhaal van die opdrag van God aan Abraham om sy seun te offer.

HOOFSTUK 17

ABRAHAM EN ISAK

Die berg Moria is die tweede hoogste piek in die soeke na Golgota se kruin. Om tot hierdie hoogte te klim sonder hulp van die gereedskap in ons gereedskapkis sal tot versmoring lei. Dit is moeilik om die waarheid te ontsnap dat ons, as lesers van die verhaal, se geloof getoets word terwyl ons Abraham se geloof ondersoek wat deur God getoets word in die boek Genesis.

In hierdie konteks kan ons die hygende asem van Abraham hoor in die stilte van die vroeë oggend terwyl hy die berg bestyg met sy niksvermoedende seun wat pligsgetrou die hout dra vir sy eie offer. Ons staan verwonderd na Abraham se gesig en ons sien die konflik in sy gemoed. Hy het soveel deurgemaak om Isak, die erfgenaam van die belofte, te hê, maar nou het dit tot hierdie allerverskriklike toets gekom. Die gesinsbeginsel van tere geneentheid vir Isak protesteer teen die opdrag van God om sy geliefde seun te offer.

Die botsing tussen plig en barmhartigheid het 3500 jaar later uitgebreek toe die groot hervormer Martin Luther die storie met sy vrou bespreek het. Dit was hulle beurt om hierdie piek saam met Abraham en sy seun te klim. Toe Katie Luther luister na haar onverskrokke man wat die storie vertel, het Katie Luther, met al die deernis van 'n ma, uitgespreek: “Ek glo dit nie! God sou nie sy Seun so behandel het nie!” Geskok, maar

nie afgeskrik deur die uitroep van sy vrou nie, het Luther geantwoord: "Maar Katie, hy *het*."

Na 'n tyd wou God Abraham toets. "Abraham!" roep God. "Hier is ek," antwoord Abraham. God sê vir hom: "Neem jou seun, jou enigste seun, ja, vir Isak wat jy so liefhet, en gaan na die land Moria. Offer hom daar as brandoffer op een van die berge wat Ek jou sal wys." Genesis 22:1-2

Die feit dat Abraham die hele plan van sy vrou weerhou het, dui op die vrees dat Sara presies sou reageer soos Katie Luther gedoen het. Katie Luther lyk meer in pas met die beginsel van gesinsterheid en deernis, maar ons moet versigtig wees om nie die woord van God te omseil nie.

As ons die Evangelie-hulpmiddel neem om in die gesig van Jesus te kyk, sien ons geen bewyse dat Jesus hoegenaamd enigiemand geoffer het nie. Deur hierdie leidraad te volg, fynkam ons die Skrif op soek na stellings wat meer openbaar oor God se gedagtes oor offers.

Dit is nie diereoffers of graanoffers wat U wil hê nie, nie brandoffers of sondeoffers wat U vra nie; U wil gehoorsaamheid hê. Psalm 40:7 (Afr83)

As ons Vader in die hemel nie offers vereis nie, hoekom het Hy dan klaarblyklik van Abraham vereis om sy seun te offer? Ook, wat beteken dit vir al die offervereistes wat aan Moses vir Israel gegee is? Het God dan nie van Israel vereis om al hierdie dinge te doen nie?

Toe Ek julle voorouers uit Egipte uitgelei het, het Ek nie brandoffers en ander offers van hulle verwag nie. Wat Ek beveel het, was die volgende: 'Wees aan My gehoorsaam en Ek sal julle God wees en julle sal my volk wees. As julle doen wat Ek sê, sal dit met julle goed gaan.' Jeremia 7:22-23

Hoe versoen ons hierdie oënskynlike konflik tussen God se opdrag aan Moses omtrent offers wat vereis word, met God wat sê dat Hy nie daarvoor gevra het nie? Ons moet dit alles laat sin maak. God het ook in die Tora gesê:

“Moenie enigeen van jou kinders as 'n offer aan Molek gee en so die Naam van jou God ontheilig nie. Ek is die Here.” Levitikus 18:21

God sê uitdruklik vir Israel om nie hulle kinders as offerandes aan Molek te bring nie, want dit rig skande aan die naam van God. Die Hebreeuse woord vir *naam* sluit die betekenis van *karakter* in. Hoe kan dit God se karakter ontheilig wanneer kinders as 'n offer aan Molek gebring word, maar dit ontheilig nie die Naam van God as God vir Abraham vra om sy seun as 'n offer aan Homself te bring nie?

Die verbod wat God geplaas het om kinders as offerandes aan Molek te bring, dui daarop dat kinderooffers deel was van die godsdienstige praktyke van die omliggende heidense godsdienste wat 'n invloed op die Israeliete gehad het. Hierdie godsdienste weerspieël die vleeslike begeerte om godheid te paai deur 'n duur geskenk - en geeneen is duurder as 'n mens se eie kind nie, dus kan niks meer krag hê om 'n afgod te paai nie.

Nadat Adam gesondig het, was hy bereid om sy vrou vir sy daade te blameer en aanspreeklikheid aan haar oor te dra. Kinderofferande is 'n uitbreiding van hierdie beginsel om verantwoordelikheid aan iemand anders oor te dra as 'n versoening vir sonde. Dit bring ons by die Vyandskap-hulpmiddel. Die natuurlike menslike hart, in sy afsku teen God, is bereid om af te daal tot die vlak waar hy sy eie kinders aanbied en dan beweer dat God dit aanvra. Dit bring skande oor die naam van die karakter van God.

Sal dit vir die Here aanvaarbaar wees as ons duisende ramme offer of tienduiseende strome olyfolie aanbied? **Sal dit Hom bly maak as ons ons oudste kinders offer om te vergoed vir ons sonde?** Nee, Hy het reeds gesê wat reg is. Die Here verwag van julle om reg te laat geskied, om liefde en trou te bewys, en om nederig voor God te lewe. Miga 6:7-8

God dui duidelik aan dat die offer van kinders as 'n offerande nooit vir jou sondes kan betaal nie. Trouens, ons geliefde Vader sê vir ons dat so 'n idee nooit in Sy gedagtes opgekom het nie:

“Hulle het hoogtes vir Baäl gebou. Hier het hulle hulle eie kinders as brandoffers aan Baäl geoffer. Dit is nie iets wat Ek hulle sou beveel het om te doen nie. Dit het nie eers in my gedagtes opgekom om so iets te beveel nie!” Jeremia 19:5

As God nooit kinderofferande beveel het nie, dan kan ons sê dat daar 'n spieël werk in die opdrag van God aan Abraham. Is dit moontlik dat Abraham hoor wat hy *dink* God wil hê volgens sy eie begrip en opvoeding? Aangesien Jesus nooit kinderoffers gebring het nie, hoe kan dit dan moontlik wees dat God dit ooit sou doen? Soos Hy self gesê het, so 'n idee het nooit in Sy gedagtes opgekom nie. Is dit moontlik dat ons vyfde hulpmiddel van Projeksie werk wanneer ons die opdrag van God aan Abraham lees?

Abraham het van Ur van die Chaldeërs gekom. Dit was die land van Babilon en kinderoffers was 'n integrale deel van sy godsdiens. Ons Vader in die hemel wou hierdie diepgewortelde beginsel uit Abraham se gemoed verwyder, en daarom moes Hy dit na die oppervlak bring. Daarvoor gebruik ons ons agtste hulpmiddel, die bediening van die dood.

In die lig van die hulpmiddels wat ons tot dusver toegepas het, word dit duidelik dat die beginsel van kinderoffers uit die verdorwe hart van die mens kom – en ons kosbare Vader wil Abraham daarvan verlos.

Die taal wat God praat is presies dieselfde as wat gebeur het toe Christus van die Kruis af gepraat het: “My God, My God, waarom het U My verlaat?”

Dus, in hierdie geval, het God vir Abraham gesê om sy enigste seun te neem, om presies wat te doen?

Beskou die frase “offer hom as brandoffer”, in Genesis 22:2. Die woord *offer* bevat die volgende betekenisse in *Brown, Driver and Briggs Dictionary*:

Om op te bring, **te laat opstyg of te klim**, te laat opgaan, op te bring, teen te bring, weg te bring, op te stel, te oefen, om te laat opstyg, op

te wek (geestelik), om te offer , opbring (van gawes), om te verhef, te laat opvaar, offer – Hiph'il vorm van H5927.

Binne hierdie konteks sien ons hoe die Young's Literal Translation hierdie woorde weergee:

En Hy sê: “Neem tog jou seun, jou enigste, vir wie jy liefgehad het, naamlik Isak, en gaan vir jou na die land Moria, **en laat hom daarheen opklim** vir 'n brandoffer op een van die berge waarvan Ek met jou spreek.” Genesis 22:2 (vrylik vertaal uit YLT)

Terwyl hulle die berg Moria sou klim, is die woord klim 'n natuurlike keuse vir so 'n reis. Die woord vir brandoffer, H5930, dra twee betekenisse. Die eerste is 'n *brandoffer* en die tweede is *opgang*, *trap* of *opgaan*. Die Strong's Konkordansie gee dit so weer:

H5930: Vroulike aktiewe deelwoord van H5927; 'n trap of (gesamentlik trappe, as stygend); gewoonlik 'n slagting (soos opgaan in rook): – opstyg, brandoffer (offer), gaan op na. Sien ook H5766.

Kyk hoe word die woord vir 'brandoffer' in hierdie vers vertaal:

En daar was sewe trappe **om daarheen op te klim**, en sy voorportaal was voor hulle, en dit het palmbome gehad, een aan die een en een aan die ander kant, op sy deurposte. Esegïel 40:26 (CAB23)

Die vermoë om hierdie woord op verskillende maniere te vertaal het daartoe gelei dat vertalers verskillende begrippe gehad het van wat die koningin van Skeba in die huis van Salomo gesien het.

die geregte op sy tafel, die manier waarop sy amptenare aangesit het, die bediening deur sy tafelbediendes, hulle monderings, sy skinkers en van die optog wanneer hy na die huis van die Here toe **opgegaan het**. Haar asem het daarvan weggeslaan. 1 Konings 10:5 (Afr83)

... die kos op sy tafel, hoe hy sy amptenare laat aansit het, die bediening en die uniforms van sy tafelbediendes en sy kelners,

asook die **brandoffers** wat Salomo by die tempel van die Here geoffer het. Dit alles het haar na haar asem laat snak. 1 Konings 10:5 (NLV)

Daarom kan dit wat God met Abraham spreek het, so vertaal word:

Toe sê Hy: “Vat nou jou seun, jou enigste seun Isak, vir wie jy lief is, en gaan na die land Moria, en **gaan op** daarheen en **klim op** op een van die berge waarvan Ek jou sal vertel.” Genesis 22:2 (vrylik vertaal uit NKJV)

God het geweet die taal kan op twee maniere verstaan word. Hy het geweet dat Abraham die teks sou verstaan volgens sy eie idee van die karakter van God. Natuurlik verstaan die vertalers dit soos Abraham dit verstaan het, as brandoffer, as gevolg van wat Abraham gedoen het.

Abraham het vir 'n lang tyd die begeerte gekoester dat Ismael die seun moet wees om die beloftes wat God aan Abraham gemaak het te erf. God het Ismael liefgehad, maar Abraham het 'n gebrek aan geloof getoon deur by Hagar in te gaan om 'n kind buite die huweliks-verhouding met Sara voort te bring.

Toe Abraham vir Hagar en sy dierbare seun Ismael moes wegstuur, het dit hom deurboor. Hy het besef sy eie optrede het al hierdie pyn veroorsaak en dat sy geliefde seun Ismael as gevolg daarvan van hom geskei moes word.

Die diepte van sy hartseer het sy oortuiging getoets dat God hom steeds met 'n groot nasie deur Isak sou seën. Dit, tesame met sy verskillende misstappe oor die jare, soos om te lieg dat Sara nie sy vrou is nie, het hom nie honderd persent seker gemaak of hy reg voor God staan nie – en daarom was daar diep in hom die idee dat God dalk een of ander soort offer van versoening sou vereis. In hierdie konteks het die woorde van God in Abraham die oorblyfsel van die heidendom, wat nog diep in sy siel begrawe was, na vore gebring, iets waarvan hy onbewus was.

Abraham het die gebod van God geken om nie dood te maak nie. Dit sou 'n konflik in hom geskep het tussen wat hy uit die wet verstaan het

en die oorgeërfde tradisies van mense wat gesê het dat God met offers gepaai moet word.

Verbasend genoeg het Abraham geglo dat God sy seun weer uit die dood kon opwek, alhoewel hy onder 'n verkeerde begrip gewerk het. (Heb 11:19). Hierdie geloofsoorwinning het Abraham gehelp om God implisiet te vertrou, selfs tot die dood toe.

Daarna vat Abraham die mes en lig dit op om sy seun as offer aan die Here te slag. Op daardie oomblik roep die engel van die Here na hom uit die hemel: "Abraham, Abraham!"

"Ek luister," antwoord Abraham.

"Moenie jou hand oplig teen die seun en hom enige kwaad aandoen nie!" sê die engel. "Nou weet Ek dat jy regtig vir God dien, want jy het selfs jou geliefde seun nie van My weerhou nie." Genesis 22:10-12

Die bewyse dat God nie wou hê dat Abraham sy seun moes doodmaak nie, word duidelik geopenbaar in die opdrag om hom nie dood te maak nie. As God wou hê dat Abraham sy seun moes doodmaak, kon Hy maklik Isak uit die dood opgewek het. Dit sou 'n wrede klug wees as God Abraham toets deur hom te laat glo dat Hy wou hê dat Isak geoffer moes word terwyl Hy dit in werklikheid nie so bedoel het nie. God is nie 'n mens dat Hy moet lieg nie. God toets nie Sy kinders deur hulle te lei om iets vals te glo en dan te sê: "Jy het die toets geslaag. Welgedaan!"

Deur die hulpmiddel van gesinsteerheid toe te pas, wou God eintlik hê dat Abraham saam met sy kosbare seun op die berg klim om Hom net te aanbid en met Hom gemeenskap te hê. Dit is in harmonie met die karakter van God soos geopenbaar in Christus.

Hierdie begrip van Abraham en Isak se verhaal is noodsaaklik om die betekenis van die Kruis te begryp. Abraham het sy seun aangebied onder die misverstand van die vyandskap wat diep in homself verborge was. Die offer van die Seun van God aan die Kruis het slegs tot stand gekom as gevolg van die onbewustheid oor die vyandskap wat in die siele van mans en vroue woon. Die Kruis is by uitstek die grootste

bediening van die dood wanneer ons in die spieël van die natuurlike mens kyk. Wanneer ons in die Nuwe Verbondspieël kyk, sien ons die onpeilbare liefde van die Vader wat bereid is om Sy Seun prys te gee om aan ons persepsies van offers en versoening te voldoen.

Die offer van Isak is wat Abraham gedink het God wou hê. Die Kruis waaraan Jesus gesterf het, is wat diegene wat in die Bybel glo dink God wou hê. Albei is verkeerde aannames wat uit menslike denke kom.

Deur bereid te wees om sy seun te offer, is Abraham in geloof versterk en is hy in staat gestel om nader aan God te kom. Net so, die aanvaarding van die dood van Jesus volgens die oortuiging dat God dit vereis het om geregtigheid te laat geskied, versterk die geloof van die gelowige en bring hulle in 'n nouer verhouding met God. Maar nie een van hierdie gevalle verteenwoordig die gedagtes en begeerte van God nie. Dit is bloot omdat God se gedagtes nie ons gedagtes is nie.

Deur die hulpmiddels in ons gereedskapkis toe te pas, word die sluier oor hierdie storie verwyder en sien ons so 'n pragtige openbaring van die Vader se karakter. Ons sien ook duideliker die diepte van menslike verdorwenheid by die gedagte dat ons dierbare Vader bloed en dood vir sonde begeer. Dit is 'n wrede beskuldiging teen Hom en veroorsaak dat die duisternis om menseharte hardnekkig bly hang.

Wanneer ons van die berg Moria afklim, bid ek dat dit met diepe dankbaarheid en vreugde in ons harte is. Ons Vader wou nie hê dat Abraham sy seun moes doodmaak nie, maar Hy wou eerder vir Abraham vrymaak van hierdie siening, om Abraham nader aan sy boesem te bring.

Ek vind dit baie betekenisvol dat daar na hierdie verhaal geen sprake meer is van Abraham wat offers gebring het nie. Dit beteken nie dat hy opgehou het om dit te doen nie, maar onder inspirasie is die Skrif so geskryf dat dit vir ons 'n boodskap stuur dat deur die proses om sy seun te offer, God in staat was om slagoffer en spysoffer te laat ophou. (Dan 9:27, AFR53).

Wanneer ons hierdie proses verstaan van hoe God dinge duideliker na vore bring wat in ons harte verborge is deur 'n bediening van die dood sodat ons tot 'n dieper kennis van ons Vader kan kom, dan kan ons dit maklik toepas op die beginsel van die besnydenis, wat ons in die volgende hoofstuk ondersoek.

As afsluiting van hierdie hoofstuk gee ons 'n opsomming van die gereedskap wat ons gebruik het en hoe dit op hierdie storie van toepassing is.

Hulpmiddels	Toepassing
1. Gesin	Abraham het nie vir sy vrou vertel van die indrukke wat hy ontvang het nie. Die moord op 'n gesinlid val buite die beginsels van teerheid, vriendelikheid en sorg. Maar bowenal bevraagteken dit die term Vader soos dit op God self toegepas word.
2. Evangelie Karakter	Jesus het nooit iemand as 'n offer gebring terwyl hy op aarde was nie.
3. Vyandskap	Abraham se interpretasie van God se opdrag het die verborge vyandskap in Abraham geopenbaar wat geglo het dat God offerande vir sonde begeer.
4. Twee Spieëls	Die opdrag van God kan op twee maniere verstaan word. Wanneer ons sien hoe God vir Abraham beveel om te offer, kyk ons in die spieël wat openbaar wat ons oor God dink, maar wat eintlik 'n weerspieëling is van wie ons is. Wanneer ons besef dat God soos Jesus is, word ons gelei om te sien dat God Abraham beveel het om sy dierbare seun te neem en God in die berge te kom

SPIEËLBEGINSEL

	aanbid. Dit is die spieël van die Nuwe Verbond en openbaar die karakter van God.
5. Engele skans	Nie van toepassing in hierdie storie.
6. Aarde Vervloek	Nie van toepassing in hierdie storie.
7. Projeksie	Abraham se interpretasie van God se opdrag het die verborge vyandskap in Abraham geopenbaar wat hy op God geprojekteer het deur sy woorde verkeerd te verstaan.
8. Raamwerk van Twee Verbonde	God het deur Abraham se misverstand gewerk en Abraham se vyandskap na die oppervlak gebring, maar deur hierdie proses is Abraham se geloof versterk. Toe God Abraham gekeer het om sy seun te offer, het Abraham tyd gehad om te besin dat God nie slagoffer en spysoffer begeer nie.
9. Ware Kruis	Die verhaal van Abraham en Isak is 'n templaar vir die manier waarop ons die Kruis verstaan. Ook, ongeag die feit dat Abraham nie geweet het dat hy hierdie vyandskap in hom het wat offers eis nie, het Christus Abraham en sy misverstande sy hele lewe lank gedra en verdra, selfs toe Abraham se idees heeltemal teen die beginsels van die hemel was.

HOOFSTUK 18

BLOEDBRUIDEGOM

Die eerste hoofstukke van die boek Eksodus vertel die verhaal van die knaende onderdrukking van God se volk in Egipteland onder die swaar hand van Farao. Ons word aangegryp deur die boeiende verhaal van Moses wat die doodsbevel van Farao in 'n drywende mandjie vrygespring het, net om 'n lid van Farao se uitgebreide huishouding te word as 'n prins van Egipte.

Watter lot het vir Moses gewag nadat hy die gewisse dood vrygespring het en toegang verkry het tot die gange van mag? Vir veertig jaar is hy versorg om die volgende Farao te wees. Hy word deur die Egiptenare as iemand beskou met vaardigheid en vermoë om 'n groot leier vir hul nasie te word. Maar Moses vergeet nooit sy erfenis nie. Omdat hy bewus was van die vervolging van sy volk en ook van sy besondere lot, plaas hy homself in 'n posisie om God se volk te red, deur 'n Egiptiese slawemeester dood te maak.

Hierdie gewelddadige daad aan die kant van Moses het vereis dat hy die woestyn en oënskynlike vergetelheid moes invlug. Hy het veertig jaar lank skape opgepas en die tere vaardighede van 'n herder geleer. Dit het lank geduur voordat die gewelddadige beginsels waarin hy geskool is, gedemp is.

Dan roep God hom terug na Egipte om sy volk te verlos. Maar Moses het alle vertroue in sy eie vermoëns verloor. God oorreed hom uiteindelik deur vir hom te sê dat sy broer Aäron hom kan help, en op die ouderdom van tagtig jaar is Moses uiteindelik bereid om te doen waarvoor God hom geroep het.

Terwyl Moses op pad is na Egipte, kom ons op 'n baie vreemde gebeurtenis af.

Moses en sy gesin het langs die pad oorgeslaap. Die Here het na Moses toe gekom om hom dood te maak. Sy vrou, Sippora, het 'n skerp mes gevat en haar seun se voorvelletjie daarmee afgesny. Sy het dit teen Moses se geslagsdeel gedruk en vir hom gesê: "Jy is nou my bruidegom wat met bloed beskerm word." (Toe sy Moses 'n "bruidegom wat met bloed beskerm word" genoem het, het sy na die besnydenis verwys.) Die Here het hom hierna met rus gelaat. Eksodus 4:24-26

Wat? Wanneer Moses op die punt staan om die werk te begin wat God vir hom gesê het om te doen, konfronteer God hom met die doel om hom dood te maak? Hierdie feit alleen blyk teenstrydig te wees. 'n Paar verse vroeër vertel God vir Moses van die wonderwerke wat hy in Egipte gaan doen en hoe Farao gaan reageer. Het God skielik van plan verander en sy rug op tagtig jaar se voorbereiding gedraai net om hom dood te maak daar in die woestyn?

Sal dit die gesinstoets druipe? Gaan God Sippora se man doodmaak en haar kinders vaderloos laat? Die verwarring verdiep met die verloop van die verhaal. Sippora, die vrou van Moses, spring skielik op tot aksie, besny hul seun en gooi die voorhuid voor die voete van Moses en noem hom 'n bloedbruidegom. Dan, wanneer die besnydenis voltooi is, laat vaar God sy voorneme om Moses dood te maak. Wat op aarde gaan hier aan?

Blykbaar wou Sippora nie haar seun laat besny volgens die wet van Israel nie. Moet Moses sterf omdat hy gesloer het om hierdie ritueel uit te voer? Vir die openhartige leser blyk God baie kleinlik oor hierdie kwessie te wees. Dit laat Hom onstabiel voorkom. Blykbaar was God

van plan om 'n gesin op te breek, 'n vrou as weduwee en haar kinders vaderloos te laat, net om te verseker dat Moses sy seun besny?

Op 'n ander vlak klink dit soos volg: “Doen wat ek vir jou sê of ek maak jou dood!” Het Jesus dit ooit vir iemand gesê? Daar is geen beskrywing dat Hy ooit so iets gesê het nie. Met ander woorde, hierdie storie druipe die Evangelie Karakter toets ten volle. Wanneer ons sien dat hierdie toets gefaal word, beteken dit dat die Spieëlbeginsel werk: ons natuurlike manier om hierdie gedeelte te lees wys iets in die mensdom wat op God geprojekteer word.

Ons moet eers teruggaan in die geskiedenis om te kyk na die konteks van die oorsprong van die besnydenis vir Israel.

Verder het God vir Abraham gesê: “Jy moet my verbond nakom, jy en jou nageslag en al hulle nageslagte. Dit is my verbond wat moet geld vir jou en jou nageslag: elke lid van die manlike geslag onder julle moet besny word. Julle moet besny word aan die voorhuid.

Dit is die verbondsteken tussen My en julle:

Elke seun onder julle van ag dae oud moet besny word. Dit geld vir elke lid van die manlike geslag onder julle: al julle nageslagte en ook elke slaaf wat as kind in jou besit gebore word, en die slawe wat van 'n vreemde met geld gekoop word, wat nie jou afstammeling is nie. 'n Slaaf wat as kind in jou besit gebore word, en een wat vir geld gekoop word, moet beslis besny word. So sal my verbondsteken aan julle liggame wees as 'n blywende verbond. Elke lid van die manlike geslag wat nie besny is nie, moet van sy volksgenote afgesny word. Hy het my verbond verbreek.” Genesis 17:9-14 (AFR1983)

Die besnydenis is gegee as 'n teken van die verbond wat God met Abraham gemaak het. Die verbond wat God met Abraham gesluit het, was dat Hy van Abraham 'n groot nasie sou maak en dat sy kinders so talryk soos die sterre van die hemel sou wees. Toe God die eerste keer met Abraham hieroor gepraat het, het Abraham eenvoudig geglo wat God gesê het en Abraham is as gevolg daarvan as regverdig gereken.

Die besnydenis het later gekom as 'n visuele simbool van daardie belofte.

Daarop neem die Here Abram na buite toe en sê: “Kyk op na die naghemel en tel die sterre. Kan jy hulle tel? Net so baie sal jou nageslag wees!” Abram het op die Here vertrou en die Here het hom as regverdig gereken. Genesis 15:5-6

Is hierdie seën dan net vir die besnedenes, of ook vir die onbesnedenes? Ons sê tog: “Abraham se geloof is vir hom as regverdiging gereken.” Wanneer is dit vir hom toegereken? Toe hy reeds besnede was, of toe hy nog onbesnede was? Nie toe hy besnede was nie, maar toe hy onbesnede was.

Hy het die teken van die besnydenis as 'n seël ontvang – 'n seël van die geregtigheid van die geloof wat hy gehad het terwyl hy onbesnede was. So het hy die vader geword van almal wat glo terwyl hulle onbesnede is, sodat dit ook vir hulle as regverdiging toegereken kon word. Romeine 4:9-11

As Abraham deur God as regverdig beskou is deur sy geloof, hoekom moes God dan vir Abraham 'n teken gee?

Maar Abram antwoord Hom: “Oppermagtige Here, hoe kan ek verseker weet dat dit aan my sal behoort?” Genesis 15:8

Toe God vir Abraham 'n groot nageslag belowe het, het hy eenvoudig geglo. Toe God belowe het om vir hom die hele land daarmee saam te gee, het Abraham gevra vir 'n aanduiding dat dit sou gebeur. Hoekom het hy hiervoor gevra? Omdat hy nie die geloof gehad het om te glo dat God dit sonder een of ander teken sou doen nie. Ons let op wat Jesus sê oor die soeke na tekens omtrent dinge wat God reeds belowe het.

“'n Slegte en afvallige geslag wil 'n teken hê,...” Matt. 16:4 (Afr83)

Ons moet hierdie noukeurig oordink. Deur die teken aan Abraham te gee, help God Abraham om van ongeloof na geloof oor te gaan. Dus, alhoewel dit 'n teken van die geloof van Abraham was, het die behoefte aan daardie teken die oorspronklike ongeloof wat Abraham gehad het,

geopenbaar. Ongeloof is vyandskap teenoor God. Dit dui daarop dat God nie sy woord kan of wil hou nie, wat 'n aanval op sy karakter is. En dit is die rede waarom Paulus die volgende stellings maak:

Dit kom nie daarop aan of iemand besny is of nie, maar wel of hy die gebooie van God onderhou. 1 Korinthiërs 7:19

Ja, as iemand wat kragtens geboorte onbesnede is, tog God se wet gehoorsaam, sal dit selfs téén jou tel – jy wat met die letter van die wet, besnydenis en al, tog God se wet verbreek! Jy is nie 'n ware Jood bloot omdat jy in die openbaar as 'n Jood bekend staan of omdat jy uitwendig besny is nie. Romeine 2:27-28

In hierdie konteks, as ons die Twee Verbond-reël toepas, het God die besnydenis aan Abraham gegee as 'n bediening van die dood. Sy ongeloof het hierdie teken nodig gemaak. Maar God sou die teken gebruik om hom in die Nuwe Verbond in te bring en dit 'n teken van geloof (en geregtigheid en aanvaarding) eerder as 'n teken van ongeloof te maak.

Die vraag wat ons moet vra is hoekom God die besnydenis as teken gekies het? Abraham se ongeloof het dit vereis, daarom is dit wat God vir Abraham bring 'n dieper openbaring van wat in Abraham se hart is. Wanneer ons die oorsprong van die besnydenis bestudeer, ontdek ons iets baie interessants.

Sesde Dinastie (2345–2181 v.C.) **grafkunswerk in Egipte is vermoedelik die oudste dokumentêre bewys van besnydenis**, die oudste uitbeelding is 'n bas-reliëf van die nekropolis by Sakkara (omstreeks 2400 vC). In die oudste geskrewe verslag, deur 'n Egiptenaar genaamd Uha, in die 23ste eeu vC, beskryf hy 'n massa-besnydenis en spog met sy vermoë om die pyn stoies te verduur:

“Toe ek besny is, saam met honderd-en-twintig man ... was daar nie een wat uitgeslaan het nie, daar was nie een wat geslaan is nie, en

daar was nie een wat gekrap het nie en daar was nie een wat gekrap is nie.”¹⁴

Die besnydenis word die eerste keer in Egipte gedokumenteer en het net voor die tyd van Abraham 'n gewoonte geword. Die besnydenis is in Egipte tydens puberteit gedoen. Wat fassinerend is, is dat Ismael se ma, Hagar, 'n Egiptenaar was, en toe God vir Abraham gevra het om die teken van die besnydenis in sy familie in te neem, was sy seun Ismael 13 jaar oud, rondom die ouderdom van puberteit. As 'n Egiptenaar sou Hagar baie vertrouwd gewees het met die besnydenis en het miskien vir Abraham versoek dat haar seun in puberteit besny word soos dit in Egipte gedoen is.

Abraham was 99 jaar oud toe hy besny is en sy seun Ismael was dertien jaar. Albei is op dieselfde dag besny, Genesis 17:24-26

Onmiddellik nadat God aan Abraham die teken van die besnydenis gegee het, belowe Hy weer om vir Abraham 'n seun deur Sara te gee. Abraham is nou amper 100 jaar oud en Sara is ver bo die normale ouderdom om kinders te baar. Wanneer God die belofte gee, word die ongelooft in Abraham geopenbaar.

Verder sê God: “Jou vrou Sarai sal nie meer so genoem word nie. Van nou af sal haar naam Sara wees. Ek sal haar seën en sy sal vir jou 'n seun in die wêreld bring. Ek sal haar beslis ryklik seën. Sy sal moeder word van baie nasies en uit haar nageslag sal daar konings voortkom.”

Toe het Abraham tot op die grond neergebuig en **by homself gelag**. “Hoe kan ek op 100 jaar pa word?” het hy gewonder. “Daarby is Sara nou 90 jaar. Hoe kan sy geboorte gee?” Abraham sê toe vir God: “Ja, mag Ismael maar net voor U lewe!” Genesis 17:15-18

Ons sien dus dat Abraham nie God se woord geglo het nie. In plaas daarvan wou hy hê dat God sy eie werke moet aanvaar om Ismael voort te bring. Dit blyk dat God se opdrag vir die besnydenis 'n bevestiging

¹⁴ https://en.wikipedia.org/wiki/History_of_circumcision

is van Abraham se begeerte dat Ismael die beloofde nageslag moet wees. Ismael het die ouderdom van puberteit bereik en volgens Egiptiese gebruik moes hy deur hierdie oorgangsrite voorberei word vir manlikheid. God spreek tot Abraham die gedagtes wat hy dink; net soos God met Adam gedoen het deur te sê, “die mens het geword soos een van ons deur goed en kwaad te ken”. Die besnydenis kom van Abraham, *moontlik* deur Hagar. God verheerlik Abraham se ongeloof deur 'n bediening van die dood en verander die proses in 'n teken van geloof. Wat kan meer gepas wees as 'n bediening van die dood wanneer 'n volwasse man 'n mes na sy penis moet neem en 'n deel daarvan moet afsny!

Die besnydenis was vir die Egiptenare 'n teken van manlikheid, krag en die vermoë om groot pyn te verduur sonder om te kla. Dit was 'n bloedoffer wat gedien het om die Egiptenare as broers te verenig.

In die hart van die mens sien ons die behoefte aan pyn, bloed en dood om God te kan vertrou. Hier sien ons weer 'n simbool van die Kruis. Hier is weereens die mens se vyandskap teenoor God in sy oortuiging dat God eers die mens moet leed aandoen voordat Hy ons sal aanvaar. Maar God werk met ons verdraaide idees en verander hierdie simbool in 'n lewensreddende geskenk aan die wêreld.

In hierdie konteks sien ons dat dit onmoontlik is vir mense om die vergifnis van God te aanvaar sonder om die dood aan die Kruis te aanvaar. Op dieselfde manier, vanaf die tyd van Abraham tot en met die Kruis, sou dit onmoontlik wees vir mense om God se vergifnis te aanvaar sonder om besny te word. Daarom sou elkeen wat nie besny is nie, van die uitverkore volk uitgeroei word. Die besnydenis het die pad na die lewe geword.

Weereens weerspieël niks hiervan God se gedagtes nie. Dit is mense se gedagtes en God ontmoet mense waar hulle is om hulle te red. Dit is die rede waarom Moses sy seun moes besny. Binne sy erfenis sou dit rampspoed bring om dit nie te doen nie en die frons van God sou oor enige Israeliet hang wat nie hulle seuns besny het nie.

As gevolg van die feit dat Sippora by Moses gepleit het om nie hul seun te besny nie, het Moses uitgestel wat sy voorvaders vir geslagte lank gedoen het. In sy gedagtes was 'n groeiende vrees en veroordeling van homself dat hy doodgemaak kon word, omdat hy nie gedoen het wat God vereis het nie.

Om Moses te help om hierdie vrees te oorkom, konfronteer die Here hom met die einste gedagtes wat Moses het, maar waarvan hy nie ten volle bewus is nie. God hanteer sake op die manier wat Moses dink Hy behoort te doen. God laat die sonde van Moses oorfloedig word sodat genade nog meer oorfloedig kan word.

Nadat Sippora hulle seun besny het, is Moses bevry van sy vrees dat God hom sou doodmaak en daarom was hy veilig om na Egipte te gaan en die Here se werk te doen.

Hoe geduldig is ons Vader in die hemel met ons. Hy daal af om ons te ontmoet in ons vreemde heidense idees, en versoen ons dilemmas dat ons verder kan glo in Sy liefde en beskerming!

Kom ons som ons gereedskap wat in hierdie storie gebruik word op.

Hulpmiddel	Toepassing
1. Gesin	Die familie van Moses moes 'n man en vader ontnem word om aan die vereiste van besnydenis te voldoen. Dit dui op 'n groot probleem. Indien God wou hê dat sy kinders besny word, hoekom het Hy as Vader hulle nie so geskep nie? Hoekom 'n mes aan een van die sensitiefste dele van die liggaam sit en pyn toedien?
2. Evangelie Karakter	Jesus het nooit gedreig om iemand dood te maak omdat hy nie besny is nie. Die bediening van Jesus

BLOEDBRUIDEGOM

	het daartoe gelei dat die besnydenis oorbodig geword het.
3. Vyandskap	Moses was bang dat God hom sou straf omdat hy nie gedoen het wat hy geweet het reg is nie.
4. Twee Spieëls	God het die denke van Moses na vore gebring deur aan hom te verskyn op die manier waarop Moses hom voorgestel het. Dit het Sippora gedwing om die vereiste daad te doen. Maar haar woorde dui aan dat sy dit nie gewilliglik gedoen het nie, maar onder dwang.
5. Engele Skans	Nie van toepassing in hierdie storie.
6. Aarde Vervloek	Nie van toepassing in hierdie storie.
7. Projeksie.	Deur Moses te verbeel dat God hom sou doodmaak of laat doodmaak in Egipte, het hy menslike denke op God geprojekteer: 'n geloof in doodstraf vir ongehoorsaamheid.
8. Twee Verbonde Raamwerk	God (of meer waarskynlik 'n engel) wat aan Moses verskyn het, was 'n bediening van die dood vir Moses. Dit het hom gekonfronteer met sy eie gedagtes om die vrees in Moses op te los.
9. Ware Kruis	Christus word deurboor deur die gedagte dat Moses geglo het dat God hom hiervoor sou doodmaak.

HOOFSTUK 19

GOLGOTA EN DIE SLANGSTAF

Die verhaal van die plaë in Egipte was die eerste verhaal wat aan verdrukke en vervolgte Christene 'n gevoel van mag oor hul vervolgers gebied het. Die vernedering van 'n wêreldse koning voor die God van die Bybel gee hoop aan die Christen dat hulle lyding beloon sal word en dat die vyande van God verneder en vernietig sal word as hulle weier om hul te onderwerp. Vir predikers soos Spurgeon het dit 'n kragtige oproep gebied aan diegene wat nog nie 'n besluit geneem het om hul harte aan Christus te gee nie:

As ek dit kon spreek soos Jehovah dit deur sy kneg Moses sou spreek, dink ek dit sou so verloop: “So sê Jehovah, God van die Hebreërs, hoe lank sal jy weier om jou voor My te verootmoedig? Laat my volk trek dat hulle My kan dien.” God as God sê vir Farao: “Dit help nie dat jy teen My opstaan nie. 'n Mot kan net sowel met 'n brand-oond worstel. Dit help nie vir jou om jou swak hand teen My op te lig nie. Jy weet nie hoe groot My krag is nie. Ek het jou 'n voorsmakie daarvan gegee, maar Ek het nog meer verskriklike plaë hier agter My wat Ek na vore sal bring – en jy sal voor My moet buig.” En julle weet, broers en susters, Farao het uiteindelik voor Jehovah moes buig! Die eersgeborene van sy krag is in die

duisternis van die nag uitgeroei en daar was geween in die paleis en in die hele land.

En toe, toe Farao sê: “Ek sal agtervolg, ek sal inhaal, ek sal die buit verdeel. My begeerlikheid sal op hulle versadig word. Ek sal my swaard trek, my hand sal hulle vernietig” – hy het afgepyl op die leërskaars van die Here en julle weet wat gevolglik gebeur het. “Want die perd van Farao het met sy strydwaens en met sy ruiters die see ingegaan, en die Here het die waters van die see oor hulle teruggebring.” Toe is die lied van Mirjam gehoor: “Sing tot eer van die HERE, want Hy het heerlik geseëvier; die perd en sy ruiter het Hy in die see gegooi.” Terwyl die bruisende waters hom weggevoer het, het trotse Farao te laat geleer hoe ‘n groot dwaas hy was om teen die Oneindige Majesteit van die Almagtige God te veg!

En ek sê vir julle, broers en susters, wat teen God veg, julle moet óf buig óf breek! Sowaar as God leef, moet jy in bekering voor Hom buig, anders sal jy onder Hom verpletter word in die dag van Sy toorn! Moenie dink, wanneer ons met jou praat van God se genade, dat ons na jou toe kom soos jou gelyke kan kom, en met jou redeneer asof God vir jou bang is nie! Praat jy van jou groot krag? Hy is almagtig! Wat jou betref, jou asem is in jou neusgate en die Here kan jou binne 'n oomblik in stuipe laat dood neerval, soos baie voor jou gedoen het! As jy nie aan Hom sal toegee nie, is Hy oneindig heerlik sonder jou! En as jy teen Hom in opstand kom, op watter manier kan jy die oppergesag van Sy ryk beïnvloed? 'n Druppel sproei kan net sowel hoop om die kranse van Albion te skud as wat jy kan probeer veg teen die Majesteit van God! – Charles Spurgeon – *The Question Between the Plagues*.

Soos die verhaal gewoonlik verstaan word, sou 'n ander plaag Egipte tref elke keer as Moses sy staf in die lug opgelig het. Die plaag het al hoe ernstiger geword, asof God stadig besig was om Farao se keel toe te druk totdat hy toegegee het aan God se eis om Israel te laat gaan.

Jy sal die laaste plaag nooit vergeet nie: die dood van die eersgeborene. Kan jy jou die hartseer uitroep van Egiptiese moeders voorstel wat oor

die lewelose liggame van hul afgestorwe kinders gebuig, wat net toevallig vervloek is omdat hulle eerste in die gesin gebore is?

Uiteindelik beur Farao onder die verpletterende druk van God se dodelike plaë en laat Israel gaan. Maar daar is by hom 'n verandering van hart, hy sit die Israeliete agterna, en hy en sy goddelose leër word in die see verdrink, wat die vryheid van die Israeliete verseker. Die kinders van Israel prys hulle God as 'n God wat magtig is in oorlog.

“Die Here is ’n vegter; sy Naam is “Here”. Die farao se oorlogwaens en weermag het Hy in die see gegooi. Die dapperste van die farao se offisiere het in die Rietsee verdrink. Massas water het oor hulle toegevou; hulle het soos ’n klip in die dieptes weggesink. U regterhand, Here, is sterk. U regterhand, Here, verbrysel die vyand.” Eksodus 15:3-6

Ons staan vir 'n oomblik stil en draai om, om in die gesig van Jesus te kyk; om te bepaal of ons dinge reg lees. As ons direk na hierdie verhaal in die Ou Testament kyk, kom God beslis oorlogsugtig, meedoënloos voor en iemand wat skrik opjaag by diegene wat Hom teëstaan.

Israel sing van die Here wat sy vyande verpletter, maar Jesus sê vir ons dat God sy vyande liefhet, en as ons kinders van God wil wees, moet ons hulle ook liefhê.

“Julle het gehoor dat gesê is: ‘Jy moet jou eie mense liefhê, maar jy hoef nie jou vyand lief te hê nie.’ Maar Ek sê vir julle, julle moet julle vyande liefhê en bid vir dié wat julle vervolg. Só sal julle optree soos ware kinders van julle hemelse Vader. Hy laat immers sy son opgaan oor slegtes en goeies. En Hy laat sy reën val op dié wat reg doen, maar ook op dié wat verkeerd doen.” Matteus 5:43-45

As ons in die gesig van Jesus kyk, is daar onmiddelik 'n ontkoppeling van die storie wat ons sopas in Eksodus gelees het. Hoe verpletter jy jou vyande as jy hulle terselfdertyd ook liefhet? Is jy lief vir hulle tot op 'n punt en dan verpletter jy hulle daarna? Hoe versoen ons hierdie konflik? Weereens vra ons, het Jesus plaë oor mense gebring? Het Hy

die eersgebore kinders van die Romeine wat Israel onderdruk het, vermoor? Ons ken die antwoord op hierdie vrae. Dit is duidelik NEE!

Hoe kosbaar is die lewe van Jesus tog om ons gids deur hierdie verhale in die Ou Testament te wees. Die konflik van hierdie verhaal met die karakter van Jesus vereis dat ons soek na harmonie tussen die aangesig van God in die plaes en die gesig van Jesus in die Evangelies.

Alhoewel dit 'n komplekse taak is, sal die dinge wat ons geleer het uit die verhale van Adam, Kain en Abel, die sondvloed en Sodom en Gomorra vir ons baie van die beginsels verskaf wat nodig is om die ramp in Egipte aan te spreek, maar ons sal dieper moet kyk na hoe die Engel- skans werk om hierdie verhaal te harmoniseer met die karakter van die liefdevolle Jesus. Hierdie storie verg meer moeite, maar dit sal ons help om vaardiger te word om die sluier van ons gesigte te verwyder.

Omdat nege van die tien plaes die gevolg is van natuurrampe, dink ons dadelik aan die vloek van die dorings en die distels wat uit Adam se sonde voortgespruit het. Kain is meegedeel dat die vloek van die aarde af oor hom sou kom en daarom vra ons die eenvoudige vraag: Was daar iets wat die Egiptenare gedoen het wat natuurrampe kan veroorsaak?

'n Paar honderd jaar voor die tyd van Moses het 'n groot hongersnood oor Egipte, Kanaän en die omliggende nasies van daardie streek geval. Dit was toe Josef 'n heerser in Egipte geword het onder Farao. Die mense van Kanaän en Egipte het nie die ware God van die hemel aanbid nie, en ook nie Sy Sabbatte of gebooie onderhou nie. Hierdie geskenk van reën hou verband met die onderhouding van God se gebooie, soos ons hier sien:

“Julle mag vir julle geen afgode maak nie; en 'n gesnede beeld of 'n klippilaar mag julle vir julle nie oprig nie en 'n steen met beeldhouwerk in julle land nie opstel om julle daarby neer te buig nie; want Ek is die Here julle God. My sabbatte moet julle hou en my heiligdom ontsien. Ek is die Here. As julle in my insettinge wandel en my gebooie hou en dit doen, sal Ek julle reëns gee op

die regte tyd, en die land sal sy opbrings gee, en die bome van die veld sal hulle vrugte gee.” Levitikus 26:1-4 (AFR53)

Die heidense nasies het steeds reën gekry omdat die genade van God reën gee aan die regverdiges en die onregverdiges, maar vir heidense nasies kom dit nie op sy tyd nie. Wanneer God se volk in heidense streke woon, word hulle deur dieselfde weerpatrone geraak. Dit is een van die vele redes waarom die keuse om in groot stede van ongelowiges te woon, ongewenste uitdagings meebring.

Die sewe jaar lange hongersnood in Egipte en Kanaän was 'n waarskuwing van groter rampe wat sou kom omdat hierdie nasies geweier het om die ware God van die hemel te eer, Sy beskerming te ontvang of God se gebooe en insettinge te onderhou. Die verbreking van Sy wet sou uiteindelik gevolge op die omgewing hê. God het hierdie gevolge teruggehou, maar Hy wou nie Sy genade op hulle afdwing in die aangesig van hulle voortdurende verwerping nie.

Wat het die Egiptenare gedoen wat die land beïnvloed het? Hulle het die dinge wat hulle gode gedoen het, nageboots. Die gode van Egipte was baie, maar die eerste god van die Egiptenare was Atum.

In die begin was daar niks (Nun). 'n Hoop aarde het uit Nun verrys en daarop het Atum homself geskep. Hy het Shu (lug) en Tefnut (vog) uit sy mond gespoeg. Atum se twee afstammelinge het van hom geskei geraak en verlore geraak in die donker niks, so Atum het sy “Oog” gestuur om na hulle te soek ('n voorloper van die “Oog van Ra”, 'n bynaam wat op verskillende tye aan baie gode gegee is). Toe hulle gevind is, het hy Shu die naam “lewe” gegee en Tefnut die naam “orde” en hulle saamgeveg.

Atum het moeg geword en wou 'n plek hê om te rus, daarom het hy sy dogter Tefnut gesoen en die eerste heuwel (Iunu) geskep wat uit die waters van Nun verrys. Shu en Tefnut het geboorte gegee aan die aarde (Geb) en die lug (Nut) wat op hul beurt geboorte gee aan Osiris, Isis, Set, Nephthys en Horus, die ouer een. In latere weergawes van die mite produseer Atum Shu en Tefnut deur

masturbasie en verdeel Geb en Nut omdat hy jaloers is op hul voortdurende paring.

Sy kreatiewe aard het twee kante. In die “Book of the Dead” sê Atum vir Osiris dat hy uiteindelik die wêreld sal vernietig, en alles weer sal onderdompel in die oerwaters (Nun), wat al was wat aan die begin van tyd bestaan het. In hierdie nie-bestaan sou Atum en Osiris in die vorm van slange oorleef.¹⁵

As gevolg van die beginsel om te word wat jy aanskou, is dit nie moeilik om die effek te onderskei van die geloof dat die primêre god masturbeer om dinge te skep. Die idee dat Isis en Osiris broer en suster was wat getrou het, het die voorbeeld van bloedskande bygevoeg. Terwyl die meerderheid gewone mense nie binne die familie getrou het nie, het baie koninklike familieleden dit wel gedoen. Voeg hierby die gedagte van die skeppergod wat jaloers is op twee van sy kinders wat voortdurend kopuleer en dit is nie moeilik om die seksuele ontaarding van Egipte waar te neem nie. Die Egiptiese kultuur was grootliks gekant teen egbreuk, maar voorhuwelikse seks was alledaags en maagdelikheid het geen betekenis vir hulle gehad nie.

Daar is ook bewyse van aborsie wat beoefen is en dat die Egiptenare 'n antieke vorm van pornografie in hul kuns en tekeninge vertoon het.

Ons hoef geensins te twyfel oor die seksuele aktiwiteite van die Egiptenare nie, want God sê vir die Israeliete om nie die seksuele aktiwiteite van die Egiptenare na te boots nadat hulle Egipte verlaat het nie.

“Sê vir jou volk, die Israeliete: Ek is die Here julle God. Moenie maak soos die Egiptenaars by wie julle gewoon het of soos die Kanaäniete na wie toe Ek julle neem nie. Moenie hulle manier van lewe navolg nie.” Levitikus 18:2-3

Die lys aktiwiteite wat in die res van die hoofstuk gelys word, vertel jou wat beide die Egiptenare en Kanaäniete gedoen het:

¹⁵ <https://ancientegyptonline.co.uk/atum/>

1. Bloedskande met enige familielid – Lev 18:6-17
2. Poligamie – Lev 18:18
3. Seks tydens menstruasie – Lev 18:19
4. Owerspel – Lev 18:20
5. Kinderoffers – Lev 18:21
6. Homoseksualiteit – Lev 18:22
7. Bestialiteit – Lev 18:23

Soos ons voorheen aangehaal het, sal hierdie aktiwiteite alleen daartoe lei dat die aarde natuurrampe meebring.

“Moenie julleself onrein maak op enige van hierdie maniere nie, want dit is hoe die mense wat Ek uit die Beloofde Land verdryf, hulleself onrein gemaak het. Die hele land is deur hulle verontreinig. Dit is waarom Ek die mense wat daar woon, straf. Binnekort sal die land hulle opgooi.” Levitikus 18:24-25

Hierdie vers word aangehaal uit die Nuwe Lewende Vertaling omdat dit duidelik wys dat die *land hulle (die mense wat daar woon) sal opgooi* (uitbraak – sien KJV).

Voeg by hierdie gruwels die slawerny van die Israelitiese nasie wat moord, slae en wreedheid oor 'n tydperk van meer as tweehonderd jaar behels het, en die aarde was gereed gemaak om sy bewoners uit te braak. Net soos gedurende die tyd van die sondvloed, kon God die einde van Egipte sien nader kom as gevolg van al hulle gruwels.

Hy het die aarde gesien: dit was korrup, elke mens op aarde se lewe was verrot. Toe sê God vir Noag: “Ek het besluit om 'n einde te maak aan alle mense, want deur hulle toedoen is die aarde vol geweld. Ek gaan hulle saam met die aarde verdelg.” Genesis 6:12-13 (Afr83)

Net soos God die aarde tydens die vloed vernietig het deur die aarde toe te laat om hulle uit te braak, sou God weer dieselfde ding in Egipte

doen. Hierdie keer is die ark van veiligheid gevind in gehoorsaamheid aan die instruksies wat aan Moses en Aäron gegee is. Soos Noag het Moses vir die volk gesê wat sal gebeur, maar hierdie keer blyk dit dat Moses eintlik die een is wat die vernietiging namens God bring.

Die Gesinsbeginsel in ons gereedskapkis herinner ons daaraan dat God Sy kinders in Egipte liefgehad het. Hy wou nie hê hulle moes sterf nie; Hy wou hulle red. Maar hoe kon God met Farao praat as Farao niks van God se weë geweet het nie? God kon net met Farao praat op 'n manier wat hy verstaan het. Die Egiptenare het buite God se gebooie gewandel. Hulle het dalk die ware God geken deur Josef, wat na hulle gestuur is. Maar hulle het in opstand gekom en rampspoed oor hulleself gebring.

Ons Vader in die hemel kon dalk bloot net die winde van vernietiging wat in die aarde gebind was, vrylaat, maar selfs in hierdie proses wou Hy ten minste sommige van hulle help om hul fout in te sien, om hulle te bekeer en hulle na die lig te draai.

Die wonder van die staf wat in die slang verander het, het 'n boodskap direk aan Farao gestuur. Hy het sy land se legende geken oor hul skeppergod, Atum, wat 'n slang geword het nadat hy die wêreld vernietig het en dit net na water teruggebring het. Was hier nie 'n boodskap vir Farao nie?

Dit was onmoontlik vir God om vir Farao te sê – “My liewe seun, jou nasie se lewenstyl gaan jou uitwis, bekeer jou, asseblief en draai terug na My toe en Ek sal jou vergewe en jou land genees.” God kon net die taal praat wat Farao verstaan het; Hy kon net die gedagtes van Farao weerspieël in die hoop dat hy, soos Abraham, deur sy misverstand, in 'n beter verhouding met God geplaas word, en Egipte se rampspoed so veel as moontlik verminder word.

Daar is 'n baie dieper betekenis in die staf wat in 'n slang verander word. Ons keer weereens terug na die boek Openbaring om die vers te oorweeg wat gepraat het van Christus wat geestelik gekruisig is in Sodom.

...en hulle lyke sal lê op die straat van die groot stad wat geestelik genoem word **Sodom en Egipte, waar ook onse Here gekruisig is**.
Openbaring 11:8 (AFR53)

Christus is ook in Egipte gekruisig. Christus is deurboor in alles wat Israel gely het onder die uitmergelende tirannie van Egipte sowel as in die seksuele perversie en kinderooffers wat gedoen is, net soos in Sodom. Maar die grootste hartseer vir Christus was toe Egipte vernietig is en baie mense en diere gesterf het. Dit was 'n marteling vir Christus wat teer vir elkeen van Sy kinders sorg.

Net soos Moses die slang in die woestyn verhoog het, só moet die Seun van die Mens verhoog word. Johannes 3:14

Die primêre betekenis van hierdie vers is toe Moses 'n koperslang gemaak en dit op 'n paal opgelig het. Wanneer die mense na die slang gekyk het, sou hulle lewe. Christus het Homself vergelyk met daardie slang wat op die paal opgerig is. Maar op 'n ander vlak het Moses 'n slang in die woestyn aan die stert gevang en hy het dit opgelig en dit het weer in 'n staf verander. (Ex 4:4). Kan hier 'n verband wees?

Elke wonderwerk en plaag wat Moses gedoen het, was deur die staf wat in 'n slang verander het:

Môre-oggend, wanneer die farao afgaan na die rivier toe, moet jy met hom gaan praat. Gaan staan langs die rivier en wag vir hom daar. **Vat die herderstok wat in 'n slang verander het saam met jou**. Eksodus 7:15

Farao het die simboliek van die staf in die hand van Moses en Aäron geken, want hy het gesien hoe die staf in 'n slang verander en dan weer in 'n staf.

Moses en Aäron het met die farao gaan praat. Hulle het net so gemaak soos die Here vir hulle gesê het. Aäron het sy herderstok voor die farao en sy hofamptenare neergegooi en dit het in 'n slang verander. Eksodus 7:10

Ons sien in die eerste plaag dat die staf wat opgelig is dieselfde een was wat in 'n slang verander het.

Moses en Aäron het toe presies net so gemaak soos die Here vir hulle gesê het. Terwyl die farao en al sy amptenare staan en kyk, **het Moses sy stok gevat en op die water van die rivier geslaan.** Al die water in die rivier het toe in bloed verander. Eksodus 7:20

Die staf word as simbool in die Bybel vir Christus gebruik.

En daar sal 'n staf uitkom uit die stam van Isai, en 'n loot sal uit sy wortels uitspruit; En die Gees van die HERE sal op hom rus, die Gees van wysheid en verstand, die Gees van raad en sterkte, die Gees van kennis en van die vrees van die HERE; en hy sal hom 'n vinnige verstand maak in die vrees van die HERE; en hy sal nie oordeel na die aanskoue van sy oë nie, en nie tereg wys na die aanhoor van sy ore nie. Maar met geregtigheid sal Hy die armes oordeel en die sagmoediges van die aarde met billikheid bestraf; en **Hy sal die aarde slaan met die staf van sy mond, en met die asem van sy lippe sal Hy die goddelose doodmaak.** Jesaja 11:1-4 (CAB23)

Die verhaal van die plaë verbind ons met die woorde van Jesus dat, net soos Moses die slang opgehef het, so moet Christus verhoog word, wat Sy kruisiging aandui.

Hoe verbind ons hierdie simboliek van die Kruis aan Moses wat die staf oplik en verwoestende plaë oor Egipte bring? Eerstens, toe Jesus aan die Kruis gesterf het, word dit deur die meeste verstaan dat God hierdie offer geëis het vir Sy geregtigheid om bevredig te word. Die waarheid is dat Jesus nie deur mense wat deur God geïnspireer is, geoffer is nie, maar dat Jesus deur sondige mense vermoor is om bloot van hom ontslae te raak. Op 'n soortgelyke manier, terwyl God blykbaar die een is wat die Egiptenare vernietig, is dit eintlik die werk van sondige mense wat die aarde beskadig het, bygestaan deur gevalle engele.

Tweedens, soos ons voorheen gesê het, kom alle lewe deur Christus van die Vader.

Maar vir ons almal wat deur God geroep is, Jode sowel as Grieke, is die gekruisigde **Christus die magtige kragwerking van God** en die wonderlike wysheid van God. 1 Korinthiërs 1:24

Een ding het God gespreek, twee is dit wat ek gehoor het: dat **die sterkte aan God behoort**; Psalms 62:11

Alle krag om te skep en te vernietig kom van God, maar vernietigende krag manifesteer eers wanneer God Sy aangesig verberg en toelaat dat Sy Seun gekruisig word. Wanneer God Sy aangesig verberg, neem Satan beheer oor die krag in Christus en gebruik dit om vernietiging te bring. Die staf word 'n slang wanneer Christus uit die hand van God op die grond val. Hy word verwerp en so val Hy en “slaan die aarde” met die staf.

Dit is wat in die tuin van Getsemane gebeur het.

Hy het toe 'n entjie verder **neergeval en met sy gesig plat teen die grond** gebid ... Matteus 26:39

Christus wat nerval as gevolg van die sondelas – wat beteken om die verbintenis met en die beskerming van Sy Vader te verloor – is wanneer Hy Satan toelaat om te doen wat hy aan Hom wil doen. Wat gebeur wanneer Jesus op die grond val, word geopenbaar deur Sy woorde aan die gepeupel wat Hom kom doodmaak het:

“Ek was daagliks saam met julle in die tempel, en tog het julle My nie gearrester nie. **Maar hierdie is nou julle tyd, die tyd van die mag van die duisternis.**” Luke 22:53

Die Joodse leiers en Romeinse soldate wat Jesus gekruisig het, het almal die lewensasem van Christus self ontvang. Dit was die krag van Christus in die Romeinse soldate wat die spykers deur Sy hande en voete gedryf het. Hier sien ons duidelik hoe die staf in 'n slang verander word. Dit is die krag van Christus in die soldate onder die beheer van Satan, daardie ou slang, wat die werk van vernietiging doen.

Ons moet al hierdie beeldspraak na die verhaal van die plaë bring, want die boek Openbaring vertel ons dat Christus geestelik in Egipte gekruisig is. Maar die Bybel bied ons meer as dit:

Want Ek is die Here jou God, die Heilige van Israel, jou Redder. Ek gee **Egipte, Kus en Seba as 'n losprys vir jou vryheid.** Jesaja 43:3

Selfs Ek, die **Seun van die Mens**, het immers nie gekom om gedien te word nie, maar om diens te lewer en so selfs **my lewe te gee as 'n losprys vir baie mense.**" Markus 10:45

Om Israel uit slawerny te red, moes God toelaat dat Sy Egiptiese kinders verwoes en in baie gevalle doodgemaak word. Die dood van die eersgeborenes van die Egiptenare is 'n simbool van die eersgebore Seun van God, gekruisig as 'n losprys sodat ons vry kan gaan. Net soos die Christendom glo dat God die dood van sy Seun vereis het om ons toe te laat om vry te gaan, so sien ons in die moord op die eersgeborenes van Egipte dat dit waargeneem word dat God die eersgeborenes doodgemaak het sodat Israel uiteindelik vrygelaat kan word.

Ons sien dan dat die verhaal van die plaë 'n prototipe is van die verhaal van die Kruis van Christus. Jesus is in die staf opgelig, wat beteken dat Hy gekruisig is toe die krag van die slang ontketen is en verwoesting aangebring het. Dit moet ingesien word dat die hart van Christus deur sonde deurboor word; dit moet "opgehef" word – dan sal alle mense na Christus toe getrek word in sielewroeging en berou, vir genesing.

In al hierdie verwoesting was God besig om Farao op sy eie speelveld te ontmoet, want Farao kon nie anders as om te wonder of Atum, die skeppergod van die Egiptenare, Egipte verwoes terwyl hy homself in 'n slang verander. Farao se probleem was dat die staf in die hande van Moses was, wat beteken dat Farao uiteindelik gedwing sou word om 'n hoër God te erken as wat hy bereid was om te aanvaar.

Deur die beginsels van die Karakter van die Evangelie, die Vloek van die Aarde, die Spieëlbeginzel en die Ware Kruis toe te pas, hoop ons dat jou denke geopen is om na die plaë te kyk sonder die donker sluier van menslike begrip.

Nog 'n idee omtrent die Kruis wat ons moet oorweeg, is dat die meeste mense in Israel nie Jesus as die Messias aanvaar het nie. Hulle het 'n ongeloof in Hom geopenbaar wat ernstige gevolge sou hê. Dieselfde het in Egipte gebeur.

HOOFSTUK 20

‘N HARDKOPPIGHEID OM NIE TE LUISTER NIE

In hoofstuk 18 het ons gekyk na die ongeloof wat Abraham geopenbaar het toe die land belowe is aan hom en sy nageslag wat soos die sterre van die hemel sou wees. Die teken van die besnydenis is eintlik gegee om Abraham se gebrek aan geloof te akkommodeer. God ontmoet Abraham waar hy is en gee hom die besnydenis as 'n teken van geloof – ‘n teken dat God sal doen wat Hy gesê het. Daarom is dit vir God 'n teken van ongeloof, maar vir mense was dit 'n teken van geloof.

Ongeloof deurboor die hart van God. Dit is 'n duidelike wantroue in Hom en Sy liefde. Abraham se ongeloof is 'n bewys van die vleeslike denke wat in vyandskap met God is. Ons dink ons is nie in vyandskap met Hom nie, maar in werklikheid is ons.

In die tyd van Moses vind ons dieselfde ongeloof gemanifesteer:

“Gaan nou! Ek stuur jou na die farao toe. Jy moet my volk, die Israeliete, weglei uit Egipte uit.” “Maar wie is ek dan om voor die farao te verskyn?” het Moses vir God gevra. “Hoe kan U dit van my verwag om die Israeliete uit Egipte weg te lei?” Eksodus 3:10-11

Moses se woorde “Hoe kan U dit van my verwag...” bevat die onderliggende sentiment: “Jy maak seker 'n fout, want jy het verkeerd gekies.” Dit was nie die bedoeling van Moses nie, maar dit is die effek. Die Here bied 'n aantal versekerings aan Moses, wat aandui dat God hom sal help. Maar steeds word Moses met twyfel geteister.

Toe antwoord Moses en sê: Maar as hulle my nie glo en na my stem nie luister nie, maar sê: Die Here het nie aan jou verskyn nie?”
Exodus 4:1 (AFR53)

Na hierdie derde protes van Moses gaan die Here voort om vir Moses 'n teken te gee. Die behoefte om vir Moses 'n teken te gee is 'n bewys van ongeloof. Soos ons voorheen oorweeg het, gee die Here aan Moses die teken van die staf wat in 'n slang verander, gevolg deur die hand van Moses wat in melaatsheid verander. Toe het die Here die volgende gesprek:

“As die eerste teken hulle nie oortuig het om jou woord te glo nie, dan sal hierdie tweede een hulle oorreed,” het die Here gesê.
Eksodus 4:8

Moses en Aäron het na Egipte gekom en die tekens voor die Israeliete gewys, en hulle het geglo, net soos die Here gesê het.

Aäron het vir hulle van alles vertel wat die Here vir Moses gesê het. Terwyl hulle toekyk, het Moses die tekens gedoen. Die leiers was dadelik oortuig dat die Here Moses en Aäron gestuur het. Hulle het almal hulle koppe gebuig en op hulle knieë gegaan toe hulle hoor dat die Here bekommerd is oor Israel en hulle ellende raakgesien het. Eksodus 4:30-31

Alhoewel dinge goed begin het, was dit nie lank voordat ongeloof by die Israeliete opgeduik het nie. Nadat Farao geweier het om die volk te laat gaan, het hy die volk gestraf weens die Sabbatshervormings wat Moses na die volk probeer bring het. Farao het geëis dat die volk stene maak teen dieselfde tempo as voorheen, sonder voorsiening van strooi. Toe die Hebreeuse voormanne nie dieselfde kwota kon handhaaf nie, is hulle gestraf. Die volk het natuurlik teen Moses gedraai:

Omdat hulle steeds elke dag dieselfde hoeveelheid stene soos vantevore moes maak, het die Israelitiese opsigters gesien dat daar groot moeilikheid kom. Toe hulle van die farao af weer buite kom, het Moses en Aäron daar vir hulle gestaan en wag. Die opsigters sê vir hulle: “Die Here sien wat julle aangevang het. Hy sal julle straf vir die gemors waarin julle ons by die farao en sy mense laat beland het. Julle het hulle rede gegee om ons dood te maak.” Eksodus 5:19-21

Die vertroue van die Israeliete het soos mis voor die son verdwyn en meegebring dat Moses benoud geraak het as gevolg van die gebeurte. Ons merk op dat Moses nederig sy private gesprek met God neerskryf en aan ons die stryd in sy hart openbaar.

Moses het na die Here toe teruggegaan en by Hom gekla: “Here, hoekom maak U so lelik met u eie mense? Waarom het U my dan gestuur? Vandat ek by die farao gekom het om vir hom te sê wat U van hom eis, het hy hierdie volk net al slegter behandel. U het nog nie ‘n ding gedoen om u volk te red nie!” Eksodus 5:22-23

Ons durf nie oordeel teen Moses uit te spreek nie, want ons word almal tot moedeloosheid versoek wanneer dinge nie verloop volgens ons wil nie. Maar ons sien die wantroue van Moses in God wat in hierdie woorde uitgedruk word, en hierdie wantroue het implikasies.

Ons Vader in die hemel werk tederlik met Moses en herinner hom aan die verbond met Abraham, Isak en Jakob, en maak dan sewe beloftes aan Moses wat die verbond herbevestig, met beloftes van seën, en weereens verklaar Hy dat Hy die volk van die Egiptenaars sal verlos en hulle in die beloofde land sal bring, en hulle God sal wees.

Wanneer Moses hierdie boodskap getrou aan die Israeliete oordra, reageer hulle negatief:

Moses het dit alles net so aan die Israeliete oorgedra. Omdat hulle moedeloos was oor die harde werk, wou hulle nie na Moses luister nie. Eksodus 6:9

As jy van tirannie bevry word, hoekom sal jy dit in ongeloof van die hand wys? Een rede kan wees dat hulle hul slawerny op God geblameer het. Die waarheid van die saak is dat baie in Israel die gebruike en lewenstyl van die Egiptenare geassimileer het. Baie het die Sabbat en ander insettinge van God prysgegee.

Nadat hulle hierdie voorskrifte versaak het, het hulle hulself blootgestel aan Satan se skelmstreke om die vrese van die Egiptenare aan te wakker en hulle tot slawerny te dwing. Die moeilike omstandighede was die gevolg van hul eie optrede. Maar as mens het hulle nie verantwoordelikheid geneem nie, maar die probleem op God geprojekteer.

As Moses probleme ondervind om in God te glo en die Israeliete weier om in die beloftes van God te glo, watter effek sou dit op die Egiptenare hê? As die Israeliete hulle hart verhard het teen wat God hulle aangebied het, kan dit moontlik ook Farao se hart tot hardvogtigheid beïnvloed?

As jy nie glo nie, is dit onmoontlik om God tevrede te stel. Wie tot God wil nader, moet glo dat Hy werklik dáár is en dat Hy dié wat na Hom soek, beloon. Hebrews 11:6

Daar was byna niemand in Israel wat geglo het dat God hulle sou verlos nie. Moses het eers geworstel met sy geloof, maar sy geloof het mettertyd sterker geword en daarom het hy basies alleen gestaan in sy geloof dat God hulle sou verlos. Moses maak blykbaar die verband tussen Israel se gebrek aan geloof en die potensiaal vir Farao om te twyfel.

“Gaan praat weer met die koning van Egipte dat hy die Israeliete uit sy land moet laat weggaan.” “Maar, Here,” het Moses geprotesteer, “die Israeliete luister nie eers na my nie, hoe sal die farao dan na my luister? Ek struikel oor my woorde!” Eksodus 6:11-12

Die Israeliete se algehele gebrek aan geloof, tesame met die feit dat hulle Moses vir hulle probleme blameer het, sou die versoek wat Moses na

Farao gebring het, beïnvloed het. Eerder as om vol selfvertroue en moed te wees, moes hy worstel teen twyfel en teleurstelling in sy versoek.

God het van die begin af vir Moses gesê (Eksodus 3:19) dat Farao nie sou luister nie, maar hoeveel van Farao se weerstand was gekoppel aan Israel se weerstand om te glo?

Terwyl die Gees van Christus na al die Israeliete in Egipte uitgereik het, moes Hy hulle teëstand en gebrek aan geloof trotseer. Groot was Sy hartseer dat feitlik niemand Hom geglo het nie. Israel is beveel om die Paaslam te offer. Dit was 'n gepaste simbool van wat hulle aan Hom gedoen het.

Net soos in die geval van die besnydenis, het God iets wat ongeloof geopenbaar het, geneem en dit in 'n teken van geloof verander. Op dieselfde manier gee God die offer van die Pasga, wat 'n simbool was van die ongeloof van die Israeliete wat Christus deurboor het, en verander dit vir hulle in 'n simbool van beskerming en bevryding. Kyk net hoe geduldig, liefdevol en vergewensgesind is ons Vader in die hemel.

Die belangrikste om hier op te let is dat die offer van die lam nie 'n verdienstelike optrede deur die Israeliete was om hulle te red nie, selfs al het hulle gedink dat dit die geval is. Die offer is gebring in geloof, so was die offer van die lam 'n manier om die mense in die kanaal van gehoorsaamheid te bring wat God toegelaat het om hulle te beskerm.

Die mense het nie besef dat die geslagte lam 'n simbool was van wat hulle ongeloof aan Christus doen nie. Maar al het hulle nie verstaan nie, het God hulle tog gered van die vernietiger van die eersgeborenes. Ons sal later die vernietiger verder bespreek. Die punt wat ons hier stel, is dat die mens na God beweeg in 'n raamwerk van misverstand van wat werklik aangaan, maar God gebruik hul denke waar hulle is, om hulle in 'n dieper verhouding met Hom te bring.

Die gebrek aan geloof van die Israeliete sou daartoe lei dat almal van hulle wat 20 jaar oud en ouer was, in die woestyn sterf, behalwe Kaleb en Josua. Dit is die ongelukkige werklikheid van ongeloof. Nie een van

die volwassenes wat Egipte verlaat het, het in die beloofde land ingekom nie, want nie een van hulle het geglo nie, behalwe Moses en Aäron gevolg deur Kaleb en Josua.

Wat sou gebeur het indien die Israeliete God geglo het? Sou dit Farao beïnvloed het? As die hele Israel in geloof vir Farao gebid het, sou dit 'n verskil gemaak het en kon die plaë vroeër opgehou het? Ons kan nie met sekerheid sê nie. Hoe dit ook al sy, die vernietiging van Egipte was nie net te wyte aan die boosheid van die Egiptenare terwyl die Israeliete onskuldig was nie. Soos in die verhaal van Lot en sy gesin wat uit Sodom geneem is, was dit nie omdat hulle regverdig was dat hulle gered is nie, wat die punt beklemtoon dat God nie die Israeliete meer liefgehad het as die Egiptenare nie. Nietemin, soos Lot het die Israeliete uiteindelik besluit om te doen wat Moses gevra het en God kon daarmee werk. Maar nie een van hulle het iets gedoen om gered te word nie.

Al hierdie dinge het met hulle gebeur as 'n voorbeeld vir ons, en is neergeskryf om ons te waarsku – ons wat hier teen die einde van die wêreldgeskiedenis leef. Daarom – as julle dink julle staan sterk, moet julle oppas dat julle nie ook tot 'n val kom nie. 1 Korinthiërs 10:11-12

Terwyl ons die laaste tonele van die aarde se geskiedenis nader, kom ons voor 'n soortgelyke situasie te staan. Die konings van die aarde wil die bevolkings van die wêreld regeer en hulle onderdanig hou aan hul doelwitte. Vir die Here om sy volk te red, sal die wêreld deur sewe laaste plaë gaan sodat hierdie verlossing bewerkstellig kan word.

Hoe sal ons op hierdie gebeure reageer? As ons van hulle ongeloof lees, besef ons ons eie potensiaal om dieselfde dinge te doen? Sal ons God vra om hulp, om in geloof aan Hom vas te hou, of sal ons vergeet dat ons net soos Israel is en twyfel soos hulle?

Ons gesindheid sal 'n uitwerking hê op die leiers van die wêreld en diegene rondom ons. Mag ons glo dat ons Vader ons sal verlos. Mag 'n beter begrip van hoe God in die verlede gewerk het, ons wysheid gee om dit wat kom, die hoof te bied.

Ons sal swaarkry en moeilikheid ondervind, maar Hy sal ons nooit verlaat of in die steek laat as ons ons vertrouwe in Hom stel en in Sy gebooie wandel nie.

HOOFSTUK 21

MUUR VAN BESKERMING

Voordat ons die besonderhede van elke Egiptiese plaag kan bestudeer, moet ons God se beginsels oor die muur van beskerming vasstel. In hoofstuk 19 het ons duidelik gewys dat die Egiptiese lewenstyl heeltemal buite God se gebooie was. Slegs wanneer ons na God se woord luister, kan ons ten volle deur Hom beskerm word.

’n Son en skild is die Here God. Die Here gee genade en eer. Hy sal die goeie nie weerhou van hulle wat doen wat reg is nie. Psalm 84:12

U is my toevlug en beskermmer; ek vertrou op u woord. Psalm 119:114

Want U seën die vromes, Here, u genade beskerm hulle soos ’n skild. Psalm 5:13

Job het die Here liefgehad en vereer. Hy het Sy gebooie onderhou want die Bybel sê hy was onberispelik.

Daar was ’n man met die naam Job. Hy het in die land Us gewoon. Hy het onberispelik geleef en was ’n man met integriteit. Hy het God gedien en nie die verkeerde gedoen nie. Job 1:1

Toe Satan met sy beheer oor die aarde gespog het, het God hom herinner aan Job, waarna Satan gekla het oor die muur van beskerming rondom hom.

Die Here vra toe vir die aanklaer: “Het jy vir Job opgemerk? Hy dien My. Daar is nie nog iemand soos hy nie. Hy lewe onberispelik. Hy is ’n mens met integriteit. Hy aanbid My en vermy die kwaad.” Die aanklaer sê toe vir die Here: “Ja, dit is so. Job dien die Here. Maar hy het goeie rede om dit te doen! **U het hom, sy huisgesin en sy eiendom nog altyd net beskerm.** En U het hom voorspoedig gemaak in alles wat hy aanpak. Kyk net hoe ryk is hy! Job 1:8-10


Elke mens wat in die gebooe van God wandel het 'n muur van beskerming om hom. Diegene wat die gebooe oortree skep openinge in die muur van beskerming wat vereis dat engele in daardie openinge staan. Hierdie engele word gestuur in antwoord op die gebede van God se vertrouende kinders. Ons lees op baie plekke van hoe Moses by die Here gepleit het om Israel te red tydens hulle woestynomswerving.

Die Here wou hulle verdelg, maar Moses, sy uitverkorene, het by Hom vir hulle in die bres getree om sy gramskap af te keer, sodat Hy hulle nie vernietig [Hiph'il] het nie. Psalm 106:23 (Afr83)

Die Bybel beskryf God se toorn sodanig dat dit klink of Hy oorweeg om hulle te vernietig. Dit is geprojekteerde taal om uit te druk dat God gedink het om toe te laat dat die openinge wat deur Israel geskep is, oop bly, sodat Satan inkom en die mense vernietig. Dit word getoon deur die gebruik van die *Hiph'il* werkwoordvorm wat voorsiening maak vir 'n permissiewe konteks. Soos ons gesien het, wys God Sy woede deur Sy aangesig te verberg en dinge toe te laat om te ontvou sonder Sy genadige ingryping. In die geval van Israel het Moses in die opening gestaan en gebid en so engele gebring om die mense te beskerm teen Satan se vernietigende mag.

Die Bybel vertel ons duidelik wat gebeur wanneer God se woord verwerp word.

Daarom antwoord die Heilige van Israel self: “**Julle het my waarskuwing geïgnoreer**, en eerder vertrou op leuens en bedrog. Daarom sal rampe skielik oor julle kom. **Dit sal wees soos ’n muur wat oorhang en dreig om om te val. En dan skielik, onverwags, sal dit inmekaarstort.** Jesaja 30:12-13



Wetteloosheid laat die muur van beskerming dreig om om te val, wat openinge skep wat deur gebed en engele se skanse gevul moet word.

'n Vroeë voorbeeld van wetteloosheid wat openinge in die muur veroorsaak, is die verhaal van Er, die seun van Juda.

Juda het sy oudste seun Er laat trou met Tamar. Maar Er, Juda se oudste, was in die oë van die Here 'n slegte man, en die Here het hom laat sterf. Genesis 38:6-7 (Afr83)

Die Bybel sê dat Er 'n slegte man was. Goddeloosheid is wetteloosheid. Die Bybel sê nie vir ons met watter goddeloosheid Er besig was nie. Ons word eenvoudig vertel dat God Er doodgemaak het omdat hy 'n slegte man was.

Ons word nie vertel hoe Er doodgemaak is nie, maar wanneer ons in die gesig van Jesus kyk, sien ons dadelik 'n konflik met die idee dat God hierdie goddelose man letterlik en direk doodmaak. As ons hierdie verhaal vergelyk met die verhaal van die dood van Saul, kry ons 'n duideliker beeld van wat "die Here het hom laat sterf" eintlik beteken.

Saul is dood omdat hy ontrou aan die Here was. Hy het nie die Here se opdrag gehoorsaam nie, en het selfs leiding by iemand gaan soek wat geeste oproep. Hy het nie die Here geraadpleeg nie. **Daarom het die Here hom doodgemaak** en die koningskap aan Dawid seun van Isai gegee. 1 Kronieke 10:13-14

In hierdie verhaal word ons vertel hoe Saul gesterf het:

Die geveg het baie swaar rondom Saul geword, en die Filistynse boogskutters het hom gesien en raakgeskiet. Saul het vir sy wapendraer gesê: "Trek jou swaard uit en steek my dood voor hierdie heidense Filistyne kom en my verneder." Maar sy wapendraer was baie bang en wou dit nie doen nie. **Toe vat Saul sy eie swaard en val daarin.** 1 Kronieke 10:3-4

Deur 'n medium te raadpleeg, het Saul 'n opening in die muur van beskerming gemaak. God was nie in staat om Saul te beskerm soos Hy voorheen gedoen het nie. Toe Saul gewond is en dit gelyk het of die

geveg verlore was, het Saul sy wapendraer gevra om hom dood te maak, maar hy het geweier. Saul het toe selfmoord gepleeg deur op sy swaard te val. Hoe het God Saul doodgemaak? Deur die gevolge van sy eie besluite toe te laat. Die stelling dat God Saul doodgemaak het, is 'n projeksie op God wat Hom verantwoordelik maak vir Saul se dood. Dit is net waar in die sin dat God toegelaat het dat Saul homself doodmaak, maar dit is omdat God Saul se besluite gerespekteer het, en nie omdat Hy vir Saul in 'n hoek gedruk het om hom dood te maak nie.

Moet ons God verantwoordelik ag vir Saul se opstandige optrede teen Hom? Die antwoord *moet* voor die hand liggend wees, maar dit is nie 'n antwoord waarvan ons hou nie. Die menslike hart is vol van Adam se natuur om God te blameer vir sy eie besluit om te eet van die verbode vrug, en hierdie verhaal vang dieselfde essensie vas in die toeskryf van die verantwoordelikheid aan God.

Dieselfde patroon moet geld vir die verhaal van Er. Die Bybel sê Er was goddeloos, en die Psalmdigter vertel ons wat die goddelose doodmaak.

Die onheil maak die goddelose dood; en die wat die regverdige haat, moet daarvoor boet. Psalm 34:22 (AFR53)

Die Bybel vertel die verhale van baie manne wat gedoen het wat verkeerd is in die oë van die Here, maar ons word nie vertel dat die Here hulle doodgemaak het nie. Hulle eie bose daade het hulle vernietig. God toon nie partydigheid nie, maar behandel alle mense dieselfde. (Jakobus 2:9). Dieselfde beginsel wat vir Er geld, geld ook vir sy jonger broer Onan wat die Bybelse wet oortree het (Deuteronómium 25:5-6) dat 'n jonger broer nageslag moet verwek tot eer van sy ouer broer as hy sou sterf.

Toe sê Juda vir Onan: Gaan in by jou broer se vrou en trou met haar en verwek vir jou broer nageslag. En Onan het geweet dat die saad nie syne sou wees nie; en toe hy by sy broer se vrou ingaan, het hy dit op die grond gestort, sodat hy nie vir sy broer saad sou gee nie. En die ding wat hy gedoen het, was verkeerd in die oë van die HERE; daarom het Hy hom ook gedood. Genesis 38:8-10

Deur te weier om sy oorlede broer te eer, het Onan buite die muur van beskerming getree. Sy selfsug het hom na Satan se ryk gelei, wat tot sy vernietiging gelei het. Op 'n hoër vlak oorweeg ons die besluit van Juda om met 'n Kanaänitiese vrou te trou. Sy familiegeskiedenis, die moeite wat Abraham gedoen het om 'n vrou vir Isak te verseker, die pogings van Jakob om met 'n vrou binne dieselfde familiestruktuur te trou – alles het vir Juda verlore gelyk. Sy seuns is dus beïnvloed deur die lewenstyl van sy Kanaänitiese vrou wat haar hele lewe lank 'n afgodsdienaar was. Er het nie in 'n vakuum goddeloos geword nie; daar was invloede wat hom in hierdie rigting gelei het. Al hierdie dinge fasiliteer oortredings wat tot die dood lei.

God word verantwoordelik gehou vir die dood van Er, Onan en Saul, maar aangesien ons weet dat Jesus nooit mense doodgemaak het nie en God se gebooie sulke dinge verbied, word ons gelei om te sien dat hierdie sterftes 'n opening in die beskermingsmuur was wat die bese toelaat het om die goddelose dood te maak.

Dit word weereens getoon deur die feit dat in elk van hierdie gevalle die *Hiph'il* werkwoordvorm gebruik word om die Here se optrede teenoor elkeen van hierdie manne, Er, Onan en Saul, te beskryf. In die lig van die karakter van Christus moet ons die konteks van hierdie verhale bepaal aangesien God hierdie mans toegelaat het om te sterf as gevolg van hul eie optrede.

Ons gaan nou na die boek Eségiël, wat praat van korrupsie in Israel se leierskap. Kom ons kyk noukeurig na die proses wat gelei het tot hulle vernietiging deur Babilon.

“Die regeerders in die land sweer saam en is soos brullende leeu op vangste uit. [1] Hulle vreet mense op en vat die rykdom en kosbaarhede vir hulleself, hulle maak baie vrouens in die land weduwees. Die priesters in die land [2] doen my wet geweld aan en hulle ontwy wat aan My gewy is. [3] Hulle maak nie onderskeid tussen wat gewyd en wat nie gewyd is nie, en hulle ken nie die onderskeid tussen rein en onrein nie. [4] Vir my sabbatte gee hulle niks om nie. So word Ek tussen hulle oneer aangedoen. [5] Die

amptenare in die land is soos verskeurende wolwe. Hulle moor, hulle laat mense doodgaan, hulle maak oneerlike wins. Die profete in die land pleister alles toe: hulle sien gesigte wat nie daar is nie, [6] verkondig leuens as waarsêery en sê: 'So sê die Here my God,' terwyl Ek niks gesê het nie. Die burgers van die land [7] verdruk en beroof mense. Hulle buit armes en mense in nood uit en hulle verdruk die vreemdeling asof daar geen reg bestaan nie. Ek het iemand tussen hulle gesoek wat 'n muur sou bou en vir die stad in die bres sou tree dat dit nie vernietig word nie, maar Ek het niemand gekry nie. Daarom laat Ek my toorn oor hulle losbreek en vernietig Ek hulle met die vuur van my gramskap. Ek laat hulle kry wat hulle verdien [hulle wandel het Ek op hulle hoof laat neerkom],” sê die Here my God. Esegïël 22:25-31 [AFR83, woorde in hakies uit AFR53]

Die Bybel lys sewe punte wat na rampspoed lei:

1. Godsdienstige leiers trek voordeel uit mense deur te steel en te moor
2. Oortreding van die wet
3. Vermenging van gewyde en goddelose dinge
4. Ignoreer die Sabbat
5. Burgerlike leiers steel en moor, wat nie deur godsdiensteleiers terreggewys word nie
6. Verkondig leuens as waarsêery
7. Onderdrukking en mishandeling van die armes en vreemdelinge

Dit is wat die leiers van Egipte met Israel sowel as hulle eie mense gedoen het. God het gesoek na iemand om in die bres vir Egipte te tree, die wet te herstel en die band tussen God en die mense te versterk. As dit gedoen is, sou Egipte meer tyd gehad het. God het wel uitgereik na hulle, deur die opdrag om die Sabbat te hou en die versoek om 'n fees te hou.

Ons het in hoofstuk 19 die boosheid van Egipte genoem, beide in die aanbidding van hulle gode en hulle seksuele boosheid. Net soos die mense voor die vloed, en die mense van Sodom, het Egipte die aarde rondom hulle verderf.

Om die muur te bou, het God vir Moses gesê om vir Farao toestemming te vra dat hulle 'n fees mag hou. Moses het ook opdrag gekry om vir die Israeliete te sê om weer die Sabbat te begin onderhou.

Die farao het ook gesê: “Julle is alreeds meer as die inwoners van die land en nou probeer julle hulle van die werk af weghou!”
Eksodus 5:5

Die konsep om van die werk weggehou te word, verwys na rus wat eintlik Shabbat of Sabbat is. Jesus verklaar dat Hy “Here van die Sabbat” is en daarom kom die rus wat ons in Christus vind op 'n spesiale manier na ons toe op die Sabbat sowel as op feesdae. Wanneer mense die Sabbat onderhou, word hulle siele rus gegee. Wanneer mense uitrus, word die aarde self aangetas, want net soos die sondes van mense die aarde beskadig, genees die regverdige optrede van God se kinders die aarde.

Hier ontdek ons een van die redes vir die skeiding tussen die Israeliete en die Egiptenare. Deur die hervormings van Moses en Aäron het die Israeliete begin om die Sabbat te onderhou. Die vrede wat dit vir hulle gebring het, het verseker dat die aarde om hulle nie die sewe laaste plae ervaar het wat oor Egipte geval het nie. Ongelukkig het die ongelooft van die Israeliete hulle aan die eerste drie plae blootgestel.

Dit is interessant om daarop te let dat 'n deel van God se vereistes elke sewende jaar 'n rus vir die land insluit.

“Spreek met die kinders van Israel en sê vir hulle: As julle in die land kom wat Ek julle gee, dan moet die land 'n sabbat tot eer van die HERE hou. Ses jaar lank moet jy jou land saai, en ses jaar lank moet jy jou wingerd snoei en die vrugte daarvan insamel; Maar in die sewende jaar sal dit 'n sabbat van rus vir die land wees, 'n sabbat vir die HERE; jy mag jou land nie saai en jou wingerd nie snoei nie.”
Levitikus 25:2-4

Hierdie opdrag openbaar dat die aarde self by die Sabbatsbeginsel ingesluit is en rus nodig het. Wanneer mense elke sewende dag rus, raak dit ook die aarde. Die vrede wat op die Sabbat aan mense gegee is, vibreer in die aarde in, op presies die teenoorgestelde manier as hoe Kain se moord op Abel 'n skadelike vibrasie daarin geplaas het.

Die feeste is ook deel van hierdie proses, en Farao het die geleentheid gekry om deel te neem aan die opvulling van die opening in die muur van beskerming teen rampspoed – sonder om eers self daaraan deel te neem, bloot deur godsdiensvryheid toe te laat!

En hulle sê: Die God van die Hebreërs het ons ontmoet, laat ons tog 'n reis van drie dae na die woestyn gaan, en ons offer aan die HERE onse God, dat Hy ons nie tegemoetgaan met pes of swaard nie.”
Eksodus 5:3 [Vrylik vertaal uit YLT]

Ons sien die verband tussen die hou van die fees en die vermyding van pes. Dit is 'n belangrike beginsel vir ons vandag in die poging om openinge in die muur te vul wat deur wetteloosheid gemaak is. Die feeste van die Here sal verhoed dat pes en swaard ons ontmoet as ons in hierdie geseënde geleenthede wandel.

Ongelukkig het Farao geweier om God te erken, en hy sou hulle ook nie tyd gee vir die Sabbat of die fees waarvoor Moses gevra het nie. Dus het God Sy verontwaardiging en toorn oor Egipte uitgestort. Wat beteken dit? Dit beteken dat Hy Sy aangesig verberg het, soos ons vroeër ontdek het.

“Dan sal my woede teen hulle ontbrand. Ek sal hulle verlaat, my gesig vir hulle wegsteek sodat hulle agteruitgaan. In daardie tyd sal ellende en rampe hulle tref sodat hulle sal sê: ‘Hierdie swaarkry het oor ons gekom omdat God nie meer by ons is nie!’ Deuteronomium 31:17

Dit was nie meer moontlik om die openinge wat deur Egipte gemaak is, op te vul nie. God kon alles op een slag losgelaat het, maar in Sy wysheid het God stap vir stap “hulle wandel op hulle hoof laat

neerkom” sodat sommige van die mense kan wakker geskud word, berou hê en hulle tot die Here bekeer.

Terwyl ons terugdraai om elkeen van die plae te ondersoek, moet ons veral die Twee Spieëls, die vloek van die aarde, die muur van engeleskans en die Ware Kruis onthou.

1. Binne die Twee Spieël-beginsels praat God met Farao in 'n taal wat hy verstaan. God sê vir Moses in Eksodus 7:1 dat Hy Moses vir Farao soos 'n God sou laat lyk. Om vir Farao soos 'n God te lyk, moet Moses op dieselfde manier praat wat Farao praat, omdat Farao glo dat hyself 'n god is.
2. God kan en moet in harde terme met Farao praat, want die Egiptenare het die aarde deur hulle wetteloosheid verderf en die situasie raak desperaat. God hou al lankal die natuurlike gevolge terug, maar nou sal Hy dit so loslaat dat Farao vertrou in sy eie gode, sowel as in homself, verloor, sodat hy omdraai en hom bekeer.
3. Die engele is poortwagters by die vernietiging wat op die aarde val. Net soos die plae in Openbaring 16, sien ons engele wat plae loslaat deur op te hou om in die openinge van die beskermingsmure wat deur die Egiptenare gemaak is, te staan. Dit is hoe die engele “die plae in hul hande het”: dit is omdat hulle openinge in die mure vul wat deur die Egiptenare self gemaak is.
4. Die taal van die plae openbaar ook die verhaal van die Kruis. Die bloed in die eerste plaag, donderweer en weerlig in die sewende, duisternis in die negende en die dood van die eersgeborenes in die tiende, almal roep tot ons om die lyding van Christus in die lyding van die Egiptenare te sien.

Al hierdie dinge gebeur op tegelykertyd in die verhaal. Aanvanklik voel dit disoriënterend, maar dit is wyser om hierdie verhaal met ons instrumente te navigeer eerder as met ons natuurlike gevoelens. Ons moet elke woord van God sy plek in die verhaal gee; ons moet alle dinge

beproof; ons moet geduldig en getrou wees om al die stukke bymekaar te sit sodat die aangesig van Jesus en die plaë in harmonie kan kom.

Nog een ding voordat ons die plaë aanspreek. Ons moet die verharding van Farao se hart aanspreek. God het gesê Hy sal sy hart verhard en hom hardkoppig maak.

Die Here het weer vir Moses gesê: “Wanneer jy terug is in Egipte, moet jy na die farao toe gaan. Doen dan die tekens wat Ek jou geleer het. **Ek sal hom hardkoppig maak.** Hy sal weier om die volk te laat trek. Eksodus 4:21

Hoe gebeur dit eintlik? Verbeel ons ons dat God vir Farao vra om die mense te laat gaan en Farao dan doelbewus verhinder om dit te doen? So 'n idee is onmoontlik en weerspieël nie in die minste God se karakter nie.

“Julle hardkoppiges! In julle harte is julle nie-Jode. Julle is doof vir die woord van God! Moet julle alewig die Heilige Gees weerstaan? Maar julle voorouers het dit gedoen, en julle doen dit nou ook!”
Handelinge 7:51

Farao was 'n heiden en was doof vir die waarheid. Hy het harder en harder geword deur die Heilige Gees te weerstaan wat by sy gewete gepleit het om homself aan God te onderwerp. Hoe meer die Gees gepleit het, hoe harder het Farao homself gemaak om weerstand te bied. Inderdaad, God het Farao hardkoppig gemaak deur sy hart te probeer versag. En daarom kan dit ook waar wees dat Farao sy eie hart verhard het.

Maar Farao het sy hart ook hierdie keer verhard en die volk nie laat trek nie. Eksodus 8:32 (AFR53)

HOOFSTUK 22

DIE PLAIE VAN EGIPTES

Die Here het toe vir Moses en Aäron gesê: “Die farao sal van julle verwag dat julle vir hom ’n wonderteken moet doen. Jy moet dan vir Aäron sê: ‘Gooi jou herderstok voor die farao op die grond!’ Dit sal dan in ’n slang verander.”

Moses en Aäron het met die farao gaan praat. Hulle het net so gemaak soos die Here vir hulle gesê het. Aäron het sy herderstok voor die farao en sy hofamptenare neergegooi en dit het in ’n slang verander.

Die farao het toe sy wyse manne en towenaars nadergeroep. Hulle het met hulle kunsies presies dieselfde ding gedoen. Toe die manne hulle stokke neergooi, het dit ook in slange verander. Maar Aäron se slang het hulle slange ingesluk. Die farao het egter hardkoppig gebly. Hy wou nog steeds nie na hulle luister nie. Dit was presies net soos die Here gesê het dit sou gebeur. Eksodus 7:8-13

Jesus sê vir ons dat 'n goddelose geslag 'n wonderwerk soek, maar God ontmoet die goddelose waar hulle is en Hy gee aan Farao die wonder van 'n staf wat in 'n slang verander. Net God het die mag om 'n staf in 'n slang te verander. Dit was 'n wonderwerk wat diep betekenis vir Farao gehad het, want dit eggo die verhaal van die vader van die

Egiptiese gode, Atum, wat alles sou vernietig en in 'n slang sou verander.

Satan vervals die wonderwerke om vir Farao 'n verskoning te gee om die teken wat Moses en Aäron gegee het, te verontagsaam. Farao het geen geloof gehad nie, so hy sou altyd 'n manier vind om die wonderwerk wat gegee is te ignoreer, net soos die Fariseërs 'n manier gevind het om die wonderwerke van Jesus te verontagsaam en Hom dood te maak.

Die Here het ook nog vir Moses gesê: “Sê vir Aäron hy moet sy stok uitsteek in die rigting van al die plekke waar daar in Egipte water is – al sy riviere, sy kanale, sy moerasse en sy opgaarplekke. Oral in Egipte sal die water in bloed verander, selfs die water in houters en kruike in mense se huise.”

Moses en Aäron het toe presies net so gemaak soos die Here vir hulle gesê het. Terwyl die farao en al sy amptenare staan en kyk, het Moses sy stok gevat en op die water van die rivier geslaan. Al die water in die rivier het toe in bloed verander. Die vis in die rivier het gevrek. Die water het so sleg begin ruik dat die Egiptenaars dit nie kon drink nie. Deur die hele Egipte was daar net bloed. Eksodus 7:19-21

Ons Vader in die hemel onderhou die hele skepping. Hy reinig lug en water en bewaar dit vir ons. Wanneer Sy Gees teruggetrek word dan volg die dood dadelik.

As U U onttrek, is hulle verskrik. Neem U hulle asem weg, dan sterf hulle en word weer stof. U stuur u lewensasem, en lewe word geskep. Uit die grond laat U nuwe lewe spruit. Psalm 104:29-30

Harpi was vir die Egiptenare die tweeslagtige god van die Nyl. Sommige van die titels van Harpi was “Here van die visse en voëls van die moerasse” en “Here van die rivier wat plantegroei bring”. Deurdat Jehovah Sy re-genererende krag onttrek het, het Harpi 'n vernietiger van die visse en plantegroei geword. Omdat dit van die staf in Aäron se

hand gekom het, verteenwoordig dit die mag van die God van Israel oor een van die belangrikste gode vir Egipte.

Die Hebreeuse woord vir *bloed* word simbolies vir druiwesap gebruik. Jesus het water in wyn verander as 'n pragtige simbool van die evangelie. Soos die Joodse leiers wat Christus verwerp het, gesimboliseer deur die vervloekte vyeboom waaruit die lewe gesuig is, so het die Nylrivier die ekwivalent van die vyeboom geword: die lewe is daaruit gesuig deur die onttrekking van die Gees van God. Die Nyl is verlate gelaat. Net soos lig gegenereer word en duisternis die natuurlike gevolg is van die afwesigheid van lig, so was die rivier wat bloed word 'n natuurlike gevolg van die afwesigheid van die onderhoudende lewe van Christus.

Maar hoekom het die water in bloed verander? Hoekom het dit nie net gestagneer of opgedroog nie? Die boek Openbaring gee die rede.

Die tweede engel het sy bak op die see uitgegooi. Dit het bloed geword soos dié van 'n lyk, en elke lewende organisme wat in die see is, het doodgegaan. Die derde engel het sy bak op die riviere en waterfonteine uitgegooi. Ook dit het bloed geword.

Toe het ek die engel wat gesag oor die waters voer, hoor sê: “U is regverdig, U wat is en wat was, U, die Heilige, omdat U oor hierdie dinge u straf voltrek het; **want hulle het die bloed van dié wat aan U toegewy is en van die profete vergiet, en U het nou ook aan hulle bloed gegee om te drink.** Hulle verdien dit.” Openbaring 16:3-6

Die Egiptenare het die Israeliete wreedaardig behandel, deur hulle babaseuns dood te maak en hulle in die rivier te gooi. 'n Latere Farao word gekenmerk as 'n slang/draak in die rivier (Eségiël 29:3), 'n gepaste simbool vir 'n man wat aan die hoof van hierdie werk gestaan het. En die bloed van hierdie babas wat in die riviere verdrink is, het op hulle teruggekom. God het nie nodig gehad om die water na willekeur in bloed te verander nie, Hy moes eenvoudig Sy Gees daaruit verwyder om die dade van die verlede bloot te lê.

God het ook toegelaat dat die waters op hierdie manier manifesteer omdat bloed 'n simbool is van die losprys wat Christus vir die Israeliete moet betaal. Net soos Jesus druppels bloed gesweet het die aand voordat Hy aan die Kruis gehang het, so het Christus druppels bloed in die Nyl gestort as 'n aanduiding van Sy komende passie (lyding) in die dood van die eersgeborenes van Egipte.

Satan het 'n wonderwerk gedoen deur die ontrafeling van die natuur in die Nyl te kopieer. Deur dit te doen, het Satan die farao oortuig dat die God van Moses regstreeks opgetree het om die vernietiging te veroorsaak, terwyl hy die farao verseker het dat sy eie gode steeds met die God van Moses kan meeding.

Toe sê die Here vir Moses: “Sê vir Aäron hy moet sy hand waarin hy die herderstok vashou na al die riviere, die kanale en die moerasse in Egipte uitsteek sodat daar paddas tot in elke uithoek van die land kan kom.” Aäron het sy hand na al die plekke waar daar water was, uitgesteek. Daar het paddas oor die hele Egipte gekom. Die towenaars kon egter met hulle kunsies presies dieselfde ding doen. Hulle kon ook paddas oor die hele land laat kom. Eksodus 8:5-7

Heqet was die godin van vrugbaarheid wat verband hou met die oorstroming van die Nyl. Sy word voorgestel in die vorm van 'n padda. In die taal van Farao verander die slangstaf Heqet in 'n vernietiger. Haar vrugbaarheid word oordrewe en daar is orals paddas. Die balans van die natuur wat deur die Gees van God in toom gehou word, is verlore.

Hy het muggies gestuur om hulle te byt, en paddas om hulle te verwoes. Psalm 78:45

Die woord vir *gestuur* in hierdie Psalm is in die *Piel*-vorm wat beteken *om los te laat, vry te maak, af te wys of oor te gee*. Dit is belangrik in die konteks van die Vloek van die Aarde. God het nie die paddas *gestuur* nie maar Hy het hulle eerder losgelaat. Tweedens, die woord vir *verwoes* is in die *Hiph'il*-vorm wat ons weet kan vertaal word as “toegelaat om te verwoes.” Dit pas perfek by God wat hierdie plaë loslaat of vrylaat om hulle toe te laat om die Egiptenare te ruïneer.

Dit is belangrik met betrekking tot die muur van beskerming. God laat toe dat 'n deel van die muur van beskerming, wat Hy met engelebeskerming bedek het, oopgaan. Hy het net 'n gedeelte van die muur oopgemaak om vir Farao 'n waarskuwing te stuur.

Hoekom is dit so belangrik om 'n onderskeid te tref tussen paddas stuur en paddas vrylaat? Want wanneer ons in die gesig van Jesus kyk, sien ons vrede, kalmte en orde. Ons sien golwe wat binne hul grense beperk word. Die paddas verteenwoordig chaos en wanorde wat uit 'n ander gees kom. Die aarde self begin braak as gevolg van die sondes van die mense.

Die paddas is ook belangrik as gevolg van hoe hulle in die plaie van Openbaring uitgebeeld word:

Toe merk ek op dat uit die bek van die draak en uit die bek van die monster en uit die bek van die vals profeet **drie onrein geeste kom, net soos paddas. Dié geeste wat wondertekens doen, is van bese geeste afkomstig. Hulle gaan uit na die konings oor die hele bewoonde aarde heen om hulle bymekaar te maak vir die oorlog** op die beslissende dag van God, die Almagtige. Openbaring 16:13-14

Toe God 'n gees van wanorde in paddavoortplanting losgelaat het, het Hy 'n waarskuwing gestuur oor demoniese geeste wat wonderwerke doen wat op die punt staan om op Egipte losgelaat te word? Ons onthou dat, elke keer as die plaie kom, kom dit van die staf wat in 'n slang verander is.

Satan, deur sy agente, vervals die paddas en verhard Farao se hart nog verder. Maar Satan is slim, want deurdat sy priesters paddas kon voortbring, word Farao gelei om te glo dat God aktief paddas stuur om hom te straf eerder as om sy Gees te verwyder en toe te laat dat wanorde heers. Dit is noodsaaklik om te onderstreep dat die paddas nie wanordelik sou geword het as die Egiptenare God se gebooi onderhou het nie.

Die derde en vierde plaag is 'n soortgelyke proses as die plaag van die paddas. Die Psalmdigter het hulle saamgevoeg as losgelaat, of vrygelaat, deur God. Ons onthou dat Moses vir Farao gesê het dat as die fees nie gehou word nie, sal God toelaat dat pes manifesteer, maar hierdie pes is slegs die gevolg van die boosheid van die Egiptenare.

Deur hierdie plaë opeenvolgend toe te laat, was God eintlik besig om dit wat alles op een slag moes gebeur het te beperk en terug te hou. Dit is hoe God met ons almal werk; Hy beperk die aantal probleme wat ons het sodat ons daaruit kan leer; as Hy hulle almal op ons sou loslaat, sou ons oorweldig word, en as Hy niks vrylaat nie, sal ons nooit oorsaak en gevolg verstaan nie, en ook nie kies om met Hom versoen te word nie.

Die interessante punt oor die plaag van luise is dat dit lyk of die agente van Farao dit nie kon herhaal nie. As Satan towery kon gebruik om slange en paddas te laat verskyn, sou dit vir hom maklik gewees het om luise te laat verskyn as hy wou. Maar Satan wou hê dat dit moet voorkom asof God 'n groter vernietiger as hyself was. Daar is reeds getoon dat die werk van God beter was as dié van Satan. Maar Satan het die mense dieper in misleiding ingelei.

Terselfdertyd laat God Homself as 'n vernietiger voorkom sodat die nageslag uiteindelik sal besef dat hierdie eienskappe menslike gedrag weerspieël, nie goddelike gedrag nie.

Die paddas was irriterend en die stank van dooie paddas was 'n groot ongemak. Die luise was selfs meer irriterend, maar die steekvlieë was die eerste pynlike toediening aan die liggame van die Egiptenare. Weereens word die *Hiph'il*-vorm gebruik wat voorsiening maak vir 'n konteks van toestemming.

Die Israeliete het die eerste drie plaë saam met die Egiptenare verduur weens hulle ongeloof, maar nou dat die plaë die liggame van mense begin teister, beskerm die engele van God die Israeliete.

“Ek sal op daardie dag 'n uitsondering maak van Gosen waar my volk bly. Daar sal nie vlieë wees nie. Daaraan sal jy weet dat Ek die Here is en dat Ek mag het oor jou land. Ek sal baie duidelik

onderskei tussen my mense en jou mense. Hierdie teken gaan môre gebeur.'" Eksodus 8:22-23

Dit is interessant om daarop te let dat vlieë geassosieer is met die Kanaänitiese god Beëlsebul, skynbaar 'n ander naam vir die god Baäl. Dit was groot giftige vlieë wat venynig gestee het, wat grootliks kenmerkend is van die Here van die Vlieë, Satan.

Tydens hierdie plaag begin Farao 'n gewilligheid toon om te luister. Wat Satan oor Job aan God gesê het, geld ook vir die meeste mense:

Toe het die Satan die HERE geantwoord en gesê: Huid vir huid, en alles wat iemand het, sal hy gee vir sy lewe. Job 2:4 (AFR53)

Farao plaas beperkings op Moses en beveel dat Israel eerder in Egipte moet offer as om te vertrek.

Die farao het Moses en Aäron haastig laat roep. "Goed," het hy gesê. "Julle kan hier in die land vir julle God offer." Eksodus 8:25

Maar net nadat Moses gebid het dat die vlieë verwyder moes word, het Farao sy hart verhard en van plan verander.

Die volgende plaag was 'n plaag op al hulle vee. Ons herinner onself daaraan dat Egipte homself reeds geplaas het waar pessiëktes sekerlik sou voorkom. Toe God met Israel gepraat het oor die belangrikheid daarvan om in Sy geboorte te wandel, het Hy die volgende gestel:

Ek sal 'n swaard oor julle bring wat die wraak van die verbond sal uitoefen; en as julle dan in jul stede terugtrek, **sal Ek pes onder julle in stuur, en julle sal in die hand van die vyand oorgegee word.** Levitikus 26:25 (Afr83)

Die volgende plaag wat dus toegelaat is om oor Egipte te kom, was dat God Egipte "in die hand van die vyand oorgegee" het:

"Gaan weer terug na die farao toe," het die Here Moses beveel. "Sê vir hom: 'Dit is wat die Here, die God van die Hebreërs, sê: Jy moet my volk laat gaan sodat hulle My kan gaan aanbid. As jy weier om hulle te laat gaan en aanhou om hulle terug te hou, sal die Here 'n

dodelike siekte laat uitbreek onder al die diere in die veld. 'n Epidemie sal uitbreek onder jou perde, jou donkies, jou kamele, jou beeste en jou skape.' Eksodus 9:1-3

Een kykie in die gesig van Jesus en ons sien Hy het nooit perde, donkies, kamele, skape en bokke met plaë doodgemaak nie. Dit is wat die Psalms sê oor hoe God plaë hanteer:

Hy wat woon in die skuilplek van die Allerhoogste, sal rus in die skadu van die Almagtige. Ek sal vir die Here sê: "U is my toevlug en my vesting, my God op wie ek vertrou." **Verseker sal Hy jou red uit die strik van die voëlvanger, en van die plaag wat vernietig.** Hy sal jou oordek met sy vlerke, en onder sy vleuels sal jy skuil; sy trou sal jou beskerm soos 'n skild. Psalm 91:1-4

Het God die diere van die Israeliete met die een hand beskerm en die diere van Egipte met die ander hand doodgemaak? Hierdie idee is dwaas. As ons na Christus kyk, sien ons dat Hy alles wat Hy aangeraak het, herstel het. Christus is lewe; Hy onderskryf nie siekte en dood nie.

Nadat Satan die Egiptenare oortuig het dat God die een is wat aktief hierdie plaë bring, kan hy nou sy vernietigingswerk doen met die bevrediging dat God daarvoor geblameer sal word – hy moet net wag vir 'n geleentheid, 'n opening in die muur van beskerming. Soos God vir Israel gesê het: pes is die bewys dat hulle aan die vyand oorgegee word (Lev 26:25), en Satan is ons vyand. God het die Israeliete se vee beskerm teen die werk van Satan wat al die diere doodmaak. As Farao na Moses geluister het, kon God die opening in die muur toegemaak het en die Egiptenare se diere beskerm het. Maar toe hy geweier het om te luister, het God sy gesig verberg en byna al die diere het gevrek.

Die sesde plaag het uiters pynlike swere gebring. Dieselfde teken word gevind in die verhaal van Job:

Die aanklaer [Satan] is toe weg van die Here af. Hy [Satan] het Job met pynlike swere getref. Sy hele lyf was oortrek van die swere. Job het op die ashoop gaan sit en met 'n gebreekte potskerf sy swere gekrap. Job 2:7-8

Dit is die enigste ander voorbeeld wat ons in die Bybel het van iemand wat met swere uitgeslaan het. Job se vrou het gedink God is die een wat dit aan hom gedoen het:

Sy vrou vra hom: “Hoekom hou jy aan om die Here te dien? Vloek God en sterf!” Job 2:9

Soos ons voorheen gesê het, in die geval van die Egiptenare, het hierdie swere gekom as gevolg van die verbreking van God se gebooie tot so 'n mate dat Satan hulle kon aanval. Soos die geval van Job, beperk God die vlak van beproewing wat die vyand kan bring.

Die swere het 'n bediening van die dood veroorsaak, veral vir die Egiptiese towenaars. Hierdie plaag het die vertroue van die mense in hul leierskap verbreek en aan die lig gebring dat hulle nie die mense kon beskerm nie, omdat hulle ook daarmee oortrek was.

In al die swaarkry van die Egiptenare, het Christus ook gely, wat beteken dat Christus gekruisig is in Egipte. Hy het hulle intense angs gevoel, soortgelyk aan Christus se angs in Pilatus se saal en aan die Kruis. En net soos die Kruis-gebeurtenis, beskou Bybellesers vandag die Egiptenare as “deur God geslaan en verdruk”, terwyl Satan in werklikheid losgelaat is om hierdie werk te doen, net soos hy die een was agter die lyding van Christus aan die Kruis.

Vurige hael is die volgende plaag, en ons het duidelike bewyse in hierdie plaag van sataniese aktiwiteit.

Ook het Hy hulle **diere aan die hael oorgegee** [Hiph'il] en hulle vee aan die blitse. Hy het die gloed van sy toorn onder hulle gestuur, grimmigheid en woede en benoudheid, **'n uitsending van ongeluksbodes** [bose engele]. Psalm 78:48-49 (AFR53)

Die Afrikaanse 1953 vertaal die *Hiph'il* korrek as permissief, “oorgegee”. Dieselfde werkwoordvorm kom in Eksodus voor, en kan op dieselfde manier vertaal word, wat bewys dat Psalm 78:48 en Eksodus 9:18 saam sal harmoniseer wanneer die permissiewe konteks gebruik word.

Kyk, **Ek sal** môre omtrent sulke tyd 'n baie swaar hael **laat** [toelaat, Hiph'il] reën soos wat in Egipte nie gewees het van die dag af dat dit gegrond is tot nou toe nie. Eksodus 9:18 (AFR53)

Psalm 78:49 verklaar dat dit bose engele is wat oor Egipte vrygelaat word. Maar verskeie vertalings verdoesel die feit dat bose engele die hael gebring het.

Hy het die gloed van sy toorn onder hulle gestuur, grimmigheid en woede en benoudheid, 'n **uitsending van ongeluksbodes**. Psalm 78:49 (AFR53)

Hy het sy gloeiende toorn op hulle losgelaat: gramskap, woede en rampe, 'n **hele vrag onheil**. Psalm 78:49 (Afr83)

Maar die woord in Hebreeus is *boos* of *kwaad* en word gebruik in die frase 'die boom van kennis van goed en kwaad'. Die boek Psalms vertel ons duidelik dat God se toorn geaktiveer is, wat Sy droewige onttrekking beteken, wat bose engele toelaat om hul werk te doen.

Dit sê ook vir ons dat God die vee aan die hael *oorgegee* het eerder as dat Hy die hael direk gestuur het. Hierdie detail is belangrik. Dit is hoekom ons dierbare Vader in die hemel besorg was oor die veewagter en die beeste.

“Ek gaan môre hierdie tyd die grootste haelstorm wat daar nog ooit gesien is oor Egipte stuur. Laat dadelik al jou vee en alles van jou wat buite in die veld is, terugkom. Enige mens of dier wat buite in die veld gevang word en nie onder dak is nie, sal nie die storm oorleef nie.” Die amptenare van die farao wat hulle gesteur het aan wat die Here gesê het, het dadelik hulle vee en werkers na veiligheid gebring. Eksodus 9:18-20

As God Egipte wou straf, hoekom probeer Hy dan die veewagters en beeste red? Dit maak volkome sin wanneer ons sien dat bose engele vergader om vernietiging te bring. God probeer voortdurend red terwyl Satan sy vernietigingswerk doen.

Wanneer ons die Bybel noukeurig lees en na alles kyk wat dit sê, begin die prentjie verander en sien ons hoe Satan vir die moordenaar wat hy is, blootgelê word.

Kom ons gaan net weer deur ons gereedskap terwyl ons van die hael lees. As ons hierdie gedeelte buite die karakter Christus lees, sien ons net 'n wraaksugtige, woedende God wat diegene vernietig wat aan Hom ongehoorsaam is. As ons in die gesig van Christus kyk, begin ons meer tekste ontdek wat openbaar dat bese engele by die proses betrokke is. Die bewoording van Bybeltekste word duideliker. Ons sien die verberging van die aangesig van God en Satan word ontmasker as die een wat besig is met vernietigingswerk. Ons bese die rede waarom bese engele vrygelaat word, is omdat die Engele-skans afgebreek is deurdat die Egiptenare God se geboorte verbreek het.

Hierdie proses word makliker met elke toepassing van die beginsels. Met die wete dat Christus volgens Openbaring 11:8 in Egipte gekruisig is, soek ons na meer verbande.

Die vlas- en garsoes was daarmee heen. Die gars was op daardie stadium vol in die aar en die vlas het begin knoppe maak. Eksodus 9:31

Gars is die gewas wat gebruik is vir die eersteling gerf-offer tydens Pasga se wuif-offer. Die volgende vers vertel vir ons wie die eerstelinge verteenwoordig:

maar elkeen in sy eie orde: as eersteling Christus, daarna die wat aan Christus behoort by sy koms. 1 Korintiërs 15:23 (AFR53)

Die verbrysing van die garsoes verteenwoordig die verbrysing van Christus terwyl Hy gely het onder die swaarkry van die Egiptenare. Ons harte is ontroer by die gedagte aan Christus se lyding. Ons begin die Kruis in 'n baie dieper lig sien. Ons sien hoe Sy lyding oor tyd strek. Hy wil hê ons moet dit weet maar Hy wil ons ook nie dwing om daarvan kennis te neem nie. Die Gees van God pleit by ons om ons natuurlike begeerte vir offers, om menslike persepsies van geregtigheid te paai, prys te gee. Ons begeerte om wraak te neem, maak Hom seer,

maar Jesus sal nie eis dat ons dit teen ons wil laat gaan nie, maar hoop dat ons begin waarde heg aan liefde en vergifnis.

As ons soek na meer verbande rakende hael, ontdek ons juwele soos hierdie in die Psalms. Een van die redes waarom ons na die Psalms kyk, is dat Jesus spesifiek noem dat die Psalms van Hom praat.

Daarna het Hy vir hulle gesê: “Toe Ek nog saam met julle was, **het Ek aan julle verduidelik dat alles wat** in die wet van Moses en in die profete **en die psalms oor My geskryf is**, vervul moet word.”
Luke 24:44

In Psalm 18 vind ons 'n verwysing na vurige hael. Die openingsdeel van die Psalm praat van Christus se worsteling wat na die Kruis lei.

Ek het tot die Here geroep, Hy wat lofwaardig is, want Hy red my van my vyande. Bande van die dood omring my; strome van onheil oorweldig my. Bande van die dood draai my vas; strikke van die dood wag my in. In my angs het ek tot die Here geroep, tot my God geroep om hulp. In sy heiligdom het Hy geluister; my hulpgeroep het Hy gehoor. Psalm 18:4-7

Daarna volg 'n beskrywing van God se reaksie:

Toe het die aarde geskud en gebewe; die fondamente van die berge het gerammel, hulle het geruk vanweë sy toorn. Rook het uit sy neusgate geborrel, verterende vlamme uit sy mond, gloeiende kole uit sy binnekant. Hy het die hemele oopgebreek en afgekom; donkerte was onder sy voete. Hy het 'n gerub bestyg en gevlieg, Hy het gesweef op die vlerke van die wind. Hy het Homself met donkerte omhul, reënwolke en wolkemassas het Hom bedek. Uit die gloed voor Hom het wolke gekom, hael en weerligstrale. Die Here se stem donder uit die hemel; die Allerhoogste laat sy stem hoor: hael en weerligstrale. Psalm 18:8-14

Die skudding van die aarde herinner ons aan die aardbewing tydens die kruisiging van Jesus. Die donkerte wat aangedui word, dui op die verskriklike duisternis rondom die Kruis wat van middag twaalfuur tot 3nm. geduur het (Lukas 23:44). Hierdie duisternis toon die Vader se teenwoordigheid by die Kruis wat in duisternis gehul is.

Daar is baie meer wat ons hier kan verken, maar ons stel die feit dat ware insig in die Kruisverhaal baie dele van die Skrif verbind wat voorheen in duister gehul was. Die haelpaag is verbind met die Kruis-gebeurtenis, wat ons meer en meer laat besef dat die Kruis van Christus die sleutel is om al die geheimenisse van die Bybel te ontsluit waar God voorheen vreeslik gewelddadig voorgekom het. Dit is die sleutel om Sy verhouding met die wêreld te verstaan en hoe alles deur Sy Seun Jesus benader word.

Sprinkane het Egipte in die agtste plaag vernietig. Nadat die blitse en hael alles verpletter het, het die sprinkane alle groen plantelewe uit Egipte verwyder. In die boek Openbaring praat die vyfde basuin van 'n horde sprinkane. Die leier van die sprinkane word geïdentifiseer as Apollion, die vernietiger.

Die sprinkane het gelyk soos perde wat voorberei is vir oorlog.

Op hulle koppe was iets soos goue krone, en hulle gesigte het gelyk soos dié van mense. Hulle het lang hare soos dié van vroue gehad, en hulle tande was soos dié van leeus. Hulle het borsplate aangehad soos ysterharnasse, en die geluid van hulle vlerke het geklink soos die gedreun van baie perdestrydwaens wat opruk oorlog toe. Hulle het sterte met angels net soos dié van skerpioene gehad, en in hulle sterte was hulle vermoë om die mense vyf maande lank leed aan te doen. Hulle het as heerser die engel van die bodemlose put gehad.

Sy naam in Hebreeus is Abaddon, en in Grieks Apollion [Vernietiger]. Openbaring 9:7-11

'n Oostewind het die sprinkane oor Egipte ingebring.

Moses het sy stok oor Egipte uitgesteek. Die Here het die hele dag en ook deur die nag 'n oostewind laat waai. Toe dit oggend word, het die wind die sprinkane begin aanbring. Eksodus 10:13

Die Engele-skans wat die winde van twis teruggehou het, is vrygelaat en Satan, die vernietiger, het alle hoop uit Egipte gestroop.

Hierna het ek vier engele by die vier hoeke van die aarde sien staan. Hulle het die vier winde van die aarde teruggehou sodat geen wind op die land of op die see of teen enige boom waai nie. Openb. 7:1

Die wat “die woord aanhoor en nooit doen wat dit sê nie” (Jakobus 1:23) sal verstaan dat God die sprinkane persoonlik stuur, maar die Bybel dui aan dat Egipte aan die sprinkane oorgegee is.

Hy het hulle oeste aan sprinkane gegee; [oorgegee] hulle hele opbrengs is opgevrete. Psalm 78:46

Dit word weer bevestig deur 'n permissiewe gebruik van die Hebreeuse vorm *Hiph'il*.

As jy aanhou weier om my volk te laat gaan, gaan Ek môre sprinkane oor jou hele land laat kom [toelaat – Hiph'il]. Eksodus 10:4

Farao se amptenare het hom gesmeek om die Israeliete te laat gaan, aangesien hulle kon sien dat Egipte in puin lê:

Die farao se amptenare het toe by hom kom kla: “Hoe lank gaan u nog toelaat dat hierdie rampe aangaan? Laat tog die mans gaan dat hulle die Here hulle God kan gaan aanbid. Sien u nie dat Egipte in duie stort nie?” Eksodus 10:7

Groen is 'n simbool van lewe en hoop. Die sprinkane het alle hoop vir Egipte geblus en hulle voorberei om in die diep donker depressie van die negende plaag af te daal. Satan het probeer om alle hoop in Christus uit te doof terwyl Hy aan die Kruis gehang het. Hy het Christus daaraan herinner dat al die dissipels Hom verlaat het. Die hele nasie het teen Hom gedraai. Die aand voor Hy gekruisig is, het Sy dissipels gestry oor wie die grootste is. Alle hoop het verdwyn, behalwe vir twee groen lote wat in 'n egbreekster en 'n dief gevind is. Maria het sy voete gesalf en die dief aan die kruis het Jesus gevra om aan hom te dink wanneer Christus in sy koninkryk kom.

Hierdie klein hoeveelheid lig vir Christus word gesimboliseer deur die flikkering van lig in die huise van die Israëliete tydens die plaag van duisternis.

Moses het toe sy hand in die lug opgesteek, en drie dae lank was dit pikdonker oor die hele Egipte. Die mense kon mekaar nie sien nie en drie dae lank kon niemand iets uitrig nie, **maar in al die woongebiede van die Israëliete was daar lig.** Eksodus 10:22-23 (Afr83)

Duisternis is die mag van Satan. (Handelinge 26:18). God is lig en daar is geen duisternis in Hom nie. (1 Johannes 1:5). Die lyding van Christus deur die vernietiging van Egipte het Hom verskriklike hartseer besorg. Net soos Christus deur duisternis aan die Kruis bedek was, so was Egipte in duisternis bedek net voor die dood van hulle eersgeborenes.

Teen ongeveer twaalfuur het duisternis toegesak oor die hele land tot drie-uur toe. Luke 23:44

As ons in die Ou Verbondsspieël kyk, het een van die magtigste gode in Egipte sy rug op Egipte gedraai en hulle in die duisternis gelaat. In die hande van Moses verteenwoordig dit Jehovah se oorwinning oor hul beskermer, Amen-Ra.

In die Nuwe Verbondsspieël is Christus bedek in duisternis terwyl Hy saam met Sy Egiptiese kinders ly. Christus los hulle nie en verlaat hulle nie; Hy voel hulle depressie, hartseer en pyn. Satan plaas Egipte in duisternis en berei homself voor om sy mees dodelike aanval teen hulle toe te dien in die tiende plaag.

Leer die wêreld niks uit die verhaal van die duisternis in Egipte nie? Blykbaar nie:

Die vyfde engel het sy bak op die troon van die monster uitgegooi, en sy koninkryk is in duisternis gedompel. Die mense het hulle tonge begin byt van die pyn en het die God van die hemel gevloek oor hulle pyne en sere. Hulle het hulle egter nie bekeer van hulle verkeerde dade nie. Openbaring 16:10-11

Egipte het ook nie berou gehad nie, dus moes baie Egiptenare die *Via Dolorosa* loop om geestelik aan die linker- en regterkant van die persoon van Christus gekruisig te word. In hulle sterwensoomblikke sal die meeste van diegene wat onder die laaste plae in Openbaring ly, Christus vervloek, maar sommige sal vir Jesus sê, "Dink asseblief aan my wanneer U in u koninkryk kom."

Dieselfde sal afspeel in die laaste dae van die aarde se geskiedenis. Die konings van die aarde sal die wêreld tot slawe dwing en hulle met tirannie vergruis. Die swak heiliges onder hulle sal tot die Here van Sabaoth roep.

Kom nou, julle ryk mense, huil en treur oor al die swaar wat vir julle voorlê. Julle rykdom sal definitief vergaan en julle klere deur motte gevreet word. Julle goud en silwer sal beslis oproes. Hierdie einste roes sal soos vuur julle vleis wegvreet. Só sal die goud en silwer wat julle opgegaar het, op die oordeelsdag teen julle getuig. **Kyk, die betaling van die arbeiders wat julle lande afgeoes het en wat julle van hulle teruggehou het, skree teen julle.** En die krete van dié wat geoes het, het die ore van die Here die Almagtige bereik. Hier op aarde het julle luuks en in weelde geleef, en na hartelus elke behoefte bevredig. Julle harte is mooi vetgemaak, net reg vir die slagdag. Julle het goeie mense veroordeel en vermoor, en hulle kon hulle nie teen julle verdedig nie.

Wees dan geduldig, broers en susters, totdat die Here weer hier is. Dink net hoe 'n boer uitkyk vir die herfs- en lentereën. Hy wag geduldig vir die kosbare oes wat die land oplewer. Net so moet julle geduldig wees. En skep moed, want die koms van die Here is naby. Jakobus 5:1-8

Nie een van hierdie nege plae kon veroorsaak dat Farao sy slawe prysgee nie. Dit verseker ons dat rampspoed nie genoeg is om die menslike hart van sy slawerny aan sonde te bevry nie. In 'n latere tydperk het Israel 'n soortgelyke reaksie op die Egiptenare gehad, wat gewys het dat ons almal dieselfde natuur het.

Voorwaar, hulle is 'n sondige klomp, met skuld belaa. Hulle is mense wat totaal en al korrup is. Hulle het van die Here af weggedraai. Hulle het Israel se Heilige Een geminag en hulle rug op Hom gedraai. Hoekom wil julle nog verder gestraf word? Hoekom hou julle aan om in opstand te kom?

Julle koppe is stukkend geslaan en julle harte is siek. Julle is stukkend, van kop tot tone – vol kneusplekke, hale en ontsteekte wonde! Julle beserings is nie behandel of verbind nie. Daaraan is nie salf gesmeer nie. Julle land lê in puin en julle stede is afgebrand. Terwyl julle staan en kyk, plunder vreemdelinge julle velde en vernietig alles wat voorkom. Hulle los alles verlate agter. Jesaja 1:4-

7

Slegs die dood van die eersgebore seun van die koning kon die gemoed van Farao, wat ten volle onder die beheer van Satan was, laat toegee. As die eersgeborenes van die laer geledere van Egipte gesterf het, sou dit nie genoeg gewees het om die koning se hart aan te roer nie. Slegs die dood van die koning se seun kon dit doen.

HOOFSTUK 23

PASGA: VERWOESTER OF BESKERMER

Die vernietiging van die eersgeborenes in Egipte is 'n bergtop soortgelyk aan die berg Moria wat Abraham uitgeklim het om sy seun te offer. Die afgryse van die voorafgaande natuurrampe in Egipte vervaag in die skaduwees van hierdie gebeurtenis.

Om in Eksodus te lees van die Vader se voorneme om Farao se eersgebore seun dood te maak, saam met al Egipte se eersgeborenes, stuur 'n rilling langs my ruggraat af. Ek kyk snags na die briljante Melkweg-sterrestelsel en ek wonder, “Sal U dit regtig doen, my geliefde Vader? Sal U elke eersgebore kind in Egipte doodmaak wat nie onder die bloed van die lam was om Farao te dwing om die Israëliete vry te laat nie?”

Dan moet jy vir hom sê: “So sê die Here: Israel is my oudste seun. Ek het jou beveel om my seun toe te laat om te gaan om My te aanbid. Jy het egter geweier om hom te laat gaan; daarom gaan Ek nou jou oudste seun doodmaak.” Eksodus 4:22-23

“Ek is in 'n ernstige soeke om U te ken, my hemelse Vader. Is dit regtig wie U is? Die intimiteit wat U in my hart geplaas het om U lief te hê, die pragtige uitdrukking van liefde wat in U Seun gedemonstreer word, die

liefde wat ek met my vrou en kinders ervaar, dit alles smee my om met my hele hart te soek om die waarheid te ken.”

“Soms word moeilike besluite vir moeilike omstandighede vereis,” hoor ek sommige sê. “Ons moet die Bybel neem soos dit is, Adrian,” sê 'n ander. “Durf jy die geregtigheid van God in die bevryding van Sy uitverkore volk bevraagteken?”

Maar is die Egiptenaars nie ook kinders van God nie? Het God hulle nie ook lief nie? Dit is Farao wat weier om na God te luister, nie sy seun nie. Sy seun is relatief onskuldig; hoekom die seun doodmaak?

“Sou U dit doen Vader? Sou U dit regtig doen? As hierdie dinge waar was, dan voel dit of U Farao dwing om in te gee deur te probeer om die een wat vir hom die dierbaarste is dood te maak. Dit klink meer na Satan se doen en late as U s'n.”

As ons gaan opklim na die hoogtepunt van hierdie verhaal, waar die lug so dun is dat jy lighoofdig raak, dan moet ons gedissiplineerd wees om die gereedskap te gebruik wat ons tot dusver gegee is.

Laat ons onself herinner aan die waarheid: God se weë is nie ons weë nie. Hy dink nie soos ons nie. Ons is maar altyd geneig om Hom voor te stel om soos ons te wees en die negatiewe aspekte van ons geaardheid op Hom te projekteer.

Wanneer God vir Moses sê dat as Farao nie Sy seun laat gaan nie, Hy Farao se seun sal doodmaak, is dit onmiddellik in stryd met die lewe wat Christus op aarde gedemonstreer het. Hy het nooit iemand se seun vermoor nie. Die Romeine was besig om Sy volk te verpletter. Hoekom het Jesus nie na Rome gegaan en gedreig om Caesar se seun dood te maak as hy nie ophou om die uitverkore volk te onderdruk nie? Sou dit nie 'n konsekwente aanvalslyn wees as dit is wat God aan Egipte gedoen het nie?

Hierdie dreigement is ook in stryd met die sesde gebod – “jy mag nie doodslaan nie.” Die onmiddellike reaksie hierop is om te sê dat God geregtigheid aan enigiemand kan laat geskied wanneer hulle boos is. Maar onthou, God het blykbaar nie gedreig om Farao dood te maak nie,

maar sy seun, wie geen misdade gepleeg het waarvan ons bewus is nie. Daarbenewens het Jesus Christus die Tien Gebooie in lewende vorm gedemonstreer. Hy het vir ons gewys hoe om die sesde gebod uit te leef. Sy lewe is die grootste lig wat kan skyn op die betekenis van die sesde gebod en ons moet altyd na Hom kyk om die betekenis daarvan te definieer.

Ons stel weereens: Wanneer 'n verhaal oor God se karakter in die Ou Testament die lewe van Jesus op aarde weerspreek, dan weet ons dadelik dat wat God sê in werklikheid 'n spieël is van wat sy luisteraar dink.

Dit is noodsaaklik om dit te doen, want enige openbaring van God wat nie ooreenstem met die lewe van Christus op aarde nie, sou onmiddellik bewys dat Christus 'n valse Messias is as gevolg van Sy aanspraak aan Filippus dat diegene wat Hom op aarde gesien het, die Vader gesien het. Waarom begryp Christene nie hierdie fundamentele punt nie? Die hele integriteit van Christus is gebonde aan die vermoë om God in die Ou Testament presies dieselfde as Christus in die Nuwe Testament voor te stel, want Jesus is die uitdruklike beeld van die Vader. (Heb 1:3). Versuiming om die twee karakters in lyn te bring, vernietig die Bybel heeltemal.

Die swaar werklikheid is: Die sentrale rede waarom hierdie wêreld afstuur op 'n vernietiging op 'n skaal wat nog nooit ervaar is nie, is dat die Christendom nog nooit 'n harmonisering tussen die God van Ou Testament met Jesus in die Nuwe Testament aan die wêreld gebring het nie.

Die Spieëlbeginsel gee aan ons die sleutel om hierdie verskriklike tragedie reg te stel. Dit is my opregte begeerte dat jy as leser beide die belangrikheid en erns van hierdie beginsel sal begryp in die lees van die Bybel.

Ons onthou die storie toe God gepraat het terwyl Adam geluister het.

Toe het die Here God gesê: “Die mens het nou soos een van Ons geword deurdat hy alles kan ken. As hy nou maar net nie sy hand

uitsteek en die vrug van die boom van die lewe vat en daarvan eet en altyd bly lewe nie!” Daarom het die Here God die mens weggestuur uit die tuin van Eden uit om die aarde te gaan bewerk, die aarde waaruit hy gemaak is. Genesis 3:22-23 (Afr83)

God sê wat in Adam se gedagtes is, nie Sy eie nie. Hy moet dit doen, want sonde veroorsaak dat mense met 'n vorm van demensie of swaksinnigheid opereer. Het jy al ooit probeer om 'n persoon met demensie van iets te oortuig? Sonde laat mense dinge vergeet; dit laat hulle toe om in 'n ander werklikheid as die werklike wêreld te leef. Professionele advies sê vir ons dat wanneer ons kommunikeer met iemand wat demensie het, ons in hul wêreld moet leef en volgens hul paradigma moet funksioneer. Om hulle te probeer oortuig van iets wat hulle nie kan sien of onthou nie, veroorsaak net argumente en maak hulle kwaad. Dit is hoekom God in sy eie werklikheid met Adam praat.

God doen dit ook in ooreenstemming met die beginsel om sonde te laat toeneem. Hy kan niks anders as dit doen nie as gevolg van die menslike eienskap om sy eie negatiewe eienskappe op ander te projekteer. God loop saam met ons in ons demente werklikheid om te help om ons probleem te versterk in die hoop dat ons dit kan sien.

Die menslike hart wil nie hierdie eenvoudige waarheid aanvaar nie. Dit lyk vir ons te kompleks; ons gemoed val inmekaar; ons intellek rebelleer omdat die implikasies daarvan te verskriklik is om te aanvaar. Dit is hoekom die pad na die ewige lewe so smal is.

Toe God met Moses gepraat het om aan Farao 'n boodskap oor te dra, het Hy met die korrupte wysheid van mense gepraat. Farao is buite die Nuwe Verbond. Sy verstand verstaan net die taal van die dood. Hy verstaan nie die beginsels van die hemel nie en dus wat God met Farao praat, is eintlik 'n openbaring van die gees wat hom regeer, naamlik Satan. (Eségiël 29:3).

Daar is niks in Eksodus 4:22 wat die karakter van Christus weerspreek nie. Wanneer God sê dat Israel Sy eersgeborene of oudste seun is, spreek Hy die werklikheid. Maar Eksodus 4:23 bevat 'n frase wat die karakter van Christus weerspreek en daarom sien ons daarin die karakter van

Farao en Satan wat hom regeer, en daarin sien ons die ware verdorwenheid van elke natuurlike mens. Die mens se natuur is vyandiggesind teen God (Rom 8:7), maar sy geestelike demensie veroorsaak dat hy dit gerieflikheidshalwe vergeet.

Die Nuwe Verbond-realiteit van hierdie verhaal is dat Satan vir God sê "Israel is my vernaamste seun om te verslaaf (as gevolg van die gevaar wat hulle vir my inhou deur hul kennis) want hulle woon in my land Egipte. As U nie toelaat dat hulle my vrylik dien nie, dan sal ek U Seun doodmaak. U bly probeer om hulle deur U Gees van my weg te trek en dit moet stop – anders!"

In die Ou Verbond lees dit dat God sê Hy is die moordenaar en vernietiger, maar in die Nuwe Verbond is hierdie stelling 'n spieël in die hart van die draak en sy begeerte om die Seun van God dood te maak.

O liewe leser, moenie jou gedagtes vir hierdie moontlikheid toemaak nie. Ons kan lighoofdig voel wanneer ons dit oordink. Ons is nou in die wolke van die geestelike Himalaja waar dit moeilik is om natuurlik asem te haal. Sommige van ons wil eenvoudig lê en gaan slaap omdat ons uitgeput is deur hierdie klimmery, maar kom ons vra dat Jesus Sy Gees op ons moet blaas sodat ons 'n entjie verder kan stap. Die geseënde kruin is so naby en die uitsig is pragtig, bo die begrip!

Jesus het vir ons gesê dat Satan van die begin af 'n moordenaar was. (Johannes 8:44). Hy het 'n heelal sonder die Seun van God in die vooruitsig gestel. Hy wou Hom van die begin af dood hê. Die gees van hierdie gevalle engel kom in die harte van elke mens in sy natuurlike toestand. Die dood van al die eersgeborenes in Egipte weerspieël die diepgewortelde werklikheid dat die hele mensdom in hulle vleeslike toestand die Seun van God haat. Die Jode en Romeine het vir ons gewys wat ons almal met Jesus sal doen sonder hulp van goddelike genade. Daar is in elkeen van ons die dood van die eersgeborene geskryf – die begeerte dat Jesus dood moet wees.

Probeer om die implikasies te begryp. Ons is inderdaad nou op 'n hoë hoogte bo seevlak. Ons herinner onself aan die volgende.

... die groot stad wat geestelik genoem word Sodom en Egipte, waar ook onse Here gekruisig is. Openbaring 11:8 (AFR53)

Hy het gekom na wat syne was en tog het sy eie mense Hom nie aanvaar nie. Johannes 1:11 (AFR20)

Die Israeliete het 'n plaasvervanger nodig gehad om hulle inherente geskreeu vir die dood van die eersgebore Seun van God tot bedaring te bring. Die vergieting van die bloed van die lam was bedoel om, in die Nuwe Verbond, hulle belydenis van so 'n daad te verteenwoordig en vergifnis te ontvang. In die Ou Verbond is die vergieting van die bloed van die lam bloot 'n versoening vir 'n toornige godheid wat daarop gemik is om uit te moor.

As God bloot probeer het om die kinders van Israel van die tirannie van Egipte te red, waarom dreig Hy klaarblyklik om die eersgeborenes van die Israeliete sowel as dié van die Egiptenare dood te maak? Op 'n stadium moet daar 'n lig in die siel kom om te besef dat iets veel dieper in hierdie Eksodus-verhaal aan die gang is as wat die meeste Christene voorheen geglo het.

Nog dieper is die menslike oortuiging dat God slegs die sondeprobleem kan oplos deur die dood van Sy Seun. Ons glo dat God se geregtigheid dit vereis. Dit word in hierdie gedagtes weerspieël:

Sal dit vir die Here aanvaarbaar wees as ons duisende ramme offer of tienduiseende strome olyfolie aanbied? Sal dit Hom bly maak as ons ons oudste kinders offer om te vergoed vir ons sonde? Miga 6:7

Abraham het hierdie diepliggende beginsel aan ons geopenbaar wat hom laat dink het dat God dit nodig ag dat hy sy seun sal aanbied om sy sondeprobleem reg te stel. Maar dit is nie God se gedagtes nie, want Hy het nooit 'n brandoffer en sondoffer begeer nie. (Ps 40:6). Die korrekte begrip van die Abraham en Isak-verhaal openbaar aan ons die menslike eienskap om die eersgeborene te offer – dit wat vir hom die waardevolste was – om vir sonde te betaal.

Waarom is die offer van jou eersgeborene so 'n diepgewortelde beginsel in menseharte? Omdat Adam bereid was om sy vrou Eva, sy

eersgeborene uit sy eie persoon, te offer sodat hy die straf kon vryspring wat hy gedink het God teen hom wou uitoefen.

Deur hierdie beginsel terug te neem na die oorlog in die hemel (Openbaring 12:7), sien ons dat Satan die blaam op God plaas omdat hy Sy Seun gelyk aan Homself gemaak het terwyl hy nie dieselfde vir Satan doen nie. Satan het gevoel dat God sy toorn moet bedaar deur aan te bied om sy Seun dood te maak om versoening te doen vir die vermeende verkeerdheid wat aan Satan gedoen is.

Jesus sê dat Satan van die begin af 'n moordenaar was. Hy was die een wat Christus dood wou hê. In die geskreeu van die leiers van Israel vir die dood van Jesus sien ons die listigheid, beplanning en begeerte van Satan om Jesus dood te maak. Net nadat die daad volbring was, het Satan die behoefte aan die dood van Christus op God geprojekteer, en Hom verantwoordelik gemaak vir die dood. Satan “het onheil deur die wet beraam” (Ps 94:20, KJV, CAB), om sy dade te bedek in 'n vervalste geregtigheid wat vir die wêreld redelik gelyk het.

Kom ons spreek nou daardie vreeslike nag aan toe al die eersgeborenes van Egipte gesterf het.

Ek sal daardie nag deur Egipte trek en in die land al die oudste seuns en die diere wat eerste gebore is, doodmaak. Ek sal die gode van Egipte straf. Ek is die Here! Eksodus 12:12

Ons onthou die woorde van Abraham toe hy vir die stad Sodom gepleit het.

“U sal tog sekerlik nie die onskuldiges saam met die skuldiges laat doodgaan nie! Hoekom sou U die onskuldiges en die skuldiges almal oor een kam skeer? U sal dit tog sekerlik nie doen nie! Moet die regter van die hele aarde dan nie doen wat reg is nie?” Genesis 18:25

Wat van al die eersgebore kinders van die Egiptenare wat babas was? Wat van die tweejariges? Wat van die vyfjariges? Watter kwaad het hulle gepleeg dat God hulle uitroei? Ons kan nie sê hierdie kinders is

regverdig nie, maar kan ons sê hierdie babas het misdade gepleeg wat die dood waardig is? Maak hierdie vrae saak?

Wat van al die mense wat geen sê gehad het in Farao se weiering om te luister nie? Wat van al die diere? Watter misdaad het hulle gepleeg om doodgemaak te word? Wat van mense wat dalk vergeet het om bloed op die deurkosyne te sit of nie daarvan gehoor het nie, is dit genoeg om te sterf? Maak dit saak?

Die kern van hierdie verhaal is die woord *Pasga*. Dit word algemeen verstaan dat in God se werk om die eersgeborenes te laat omkom, Hy sou verbygaan en nie die eersgeborenes doodmaak van diegene wat die bloed van 'n lam aan die deur van hul huise geplaas het nie.

Vreemd genoeg lees ons verder aan in die hoofstuk van Eksodus 12 en lees:

Die Here gaan deur die land trek om die Egiptenaars dood te maak. Wanneer Hy die bloed aan die bokant en die sykant van die deur sien, sal die Here by daardie deur verbygaan. By daardie huis sal Hy nie **toelaat dat die verwoester ingaan** [Hiph'il] om hulle te tref nie. Eksodus 12:23

Wie is die vernietiger in hierdie vers? Is dit 'n heilige engel wat vernietig of 'n bose ene? Ons moet terugkeer na Psalm 78 om dit te help beantwoord.

Hy het sy toorn teen hulle losgelaat: woede, gramskap en ellende was vir U hulle boodskappers van onheil. Dit was 'n weg vir sy toorn: Hy het hulle lewens nie gespaar nie, maar hulle oorgegee aan die pes. Al die eersgeborenes in Egipte het Hy getref, al die oudste seuns in die wonings van Gam... Psalm 78:49-51

Die gereedskap van die Engele Skans en God se woede word in hierdie verse geaktiveer. God se toorn is om Sy aangesig te verberg en bose engele 'n werk van vernietiging te laat doen. In hierdie verse bring hierdie bose engele pes en dood aan die eersgeborenes van Egipte. Dit verskaf bewyse dat wanneer God sê dat Hy nie die vernietiger sal

toelaat om in die huise in te kom nie, dit beteken dat Hy nie sal toelaat dat Satan en sy engele hulle vernietigingswerk doen nie.

Maar hoe verklaar dit die woord *Pasga*? As Satan besig is om die werk van vernietiging te doen, hoe kan dan gesê word dat God die een is wat hulle oorslaan terwyl hy diegene vernietig sonder die bloed van die lam? Let op hoe die Septuagint hierdie gedeelte vertaal:

En die bloed sal vir julle 'n teken wees aan die huise waarin julle is, en Ek sal die bloed sien **en julle beskerm, en daar sal geen plaag van vernietiging op julle wees** as Ek in Egipteland slaan nie. Eksodus 12:13 [Vrylik vertaal uit *Brenton's English Translation of the Septuagint*]

Hier sien ons die woord *beskerm* eerder as *verbygaan*. Waarom het die vertalers van die Grieks die woord *beskerm* gebruik in plaas van *verbygegaan*? Die Hebreeuse woord is *Pasach*. Wanneer ons hierdie woord in die Ou Testament soek, vind ons iets interessants. Behalwe dat dit drie keer in Eksodus 12 gebruik word, word dit nog vier keer in die Ou Testament gebruik. (Dit is die werkwoordvorm van die woord - H6452, nie die naamwoordvorm wat *Pasga* is nie - H6453, wat 'pesach' is, nie 'pasach' nie)

En Jónatan, die seun van Saul, het 'n seun gehad, lam aan altwee voete. Hy was vyf jaar oud toe die tyding aangaande Saul en Jónatan uit Jísreël gekom het, en sy oppasser het hom opgetel en gevlug; maar terwyl sy in haar haastigheid vlug, het hy geval en **lam** [pasach] geword; en sy naam was Mefibóset. 2 Samuel 4:4 (AFR53)

Hier sien ons dat *pasach lam* beteken, wat impliseer om op een plek te bly, nie veel te beweeg nie.

Elia het voor die hele volk gaan staan en gesê: “Hoe lank hou julle aan met hink [pasach] op twee gedagtes? As die Here God is, volg Hóm; maar as dit Baäl is, volg hóm.” 1 Konings 18:21 (Afr83)

Hier sit die volk Israel vas, gewortel op een plek, tussen twee opinies: om God te volg of om Baäl te volg.

Hulle het een van die bulle gekies en gereed gekry. Toe roep hulle Baäl aan. Hulle het die hele oggend geroep: “O Baäl, antwoord ons!” Daar was egter geen reaksie nie en niemand het geantwoord nie. Hulle het selfs al om die altaar wat hulle gemaak het, gedans [pasach]. 1 Konings 18:26

Hier het die profete van Baäl voortdurend op een plek, om die altaar, gedans, en Baäl versoek om te reageer op hulle offer. Dit lyk 'n bietjie anders, maar dit is soortgelyk in die sin dat dit op een plek voorkom. Hulle het nie van die altaar af wegbeweeg om elders heen te gaan nie; hulle het op daardie een plek onrustig rondbeweeg.

Daar is nog een vers wat die woord *pasach* gebruik, en dit is die interessantste vers van dié buite Eksodus 12.

Soos voëls beskermend oor hulle neste sweef, so sal die Here die Almagtige die skild oor Jerusalem wees; Hy sal beskermend verbykom [pasach] en so sal Hy red en bevry. Jesaja 31:5 (Afr83)

Hier sien ons dat die vertaling nie sin maak nie. In die Brenton se Septuagint-vertaling staan dit so [soos in die 1983 vertaling]:

Soos voëls wat vlieg, so sal die Here van die leërskaar verdedig; hy sal Jerusalem beskerm, en hy sal red en bevry. Jesaja 31:5 [Vrylik vertaal uit *Brenton's English Translation of the Septuagint*]

Hier sien ons dat eerder as om verby te kom, sou 'n vertaling van beskerming, skuiling, wag staan en staan baie beter wees. God gaan nie verby om Israel nie te vernietig nie; Hy belowe om Israel te beskerm soos 'n hen haar kuikens beskerm.

As ons dink aan voëls wat vlieg om hul kleintjies te beskerm, dink ons aan die verskriklike hartseer woorde van Jesus wat Israel wou red en beskerm, maar hulle wou Hom nie toelaat nie.

“O Jerusalem, stad wat die profete doodmaak en God se boodskappers stenig! Hoeveel maal wou Ek jou kinders bymeekaarmaak soos 'n hen haar kuikens onder haar vlerke bymeekaarmaak, maar jy wou My dit nie toelaat nie!” Matteus 23:37

Hulle sou hulself nie met Sy karakter bedek om hulself teen die vernietiger te beskerm nie, maar eerder Caesar bo Jesus kies (soos die antieke Egiptenare eerder Farao nagevolg het as God), en het onvermydelik omgekom. In droefheid het God hulle toegelaat om te maai wat hulle gesaai het, en so is hulle deur die Romeine vernietig.

Dit was hierdie les wat God in die Pasma aan die mensdom probeer oordra het. En hoeveel kragtiger sou dit nie gewees het as die woord net 'n bietjie anders vertaal was nie! Kom ons besoek weer sommige van hierdie verse in Eksodus 12:

“En só moet julle dit eet: Julle heupe moet omgord wees, julle skoene aan jul voete en julle staf in jul hand; baie haastig moet julle dit eet. 'n **Beveiliging** van die Here is dit.” Exodus 12:11 (AFR53)

“Maar die bloed sal vir julle 'n teken wees aan die huise waarin julle is: as Ek die bloed sien, sal **Ek oor julle waghoe**. En daar sal geen verderflike plaag onder julle wees wanneer Ek Egipteland tref nie.” Exodus 12:13 (AFR53)

“Want die Here sal deurtrek om die Egiptenaars swaar te tref. Maar wanneer Hy die bloed sien aan die bo-drumpel en aan die twee deurposte, sal die Here **by die deur wag staan** en die verderwer nie toelaat om in julle huise in te gaan om te slaan nie.” Exodus 12:23 (AFR53)

“En as julle kinders julle vra: Wat beteken die diens daar? Dan moet julle sê: Dit is 'n **beveiliging van** die Here, wat by die huise van die kinders van Israel in Egipte **wag gehoe** het, toe Hy die Egiptenaars getref maar ons huise gered het. Toe het die volk in aanbidding neergebuig. Exodus 12:26-27 (AFR53)

Hoeveel mooier is die gedagte dat God oor Sy kinders wagstaan om hulle teen Satan die vernietiger te beskerm. Diegene wat nie na die stem van Moses, die verteenwoordiger van God, geluister het nie, is aan die genade van Satan oorgelaat.

Om dit weer te bevestig, vind ons dat die verklaring van God om die eersgeborenes van Egipte te slaan, die *Hiph'il*-vorm gebruik, wat beteken dat ons dit so kan lees.

“Want Ek sal in hierdie nag deur Egipteland trek en al die eersgeborenes in Egipteland *toelaat dat hulle getref word* [Hiph'il], van mense sowel as van diere. En Ek sal strafgerigte oefen aan al die gode van Egipte, Ek, die HERE.” Eksodus 12:12 (AFR53)— alternatiewe manier van lees.

Satan het geweet, omdat hy deur God toegelaat is om hierdie werk te doen, dat mense sal verstaan dat God die vernietiger is. Satan het sy dade in die karakter van God verberg.

Ons liewe Vader in die hemel is nie 'n onoordeelkundige verwoester van kinders nie. Hy is 'n beskermmer vir diegene wat na Sy stem luister en doen wat Hy van hulle vra. Hy kan nie diegene beskerm wat nie luister nie en teen Hom in opstand kom.

Die moorde op die eersgeborenes in Egipte is nie 'n weerspieëling van God se karakter nie, maar 'n spieël van Satan se karakter wat in die menslike hart gestempel is. Die sleutel tot die ontsluiting van hierdie waarheid is die Spieëlbeginsel wat God nie voorstel dat hy anders as Jesus optree nie, maar ons stuur om na antwoorde te soek waar enige oënskynlike teenstrydigheid na vore kom.

Ons het duidelik gedemonstreer deur 'n alternatiewe lees van die woord Pasga, plus die feit dat God nie toelaat dat die vernietiger die huise van die gehoorsames binnegaan nie, dat God nie 'n vernietiger is nie, maar 'n beskermmer. Die verklaring van God dat Hy kwansuis bedoel het om al die eersgeborenes in Egipte dood te maak, weerspieël die verborge verraad van die mensdom teen God en Sy Seun. Elke menslike siel, wetend of onwetend, word met hierdie geneigdheid bestempel:

Hoekom gaan die nasies so tekere, en bedink die volke nuttelose planne? Die konings van die aarde het saamgesweer; die heersers span saam teen die Here en sy gesalfde. Hulle sê: **“Laat ons hulle**

kettings stukkend breek, onself bevry van hulle slawebande."

Psalm 2:1-3

Satan en die natuurlike mens sien God as 'n slawemeester. Deur hierdie beeld te aanskou, word hulle ook so en vorm hulle self 'n heer- en slawegemeenskap. Satan is die werklike slaaf, en sy gees het in Farao geheers, dus het Farao die mense verslaaf. Die Israeliete het maklik sy slawe geword omdat hulle God reeds as 'n slawemeester beskou het, dus was hulle reeds gekondisioneer om as slawe te dink.

In hulle natuurlike harte vertrou God se volgelinge nie op God nie, soos blyk uit die weiering om te luister na God se voorstel om hulle te bevry deur die hande van Moses in Eksodus 6. Hulle het geweier om te luister of hulleself te verootmoedig tot gehoorsaamheid. Dit op sigself is rebellie en haat teen God. Soos getoon in hulle nageslag, toe Christus gekom het, het hulle Hom vermoor.

Die afbakening tussen Egipte en Israeliete spreek tot die verskil tussen die mense van die wêreld en diegene wat bely dat hulle die Skepper van die heelal dien. Albei groepe dra die saad van 'n dodelike voorneme teenoor die Seun van God, en hul begeertes word deur ongerealiseerde afsku projekteer op God as die een wat poog om hul eersgeborenes dood te maak. In werklikheid probeer almal wat betrokke is om die eersgeborene van God dood te maak.

Die Israeliete vind versoening in 'n plaasvervanger terwyl die Egiptenare geoordeel word soos hulle geoordeel het. Die versoening wat aan die Israeliete gegee is, het net 'n tydelike effek gehad, want byna almal het in die woestyn gesterf voordat hulle die beloofde land bereik het; hulle het nie ingegaan nie, vanweë ongelooft. Slegs 'n baie klein groepie het in 'n dieper ervaring van die Nuwe Verbond se versoening ingegaan.

Al hierdie besonderhede vorm 'n belangrike raamwerk vir die Kruis en ons menslike reaksie daarop.

Aangaande Jesus ons Hoofpriester het ons nog baie om vir julle te sê. Dis egter moeilik om dit aan julle te verduidelik omdat julle so

traag is om te leer. As 'n mens dink aan hoe lank julle reeds gelowiges is, moes julle eintlik al self onderrig in die geloof gegee het. En nou het 'n mens werklikwaar weer nodig om julle die mees elementêre aspekte van die woord van God te leer! Julle is soos babatjies wat nog net melk kan drink en nie vaste kos kan inneem nie. Hebreërs 5:11-12

Hierdie woorde spreek hard. Ek is iemand wat al meer as 35 jaar die evangelie glo en verkondig, en steeds is hierdie dinge wat ek deel vir my baie nuut. Ek moes dit jare gelede reeds geleer het, maar tot my skaamte was my gehoor verdoof.

Maar nou breek 'n lig in my siel aan. Ek poog om dit aan jou oor te dra, liewe leser, en ek bid dat hierdie lig ook na jou toe sal kom. Die verhaal van die plaë is 'n openbaring van die kruisiging van Jesus Christus. Dit bied aan ons baie detail om ons te help om die omvang van menslike verdorwenheid en die verhewe simpatie, genade en deernis van ons geliefde Vader te begryp.

Farao se gewilligheid om Israel te laat trek net nadat die eersgeborene se dood, dui aan ons die realiteit van Satan wat voor die Kruis buig en dit aanvaar as losprys vir sy gevangenskap van die mensdom. Nie dat hy gewilliglik sy prooi sou oorgee nie, soos blyk uit Farao wat oënskynlik uit sy beswyming ontwaak het, sodat hy die weghol-slawe agtervolg het om na hul tronk terug te bring. Die Kruis van Christus het die afdaling van die mensdom na vernietiging vir 'n tyd lank gestaak, maar die konings van die aarde sal uiteindelik ontwaak om die merk van die dier op die hele mensdom af te dwing voordat skielike vernietiging die wêreld tot 'n einde bring.

Vanuit die menslike perspektief vang die Kruis van Christus die menslike hart op geheimsinnige wyse vas wanneer dit in opregtheid beskou word. Dit het krag om die harte van mense uit hul tronk van duisternis, skuldgevoelens en sonde te bevry. Maar in dit alles moet ons nooit vergeet dat God nooit 'n offer vir sonde aangevra het nie. Dit demonstreer Sy karakter; dit manifesteer Sy selfopoffering en gewilligheid om te doen wat dit ook al verg, maar dit is die menslike

natuur wat lyding en bevrediging nodig het. Die dood van Christus bied aan mense verlossing in hul gevalle toestand van demensie; dit is bloot om met hom saam te stem en aan hom die middel te gee wat die mens glo wat nodig is. So 'n middel het slegs 'n beperkte vermoë om die hart werklik met God te versoen. Dit is die noodsaaklike begin van die reis, maar bloedoffers kan dit nie voltooi nie. Wanneer ons die waarheid van God se karakter sien, laat dit slagoffers en spysoffers ophou. (Dan 9:27).

Die vraag ontstaan: hoekom moet ons deur soveel lae dring om hierdie onderwerp van die Kruis aan te spreek? Want ons is vol lae van selfbedrog. Enigiemand wat 'n handvol dekades geleef het, het al begin om die lae van subtiliteit, slinksheid en sluheid van die menslike hart te begryp. Hierdie onderwerp is kompleks as gevolg van die mensdom se kranksinnige demensie. Ons Vader kan nie met ons redeneer nie, as gevolg van ons verduisterde perspektiewe van die werklikheid. Hoe kon Abraham dink dat dit die wens van sy geliefde Vader is dat hy sy seun doodmaak as 'n diens aan God? Waar kom hierdie waansin vandaan? Dit kom uit menslike harte wat deur die prins van die duisternis beheer word.

Kyk na die plaes van Egipte en aanskou Christus gekruisig. Ek bely dit is 'n smal pad, maar enige ander pad oor hierdie onderwerp laat jou 'n arbitrêre God aanbid wat onskuldige kinders uitmoor. Wanneer ek in die gesig van Jesus Christus kyk, vind ek nie so iets nie en daarom is my gewete nie verplig om my te onderwerp aan so 'n versteurde idee van goddelike soewereiniteit nie.

Deur hierdie verhaal te lees, word ek genooi om myself te sien as Farao, wat met Satan verbind is teen die eersgeborene van die hemel, wat my eie verdorwenheid op die Skepper van die heelal projekteer en Hom verantwoordelik maak. As ek sou kies om in hierdie dwaling voort te gaan soos wat Farao gedoen het, dan sal ons Vader ons geen ander keuse gelaat het as om toe te laat dat ek volgens my eie oordeel geoordeel word nie: die toorn van God veroorsaak die verberging van Sy aangesig, die Engele-skans word verbreek en ek ontvang die gevolge van my optrede van die vernietiger self.

Gelukkig oordeel ek nie my Vader op hierdie manier nie. Ek oordeel my Vader deur die mens Christus Jesus en dit is hoe Hy my sal oordeel.

Dit sal aan die lig kom op die dag wanneer God deur Christus Jesus oor die verborge dinge van die mense sal oordeel, ooreenkomstig die evangelie wat ek verkondig. Romeine 2:16 (Afr83)

Wat sien jy in Jesus Christus? Sien jy 'n wese wat almal liefhet, getrou waarheid praat en nooit diegene wat Hom teëstaan veroordeel of doodmaak nie? Of sien jy 'n wese wat die bose vir 'n tyd lank verdra, en dan alles uitwis wat in sy pad staan?

Soos jy oordeel, sal jy geoordeel word. Ek smee jou om jou keuse versigtig te maak.

HOOFSTUK 24

DIE DRAAK IN DIE SEE WORD VERSLAAN

Ons volgende bestemming is die deurtog deur die Rooi See.¹⁶ Soos vroeër genoem, na Israel se ontsnapping en nadat al die Egiptiese soldate verdrink het, het hulle lofprysing gebring aan 'n God van oorlog.

“Die **HERE** is ‘n krygsman; HERE is sy naam. Hy het Farao se strydwaens en sy leërmag in die see gewerp. En sy beste vegsmanne het in die Skelfsee gesink. Die watervloede het hulle oordek. Hulle het in die kolke gesink soos ‘n klip.” Eksodus 15:3-5 (AFR53)

Tog word Jesus aan ons geopenbaar nie as ‘n krygsman nie, maar as die vredevors: heilig, onskuldig en onbesmet. (Jesaja 9:5, Hebreërs 7:26). Weereens het ons 'n konflik tussen die Openbaring van God in Jesus Christus en hierdie beroemde verhaal gelees deur ‘n bril sonder ‘n middelaar. Die spieël nooi ons weereens om dieper te soek om harmonie tussen die twee Testamente te vind.

¹⁶ Die Skelfsee, die Rietsee, die Rooi See/Rooisee verwys na dieselfde see in die verskillende Afrikaanse Bybelvertalings.

Indien ons hierdie storie met ons natuurlike sluier oor ons oë deurgaan, lyk die storie baie eenvoudig.

Die Israeliete het op droë grond deur die see getrek met die water soos mure aan weerskante van hulle. Die Egiptenaars is toe agter hulle aan met al die farao se perde en sy oorlogswaens en hulle bemanning, reguit die see in.

Vroegoggend het die Here van bo uit die wolk van vuur en uit die stapelwolk op die leër van die Egiptenaars afgekyk. Hy het verwarring onder hulle laat ontstaan. Hy het die wiele van hulle oorlogswaens laat vasval sodat hulle nie kon beweeg nie.

“Laat ons padgee van Israel!” het die Egiptenaars geskreeu. “Die Here veg in Israel se plek teen ons.”

Die Here het toe vir Moses gesê: “Steek weer jou hand uit oor die see. Die water sal terugstroom oor die Egiptenaars, oor hulle oorlogswaens en hulle bemanning.” Terwyl die son besig was om op te kom het Moses sy hand oor die see uitgestrek. Die water het teruggestroom na sy ou plek toe.

Die Egiptenaars het voor die water probeer vlug, maar die Here het hulle in die golwe laat verdrink. Die water het oor die oorlogswaens gestroom en ook bo-oor die leër van die farao. Nie een van die Egiptenaars wat die Israeliete agternagesit het, het daardie dag weggekom nie. Eksodus 14:22-28

Daar is 'n gevoel van 'n bevredigende oplossing wanneer die aartsvyand van God se volk heeltemal uitgewis word. Dit blyk duidelik dat God ingetree het en Sy krag gebruik het om Sy vyande te verdrink.

Ek sal die farao weer hardkoppig maak. Hy gaan julle agternasit. Die farao en sy leër gaan egter teen My verloor. Die Egiptenaars sal moet erken dat Ek die Here is.” Die Israeliete het toe daar kamp opgeslaan. Eksodus 14:4

God het gesê dat Hy Sy heerlikheid deur Farao sal vertoon. Neem ons aan dat dit eer aan God bring as Hy mense verdrink? Word God se

heerlikheid gevind in lyke wat langs die strand gestrooi is? Dit sou natuurlik wees om voor te stel dat God Sy liefde en sorg toon deur diegene wat Sy kinders sou doodmaak, dood te maak. Dit maak volkome sin vir die meeste mense. Maar ons onthou dat God se gedagtes nie ons gedagtes is nie. Ons kyk na Jesus en sien dat Hy nooit iemand verdrink het nie. Dit is dus tyd om ons gereedskap op te neem en te soek na 'n oplossing wat hierdie verhaal van die Rooi See-deurtog harmonieer met die karakter van Jesus.

Sommige van ons voel dalk weerstand om verder te soek omdat dit reg voel dat Farao gestraf moet word vir sy misdade teen God se uitverkore volk. Ons natuurlike sin vir geregtigheid voel geïrriteerd deur die suggestie dat daar meer aan die storie is as dat God persoonlik 'n horde borse soldate en hul dwase leiers verdrink omdat hulle slawe agtervolg. Weens die plaë moes hulle tog geweet het om die slawe net te laat trek.

Maar die Bybel self wil hê ons moet na hierdie verhaal kyk. Hoe weet ons? Omdat hierdie verhaal ryk is aan beeldspraak wat verband hou met baie ander dele van die Bybel, en hierdie latere verse brei uit oor wat aan die gebeur is. Hierdie verwysings is belangrik omdat hierdie verhaal, soos alle verhale in die Ou Testament, geskryf is as voorbeelde vir ons wat in die laaste dae leef.

Al hierdie dinge het met hulle gebeur as 'n voorbeeld vir ons, en is neergeskryf om ons te waarsku – ons wat hier teen die einde van die wêreldgeskiedenis leef. 1 Korinthiërs 10:11

Die Bybel gebruik die beeldspraak van Farao se dood by die Rooi See as 'n illustrasie van hoe Satan self tot sy einde sal kom.

Daarom, so sê die Here Here: Omdat jy jou hart gemaak het soos die hart van 'n god, daarom, kyk, Ek bring vreemdes oor jou, die geweldigste nasies, en hulle sal hul swaarde trek teen die skoonheid wat jou wysheid verwerf het, en jou glans ontheilig. In die kuil sal hulle jou laat neerdaal, **en jy sal in die hart van die see die bittere dood sterwe van een wat verslaan is.** Eségiël 28:6-8 (AFR53)

Eségiël gebruik die koning van Tirus as voorbeeld van die werk van Satan. Vroeër in die hoofstuk sê hy dat hierdie wese wyser is as Daniël, en later word genoem dat hy in die tuin van Eden was. In die volgende hoofstuk gebruik Eségiël dieselfde beginsel wanneer hy van Farao praat.

Mensekind, rig jou aangesig teen Farao, die koning van Egipte, en profeteer teen hom en teen die hele Egipte.

Spreek en sê: So spreek die Here Here: Kyk, Ek het dit teen jou, o **Farao, koning van Egipte, jou groot draak wat in jou strome lê**, wat sê: My stroom is myne, en ek het dit vir my gemaak." Eségiël 29:2-3 (AFR53)

Die groot draak is 'n simbool van Satan wat uit die hemel gewerp is.

En die groot draak is neergewerp, die ou slang wat genoem word duiwel en Satan, wat die hele wêreld verlei, hy is neergewerp op die aarde, en sy engele is saam met hom neergewerp. Openbaring 12:9

Daar is dus 'n duidelike verband tussen Satan en Farao, nie net omdat Farao kwaad gedoen het nie, maar sy optrede weerspieël die persoon van Satan in so 'n mate dat Farao met Satan geïdentifiseer word.

Kom ons ondersoek nou hierdie verhaal. Ons let met belangstelling op die plek waarheen God die Israeliete gebring het om die Rooi See oor te steek.

"Sê vir die Israeliete hulle moet wegdraai en gaan kamp opslaan by Pi-Hagirot. Hulle kamp moet langs die see staan reg teenoor Baäl-Sefon, tussen Migdol en die see." Eksodus 14:2

Gesenius dui aan dat die naam Pi-Hagirot, die plek waar die Israeliete kamp opgeslaan het voordat hulle oorgesteek het, *die mond van die grot* beteken. Die Strong se Konkordansie noem *monding van die kloue* en Josephus fasiliteer dit met die volgende weergawe:

En toe die Egiptenaars die Hebreërs ingehaal het, het hulle gereed gemaak om teen hulle te veg, en deur hulle menigte het hulle hulle

verdryf na 'n nou plek; want die getal wat hulle agtervolg het, was seshonderd strydwaens, met vyftigduisend ruiters en tweehonderd duisend voetgangers, almal gewapen. Hulle het ook die gedeeltes gedek waardeur hulle gedink het dat die Hebreërs sou vlug, en hulle afgesonder tussen ontoeganklike afgronde en die see; want daar was [aan elke kant] 'n klomp bergrante wat tot teen die see geloop het, wat weens hul ruheid onbegaanbaar was en hulle vlug verhinder het; daarom het hulle daar met hulle leër op die Hebreërs afgestorm, waar [die rante van] die berge teen die see geëindig het; die leër het hulle op die klipprante van die berge geplaas, sodat hulle ontnem is van enige deurgang na die vlakte. Josephus, *Antiquities of the Jews*, Boek 2, Hoofstuk 15

Dit is duidelik dat die Israeliete tussen twee rante deurgegaan het tot by die see. Dit het vir hulle onmoontlik gelyk om te ontsnap.

Die woord *Migdol* beteken toring of vesting, wat 'n versterkte buitepos van Egipte voorstel vir die beskerming van die nasie. *Baäl-Sefon* was 'n Egiptiese dorp wat soos volg gedefinieer word:

Baäl-Sefon (Hebreeus: בַּעַל זְפוֹן Ba'al Šəfōn; Akkadies: Bēl Ḫazi (dIM ḪUR.SAG); Ugarities: ba'lu šapāni; Hurriëus: Tešub Ḫalbaḡe;[1] Egypties: b'r d'pwn³), was 'n **vorm van die Kanaänitiese stormgod Ba'al** (lit. "Die Here") in sy rol as **heer van die berg Zafon**:[1][n 1] **hy word in die Ugaritiese tekste as Hadad geïdentifiseer**. [6][7] As gevolg van die berg se belangrikheid en ligging, het dit metoniem "noord" in Hebreeus aandui;[8] word die naam daarom soms in vertaling gegee as **Heer van die Noorde**. [n 2] Hy is gelykgestel aan die **Griekse god Zeus** in sy vorm Zeus Kasios en later met die **Romeinse Jupiter Casius**.¹⁷

Beide Gesenius en Strong se Konkordansie dui aan dat *Baäl-Sefon* die Egiptiese vorm is van Tifon, die vernietiger, die Baäl of Heer van die Winter.

¹⁷ <https://en.wikipedia.org/wiki/Baal-zephon>

Tyndale se 'Bible Dictionary' verklaar dat die god Baäl-Sefon in Ugaritiese, Egiptiese en Fenisiese geskrifte genoem word as 'n see- en stormgod.

“Spreek met die kinders van Israel, dat hulle omdraai en laer opslaan voor Pi-Hagirot, **tussen Migdol en die see, voor Baäl-Sefon**; daarteen slaan julle kamp op by die see,” Eksodus 14:2
[Vrylik vertaal uit YLT]

Met die lees van die letterlike Hebreeus, is daar 'n suggestie dat Baäl-Sefon oorkant die see was aan die ander kant of daarteenoor of oorkant dit; oftewel die oorkantste oewer.

Daar word na Farao verwys as 'n draak, of monster, van die riviere. Dit lyk of die kinders van Israel vasgevang is deur die gode van Farao. Baäl-Sefon, die god van donderweer, storms en weerlig, kom Farao te hulp en vang Israel by die see vas. Die god van die see blyk 'n bondgenoot van Farao te wees en help hom om sy prooi weer te vang.

Maar soos ons in die plaes van Egipte gesien het, rig God Moses deur die gebruik van die staf om die woede van die gode van Egipte teenoor die Egiptenaars self te rig. Die Here het net voor Pasga vir Moses gesê:

“Ek sal die gode van Egipte straf. Ek is die HERE!” Eksodus 12:12

Dit is waar dit belangrik is om te let op die manier waarop God oordeel vel oor diegene wat Hom teëstaan. Dit is die beste plek om 'n **tiende hulpmiddel** aan ons gereedskapkis bekend te stel. Ons sal dit **God se Oordeel** noem.

Die Here is bekend vir sy regverdige oordeel. Die goddeloses is gevang met hulle eie handewerk. Stil Tussenspel. Psalm 9:17

Sy boosheid tref homself, sy geweld kom neer op sy eie kop. Psalm 7:17

“...Ek, die Here jou God, is 'n jaloerse God wat die misdaad van die vaders besoek aan die kinders, aan die derde en aan die vierde geslag van die wat My haat...” Exodus 20:5 (AFR53)

Moenie 'n fout maak nie. God laat nie met Hom spot nie: Wat mense saai, sal hulle ook maai. Galasiërs 6:7

“Hy sal julle beoordeel soos julle ander beoordeel. Die kriterium waarmee julle oordeel, sal ook vir julle gebruik word.” Matteus 7:2

Daar was ten minste drie heiligdomme gewy aan Baäl-Sefon in die noorde van Egipte.¹⁸ Dit was 'n godheid wat deur die Egiptenare aanbid is. Terwyl Moses opdrag gegee word om sy staf op te tel, word die waters verdeel, wat die krag van Baäl-Sefon verpletter. Die Psalmdigter verklaar:

Deur u krag het U die see verdeel, die koppe van seemonsters in die water vermorsel. Die koppe van die Leviatan het U verpletter. U het hom as kos vir die woestyndiere gegee. Psalm 74:13-14

Israel loop op droë grond deur die see en hulle kom veilig anderkant uit. Wat volgende gebeur, is fassinerend. Ons onthou dat Baäl-Sefon 'n stormgod is, verbind met Zeus, die god van donder en weerlig. Kom ons lees wat Josefus van hierdie gebeurtenis opteken.

So gou, dus, wat die hele Egiptiese leer daarin was, het die see na sy plek teruggevloei met 'n stortvloed wat deur windstorms opgewek is, en het die Egiptenare omsluit. Reënbuie het ook uit die lug neergestort, **en verskriklike donderslae en weerlig, met flitse van vuur. Donderstrale is ook op hulle afgevuur.** Daar was nog nooit so iets deur God op die mense afgestuur nie, as aanduiding van sy toorn, soos op hierdie tydstip nie, want 'n donker en somber nag het hulle oorval. En so het al hierdie manne omgekom, sodat daar nie een man oorgebly het om 'n boodskap van hierdie ramp aan die res van die Egiptenaars te bring nie. Josephus, *Antiquities of the Jews*, Boek 2, Hoofstuk 16.

Die einste strik wat Farao hom voorgestel het tot sy guns sou werk om die Israeliete te vang, draai nou teen hom; sy leer word met verskriklike

¹⁸ www.bible.ca/archeology/bible-archeology-exodus-route-baal-zephon.htm

donderweer en weerlig met vuurflitse getref. Die seemonster wat deur die staf van Moses geslaan is, draai nou teen sy heer Farao en vernietig hom.

Baal-Sefon herstel blykbaar nadat hy deur Israel teruggedryf is, die waters bruis vorentoe, en Farao, die draak van die riviere, word deur die monster van die see gedood. So is Farao die draak, 'n tipe van Satan, se kop in die see verpletter.

Die Here het deur die seemonster 'n pad oopgekerf om Sy volk te red. Die engele van God het hierdie monster op 'n afstand gehou, maar wanneer Farao die water ingaan, bederf die rebellie in sy siel die omgewing en die hele natuur staan in stryd op teen hom. God keer nie dat die vernietigende magte op hom losbars nie.

Josefus stel dit so:

...die Egiptenare was nie bewus daarvan dat hulle 'n pad ingeslaan het wat vir die Hebreërs gemaak is, en nie vir ander nie; dat hierdie pad gemaak is vir die bevryding van diegene wat in gevaar verkeer, maar nie vir diegene wat in alle erns dit wou gebruik vir die ander se vernietiging nie. Josephus, *Antiquities of the Jews*, Boek 2, Hoofstuk 16.

Ons onthou dat God elemente teruggehou het wat beskou is as bondgenote van Farao. As Farao die draak van die riviere was, sou hy dan nie in staat wees om die slangmonster in die see te oorwin nie?

By hierdie gedagte word die onderwerp van geloof bygevoeg. Moses en die Israeliete kon slegs deur geloof deur die waters gaan.

Omdat hulle geglo het, het die Israeliete deur die Rooisee getrek soos op droë grond. Maar toe die Egiptenaars dit ook probeer het, het hulle verdrink. Hebreërs 11:29

Die pad deur die see was 'n pad van geloof. Farao en die soldate het geen geloof gehad nie, daarom kon die pad glad nie vir hulle oop bly nie.

Verdere bewyse dat God toegelaat het dat die Rooi See oor Farao kom eerder as dat God dit meegebring het, word gevind in die Hebreeuse oorwinningslied.

Werklikwaar! Toe die perde van die farao, sy oorlogwaens en hulle bemanning deur die see wou gaan, het die Here die water van die see op hulle laat instort [Hiph'il – toegelaat]. Die Israeliete was reeds droogvoets deur die see toe dit gebeur het. Eksodus 15:19

Die teks kan lees dat die Here toegelaat het dat die waters op hulle instort, in ooreenstemming met hulle geloof en optrede.

In die Ou Verbond vernietig God Farao; maar in die Nuwe Verbond laat God toe dat Farao homself vernietig. Die mense van Egipte het Moses in Egipte begin vrees, en God laat toe dat die Egiptiese soldate ontvang wat hulle gevrees het.

...“Laat ons padgee van Israel!” het die Egiptenaars geskreeu. “Die Here veg in Israel se plek teen ons.” Eksodus 14:25

In die Nuwe Verbond kan ons sien dat die muur van beskerming rondom Farao verwyder word en hy ly onder die gevolge van sy keuses. Ons sien die projeksie van die gebeure op God in die volgende verse:

Die Here het toe vir Moses gesê: “Steek weer jou hand uit oor die see. Die water sal terugstroom oor die Egiptenaars, oor hulle oorlogwaens en hulle bemanning.” Eksodus 14:26

Buite die karakter van Jesus voel dit baie asof God die Egiptenare persoonlik doodgemaak het. Al die gereedskap waarvan ons geleer het, het swak vertoon in hierdie verhaal. Moet ons hier stop en net glo dat God die Egiptenare verdrink het? Wat doen dit aan die getuienis van Jesus? Dit maak Hom 'n leuenaar. As dit die geval is, is Hy nie die volledige openbaring van die Vader nie.

'n Aanneemlike saak is gestel met 'n alternatiewe begrip van wat in hierdie verhaal gebeur het, maar ons moet steeds dieper delf. Die verhaal van die deurtog deur die Rooi See word verbind met die skeppingsweek sowel as die finale gebeure rondom die vernietiging van Satan. Ons moet hierdie gebeure ondersoek om meer lig op hierdie storie te bring.

HOOFSTUK 25

EVANGELIE IN DIE ROOI SEE

In die vorige hoofstuk het ons die verhaal van die deurtog deur die Rooi See geplaas in die konteks van Farao wat Israel vasgetrek het, net om homself in sy eie strik vas te vang en te vergaan. Alhoewel dit baie dinge verduidelik, verskaf dit nie die volle konteks waarom God vir Moses gesê het om sy hand op te steek en die waters wat verdeel is te beveel om bymekaar te kom, wat die dood van Farao en sy leër veroorsaak het nie. Hierdie gedagte word beklemtoon in hierdie vers wat wys dat God die see oor die Egiptenaars gebring en hulle bedek het.

Julle vaders het na die Here geroep om hulle te help. Ek het dit donker laat word tussen julle en die Egiptenaars. **Ek het die see oor die Egiptenaars laat spoel** [Hiph'il] **en hulle het daarin verdwyn.** Julle het met julle eie oë gesien wat Ek met die Egiptenaars gedoen het. Daarna het julle baie lank in die woestyn vertoef. Joshua 24:7

Om hierdie deel van die verhaal te verstaan moet ons die Ware Kruis van Christus bekendstel; ons moet deur die vuurkolom na die Egiptenare neerkyk om te sien wat die Egiptenare gekwel het en hulle ondergang veroorsaak het. (Eksodus 14:24). Christus was die Een in die vuurkolom en God het, deur Hom, na die Egiptenare afgekyk.

Die Engel van God wat altyd voor die Israeliete uit beweeg het terwyl hulle getrek het, het nou agter hulle plek ingeneem. Ook die wolkkolom wat voor hulle was, het agter hulle ingeskuif. Eksodus 14:19

Paulus verbind hierdie engel van God met Christus. Hy is die een wat die kinders van Israel gelei het.

Broers en susters, ek wil hê julle moet goed verstaan wat destyds met ons voorouers in die woestyn gebeur het. God het hulle almal gelei deur middel van 'n wolk wat vooruit gegaan het. Hulle het almal veilig deur die see getrek. 2As volgelinge van Moses is hulle almal **in die wolk en die see** gedoop. 3En hulle het almal van dieselfde geestelike voedsel geëet 4en almal van dieselfde wonderwater gedrink. **Want hulle het uit die wonderrots gedrink wat hulle vergesel het; en daardie rots was Christus.** 1 Korinthiërs 10:1-4

Christus word slegs aan die term engel verbind met betrekking tot die feit dat hy 'n boodskapper van God is. In die boek Daniël word Hy Migael, die aartsengel, genoem, en Gabriël het hom Migael, die vors van Daniël se volk genoem.¹⁹

Nou moet ons dieper in hierdie verhaal delf, in die lig van ons negende instrument wat spreek tot die Ware Kruis van Christus. Hierdie materiaal is beslis vleis, nie melk nie, so dit sal moeite verg om dit te kou en te verteer.

Die apostel Paulus sê vir ons dat die evangelie van Christus die krag van God tot redding is.

Want ek skaam my nie oor **die evangelie van Christus** nie, want dit is 'n **krag van God tot redding** vir elkeen wat glo, eerste vir die Jood en ook vir die Griek. Romeine 1:16 (AFR53)

¹⁹ Sien Daniël 10:13, 21

Die evangelie, of goeie nuus, van Christus is die krag van God. Paulus definieer die krag van God 'n paar verse hieronder waar hy sê:

Want hulle kan sy **onsigbare eienskappe, naamlik sy ewige krag en sy Goddelikheid**, reeds van die skepping van die wêreld af **duidelik uit sy handewerk waarneem**. Daarom kan hulle hulleself nie verontskuldig nie. Romeine 1:20

Dit is om hierdie rede dat die apostel Johannes die prediking van die evangelie verbind met die aanbidding van die Skepper.

En ek het 'n ander engel in die middel van die lug sien vlieg met 'n **ewige evangelie om te verkondig aan die bewoners van die aarde** en aan alle nasies en stamme en tale en volke. En hy het met 'n groot stem gesê: Vrees God en gee Hom heerlikheid, want die uur van sy oordeel het gekom; en **aanbid Hom wat die hemel en die aarde en die see en die waterfonteine gemaak het**. Openbaring 14:6-7 (AFR53)

Dit vereis die skeppende krag van God om 'n persoon te red, dieselfde krag wat die wêreld gemaak het deur dit te spreek, kan die menslike hart hergenereer om dit soos Christus te maak. In sy boek *The Everlasting Covenant* maak leraar en mediese dokter E.J. Waggoner hierdie insiggewende waarneming.

Dit wil sê, sedert die skepping van die wêreld kon mense die ewige krag van God sien, as hulle hul sintuie sou gebruik, want dit is duidelik te onderskei in die dinge wat Hy gemaak het. Die skepping toon die krag van God. **Dus is die krag van God skeppende krag. En aangesien die Evangelie die krag van God tot verlossing is, volg dit dat die Evangelie die manifestasie van skeppende krag is om mense van sonde te red.**

Maar ons het ook geleer dat die Evangelie die goeie nuus van verlossing deur Christus is. Die Evangelie bestaan in die prediking van Christus en Hom as gekruisigde. Die apostel sê: "Want Christus het my nie gestuur om te doop nie, maar om die evangelie te verkondig, nie met wysheid van woorde nie, sodat die kruis van

Christus nie verydel mag word nie. Want die woord van die kruis is wel dwaasheid vir die wat verlore gaan, **maar vir ons wat gered word, is dit die krag van God.**" (1 Kor 1:17,18 – AFR53)

En nog verder: **"maar ons verkondig Christus wat gekruisig is, 'n struikelblok vir die Jode en dwaasheid vir die Grieke; maar vir die wat geroep is, Jode sowel as Grieke: Christus, die krag van God en die wysheid van God."** (1 Kor 1:23,24 – AFR53)

Daarom het die apostel gedoen wat hy opgeteken het: "En toe ek by julle gekom het, broeders, het ek nie aan julle die getuienis van God kom verkondig met voortreflikheid van woorde of van wysheid nie, want ek het my voorgeneem om niks anders onder julle te weet nie as Jesus Christus, en Hom as gekruisigde." (1 Kor 2:1,2)

Die prediking van Christus en Hom as gekruisigde is die prediking van die krag van God, en daarom is dit die prediking van die Evangelie, want die Evangelie is die krag van God. En dit is presies in ooreenstemming met die gedagte dat die prediking van die Evangelie die voorstelling van God as die Skepper is; want die krag van God is skeppende krag, en **Christus is die een deur wie alle dinge geskep is.** Niemand kan Christus verkondig sonder om Hom as die Skepper te verkondig nie. Almal moet die Seun eer net soos hulle die Vader eer. **Enige prediking wat nie die feit dat Jesus Christus die Skepper van alle dinge is, beklemtoon nie, is nie die prediking van die Evangelie nie.** E.J. Waggoner, *The Everlasting Covenant* (1900), bladsy 22.

In die werk wanneer Hy die Israeliete red, is dit duidelik dat die skeppingskrag van God aan die werk was. As ons noukeurig na die Rooi See-deurtog kyk, sien ons elemente van die Skeppingsweek manifesteer. Kom ons kyk na drie punte in die Rooi See-deurtog wat relevant is tot die skeppingsverhaal:

En die Engel van God wat voor die leer van Israel uit getrek het, het daar weggegaan en agter hulle aan getrek. En die wolkkolom het ook voor hulle weggetrek en agter hulle gaan staan; so het dit dan

tussen die leër van die Egiptenaars en die leër van Israel in gekom. En die wolk was daar met die duisternis, **[1] en dit het die nag verlig**, sodat die een nie naby die ander gekom het die hele nag deur nie. Toe steek Moses sy hand oor die see uit, en die Here het deur 'n sterk oostewind die see laat wegvloei, die hele nag deur, en die see droog gemaak; **[2] en die waters is gekloof**. En die kinders van Israel het midde-in die see getrek op **[3] droë** grond. En die waters was vir hulle 'n muur aan hul regter- en aan hul linkerkant. Exodus 14:19-22 (AFR53)

Op dag een van die skepping het lig verskyn en God het die lig van die duisternis geskei. Ons sien dat toe die wolkkolom tussen die Israeliete en Egiptenare gekom het, die lig van die duisternis geskei is. Op dag twee van die skepping het God die waters bo van die waters onder geskei. Toe, op die derde dag, het die waters onder bymekaargekom en die droë land het verskyn. Dieselfde woord wat in die skeppingsverhaal vir die *droë grond* gebruik word, word gebruik vir die *droë land* waaroor die Israeliete gegaan het.

In die boek *Goddelike Risiko* verduidelik ons in detail die skeppingsverhaal en die betekenis daarvan binne die evangelie.²⁰ Voordat God gesê het laat daar lig wees, was daar duisternis oor die aarde en dit was met water bedek. Satan het na hierdie aarde gekom om die werk van Christus in die skepping van hierdie wêreld te voorkom en God se doeleindes in Sy Seun te keer. In die verhaal van die Rooi See sou Satan die doeleindes van God probeer keer deur die ontsnapping van Israel te voorkom met die seeversperring.

Christus is die lig van die wêreld en in die openbaring van Hom in die hemel was daar 'n skeiding tussen lig en duisternis. Hierdie skeiding is uitgebrei toe die waters geskei is. Die waters daarbo verteenwoordig die lojale engele wat God se openbaring van Sy Seun vertrou het, terwyl die waters onder Satan en sy engele verteenwoordig wat van die lig afgewyk het. Die waters daaronder het God seë genoem. In die waters daaronder het God groot seediere (walvisse) geskep. (Gen 1:21 – sien

²⁰ *Goddelike Risiko* is aflaaibaar op vadervanliefde.com.

KJV) Die woord vir *seediere* in hierdie hoofstuk is dieselfde woord wat gebruik word vir die slang wat van die staf van Moses afkomstig is, en dit is ook dieselfde woord wat in Psalm 74:13 gebruik word vir die seemonsters [drake in KJV] wie se koppe gebreek is toe God die Rooi See gekloof het, soos ons vroeër genoem het.

Terwyl God se volk deur die kloof na die mond van die see beweeg, wat die mond van die slang/draak in die waters was, het ons 'n illustrasie wat terug-eggo na toe die Seun van God die wêreld geskep het deur dit te spreek. Die slang van ouds, die Duiwel, het homself gereed gemaak om Christus te verhoed om Sy skeppingswerk te doen; hy was gereed om die saad wat voortgebring is, te verslind sodra dit geskep is.

God wat gesê het: “Laat daar lig skyn uit die duisternis,” het ook in ons harte 'n lig laat skyn om ons te verlig met die kennis van die heerlijkheid van God, wat van Jesus Christus uitstraal. 2 Korinthiërs 4:6 (AFR1983)

Die openbaring van Jesus Christus, die Seun van God, het Satan en sy leëmag laat terugtrek, beide in die skeppingsverhaal en die deurtog van die Rooi See. Die beeldspraak van Baäl-Sefon die monster spreek tot ons van Satan se domein wat die Israeliete deur die krag van God binnegaan. Die engele van die lig hou die magte van die duisternis terug om God se mense in staat te stel om daardeur te trek.

Ons lees van 'n sterk oostewind wat die waters uitmekaar gewaai en skeiding gebring het. In die skeppingsverhaal het die Gees van God, wat soms deur wind voorgestel word, oor die donker waters gesweef, en op dag twee was die uitpansel gevul met lug tussen die waters, wat 'n uitpansel genoem word. As daar geen uitpansel was nie, kon lewe nie bestaan nie. Sonder die skeiding van die waters sou daar geen droë grond wees vir ons om op te woon tydens ons lewensreis deur hierdie wêreld nie.

Dit alles is noodsaaklik om te verstaan as gevolg van wat ons volgende lees:

Die Egiptenaars het hulle agternagesit: die farao se perde, strydwaens en bemanning is almal agter hulle aan die see in. **In die vroeë môre het die Here uit die vuur- en wolkkolom afgekyk op die Egiptiese leër** en verwarring onder hulle gesaai. Hy het die wiele van hulle strydwaens laat uitval, sodat hulle skaars kon beweeg. Toe sê die Egiptenaars: “Ons moet wegkom van die Israeliete af, want die Here veg vir hulle teen Egipte.” Eksodus 14:23-25

Net voor sonsopkoms het die teenwoordigheid van God, wat deur die vuurkolom en wolkkolom op hulle afgekyk het, die leër van Farao laat bewe. Die Een in die vuurkolom en die wolkkolom was Christus.

Die Son is 'n simbool van Christus, die lig van die wêreld. Toe die Egiptenare in duisternis gehul was en die versperring tussen hulle en die Israeliete kon sien, het hulle genoeg waarskuwing gehad om te weet dat dit nie wys was om die Israeliete te probeer agtervolg nie. Maar na die verharding van Farao se hart deur die plaë, het Farao opgehou om die prikkels van die gewete te hoor, en sodra die wolk begin beweeg het, het hulle hul vasberade poging voortgesit om die Israeliete weer gevange te neem.

Dit alles vind plaas wanneer die son begin opkom, wat herinner aan die vierde dag van die skepping en die opkoms van Christus, die Son van geregtigheid.

Maar die Son van Geregtigheid, met genesing in sy vlerke, sal opkom vir julle wat eerbied en respek vir My het. Julle sal uitgaan en vrolik rondspring soos kalwers wat uit die kraal kom.” Maleagi 4:2

In die verhaal van die Rooi See het ons vier verbindingspunte met die skeppingsweek gesien. Maar die hele skeppingsweek word in hierdie verhaal geopenbaar.

Skeppingsweek	Rooi See deurtog
1. Skeiding van lig en duisternis. (Gen 1:1-5).	1. Egiptenare geskei van Israeliete deur 'n wolkkolom. Lig vir die Israeliete en duisternis vir die Egiptenare. (Ex 14:20).
2. Skeiding van waters. (Gen 1:6-8).	2. Waters van die Rooi See geskei. (Ex 14:21).
3. Droë grond [H3004] verskyn wat versamel is in een plek genaamd Aarde; waters het ook saamedrom as Seë. (Gen 1:9-13).	3. Droë grond [H3004] verskyn en waters gaan terug. (Ex 14:22).
4. Son en Maan geskep. (Gen 1:14-19).	4. Sonsopkoms. (Ex 14:27).
5. Groot seediere [H8577] in die see. (Gen 1:21).	5. Farao die draak [H8577] is in die see. (Eség 29:3).
6. Mens geskape in vryheid. (Gen 1:26-28).	6. Israeliete is gered en het as 'n nuwe vry nasie opgestaan. (Eks 14:30, 15:16) “wat U vir Uself gekoop het. [H7069] (geskape).”
7. Die krag van God gemanifesteer. (Rom 1:20).	7. Die krag van God gemanifesteer. (Ex 14:31).

Paulus het die werklikheid van die evangelie soos dit in die skepping gemanifesteer is, begryp toe hy die woorde van Psalm 19 by die prediking van die evangelie aangepas het.

Die hemele verkondig die heerlikheid van God. Die uitpansel getuig van die werk van sy hande. Die een dag vertel vir die ander dag; die een nag vir die volgende nag. Hulle praat sonder woord of klank, geluidloos is hulle stem; **hulle boodskap gaan uit oor die hele wêreld, hulle woorde tot die uiterste van die aarde.** Die son

se woonplek is in die hemel, waar God dit geplaas het. Psalm 19:2-5

Die geloof volg uit die aanhoor van die boodskap. En die aanhoor van die boodskap volg uit die prediking van **die Goeie Nuus wat handel oor Christus**. Maar wat nou van die Jode? Het hulle die boodskap dalk nie gehoor nie? Hulle het dit definitief gehoor: **“Die boodskappers se stem het oor die hele wêreld uitgegaan; hulle woorde tot by die uithoeke van die aarde.”** Romeine 10:17-18

Dit openbaar dat die verlossende krag van God in Christus in die skeppingsverhaal gemanifesteer word. Die verlossing van die Israeliete by die Rooi See word bestempel met die skeppingsverhaal. Hulle is herskep. Daarom sien Paulus dat hulle “gedoop” is (1 Kor 10:2), wat beteken dat hulle “wedergebore” is.

Dieselfde verlossende/skeppende krag word gemanifesteer in die verhaal van Noag toe die verdeelde waters van bo en onder bymekaargekom het en Noag saam met sy gesin in die ark gered is. Die hele verlossing van die mensdom word uitgedruk in die skeppingsverhaal en kan soos volg opgesom word.

Gebeurtenis	Verse	Verteenwoordiging
1. Lig uit Duisternis	Gen 1:1-5	Oorlog in die Hemel. (Openb 12:7-9). Satan het duisternis oor God se karakter versprei. Lig wat in die aangesig van Christus skyn. (2 Kor 4:6). Henog , wie se prediking van geregtigheid die lig is in die eerste periode van 1000 jaar , het sy hoogtepunt gevind in sy hemelvaart. (Gen 5:21-24).

2. Skeiding van die Waters	Gen 1:6-8	Evangelielig veroorsaak dat duisternis wegwyk. Skeiding van Satan en sy engele van God. (Judas 1:6). Lig en duisternis veg nou om die oortuiging van gemoedere van die heelal. (1 Joh 1:5). Noag die prediker van geregtigheid in die tweede periode van 1000 jaar. Verduur die samekoms van die waters bo en onder. Deur die genade van God in die ewige verbond word die waters weereens geskei. (Gen 9: 9-17).
3. Waters Versamel en Droë Land Verskyn	Gen 1:9-13	Die Saaier gaan uit om die evangeliesaad te saai. (Matt 13:3). Die Evangelie gee vaste grond vir ons voete en bring ons uit die modderige put. (Gen 1:2, Ps 40:1-2). God beperk Satan se aktiwiteite en stel perke aan die waters. (Job 26:10). Die onderskeid tussen die koninkryke van lig en duisternis word geopenbaar in die lewens van Nimrod en Abraham en hulle nageslag deur die derde periode van 1000 jaar.
4. Twee Groot Ligte en die Sterre	Gen 1:14-19	Evangeliesaad manifesteer in die lug – stem ooreen met dag een. Die hemele verkondig die heerlikheid, of karakter, van God. (Ps 19:2). Die raamwerk vir die Vrou van Openb. 12 word bekragtig. (Openb. 12:1). Hierdie ligte word gegee vir die afsprake van God en die stroom van lewe vanaf Sy troon. (Eség. 46 en 47). Christus, die Son van geregtigheid, verskyn aan die einde van die vierde periode van 1000 jaar.

5. Visse en Voëls	Gen 1:20-23	Evangelie manifesteer in die see en lug – stem ooreen met dag twee. (Job 12:7-8). Die voëls van die lug is ontwerp om die karakter van God te openbaar. Die verband met dag twee openbaar ook die skeiding tussen die kerk in die woestyn en die kerk van Rome in die vyfde periode van 1000 jaar. (Openb. 12:6). Twee verskillende evangelies word aangebied. Een word die hok van allerhande haatlike voëls (Openb. 18:2) en die ander bly Christus se vissers van mense. (Matt 4:19).
6. Diere en die Mens	Gen 1:24-31	Die mens is na die beeld van God gemaak en geskep om sy karakter te openbaar. Die diere moes ook die lig van God se karakter openbaar. Wanneer die mens in die tweede Adam tot voltooiing kom, dan is ons voorbereid vir rus. (Gen 1:26, Job 12:7, 1 Kor 15:22). Die 144 000 wat aan die einde van die sesde periode van 1000 jaar manifesteer, sal die heerlijkheid van God openbaar. (Openb. 14:1-5).
7. Sabbatsrus	Gen 2:1-3	Die Groot Stryd eindig en ons gaan in rus in wanneer die duisternis verdryf is en daar geen nag meer is nie. Die heiliges is 1000 jaar in die hemel. (Openb. 21:23-25).

Die spilpunt in hierdie tabel is dat Christus aan die einde van die vierde periode van die menslike geskiedenis geopenbaar is. Hy is die lig van die wêreld, die Son van geregtigheid. Die grootste openbaring van lig het in hierdie tyd in die wêreld gekom. Dit is ook die tyd toe Christus gekruisig is.

God het twee tekens genoem wat die mense sou oortuig om Moses te glo. Die eerste teken was om die staf in 'n slang te verander. Die tweede teken was om sy hand in sy boesem te steek en dit uit te trek met melaatsheid. Moses het albei hierdie tekens aan die Israëliete in Egipte gewys, maar aan Farao het hy slegs die staf gewys wat in 'n slang verander. Het Farao die tweede teken ervaar?

Waarom trek U u hand, ja, u regterhand, terug? **Trek dit uit u boesem!** Vernietig! Nogtans is God my Koning van die voortyd af, wat verlossing werk op die aarde. **U het deur u sterkte die see geklief; U het die koppe van die seemonsters op die waters verbreek.** Psalms 74:11-13 (AFR53)

Christus is die Een wat in die boesem van die Vader woon. (Johannes 1:18). Christus is die krag (sterkte) van God. (1 Kor 1:24). Terwyl Farao en sy leer in vrees verdrink het, was Christus by hulle en het saam met hulle gely. Psalm 18 praat van Christus aan die Kruis en ons sien dat hierdie taal soortgelyk is aan wat Farao by die Rooi See ervaar het.

Bande van die dood het my omsluit, **strome van vernietiging** het my verskrik, bande van die doderyk het my verstrengel, vangstrikke van die dood het my ingewag. Psalm 18:5-6 (Afr2020)

Uit die glans voor Hom het sy wolke verbygetrek met hael en gloeiende kole vuur. **Die Here laat die donder weerklink in die hemelruim;** die Allerhoogste laat sy stem hoor met hael en gloeiende kole vuur. Hy stuur sy pyle en jaag hulle uiteen; **Hy werp sy weerligstrale en bring hulle in verwarring. Die beddings van die strome het sigbaar geword;** die fondamente van die aarde is ontbloot deur u dreiging, Here, deur die windvlaag uit u neus. Psalm 18:13-16 (Afr2020)

Melaatsheid is 'n simbool van sonde (Lev. 13) en aan die Kruis word Christus vir ons tot sonde gemaak. (2 Kor. 5:21). Deur die melaatse hand uit die boesem te trek, sien ons Christus gekruisig in die dood van die Egiptenare. Maar in ons menslike toestand het ons hulle beskou as mense wat deur God geslaan en verdruk word.

Tog het hy óns lyding op hom geneem, óns siektes het hy gedra. Maar ons het hom beskou as een wat gestraf word, wat deur God geslaan en gepynig word. Jesaja 53:4 (Afr83)

Die instrument van die huidige Kruis openbaar aan ons die lyding van Christus in die Rooi See-ervaring. Maar God moes die Egiptenare as losprys prysgee om die Israeliete te red, want dit is die enigste manier waarop beide die Egiptenare en die Israeliete die kwaad wat in Egipte aangerig is, kon versoen.

Nou kom ons by die kern van alles wat ons verduidelik het. Ons onthou in hoofstuk ses hoe die mensdom die frase “My God, My God, waarom het U My verlaat?” verstaan. Ons verbeel ons dat God Sy Seun verlaat omdat Sy geregtigheid die dood van Christus vir ons verlossing vereis. Presies dieselfde gebeur in die verhaal van die Rooi See-deurgang. Ons sin vir geregtigheid laat ons die oplig van die staf en die bymekaarkom van die water sien as God se wraaksugtige geregtigheid wat die Egiptiese volk vernietig vir hulle sondes teen Israel. Ons sin vir geregtigheid laat ons God aanskou sonder Sy vaderlike eienskappe.

Die duisternis wat die aarde bedek het, die donderweer en weerlig wat by die Kruis gemanifesteer is, word verstaan as God se woede oor sonde, maar in Psalm 18 het Christus die woorde geuiter van 'n Vader met 'n gebroke hart wie se Seun pas deur die mensdom vermoor is.

God kom voor as die vernietiger van Farao, net soos Hy as die vernietiger van Christus aan die Kruis voorkom. In beide gevalle is Christus gekruisig. In beide gevalle vind verlossing plaas vir die volk van God. Toe Jesus op aarde gesterf het, is beide die onskuldiges en die skuldiges aan kruise gehang. Die menslike hart vereis die dood van die onskuldiges en die skuldiges sodat sy sin vir geregtigheid bevredig kan word. Dit is gebaseer op vleeslike idees van wat ons dink God wil hê en is geïnspireer deur Satan. Ek het hierdie onderwerp in meer besonderhede behandel in die boek *Ver-soen-ing*, beskikbaar op vadervanliefde.com.

Die dood van die relatief onskuldige seun van Farao en al die eersgeborenes van Egipte het die sleutel geword om die Israeliete toe te

laat om Egipte te verlaat, maar dit was eers met die dood van die skuldige Farao by die Rooi See dat Israel volle verlossing ervaar het.

Daar is nog 'n bewysstuk wat ons moet oorweeg met betrekking tot die Rooi See-deurgang. Dit hou verband met die finale vernietiging van Satan. Ons het kortliks hieroor gepraat in die vorige hoofstuk. Daar word gesê dat Satan soos een is wat gedood word in die hart van die see. (Eség 28:8). Kom ons kyk noukeurig na vers sewe van hierdie hoofstuk.

Daarom laat Ek 'n vyandige, 'n wrede leër teen jou optrek [Hiph'il – toelaat]. Hulle sal jou wysheid aanval en al jou aansien verwoes.
Esegiël 28:7

God sê vir ons dat Satan aangeval sal word deur 'n wrede leër, wat die verskrikking van die nasies is. Die woord in Hebreeus vir *wrede* beteken *tiranniese, gewelddadige onderdrukker*. Diegene wat deur die eeue deur Satan beheers is, weerspieël sy karakter, en wanneer hulle besef dat hulle verlore is, draai hulle teen Satan en probeer hom verslind. Die hoofstuk in Esegiël gaan voort:

Sal jy by dié wat jou doodmaak, nog spog: 'Ek is 'n god!' Voor hulle sal jy nie 'n god wees nie, maar net 'n mens. Vreemdelinge [H2114] sal jou doodmaak soos 'n heiden doodgemaak word. Ek, die oppermagtige Here, sê so!" Esegiël 28:9-10

God dui aan dat *vreemdelinge* Satan sal doodmaak. Dit is mense wat vervreemd is van God omdat hulle Hom nie ken nie. Wat die interessantste is omtrent die woord vir vreemdelinge, is dat dit presies dieselfde woord is wat God se vreemde daad beskryf.

Die Here sal skielik kom, met woede, soos Hy teen die Filistyne by Perasimberg gekom het, en teen die Amoriete by Gibeon. Hy sal kom om 'n vreemde[H2114], 'n ongewone ding te doen: Hy kom om sy eie volk te vernietig! Jesaja 28:21

God se vreemde daad is om weg te draai en toe te laat dat die gevolge uitspeel. Uiteindelik sal God weg draai en die bose saad wat Satan in

die nasies geplant het, laat opstaan en hom vernietig. Maar net soos in die verhaal van die Rooi See, sal dit blyk dat God Satan vernietig het.

Die waters van die Rooi See verteenwoordig mense en nasies.

Die engel het ook aan my gesê: “Die waterstrome wat jy gesien het waar die prostituut sit, verteenwoordig volke, skares mense, nasies en taalgroepe.” Openbaring 17:15

Hierdie waters is deur Satan se gewelddadige, tiranniese aard opgeroer. Leviatan, wat ook Satan verteenwoordig, openbaar hierdie eienskap.

Hy [Leviatan – sien KJV] laat die diep water kook soos in 'n pot. Hy roer die see soos 'n pot salf. Agter hom lê 'n blink streep op die water. Die see word wit van die skuim. Job 41:22-23

“Toe Ek julle voorouers uit Egipte uitgelei het, het Ek nie brandoffers en ander offers van hulle verwag nie. Wat Ek beveel het, was die volgende: ‘Wees aan My gehoorsaam [luister na My stem – AFR53] en Ek sal julle God wees en julle sal my volk wees. As julle doen wat Ek sê, sal dit met julle goed gaan.’”

“Maar my volk het nie na My geluister nie en hulle nie aan My gesteur nie. Hulle het gemaak soos hulle wou. Hulle het hulle eie idees gevolg en verkeerd gedoen sodat hulle agteruitgegaan het in plaas van vorentoe. Vandat jou voorouers uit Egipte getrek het tot vandag toe het Ek aangehou om profete na hulle te stuur, dagin

en daguit. Maar my volk het nie na My geluister nie. Hulle het hulle geensins aan My gesteur nie. Hulle het net nog meer teen My in opstand gekom. Hulle was nog erger as hulle voorouers.”
Jeremia 7:22-26

Kan u sien wat God sê? Hy wou nooit al hierdie offers hê nie. Al hierdie dinge was 'n weerspieëling van wat hulle gedink het nodig was om God te behaag. Die hele offerstelsel is 'n spieël van menslike denke.

Ons onthou uit hoofstuk agt die ses dele van hoe die spieël werk:

1. Hy weerspieël hul eie gedagtes terug na hulle.
2. Terselfdertyd probeer Hy hulle iets leer deur hul vooropgestelde foutiewe opinies.
3. As hulle sy ware betekenis mis, word 'n groter manifestasie van hul bose karakter deur hul misverstand geopenbaar.
4. Christus sê of doen iets wat hulle wêreldbeskouing weerspreek.
5. Hulle het 'n keuse om te maak: om 'n nuwe begrip te aanvaar of in hul sonde te bly.
6. Hy gee aan diegene wat die waarheid aanvaar Sy Gees om hulle te lei om die manier waarop hulle dink, te verander.

Met verwysings na die offerandes, neem ons waar:

1. God het hulle offers gegee volgens hulle eie begeertes.
2. God het probeer om belangrike waarhede te leer deur middel van hul vooropgestelde, foutiewe opinies. Diep geestelike waarheid is gekoppel aan die lyding van Christus in die diereoffers.
3. God het profete gestuur om hulle aan te moedig tot gehoorsaamheid eerder as om offers te bring, maar die mense het hul harte verhard.

4. Christus het hulle vergifnis aangebied deur na die koperslang te kyk eerder as na die offerande, maar hulle het nie die dieper betekenis daarvan onderskei nie.
5. Hulle het 'n nuwe begrip van dinge geweier.
6. Hulle het nooit hierdie punt bereik nie, dus het hulle in hul misleiding agtergebly.

Die dieper betekenis van die offerandes, as 'n weerspieëling van wat hulle aan Hom gedoen het, het Israel verwerp. Daarom kon hulle dit nie vermy om Jesus dood te maak toe Hy aarde toe gekom het nie.

Die profeet Daniël het geprofeteer dat wanneer die Messias kom, Hy slagoffer en spysoffers sou laat ophou.

En Hy [Christus] sal een week lank met baie 'n sterk verbond sluit, en gedurende die helfte van die week **sal Hy slagoffer en spysoffer laat ophou**. Daniel 9:27 (AFR53)

Die leringe van Jesus oor die liefde vir jou naaste, selfs die liefde vir jou vyand, en die vergewing van diegene wat jou seermaak, het die pad geopen om 'n einde te maak aan slagoffer en spysoffer. Maar die mense het Hom verwerp. God moes die offerandes beëindig op 'n manier wat die mense verstaan het; Hy het die Romeine toegelaat om die tempel in 70 n.C. te vernietig en die offerandes is gestaak.

Die kritieke punt waaroor dit gaan, is dat die hele heiligdomstelsel ontwikkel is as 'n openbaring van menslike persepsies van versoening. In hierdie stelsel het God kosbare waarheid gespreek deur hul foutiewe idees.

'n Verdere bewys dat die offerstelsel menslike persepsies weerspieël, word gevind in die kopermetaal wat in die meubels van die binnehof gebruik word. Hierdie metaal is nie deur God gemaak nie. Geelkoper/Brons (Engels: *brass*) is 'n legering van koper en sink. Dit is 'n mensgemaakte metaal wat ontwikkel is deur Tubal-Kain, die seun van Kain.

En Silla, ook sy het geboorte gegee – aan Tubal-Kain, 'n smid en die voorvader van almal wat brons en yster bewerk. Tubal-Kain se suster was Naäma. Genesis 4:22 (Afr20)

As God die offers as deel van Sy denke geskep het, was die offeraltaar van goud en silwer, of ten minste koper, gemaak; dit is metale wat Hy gemaak het. Maar die gebruik van 'n mensgemaakte metaal vir die offeraltaar sê vir ons dat dit offers is wat mense begeer om vir sonde te versoen.²³

Hoe kosbaar is die Spieëlbeginnsel om die waarheid van beide die menslike natuur en God se karakter aan ons te openbaar. Ons Vader wou nooit hê dat diere geslag word nie. Lammers is rein, onskuldige wesens. Hy wou nie hê dat meer as 1000 van hierdie lammers per jaar doodgemaak word nie. Toe Salomo die tempel in Jerusalem ingewy het, het hy 120 000 skape geslag! (1 Konings 8:63). Is dit wat God wou hê? Nee, Hy het dit nooit begeer nie. Ons Vader is die lewegewer, nie die vernietiger nie.

Die offerstelsel is ontwikkel omdat Israel vir God gesê het: “Ons sal alles doen wat die Here vir ons gesê het” Hulle het vir God gesê dat hulle Hagar se oplossing sou volg om dinge op hul eie manier te doen.

God het die offerstelsel in Eden ingestel sodat 'n lam waarskynlik een keer per jaar geoffer sou word, maar mense het dit omskep in 'n oordadige bloedbad van meer as 1000 lammers per jaar vir die tempel en nog duisende vir elke individuele sondaar.

Noudat ons hierdie waarheid verstaan, kan ons die woorde van Johannes in Openbaring begin waardeer.

Toe is daar aan my 'n meetstok gegee wat soos 'n septer lyk, en daar is vir my gesê: “Gaan meet die tempel van God en die altaar en die mense wat in die tempel aanbid. **Die voorhof wat buitekant die tempel geleë is, moet jy weglaat en dit nie meet nie, omdat dit aan**

²³ 'n Artikel oor die metale van die heiligdom, spesifiek die gebruik van die woord “brass” in die King James Vertaling versus die gebruik van die woord *koper* in sommige Afrikaanse Bybelvertalings, is op <https://maranathamedia.co.za/af/article/view/a-brazen-battle>

die nasies oorgegee is. Hulle sal die heilige stad 42 maande lank met die voete vertrap. Openbaring 11:1-2

Die buitenste voorhof is waar die offerandes gebring is. God het aan Johannes gewys dat 'n boodskap in die laaste dae sou kom waarin die beginsel van offers geïdentifiseer sou word as 'n menslike begeerte wat deur Satan geïnspireer is.

Een man wat begin het om die lig van waarheid oor hierdie onderwerp te laat skyn, was 'n dokter en teoloog met die naam E.J. Waggoner. Let op wat hy gesê het oor die beginsel van offers en waar dit vandaan kom.

“Maar,” sal iemand sê, “Julle het die versoening alles aan die kant van mense bewerkstellig; ek is nog altyd geleer dat die dood van Christus God met die mens versoen het; dat Christus gesterf het om God se geregtigheid te bevredig en Hom te paai.” Wel, ons het die saak van versoening net daar gelaat waar die Skrif dit gelaat het; alhoewel dit baie te sê het oor die noodsaaklikheid vir die mens om met God versoen te word, sinspeel dit nooit op so iets soos die noodsaaklikheid vir God om met die mens versoen te word nie. **Om die noodsaaklikheid vir so iets te suggereer, is om 'n ernstige beskuldiging teen die karakter van God in te bring. Die idee het in die Christelike Kerk gekom van die Pousdom, wat dit weer van die Heidendom gebring het. Die heidendom het net een idee oor God, en dit is 'n wese wie se toorn deur 'n offer gepaai moet word.** *Present Truth* UK, 21 September 1893, bladsy 386.7

Die idee van 'n versoening of offer is dat daar toorn is wat gepaai moet word. Maar let veral daarop dat dit ons is wat die offer benodig, en nie God nie. Hy voorsien die offer. **Die idee dat God se toorn gepaai moet word sodat ons vergifnis kan hê, vind geen grond in die Bybel nie. Dit is die toppunt van absurditeit om te sê dat God so kwaad is vir mense dat Hy hulle nie sal vergewe nie, tensy iets voorsien word om Sy toorn te paai,** en dat Hy daarom self die gawe aan Homself aanbied, waardeur Hy gepaai word... *Present Truth* UK, 30 Augustus 1894, bladsy 549.8

Dit is nou tyd vir ons om ons te bekeer van die geloof dat God bloedoffers wou hê.

Ons kan nou sien dat God Sy Seun gegee het om vir ons te sterf om ons vry te maak van die waan dat God slegs deur 'n offer van bloed sou vergewe. Die wet weerspieël menslike persepsies wanneer dit sê dat daar geen vergifnis kan wees sonder die vergieting van bloed nie. (Heb. 9:22).

Daar is sulke kosbare lig wanneer hierdie gedagte begin blom in die denke. Die wet van Moses spreek tot ons van die menslike probleem van bloedoffers. God roep ons nou op om ons van hierdie dinge te bekeer en ons tot Sy Seun te bekeer en Sy Gees te ontvang.

Ek dank Jesus dat hy bereid was om te sterf om my te bereik in my verkeerde begrip van versoening. Niks anders kon my bereik behalwe die dood van Christus nie. Ek is ewig dankbaar hiervoor. Maar noudat ek vrygelaat is, kan ek die voorhof agterlaat en na volmaaktheid in Christus ingaan. Sal jy by my aansluit?

HOOFSTUK 31

DIE GOUE KALF

Die aanbidding van die goue kalf het getoon dat hoewel Israel Egipte verlaat het, Egipte Israel nie verlaat het nie. Die skande van hierdie gebeurtenis vir die Joodse volk word geopenbaar in die feit dat Josephus dit uit sy geskiedenis oor hulle weglaat.

In Egipte het Moses die mense aangemoedig om die Here te vertrou en Hom te volg. By die Rooi See het hy vir hulle gesê om die Here te vertrou en Sy verlossing te sien. Toe hulle oor kos en water gemor het, het hy tot God gebid en hulle het ontvang wat hulle nodig gehad het. In ruil daarvoor het hulle hom daarvan beskuldig dat hy hulle in die woestyn probeer doodmaak terwyl hulle beplan het om hom te stenig omdat hy nie in hul onmiddellike behoeftes voorsien het nie.

Toe dit blyk dat Moses baie langer as verwag op die berg bly, het die ware karakter van die Israeliete na vore begin tree.

Toe die volk sien dat Moses lank wegbly en nie van die berg af kom nie, het hulle na Aäron toe gegaan. Hulle het vir hom gesê: “Maak vir ons ’n god wat ons kan lei. Ons weet nie wat van hierdie man Moses geword het wat ons uit Egipte weggelei het nie.” Eksodus 32:1

Aangedryf deur die gees van die menigte van gemengde afkoms (Eks 12:38), kon Israel nie geduldig wag nie. Hulle het nie gebid en die Here

se leiding gesoek nie. Hulle het nie oor die kosbare woorde van die Tien Gebooie gepeins nie, maar hulle het sake in eie hande geneem en gedoen soos die Egiptenare hulle in Egipte gewys het: hulle het gode gemaak soortgelyk aan dié wat die Egiptenare aanbid het.

Aäron het die mense gevrees wat in vorige situasies gedreig het om sy broer te stenig. Hy het sy posisie in die gedrang gebring deur mee te doen met die boosheid van die nasie. Na alles wat God gedoen het om hulle te red en vir hulle te sorg, het hulle 'n beeld van 'n kalf gemaak en verklaar dat dit hul verlosser is.

Aäron het dit by hulle gevat, dit gesmelt en daarvan 'n kalf gemaak wat uit goud gegiet is. Die volk sê toe: "Israel, hier is jou god wat jou uit Egipte bevry het!" Eksodus 32:4

Aäron het probeer om die aanbidding van die kalf met aanbidding tot God te vermeng deur 'n fees vir die Here uit te roep.

Toe Aäron dit sien, het hy ook 'n altaar voor die kalf gebou. Hy het aangekondig: "Ons hou môre 'n fees vir die Here!" Eksodus 32:5

Dit is die tipe versoeking waarin mense val wanneer daar 'n begeerte is om posisie en mag te behou, sodat die aanbidding van die ware God vermeng word met die aanbiddingspraktyke van mense.

Ons sien verdere bewyse van die mense se begeerte na brandoffers in hulle aanbidding van die goue kalf.

Vroeg die volgende môre het die volk **brandoffers en maaltydoffers geoffer**. Daarna het die volk begin feesvier en losbandig te kere gegaan. [Die NLT gebruik die woorde 'heidense luidrugtigheid'] Eksodus 32:6 (Afr83)

Die mense het die stem van God gehoor wat vir hulle sê om geen beeld van enigiets op aarde te maak om te aanbid nie. Hulle het belowe om te doen wat die Here vir hulle gesê het. Binne 'n paar weke het hulle hul gelofte aan God katastrofies laat vaar. Deur hulle met heidense luidrugtigheid te bemoei, het hulle al die gebooie wat God hulle gegee het, oortree.

Hulle het by Horeb 'n kalf gemaak en gebuig voor 'n gegote beeld. En hulle het hul Heerlikheid verruil vir die afbeelding van 'n bees wat gras eet. Hulle het God vergeet, hulle Verlosser, wat groot dinge gedoen het in Egipte, Psalm 106:19-21 (AFR53)

Was Hy, wat die einde van die begin af ken, verbaas deur hierdie afvalligheid? Glad nie. God het Israel toegelaat om beloftes aan Hom te maak wat Hy geweet het hulle nie kon nakom nie. Hy kon nie anders nie. In hul algehele afvalligheid sou hulle dalk hul algehele hulpeloosheid begin sien en hulle in geloof en gebed tot God wend.

Soos ons in vorige verhale opgemerk het, lei opsetlike ongehoorsaamheid tot die toorn van God. God se toorn beteken die verberging van Sy aangesig. Die verberging van Sy aangesig beteken dat die engele nie in staat is om mense te beskerm soos hulle voorheen gedoen het nie, wat 'n breuk veroorsaak.

Toe het Hy gesê dat Hy hulle sou verdelg, as Moses, sy uitverkorene, nie voor sy aangesig **in die bres** gaan staan het om sy grimmigheid af te keer, dat Hy nie sou vernietig nie. Psalm 106:23 (AFR53)

Die Psalmis openbaar aan ons die verbreking van beskerming in reaksie op God se toorn of die verberging van Sy aangesig. Wanneer ons die woorde lees dat God die mense sou vernietig, dink die natuurlike hart onmiddellik aan God wat die mense doodmaak. Maar wanneer ons in die gesig van Jesus kyk, verstaan ons dat God sê dat Hy hulle nie meer kan beskerm nie as gevolg van hulle gees van rebellie.

Dit behoort nie ons aandag te ontgaan dat Israel, deur die goue kalf te aanbid, Satan gevra het om hulle leier te wees nie. Deur te sê dat die goue kalf hulle uit Egipte uitgelei het, het die volk God van hulle weggedryf.

As God se verteenwoordiger het Moses hierdie verwerping self sterk gevoel. Na alles wat Moses gedoen het om die volk te red, sou natuurlike gevoelens vir geregtigheid binne hom opkom. Die gees van ondankbaarheid is perfekte brandstof vir die begeerte na straf binne 'n

leier. In hierdie geval neem God die geleentheid om die karakter van Moses te ontwikkel. Toe Moses besef watter verskriklike sonde die volk gepleeg het, was hy in die versoeking om te wonder of die volk inderdaad vergewe kon word. Dit is in hierdie konteks dat God met Moses praat oor wat Hy blykbaar beplan om te doen.

Die Here sê toe vir Moses: “Ek het nou gesien dat hierdie volk hulle eie kop gaan volg. Moenie My nou keer nie. Laat staan My dat Ek my woede op hulle kan uithaal en hulle uitwis. Ek sal eerder van jou ‘n groot nasie maak.” Eksodus 32:9-10

Die lees van hierdie teks sonder die bemiddeling van die lewe van Christus lei tot 'n paar baie moeilike gevolgtrekkings.

Maar Moses het by die Here gepleit om dit nie te doen nie. Hy het vir die Here gevra: “Here, waarom sal U nou u woede uithaal op u volk wat U met groot krag en sterk mag uit Egipte bevry het? Waarom sal U die Egiptenaars kans gee om te sê: ‘Hulle God het hulle om die bos gelei. Hy het hulle bevry sodat Hy hulle tussen die berge kon uitwis en van die aarde af laat verdwyn’? Moet tog asseblief nie kwaad word nie. Sien af daarvan en moenie hierdie ramp oor hulle laat kom nie.” Eksodus 32:11-12

As Moses werklik probeer het om God te paai, kan ons die gevolgtrekking maak dat Moses meer barmhartig is as God? Die Bybel sê vir ons dat God se goedertierenheid vir ewig duur. (Ps.136, 1953 vertaling). Ons kennis van die natuurlike vyandskap in die mens sê vir ons dat die mens geen vermoë het om enigiets goeds te doen tensy dit eers van God kom nie.

Waarom sê God dan vir Moses om Hom uit te los sodat Hy Israel kan vernietig? Waarom gehoorsaam Moses nie God se bevel nie? Probeer Moses God paai? Of bring God sy innerlike gedagtes na Moses en voer hulle tot hul logiese gevolgtrekking om Moses die vermoë te gee om dieper in die genade van God te beweeg?

Later in die hoofstuk sien ons hoe Moses worstel met die enormiteit van Israel se sonde. Hy smeeek God om Israel te vergewe, maar dan wag hy en bied homself as 'n offer aan om die geregtigheid van God te paai.

“Wil U nie maar asseblief hulle sonde vergewe nie? **As U nie wil nie**, moet U tog maar my naam uitvee uit die boek waarin U dit opgeteken het.” Eksodus 32:32

Soos ons voorheen gesê het, maak Moses 'n pragtige gebaar in 'n verkeerde konteks. Soos Abraham, sukkel hy om te ontsnap van die gedagte van die noodsaaklikheid van die dood vir sonde.

Net voor dit het Moses beveel dat diegene wat geweier het om hulle te bekeer, doodgemaak moet word. Die skuldiges het in die slagting omgekom. Moses vrees steeds dat dit nie genoeg is nie en bied homself aan as 'n onskuldige slagoffer, soos 'n tipe van Christus, om die geregtigheid te bevredig wat hy geglo het bevredig moes word. In die uitmoording van die goddeloses saam met die offer van die onskuldige Moses, sien ons weereens die versoeningsbeginsels van mense wat op dieselfde manier as Christus geopenbaar word – die onskuldige wat geoffer is saam met die twee skuldige diene.²⁴

Die verhaal van Moses wat God smeeek om nie Sy kinders dood te maak nie, in 'n poging om Sy woede te paai, spreek direk tot die menslike persepsie van God. God kan niks anders doen nie, as om so aan ons te verskyn as gevolg van ons vyandskap teen Hom. Ons onvermoë om verantwoordelikheid vir ons daade te neem, beteken dat wanneer die Engele se muur van beskerming verwyder word, enige ramp wat oor die mensdom val, op God geprojekteer word, waar God beskou word as iemand wat die vernietiging in 'n slegte bui doen.

Soos ons al verskeie kere aangedui het, is God se gedagtes nie ons gedagtes nie. Binne die gebooie van God word ons meegedeel dat wanneer ons valse gode aanbid, God jaloers *word*. Die meeste Bybels vertaal die teks eenvoudig as 'God is jaloers'. Maar die woord “is” word

²⁴ Vir meer hieroor sien *Ver-soen-ing* bladsye 63-66 gratis aflaaibaar by vadervanliefde.com.

ingevoeg. God lyk jaloers, want wanneer gevolge op die kwaaddoener val, blameer hy God as die aggressor, net soos Adam God blameer het vir die skepping van die vrou.

In hoofstuk 20 het ons gekyk na hoe die skans werk. Wanneer mense God se wet oortree, maak dit gapings in die muur van beskerming. Moses het in die gaping of bres getree en vir die volk van Israel gepleit. Hy het presies gedoen wat God wou hê hy moes doen, want later in Israel se geskiedenis sien ons dat God na 'n man soek om in die gaping te staan om Israel te red.

“Ek het gesoek na iemand wat die muur wat die land beskerm, kon herbou, na iemand wat voor My in die gaping in die muur kon staan sodat Ek nie die land hoef te vernietig nie, maar Ek het niemand gekry nie.” Eségiël 22:30

Gelukkig het God in Moses 'n man gevind om in die gaping te staan wat Israel gemaak het. Hoe maklik kon Moses die bevel van God om Hom alleen te laat, ter harte geneem het, omdat dit met sy natuurlike denke ooreengestem het. God sou Moses nie dwing om die Israëliete te lei nie, en Hy sou werklik 'n nuwe nasie uit Moses se saad gemaak het indien dit Moses se wense was.

Maar die Gees van God het met Moses geworstel om hom na Christus se gelykenis te trek. Moses het pragtig gereageer, en in sy smeekbede tot God op sy knieë sien ons Christus gemanifesteer in die vlees van Moses, op presies dieselfde manier as wat dit gemanifesteer het in die vlees van Abraham toe hy vir Sodom gesmeek het. Waar die meeste mense “Amen” sou sê vir God wat goddeloosheid vernietig, het Moses hoop gesien in hierdie woorde van God: “Moenie My nou keer nie.” Moses het die hart van God pragtig in hierdie geval gelees.

Die uitdrukking van God, “Moenie My nou keer nie” is dieselfde as toe Christus vir die vrou gesê het: “Dit is nie reg om die kinders se kos te neem en dit vir die honde te gee nie.” Die spieël is hier in werking. Moses neem moontlik waar dat God daarop ingestel sal wees om geregtigheid te soek en dat die tyd vir bespreking verby is. Maar

wanneer God die gedagte verbaliseer en vergroot, skakel Moses oor na die posisie van barmhartigheid, net soos God wou hê hy moes doen.

Die alternatiewe siening van Moses wat God probeer paai en Hom tevrede stel deur Hom te herinner aan hoe sleg Hy vir die ander nasies sal lyk, is doodeenvoudig dwaasheid. Dit is tyd om die sluier af te haal wat die karakter van God vir ons verberg en Hom te aanskou in die lig van die karakter van Christus.

God het vir Moses vertel wat die Israeliete gedoen het deur hulleself te verdorwe. God het presies gesien wat hulle gedoen het en hulle vergewe vir hulle goddeloosheid, maar toe Moses dit sien, het sy toorn gloeiend warm geword.

Toe hulle nader aan die kamp kom, het Moses die kalf en die gedansery gesien. Hy het so kwaad geword dat hy die klippe op die grond neergegooi het. Dit het daar by die voet van die berg in stukke gebreek. Hy het toe die beeld van die kalf wat hulle gemaak het in die vuur gegooi. Toe dit afgekoel het, het hy dit fyngemaal. Hy het die poeier in water gegooi en die Israeliete gedwing om dit te drink. Eksodus 32:19-20

Moses verbreek daardie kosbare gebooie wat God met Sy eie hand geskryf het as 'n simbool van wat die volk aan die woorde van God gedoen het. Daar is 'n gevoel van vasberadenheid in Moses se optrede. Daardie stom, lewelose afgod wat in poeier verander en in die volk se drinkwater gestrooi is, dra 'n gevoel van geregtigheid vir 'n goddelose en ondankbare volk oor.

Aäron voel die hitte van Moses se vraag: “Wat het die volk dan aan jou gedoen dat jy hulle so 'n groot sonde laat doen het?” Die patetiese reaksie van Aäron deur te beweer dat hy die goud in die vlamme gegooi het, wat veroorsaak het dat 'n kalf op magiese wyse uitgekom het, sou Moses glad nie tevrede gestel het nie.

Israel was nou in 'n verskriklike krisis. Daar was verskeie kwessies wat aangespreek moes word.

1. Die aanbidding van die Goue Kalf het veroorsaak dat 'n gaping gemaak is wat Satan toegelaat het om binne te kom.
2. Toe hulle die land Kanaän binnegegaan het, kon die heidennasies na die afgodery van Israel wys as ondersteuning vir hul eie. Daar moes bewyse van God se misnoeë getoon word.
3. Israel het nie na die stem van God geluister nie en het gekies om 'n verbond met Hom aan te gaan volgens hul eie keuse. God kon nie hierdie situasie regstel soos Hy wou nie, daarom moes Hy dit doen volgens Israel se persepsies van geregtigheid en versoening vir sonde.
4. Israel het 'n god van oorlog aanbid wat kwaaddoeners doodgemaak het. Hulle word nou geoordeel volgens hul eie oordeel oor ander.
5. Die geskiedenis van Adam wat versoening soek deur die blaam op God en sy vrou te plaas, is steeds 'n kerndeel van hulle natuur en dit word in hierdie verhaal gemanifesteer.
6. Die verhaal van Abraham wat besef het dat God wou hê dat hy sy onskuldige seun moes offer om vir sy sondes te versoen, speel ook 'n rol in hierdie verhaal.

Moses het versoening probeer doen vir die kinders van Israel.

En die volgende dag het Moses aan die volk gesê: Julle het 'n groot sonde begaan; maar nou sal ek na die Here opklim: miskien kan ek **vir julle sonde versoening doen**. Exodus 32:30 (AFR53)

Moses nooi die mense wat hulle van hulle goddeloosheid bekeer het, om vergifnis te ontvang. Diegene wat nie na Moses gekom het nie en geweier het om hulle te bekeer, sou die bres teen Israel oophou. As hulle steeds deel van Israel sou bly, sou Satan voortdurende toegang tot die hele laer hê. Hy kon die omliggende nasies opstook en hulle sou toegelaat word om die Israeliete te vernietig as gevolg van hierdie sonde.

Sodat Israel en die omliggende nasies kon verstaan dat afgodery 'n oortreding vir God is en nooit aanvaar sal word nie, moes oordeel oor die nasie val en die breuk / gaping toegemaak word.

Ons let noukeurig op die woorde van Moses in sy hantering van hierdie situasie.

... het Moses in die poort van die laer gaan staan en gesê: Wie vir die Here is, kom na my toe! Toe het al die seuns van Levi by hom versamel. En hy het vir hulle gesê: So spreek die Here, die God van Israel: Laat elkeen sy swaard aangord aan sy heup. Gaan heen en weer van poort tot poort in die laer, en laat elkeen sy broer en elkeen sy vriend en elkeen sy naaste doodmaak. **En die seuns van Levi het gehandel volgens die woord van Moses,** en daar het van die volk op dié dag omtrent drieduisend man geval. Exodus 32:26-28 (AFR53)

Wat ons hier moet oplet is dat Moses nie die gesprek wat hy met God gehad het, insluit nie. Op ander plekke skryf Moses dinge soos hierdie:

Die Here het verder vir Moses gesê: “Ek is die Here. Ek het My aan Abraham, Isak en Jakob voorgestel as ‘God die Almagtige’. Hulle het My nie geken as ‘die Here’ nie. Ek het met hulle ‘n ooreenkoms gemaak om die land Kanaän, waarin hulle vir ‘n tydjie oorgebly het, vir hulle te gee...” Eksodus 6:2-4

Moses het dit alles net so aan die Israeliete oorgedra.... Eksodus 6:9

En weer:

Maar die Here het vir Moses gesê: “Let op, Ek sal jou soos ‘n god laat wees teenoor die farao. Jou broer, Aäron, sal jou boodskapdraer wees. Hy sal jou woorde aan die farao oordra.” Eksodus 7:1

Moses en Aäron het presies net so gemaak soos die Here vir hulle gesê het. Eksodus 7:6

En weer:

Die Here het toe vir Moses gesê: “Ek gaan vir julle kos uit die hemel laat reën...” Eksodus 16:4

Moses en Aäron het vir die Israeliete gesê: “Teen vanaand sal julle weet dat dit die Here self is wat julle uit Egipte laat wegtrek het.” Eksodus 16:6

En weer:

Moses het teen die berg uitgeklim na God toe. Die Here het bo van die berg af met hom gepraat en vir hom gesê: “Sê vir die mense van Jakob en vir die volk van Israel die volgende...” Eksodus 19:3

Moses het toe van die berg af geklim en die leiers van die volk bymekaargeroep. Hy het vir hulle alles vertel wat die Here hom beveel het. Eksodus 19:7

Hierdie proses word oor en oor in die geskrifte van Moses herhaal. Wanneer ons by die verhaal van die nederlaag van die Amalekiete en die doodmaak van die drieduisend by die Berg Sinai kom, word hierdie patroon nie gevolg nie. Moses skryf nie: “Die Here het Moses beveel – maak almal dood wat nie berou het nie.” Waarom teken Moses nie die gesprek op wat hy in hierdie geval met God gehad het nie?

Die Leviete het net so gemaak soos Moses gesê het. Ongeveer 3 000 mans het daardie dag gesterf. Eksodus 32:28

Waarom het Moses geskryf dat dit 'n bevel van Moses was? Waarom skryf hy nie dat dit 'n bevel van God was nie? Hierdie vraag is van kritieke belang in hierdie storie.

God ken die beginsels van versoening waarop mense werk. Toe die Israeliete water geëis het in Eksodus 17 se verhaal, is Moses beveel om die rots te slaan sodat water kon uitkom. Die slaan van die rots is 'n simbool van Christus, die rots wat hulle gevolg het. (1 Kor 10:4). Die slaan van die rots openbaar die lyding van Christus om ons lewe te gee.

Teen die einde van hul woestyn-omswerwing is Moses gevra om met die rots te praat eerder as om dit te slaan, maar hy het dit twee keer in woede geslaan en die simbool van 'n oplossing deur die dood herhaal.²⁵

Ons Vader in die hemel ken die gedagtes van mense en die beginsels van versoening deur offerande. Hy weet dat Israel nie in die vergifnis van God kan glo sonder 'n offerande nie, daarom laat Hy Moses toe om op te tree volgens sy gedagtes van restitusie deur die dood van diegene wat geweier het om hulle te bekeer, te eis. Deur Moses nie te verhinder om sy gedagtes oor hierdie situasie deur te voer nie, plaas God Sy gesag daarop.

Dit is presies dieselfde uitkoms as die dood van Farao in die see. God moet as die vernietiger gesien word sodat mense kan aanvoel dat versoening en restitusie bereik is. Op hierdie manier straf God die sonde van diegene wat deur hul eie regstelsel in opstand gekom het. God as persoon word nie in hierdie aksies verteenwoordig nie. Ons weet dit want Moses noem nie dat God hom opdrag gegee het om dit te doen. Dit maak dit duidelik 'n proses van toestemming eerder as dat Hy die inisieerder van die aksie is.

Deurdat God toegelaat het dat die oortreders gestraf word deur die sonde van mense se versoeningsbeginsels, is die gaping toegemaak, die heidense nasies het God se misnoeë aanskou en Israel was gereed om te glo dat hulle vergewe kon word.

God het die Leviete geseën vir die optrede wat hulle geneem het in ooreenstemming met hul persepsie van versoening. Wanneer 'n kind 'n lomp poging aanwend tot een of ander lewensvaardigheid, sal die wyse ouer die kind nie berispe nie, maar dit eerder seën om dit aan te moedig om hulle vorentoe te laat beweeg.

Die nadeel vir die Leviete wat min mense oorweeg, is dat hulle moes saamleef met die beelde van dood en vernietiging toe hulle op hul broers losgebrand het. Dit sou baie traumaties gewees het vir baie van

²⁵ Ek behandel dit in baie meer besonderhede in hoofstuk 8 van *Ver-Soening* gratis aflaaibaar vanaf vadervanliefde.com.

hulle. Maar hulle het besluit om op die beste manier wat hulle verstaan het, vergoeding met God te doen, en God het dit geseën.

Soos ons vroeër bespreek het, was die dood van die skuldige nie genoeg vir Moses om te glo dat God Israel sou vergewe nie. Hy het homself as die onskuldige offerande geoffer.

Toe God Moses as 'n onskuldige slagoffer verwerp het, was dit moeilik vir Israel om vergifnis in sy volledigheid te begryp. Daarom het die breuk in die gedagtes van Moses en die volk steeds bestaan wat Satan toegelaat het om hulle voortdurend te teister.

“Maar gaan nou en lei die volk waarheen Ek jou gesê het. Kyk, my engel sal voor jou uit gaan. Maar die dag as Ek besoeking doen, dan sal Ek hulle sonde oor hulle besoek. So het die Here dan die volk getref, omdat hulle die kalf gemaak het wat Aäron vervaardig het. Exodus 32:34-35 (AFR53)

Moses het God gevra om Sy volk te vergewe. In die verse wat so pas aangehaal is, sien ons iets wat lyk soos 'n gebrek aan vergifnis deur God, want Hy hou aan om hulle te teister en te straf. Dit is waar dat God nie die skuldiges van hul dade vryspreek nie, hulle sal maai wat hulle saai, maar die plaag kom van die mense se eie skuldgevoel, wat hulle blootstel aan Satan se versoekings om terug te val in sonde.

As die mense volkome vergifnis in die dood van die skuldiges kon omhels het, sou dinge minder moeilik vir hulle gewees het. Maar toe die skuldiges die dood van die onberouvolles sien, het dit by hulleself twyfel laat ontstaan of God hulle steeds vir hulle sondes wou doodmaak.

Die menslike hart is baie stadig om die ware liefde van God vir Sy mense te onderskei en die menslike natuur is geweldig vinnig om vergelding aan die hand van God toe te skryf. Kyk net hoe wys is ons Vader in die hemel om hierdie komplekse situasie met die Goue Kalf op te los en Israel van algehele uitwissing deur Satan te verlos.

Kortliks sien ons dat die dood van die 3000 deel gevorm het van die toelaatbare wil van God om aan menslike versoeningsbeginsels te

voldoen. Die manier waarop Moses oor hierdie storie beskryf het, toon duidelik dat die bevel om dood te maak 'n bevel van Moses was. Toe ons Vader nie beswaar gemaak het of die optrede van Moses verhoed het nie, het God verantwoordelik geword vir alles wat plaasgevind het en daarom is Sy oordeel geopenbaar en die rebelle is in hul eie regstelsel vasgevang en vernietig.

Ek hoop u kan die ware karakter van ons Vader in hierdie verhaal sien. Hy wou nie hê dat enigiemand doodgemaak word nie, maar menslike beginsels van versoening het dit vereis, so God het dit aan hulle gegee. Christus is gekruisig in diegene wat gesterf het, want Christus is naby elkeen van ons en voel ons pyn en hartseer. Maar om die nasie te red, moes die rebelle sterf; die rots moes geslaan word.

Kan u die kosbare lig in hierdie verhale sien? Ek bid dat ons Vader u sal help om die skoonheid van hierdie waarheid te sien en hoe God mense ontmoet waar hulle in hul eie gedagtes is, om hulle te red.

HOOFSTUK 32

NADAB EN ABIHU

Soos ons voortgaan met ons opmars deur die verhale van die Ou Testament, word die gereedskap wat ons aangeleer het hopelik makliker om te gebruik met elke nuwe verhaal wat ons teëkom. Ek het aanvanklik self gevind dat, sonder die kennis en vaardigheid wat nodig is om die Nuwe Verbond se beginsels toe te pas, ek soms moed sou verloor wanneer ek 'n sekere verhaal vind wat met die eerste oogopslag so duidelik ons geliefde Vader as die vernietiger voorhou.

Ek het dikwels op my knieë geval en ons Vader gevra om my te wys hoe om 'n betrokke storie te verstaan. Terwyl ek in Jesus se gesig kyk en sien hoe Hy diegene vergewe wat Hom haat en goed doen aan diegene wat Hom wil doodmaak, word ek hoopvol om te glo dat Sy Vader dieselfde doen. Ek herinner myself daaraan dat ons Vader my vertel het van my oneindige waarde vir Hom deur Sy Seun en hoe Hy my geleer het van die tere intimiteit wat Hy deur die familie geskep het.

Ek onthou dan dat my natuur boos is, en ek bely dat ek van nature in stryd is met my Vader. Ek erken my eerste gedagtes is om die Bybel verkeerd te lees en teen my liewe Vader te draai, en dit laat my in vrees en bewing.

In die verlede sou ek instinktief die teks van die Ou Testament lees en aanvaar dat ek verstaan wat gesê word, sonder om te besef dat ek

onwetend probeer om in die teenwoordigheid van my hemelse Vader te wandel sonder die bemiddeling van die karakter van Jesus.

Ek word daaraan herinner dat, as ek enige gevoelens van vyandigheid teenoor ander het, ek die Ou Testamentiese beskrywings van God doodeenvouding as gewelddadige straf van God sal lees. Dan onthou ek die ware betekenis van God se toorn is om Sy aangesig te verberg en mense toe te laat om die gevolge te dra van wat hulle besluit om te doen. Dit behels dat engele in tranen uittree van hul pos terwyl hulle gedwing word om die beskerming van iemand wat hulle dalk al vir dekades opgepas het, prys te gee. En waarom moet hulle van hul werk van beskerming afwyk? As gevolg van die volgehoue weiering om na die Vader se stem deur Sy woord en deur Sy Gees te luister. In droefheid word ons Vader gedwing om Sy aangesig in Sy hande te laat sak en die rebelle oor te laat aan die genade van Satan en die elemente van die aarde wat hulle deur hul invloed vervorm het.

Ons moet alles wat ons geleer het saambring na die volgende verhaal van Nadab en Abihu.

En die seuns van Aäron, Nadab en Abihu, het elkeen sy vuurpan geneem en vuur daarin gegooi en reukwerk daarop gesit en vreemde vuur voor die aangesig van die Here gebring, wat Hy hulle nie beveel het nie. Daarop het daar vuur van die aangesig van die Here uitgegaan en hulle verteer, en hulle het gesterwe voor die aangesig van die Here. Levitikus 10:1-2 (AFR53)

Kan jy onderskei wat in hierdie verhaal gebeur het? Die direkte lees daarvan sonder Christus bevestig ons natuurlike denke dat kwaaddoeners vernietig moet word; versoening word slegs deur die dood bewerkstellig. As ons in die gesig van Jesus kyk, soek ons biddend na meer leidrade.

Toe het hulle nader gekom en **hulle in hul rokke buitekant die laer uitgedra** soos Moses gesê het. Levitikus 10:5 (AFR53)

'n Oppervlakkige lees mag dalk daarop dui dat Nadab en Abihu doodgebrand is. Dit sou beteken dat hul liggame verkool en verwronge

sou wees. Maar die Bybel sê vir ons dat hulle in hul klere uitgedra is. Dit bewys dat letterlike vuur hulle nie vernietig het nie. John Wesley bied hierdie insiggewende kommentaar oor hierdie gedeelte.

Van die Here – Uit die hemel, of liever uit die heiligdom. Het hulle verslind – Het hulle lewens vernietig; want hulle liggame en klere is nie verteer nie. So word gesê dat die swaard verslind, 2 Sam 2:26. So maak weerlig mense baie keer dood, sonder enige skade aan hulle klere. Wesley se kommentaar oor Levitikus 10:2

Die onderskeidingsvermoë van Nadab en Abihu was klaarblyklik benadeel deur hulle gebruik van alkohol.

En die Here het met Aäron gespreek en gesê:

Moenie wyn of sterk drank drink nie, jy of jou seuns saam met jou as julle in die tent van samekoms ingaan, dat julle nie sterwe nie; 'n ewige insetting is dit vir julle geslagte; Levitikus 10:8-9 (AFR53)

Nadab en Abihu was dronk voordat hulle die Tabernakel binnegegaan het. Hierdie manne was nie beginners nie. Hulle was deel van die sewentig manne wat God op die Berg Sinai gesien het.

Daarop het Moses opgeklim met Aäron, Nadab en Abihu en sewentig van die oudstes van Israel. En hulle het die God van Israel gesien, en onder sy voete net soos 'n vloerwerk van saffierstene en so helder soos die hemel self. Exodus 24:9-10 (AFR53)

Die weifelende aard van hul vader, Aäron, soos geopenbaar in die Goue Kalf-insident, dui daarop dat getrouheid aan God se instruksies nie ywerig aan sy seuns geleer is nie. Toe Aäron die aanbidding van Jehova met die aanbidding van heidense godsdienste vermeng het, het hy sy seuns die beginsel geleer om verskillende geeste te vermeng. Die resep het ramspoedige gevolge gehad.

Wanneer ons die instrument van die Evangeliekarakter toepas, vind ons dat Jesus mense nooit met weerlig getref het om hulle dood te maak nie. Ons weet wel dat die Israeliete 'n oorlogsgod aanbid het, soortgelyk aan

Zeus, wat klaarblyklik daarvan gehou het om weerligstrale na mense te gooi.

As ons die verhaal van Elia onthou, toe God naby hom gekom het, het daar wind, aardbewing en vuur gekom. Toe Nadab en Abihu die heiligdom genader het waar God se teenwoordigheid gewoon het, is die gees wat in hulle was, versterk. God kon hulle nie beskerm nie as gevolg van hulle verontagsaming van Sy gebooie. Hul aanbidding van 'n krygergod soortgelyk aan Zeus kon moontlik gemanifesteer het in weerlig wat uit die Allerheiligste van die heiligdom geslaan het op presies dieselfde manier as wat hulle God aanskou het.

Wat ek fassinerend vind, is die woord wat gebruik word om die vuur aan die begin van hierdie storie te beskryf.

En die seuns van Aäron, Nadab en Abíhu, het elkeen sy vuurpan geneem en vuur daarin gegooi en reukwerk daarop gesit en **vreemde** [H2114] vuur voor die aangesig van die Here gebring, wat Hy hulle nie beveel het nie. Levitikus 10:1 (AFR53)

Die woord vreemd beteken die volgende:

Zûr [H2114] om weg te *draai* (veral vir verblyf); dus om 'n *vreemdeling*, *vreemd*, *onheilig te wees*; spesifiek (aktiewe deelwoord) om *egbreuk te pleeg*: - (kom van) 'n ander (man, plek), een wat wind laat waai, weggaan, (ver-) vreemd (-eling, ding, vrou).

Dit is presies dieselfde woord wat God gebruik wanneer Hy Sy vreemde daad uitbeeld.

Want die Here sal Hom gereed maak soos by die berg Pérasim; Hy sal aanstorm soos in die dal by Gíbeon om sy werk te doen — vreemd [H2114] is sy werk! En om sy daad te verrig — ongehoord is sy daad! Jesaja 28:21 (AFR53)

Die vuur wat Nadab en Abihu geoffer het, was vuur wat weggedraai of afgewyk het. In watter opsig was die vuur onheilig? Dit was nie die vuur wat God in die begin aangesteek het nie. Dit was gewone vuur. Maar wat het dit anders gemaak? Eenvoudig dit: dit was vuur wat buite

die gebooie van God geoffer is. Daarom moes God afwyk en Sy aangesig verberg. Of ons kan dit lees dat Nadab en Abihu van die pad van die lewe afgewyk het en God se beskerming verbeur het.

Hoe noodsaaklik is dit vir ons om die middelaarswerk van Christus te verstaan. Begryp ons die feit dat, indien ons God nader met 'n valse idee van Hom, die valsheid teruggespeel sal word na ons, behalwe indien Christus intree om ons onkundige dwaasheid te bedek?

Ek dring daarop aan dat u die implikasies van die spieël oorweeg. Om God buite die karakter van Christus te benader, sal veroorsaak dat enige foutiewe, onstabiele denke oor God manifesteer. Ons is aan die natuur gekoppel; dit reageer op wat ons dink, optree en voel. God het vir Kain gesê dat die vloek “van die aarde af” sou kom wanneer ons God se gebooie oortree. (Gen.4:11, CAB)

Almal wat gedagtes van wraak teenoor ander koester of 'n gees van onvergewensgesindheid het wat die straf van ander begeer, sal dit so gemanifesteer sien in die natuurlike wêreld wanneer hulle God nader. Laat ons daarom die Vader nader sonder enige afgode van ons verbeelding. As ons dit doen, sonder om van hierdie afgode afstand te doen, sal ons vergaan deur ons eie oordeel omtrent die goddelikheid.

Ek voel 'n diep gevoel van dringendheid oor hierdie vraag en ek bid dat die Vader by jou die erns daarvan sal beklemtoon om te weet wie die Vader is. Daar is geen kortpad in hierdie saak nie. As jy enige greintjie afgodery in jou denke het, sal dit jou vernietig. Die eniggebore Seun van God is die volle openbaring van die Vader. Slegs diegene wat in Sy naam, wat karakter beteken, glo, kan gered word.

Dink aan die manne van Bet-Semes in die tyd van Eli die hoëpriester. Die ark van God is deur die Filistyne weggeneem. Die teenwoordigheid van die ark het hulle so geteister dat hulle daarvan ontslae wou raak. Die onkunde van die Filistyne het die direkte effek van die ark, 'n simbool van die teenwoordigheid van God, op die mense verminder. Maar uiteindelik kon hulle dit nie meer uithou nie.

Toe dit terugkom na Israel, het dit by Bet-Semes aangekom. Die mense was oorstelp van vreugde. Maar Israel het geweet dat dit God se heilige teenwoordigheid verteenwoordig. Tog, soos Nadab en Abihu, het sommige van die manne die ark genader sonder om aan die heiligheid daarvan te dink.

Die Here het egter 70 man van Bet-Semes laat sterf omdat hulle die ark van die Here bekyk het. Die inwoners het gerou omdat die Here so baie mense laat sterf het. "Wie kan standhou in die teenwoordigheid van die Here, hierdie heilige God?" het hulle uitgeroep. "Waarheen kan ons die ark stuur?" 1 Samuel 6:19-20

Toe die manne in die Ark gekyk het, het hulle direk na die wet van God gestaar, wat 'n spieël is vir almal wat daarna kyk. Sonder die bemiddeling van 'n middelaar het die oorlogsugtige God wat die Israeliete aanbid het, in die skepping gemanifesteer en hulle doodgemaak. Sewentig is as gevolg daarvan gedood.

Die oorblywende mense het 'n kritieke vraag gevra wat die goddelose sal vra wanneer die God van die hemel die aarde aan die einde van tyd nader.

Hulle sê toe vir die berge en die kranse: "Val op ons en verberg ons voor die oë van Hom wat op die troon sit en van die wraak van die Lam!" **Die belangrike dag van hulle wraak het aangebreek en wie kan staande bly?** Openbaring 6:16-17

As ons vandag in Jesus se gesig kyk, kan ons sien dat daar geen veroordeling vir ons is nie, want ons sien dat Jesus niemand veroordeel nie.

Julle oordeel volgens die uiterlike; Ek oordeel oor niemand nie.
Johannes 8:15

Wanneer ons hierdie Gees van Christus omhels, sal ons ophou om te veroordeel; en wanneer ons ophou om te veroordeel, kan ons die teenwoordigheid van die Vader binnegaan sonder vrees vir die dood, want die spieël in ons siele sal die gesig van Christus weerspieël. Zeus, die weerlig- en donderweergod, sal vir ons dood wees en ons vir hom.

Ons sal in die teenwoordigheid van God leef sonder 'n voorbidder om ons gees van veroordeling te bedek, want die gees van veroordeling sal nie daar wees nie.

As jy die ware betekenis van hierdie feite onderskei het, dan word jy geroep om deel te wees van die 144 000 wat die Lam volg waar Hy ook al gaan. Vir diegene wat ore het om te hoor, luister na wat die Gees sê.

HOOFSTUK 33

GESTENIG OOR GODSLASTERING

Wanneer ons die boek Levitikus verder lees, kom ons die verhaal teë van die man wat die Naam van God gelaster het, waarvoor hy gestenig is.

U mag dalk onthou uit hoofstuk 29 van hierdie boek, dat God wette aan Israel gegee het volgens hulle eie denke en idees. Ons moet altyd onthou dat Israel nooit God se begeerte aanvaar het om hulle oor Homself te onderrig nie. Hulle het gedink God was net soos hulle. (Ps 50:21, AFR53). Daarom toon God Homself verkeerd teenoor die goddelose en valse mense. (Ps 18:27).

Die man wat God gelaster het, het nie suiwer Israelitiese bloed besit nie. Hy was half Israeliet en half Egiptenaar.

Op 'n dag het 'n man met 'n Israelitiese ma en 'n Egiptiese pa in 'n geveg betrokke geraak met een van die Israelitiese mans. Levitikus 24:10

Wanneer iemand 'n Egiptiese god gelaster het, is die persoon gevolglik met klippe doodgegooi.

Moses het hom egter geantwoord: “Ons kan dit nie so doen nie. Die Egiptenaars sal gril vir die offers wat ons vir die Here bring. **As ons hier offer waar hulle dit kan sien, gaan hulle ons met klippe doodgooi.**” Eksodus 8:26

As die Israeliete 'n os of koei in Egipte geoffer het, sou dit as godslastering beskou gewees het en die Egiptenare sou hulle gestenig het.

Wat volgende in die storie gebeur, is fassinerend.

Midde-in die geveg het die seun van 'n Israelitiese vrou die Naam van die Here lasterlik gebruik. Die man is toe na Moses toe gebring om uitspraak te gee. Sy ma se naam was Selomit. Sy was die dogter van Dibri uit die stam van Dan. **Hulle het die man in aanhouding geplaas totdat die wil van die Here in dié verband duidelik sou word.**

Toe het die Here vir Moses gesê: “Neem hierdie lasteraar uit die kamp uit. Sê vir almal wat hom hoor laster het om hulle hande op sy kop te lê. Laat die hele gemeenskap hom dan stenig. “Sê dan vir die volk Israel: Hy wat die Naam van die Here lasterlik gebruik, sal die gevolge van sy skuld dra en sal gestraf word.” Levitikus 24:11-15

Die meeste mense sou hierdie gedeelte as duidelike bewys sien dat God wou hê dat Sy mense diegene wat die Naam van God gelaster het, moes stenig. Maar wanneer ons dit vergelyk met wat Jesus in die Nuwe Testament sê, vind ons 'n onmiddellike konflik.

“Dit verseker Ek julle: God sal elke sonde of lastering vergewe, maar lastering teen die Heilige Gees sal Hy nie vergewe nie. Enigiemand wat iets teen My, die Seun van die Mens, sê – dit sal daardie persoon vergewe word. Maar wie die Heilige Gees belaster, sal nooit vergewe word nie, nie in hierdie wêreld nie en ook nie in die toekomstige een nie.” Matteus 12:31-32

Het hierdie man die Heilige Gees gelaster? Hoe kan jy Jesus laster en vergewe word, maar jy kan nie die Heilige Gees laster en vergewe word

nie? Die Heilige Gees is die Gees van Jesus. (Johannes 20:22). Dit is die Gees van Christus wat in die gewete van 'n persoon spreek. Wanneer jy daardie stem binne-in jou verwerp wat jou smee om sekere dinge nie te doen nie, dan het jy alle moontlikheid om vergewe te word, uitgeput. Hy wat teen sy gewete sondig, kan homself nie vergewe nie. Die Skrif waarsku ons soos volg teen hierdie feit:

Want dit is nie die blote aanhoor van die wet wat mense vrymaak van God se oordeel nie; dit is hulle wat God se wet gehoorsaam wat God se vryspraak ontvang. Wat nou die nie-Jode betref wat nie God se geskrewe wet het nie – as hulle instinkief die vereistes van die wet nakom, selfs al het hulle nie die wet nie, stel hulle vir hulleself 'n wet. Hulle optrede toon duidelik dat die vereistes van die wet in hulle harte geskryf staan. Boonop **bevestig hulle gewetens dit deurdat hulle gedagtes hulle óf aankla óf vryspreek.** Romeine 2:13-15

Soos ons voorheen gesê het, word ons geoordeel soos ons ander oordeel. Dit geld mees direk vir God. As ons God op 'n sekere manier oordeel, kan ons Vader niks anders doen as om ons toe te laat om te ontvang volgens ons eie oordeel nie.

“[Die dienskneg sê vir die meester:] ‘want ek was bang vir u, omdat u 'n strawwe man is; u neem weg wat u nie uitgesit het nie, en maai wat u nie gesaai het nie.’

Toe sê hy [die meester] vir hom: **‘Uit jou mond sal ek jou oordeel, slegte dienskneg!** Jy het geweet dat ek 'n strawwe man is wat wegneem wat ek nie uitgesit het nie, en maai wat ek nie gesaai het nie.’” Lukas 19:21-22 (AFR53)

Die woord wat in hierdie verhaal in Levitikus gebruik word om *godslastering* te beskryf, is nie die algemeen-gebruikte Hebreeuse woord vir godslastering nie.

Naqab – Strong’s Konkordansie H5344. 'n Primitiewe wortel; om te deurboor, letterlik (om te perforeer, met minder of meer geweld) of

figuurlik (om te spesifiseer, aan te dui, te laster): – aanstel, laster, boor, vloek, uitdruk, met gate, noem, deurboor, deurstee.

Die vloek van hierdie woorde teen God het die Vader se hart deurboor. Hoe hartseer is dit vir ons Vader om 'n seun in woede met Hom te hoor praat en Hom te vervloek. Hierdie man het die wet geken. Die wet het gesê:

“Jy mag God nie oneer aandoen of enigeen van jou heersers vervloek nie.” Eksodus 22:28 (vrylik vertaal uit NLT)

Deur God te vervloek met woorde wat skeur en deurboor, kan aan hierdie man slegs teruggekaats word wat uit sy eie mond gekom het. Die kinders van Israel kom na God om Sy wil te ken. God gee aan hulle die gedagtes van die man self. Die man weet dat hy gelaster het, en hy ken die straf hiervoor waaroor die hele Israel ingestem het.

Ons moet konsekwentheid voor oë hou in hierdie storie. As ons glo dat Jesus Bileam werklik sou doodmaak, dan is Jesus se woorde aan Pilatus onwaar toe Hy gesê het: “My koninkryk is nie van hierdie wêreld nie, anders sou my dienaars veg.” Toe die dissipels vir Jesus sê dat hulle twee swaarde het, en gedink het Jesus wou dit gebruik om te veg, het Jesus gesê: “Dis genoeg!” (Lukas 22:38) soos vertaal in die NLV. Die vertaling “Dit is genoeg” in ander Afrikaanse vertalings is onvanpas – soos ons vroeër gesê het, is twee swaarde nie genoeg om met ’n groep Romeinse soldate af te reken nie. Christus wou nie Bileam doodmaak nie, maar om vir Hom ’n weerspieëling te bring van wat Bileam eintlik gedink het. Hoekom? Om hom tot bekering te bring. Só werk die evangelie. Bileam het amper berou getoon, maar het tekort geskiet.

Bileam bely toe voor die engel van die Here: “Ek het ’n fout gemaak. Ek het nie gesien u staan voor my in die pad nie. As dit vir u verkeerd is dat ek gaan, sal ek liever omdraai.” Numeri 22:34

Bileam het sy sonde bely, maar klou vas aan die hoop om steeds te gaan deur te sê dat hy huis toe sal terugkeer AS Christus teen hom was om te gaan. Bileam ignoreer al die bewyse wat Christus vir hom gesê het:

“Hoekom het jy die donkie nou al drie keer geslaan?” vra die engel van die Here vir hom. **“Ek het gekom om jou voor te keer, want jy is op die verkeerde pad.”** Numeri 22:32

Hoe kan Bileam die woord AS voorstel, terwyl Christus duidelik vir hom gesê het: “Ek versper jou pad omdat jy my hardkoppig teëstaan!” Hoe maklik verblind sonde die oë van 'n man. Aangesien Bileam vasgevang was in sy begeerte, laat Christus hom doen soos hy wil. Hy beveel hom om te doen soos Bileam wil hê.

Bileam probeer sy bes om die volk van Israel te vervloek soos Balak wou hê. Maar die enigste inspirasie wat na Bileam gekom het, was woorde van seën. God kon Bileam nie dwing om iets te sê wat hy nie bereid was om te sê nie. Die Gees van God het met Bileam geworstel en hy was steeds daardeur beïnvloed.

Dit het Balak verskriklik gefrustreer. Hy het vier keer probeer om Bileam te kry om Israel te vervloek. Waarom het God drie hele hoofstukke van die Bybel geneem om hierdie gebeurtenis te beskryf? Al hierdie dinge is geskryf as waarskuwing vir ons wat deur die laaste gebeure van die aarde se geskiedenis sal gaan.

Kan dit wees dat 'n tipe Bileam sal verskyn wanneer God se volk aan die rand van die hemelse Kanaän aan die einde van tyd is, met kennis omtrent die skep van 'n gaping om die Israeliete te verdeel? Alhoewel hy self nie die Israeliete kon vervloek nie, stel hy listig voor om Moabitiese vroue te stuur om Israel tot afvalligheid te verlei – ons sal dit in die volgende hoofstuk bespreek.

Wanneer die vierde engel van Openbaring 18 die aarde met sy heerlikheid verlig, sal die koninkryke van hierdie wêreld in vrees verkeer. Hulle sal 'n persoon, groep of organisasie soek wat eens getrou aan God was, maar korrup geraak het deur die begeerte na mag en posisie. Hierdie organisasie sal misluk om die werk van die vierde engel

te stop, maar aangesien dit sommige van die beginsels van God se koninkryk sal ken, sal dit die konings van die aarde 'n manier wys om 'n bres in die verdediging van God se mense te skep, en 'n gedeelte van hulle na hul dood te stuur.

Laat ons uit die geskiedenis leer. Ons moet bewus wees van wat kan gebeur. Ons het self die potensiaal om soos Bileam te wees. Die geheim om rein en getrou aan God te bly, is om te weier om die wyn van Babilon te drink, en ook nie haar god te dien nie. Vir 'n diepgaande ontleding van die manier om hierdie proses te ontsnap, sien die boek *“Escaping the Pentagon of Lies”* wat beskikbaar en aflaaibaar is op fatheroflove.info. (Sien ook *“Ontsnapping uit die Pentagoon van Leuens”*, op vadervanliefde.com)

HOOFSTUK 45

AFVALLIGHEID BY DIE JORDAAN

Dit was geen toeval dat die Moabitiese vroue die Israelitiese laer binnegekom het om die mans van die nasie tot intieme ontmoetings uit te lok nie.

Toe Israel in Sittim gebly het, het die volk begin hoereer met die dogters van die Moabiete — dié het die volk na die offers van hulle gode uitgenooi; en die volk het geëet en hulle neergebuig voor hulle gode. Number 25:1-2 (AFR53)

Hierdie verskriklike plan is deur Bileam beraam, wat gefrustreerd was omdat hy nie Balak kon help soos hy wou nie. Hy het geweet hoe die beskermende muur werk, en het geweet dat as hulle die Israeliete kon laat sondig, hulle vernietig kon word. Josephus verduidelik die agtergrondverhaal.

Maar Balak was baie kwaad dat die Israeliete nie vervloek was nie, en het Bileam weggestuur sonder om hom enige agting wat hy werd was, te gee. Toe hy op pad was om die Eufraat oor te steek, het hy Balak en die vorste van die Midianiete laat roep en só met hulle gespreek: “Balak en julle Midianiete wat hier teenwoordig is, (want ek is verplig om julle selfs sonder die wil van God tevrede te

stel) dit is waar dat geen algehele vernietiging die nasie van die Hebreërs kan tref nie, nie deur oorlog of deur pes of deur skaarste aan die vrug van die aarde nie, en ook geen ander onverwagte ongeluk kan hulle algehele ondergang wees nie; **want die voorsienigheid van God sal sorg dat hulle van so 'n ongeluk bewaar word; en dit sal ook nie toelaat dat so 'n ramp oor hulle kom waardeur hulle almal vergaan nie;** maar sommige klein ongelukke, en dié maar vir 'n kort tydjie, waardeur hulle dalk neergewerp mag word, kan hulle steeds tref; maar daarna sal hulle weer floreer, tot die vrees van diegene wat daardie onheil oor hulle gebring het.

“Indien julle dalk van voorneme is om vir 'n kort tydjie 'n oorwinning oor hulle te behaal, sal julle dit verkry deur my aanwysings te volg: – **Neem die aantreklikste van julle dogters wat die mees uitstaande is vir skoonheid, en gepas is om die ingetoënheid van diegene wat hulle aanskou, af te breek en te oorwin, en laat hierdie dogters hulle versier en optooi tot die hoogste mate wat julle kan.** Stuur hulle dan om naby die Israeliete se kamp te wees en gee hulle die bevel dat die jongmanne van die Hebreërs hulle geselskap begeer en dit toelaat; en wanneer hulle sien dat hulle verlief op hulle is, laat hulle vertrek; en as hulle hulle smee om te bly, laat hulle nie hul toestemming gee totdat hulle hulle oorreed het om hul gehoorsaamheid aan hul eie wette, die aanbidding van daardie God wat hulle as nasie daargestel het, te laat vaar nie, en om die gode van die Midianiete en die Moabiete te aanbid; want op hierdie manier sal God toornig op hulle wees.” Gevolglik, toe Bileam hulle raad gegee het, het hy op sy weg gegaan. Josephus, *Antiquities of the Jews*, Boek 4, Hoofstuk 6:6

Bileam se plan het volmaak gewerk. Israel het voor die voete van afgode gebuig en die toorn van die Here opgewek. Die Engele se beskermingmuur is gebreek en die Here wou nie die gevolge van afgodery voorkom nie. Soos Hy in die tweede gebod gespreek het:

“Jy mag vir jou geen gesnede beeld of enige gelykenis maak van wat bo in die hemel is, of van wat onder op die aarde is, of van wat in die waters onder die aarde is nie.

Jy mag jou voor hulle nie neerbuig en hulle nie dien nie; **want [of omdat] Ek, die Here jou God, is [word] 'n jaloerse God** wat die misdaad van die vaders besoek aan die kinders, aan die derde en aan die vierde geslag van die wat My haat;” Exodus 20:4-5 (AFR53)

Dit lyk asof God jaloers raak wanneer Sy mense afgodery aangaan, want God verberg Sy aangesig wanneer hulle hulle tot ander gode wend. Wanneer rampspoed kom, verbeel die mense hulle dat God die een is wat direk die pyle van die dood in 'n daad van aggressie bring, terwyl Hy in werklikheid dit hartseer verduur deurdát Hy die mense die gevolg van hul eie keuses moet laat ly.

Ek het 'n paar woorde tussen hakies in die teks hierbo bygevoeg. Die woord *want* kan vertaal word as *omdat*. Die woord *is* is 'n bygevoegde woord. Dit kan net so maklik gelees word as *word*. God is nie jaloers soos mense die term verstaan nie, maar Hy blyk jaloers te word op ons wanneer Hy toelaat dat gevolge op ons val wanneer ons Sy gebooie oortree.

Net nadat Israel voor die gode van die Moabiete gebuig het, het 'n plaag hulle begin vernietig. Die volk het God as die argitek van hulle dood beskou. Die Adamitiese beginsel van versoening het beide verteenwoordigers van beide onskuldige en skuldige menslike offers vereis om Israel se persepsie van God se toorn te bevredig. Adam het God, die onskuldige, en Eva, die skuldige, blameer as diegene wat die dood verdien in plaas van homself. Israel loop nou in dieselfde voetspore.

Soos ons in die verhaal van die laaste plaag in Egipte bespreek het, het die dood van die eersgeborenes die dood van klein kinders sowel as volwassenes behels. Dit vervul die dood van die skuldiges en die onskuldiges. Dit was die enigste ding wat veroorsaak het dat Farao sy greep op Israel laat vaar het. Die bevryding van Israel verteenwoordig wat die vleeslike menslike verstand vereis voordat dit homself van

skuld sal bevry. God begeer nie slagoffer en spysoffer vir sonde nie, maar die gevalle natuur van Adam begeer dit wel. God moet die losprys betaal wat deur Satan geëis word in die vorm van 'n Strafvervangende offer vir die mens voordat hy sal glo dat hy vergewe is.

Die meeste Israeliete het 'n verhouding met 'n ander god aangegaan. Dit is duidelik dat alle gode behalwe die ware God deur Satan geïnspireer is. Israel het gekies om die beskerming van God te verlaat en onder die “sorg” van Satan te kom. Hulle het die gebooie aangaande die aanbidding van ander gode geken, maar hulle het dit steeds gedoen.

As 'n vrou haar man verlaat en 'n verhouding met 'n ander man aanknoop wat haar dan slaan en doodmaak, moet ons die eerste man blameer vir haar dood? As ons die eerste man sou blameer, dan is ons geregtig om God te blameer vir die dood van die Israeliete.

Dit is die konteks van die gebeure wat in Númeri 25 plaasgevind het met die dood van die skuldige aanhangers van die afvalligheid, en die plaag wat 24 000 mense gedood het. Die versoeningsproses word in Númeri 31 voltooi, waar die skuldiges van Moab saam met hul onskuldige manlike kinders doodgemaak word. Slegs toe kon die Israeliete vergifnis begryp en glo dat God gepaai is en Sy toorn teen hulle gestuit is.

So het Israel hom dan gekoppel aan Baäl-Peor, en die toorn van die Here het teen Israel ontvlam. Toe sê die Here vir Moses: Neem al die hoofde van die volk en hang die oortreders op in die volle son vir die Here, sodat die toorn gloed van die Here van Israel afgewend kan word. Numeri 25:3-4 (AFR53)

Terwyl ons in die gesig van ons Vader kyk terwyl Hy die woorde spreek: “Neem al die leiers van die volk en hang die oortreders voor die Here,” durf ons probeer om die betekenis daarvan te onderskei sonder die lewe van Christus, die middelaar? God word deur die mense vereis om die karakter van 'n regter aan te neem en te eis dat die mense Hom 'n menslike offer bring om Hom te paai. Hulle moet toesien dat geregtigheid geskied voordat hulle kan glo dat hul moordenaar-God

gepaai is. God het geen ander keuse as om die oortreders aan die dood oor te gee nie, want dit is die proses van versoening wat hulle verstaan.

Dit was die enigste manier waarop die mense genade sou aanvaar; 'n offer of strafvervanging was nodig. Die hele nasie was betrokke by die fees, maar diegene wat hulle die meeste tot kwaad aangemoedig het, was nou in die oë van die mense opgehang.

Terwyl die mense na die manne gekyk het wat in die son opgehang was, soos in die proses om op te kyk na die bronslang, kon die mense begin glo dat God hulle sou vergewe sodat hulle van die plaag genees kon word.

Terwyl die plaag die laer met vrees geteister het, het een van die vorste van Israel 'n Midianitiese vrou na die middel van die laer gebring, terwyl hy die lyke in die lug gesien het, met die bedoeling om met haar seks te hê.

Terwyl Moses en die gemeenskap nog so by die ingang van die tabernakel gestaan en huil het, het 'n man uit Israel openlik daar aangekom met 'n vrou uit Midian. Numeri 25:6

Alhoewel baie in die kamp gesondig het, het die dade van hierdie man 'n weerligafleider gebied vir menslike geregtigheid om homself te manifesteer. Simri die Simeoniet het 'n sonedraer geword, nie net vir homself nie, maar vir die hele nasie.

Toe die priester Pinehas, seun van Eleasar, die seun van Aäron, dit sien, het hy tussen die mense opgespring en 'n spies gegryp. Hy het die man agternagesit na sy tent toe. Hy het die spies dwarsdeur die Israeliet en deur die vrou se maag gegooi. Dit het die plaag wat oor Israel gekom het, laat ophou. Daar het 24 000 mense aan die plaag gesterf. Numeri 25:7–9

Toe Pinehas (wat *bek van 'n slang* beteken, ander variante sluit *bronsmond* in) die skaamtelose optrede van Simri sien, is sy sin vir geregtigheid opgewek. Terwyl Israel met vrees en plaë geteister is vir hulle sondes, het hierdie goddelose man sy sonde voor hulle gelanseer. Pinehas, wat die beginsels van menslike geregtigheid (bek van 'n slang) en oordeel

gevolg het, het 'n spies geneem en Simri en Kosbi doodgemaak tydens die daad van seksuele omgang. Dit het reg gevoel vir die nasie, en hulle het geglo dat dit God se geregtigheid sou bevredig (alhoewel dit eintlik menslike geregtigheid was wat op God geprojekteer is, wat bevredig is).

Dit was na hierdie daad dat die plaag gestuit is. God het toe 'n seën op Pinehas geplaas op die volgende manier:

Pinehas, die seun van Eleásar, die seun van die priester Aäron, het my grimmigheid van die kinders van Israel afgewend deurdat hy my ywer onder hulle geywer het, sodat Ek die kinders van Israel in my ywer nie verteer het nie. Daarom spreek: **“Kyk, Ek sluit met hom my vredeverbond, en dit sal vir hom en sy nageslag ná hom die verbond van ewige priesterskap wees, omdat hy vir sy God geywer en versoening vir die kinders van Israel gedoen het.** Numeri 25:11–13 (AFR53)

Deur Simri en Kosbi dood te maak, het Pinehas versoening vir Israel bewerkstellig. Net soos genesing na Israel gekom het deur na die slang te kyk, is Israel nou genees deur die bek van die slang wat versoening by God vir Israel gebring het. Dit was 'n versoeningsproses wat hulle verstaan het. Dit is hoe versoening lyk in die spieël van die Ou Verbond.

Dit volg dieselfde patroon as die slaan van die rots. Israel kon nie geglo het dat God hulle sou vergewe totdat Simri dood was nie, want menslike geregtigheid vereis die dood voordat vergifnis kan plaasvind. Sonder die vergieting van bloed is daar geen vergifnis van sonde nie. (Heb 9:22).

Ons sien die proses waardeur Pinehas 'n ewige priesterskap verkry het; hy het 'n menslike offer gebring waardeur God versoen is. Dit is presies hoe die Christelike wêreld Christus beskou. Hy het Homself as 'n menslike offer aangebied om God se toorn te versoen. Aangesien Hy uit die dood opgewek is, het Hy 'n ewige priesterskap verkry.

En op 'n ander plek het God vir Hom gesê: “Jy is priester vir ewig volgens die priesterorde van Melgisedek.” Hebreërs 5:6

maar omdat Hy tot in ewigheid bly, besit Hy 'n priesterskap wat nie tot 'n einde kom nie. Hebreërs 7:24 (Afr20)

God het Pinehas geseën omdat Israel 'n middelaar nodig gehad het om vir hulle in te tree. Aäron is oorlede en Pinehas neem 'n sentrale rol as die priester van die volk in. Hierdie hele proses bevredig die verkeerde persepsies van die mense, maar daar is geen ander manier vir God om hulle te bereik nie. Dus seën God Pinehas volgens die begeerte van die mense.

As Pinehas nie gedoen het wat hy gedoen het nie, sou Israel onder die vermeende veroordeling van God gebly het, soos hulle dit verstaan het. Hulle sou nie kon glo dat God hulle sou vergewe nie. Daarom sou die plaag voortgeduur het totdat die meerderheid van die kamp omgekom het. Dit is slegs vergifnis wat die menslike hart van die mag van Satan bevry.

“...om hulle oë oop te maak, sodat hulle hulle van die duisternis na die lig kan draai, en **van die mag van Satan na God, en ook dat hulle, deur geloof in My, vergewing van sonde** en 'n erfdeel saam met die geheiligdes **kan ontvang.**” Handeling 26:18 (Afr20)

As Israel verstaan het dat offerande nie deel is van die waarheid van God se karakter nie, kon hulle gekom het en om vergifnis gevra het en aanvaar gewees het. Hulle kon met die rots gepraat het en die waters van die lewe verniet ontvang het. Maar die mens se weë is nie God se weë nie, daarom moes Simri deur die *bek van die slang* sterf sodat die hele nasie nie sou vergaan nie.

Later in die geskiedenis van Israel kry ons 'n dieper insig in die mens se denke omtrent die ophang van mans voor die Here.

En toe daar in die dae van Dawid 'n hongersnood was, drie jaar lank, jaar ná jaar, het Dawid die aangesig van die Here gesoek; en die Here het gesê: Vanweë Saul en vanweë sy huis waarop bloedskulde rus, omdat hy die Gibeoniete omgebring het. Toe roep die koning die Gibeoniete en sê vir hulle — die Gibeoniete het naamlik nie behoort tot die kinders van Israel nie, maar by 'n

oorblyfsel van die Amoriete; en hoewel die kinders van Israel vir hulle gesweer het, het Saul probeer om hulle om te bring in sy ywer vir die kinders van Israel en Juda —.

Dawid dan het aan die Gibeoniete gesê: Wat moet ek vir julle doen, en **waarmee moet ek versoening doen**, dat julle die erfdeel van die Here kan sien? Daarop sê die Gibeoniete vir hom: Dit is ons teenoor Saul en sy huis nie te doen om silwer en goud nie, en dit gaan vir ons nie daarom om iemand in Israel dood te maak nie. En hy vra: Wat dink julle dan moet ek vir julle doen? En hulle sê vir die koning: Die man wat ons vernietig het en planne teen ons beraam het om ons te verdelg sonder dat ons in enige grondgebied van Israel kan voortbestaan — **laat sewe manne van sy seuns aan ons gegee word, dat ons hulle voor die Here kan ophang in Gíbea van Saul**, die uitverkorene van die Here! En die koning het gesê: Ek sal hulle gee.” 2 Samuel 21:1–6 (AFR53)

Ons sien in hierdie aksies die beginsels van die mens se versoening. Hongersnood het oor Israel gekom. Om van die vloek te herstel, moes sewe mans sterf. In hierdie geval was die mans relatief onskuldig. Hulle het nie persoonlik enige misdaad teen die Gibeoniete gepleeg nie. Tog is hulle gekies as 'n Strafvervanger vir die sonde van hul vader. Nadat hierdie aksie geneem is, het Israel geglo dat die sonde vergewe was en daarom kon die reën terugkeer.

Soos ons voorheen gesê het, is hierdie element van die dood van die onskuldiges 'n belangrike deel van menslike versoening. Soos ons in die verhaal van die Kruis van Christus sien, moet die onskuldiges saam met die skuldiges gedood word.

En een van die kwaaddoeners wat opgehang is, het Hom gesmaad en gesê: As U die Christus is, verlos Uself en ons. Maar die ander een antwoord en bestraf hom en sê: Vrees jý ook God nie, terwyl jy in dieselfde oordeel is? — **ons tog regverdiglik, want ons ontvang die verdiende loon vir ons dade, maar Hy het niks verkeerds gedoen nie.**” Lukas 23:39–41 (AFR53)

Dit is my vurige gebed dat u kan sien dat God vir Israel 'n offer moes voorsien wat aan hulle idees van geregtigheid en versoening sou voldoen. God het nie 'n offer begeer nie, maar daarsonder sou die hele nasie vergaan het. God moes op hierdie denkproses reageer:

“Julle besef nie dat dit vir julle voordeliger is dat een mens vir die volk sterf en nie die hele volk tot niet gaan nie.” Johannes 11:50

Kajafas is nie deur God geïnspireer wanneer hy hierdie woorde spreek nie, maar deur Satan. Die Here moes Satan se losprys-eise betaal om Israel te red van algehele vernietiging deur die plaag.

Nadat die plaag gestuit is, moes 'n onskuldige slagoffer gevind word om die versoeningsproses te voltooi. Ons sal dit in die volgende hoofstuk bespreek.

HOOFSTUK 46

VOLKSMOORD OP DIE MIDIANIETE

Ons het bespreek hoe daar binne een van die mooiste stellings van die Skrif 'n verskuilde vyandskap vervat is.

“Nou dan, as U tog maar hulle sonde wou vergewe! En so nie, delg my dan maar uit u boek wat U geskryf het!” Exodus 32:32 (AFR53)

Wil U nie maar asseblief hulle sonde vergewe nie? As U nie wil nie, moet U tog maar my naam uitvee uit die boek waarin U dit opgeteken het.

En in dié dae toe Moses al groot was, het hy na sy broers uitgegaan en hulle harde arbeid aangesien. En hy het gesien hoe 'n Egiptiese man 'n Hebreëuse man, een uit sy broers, slaan. En hy het hierheen en daarheen gekyk, en toe hy sien dat daar niemand was nie, **het hy die Egiptenaar doodgeslaan** en hom in die sand begrawe. Exodus 2:11-12 (AFR53)

Veertig jaar in die woestyn waar hy skape versorg het, het hierdie beginsel van vergelding in Moses versag. Maar sonder die volledige openbaring van God se karakter soos geopenbaar in Christus, was dit uiters moeilik om hierdie valse idee heeltemal te verwyder.

God weet hoe moeilik dit is om sulke diepgewortelde wanopvattinge in die mens uit te skakel en Hy is onwillig om 'n ander begrip op die mens af te dwing; daarom ontmoet die mens waar hy is, en teken die besonderhede van Sy pogings om hom te bereik aan, sodat die mens eendag in die toekoms die stukke bymekaar kan sit en tot 'n meer akkurate begrip van God se karakter en Sy geregtigheid kan kom. Dit is al wat God kan doen en wat Hy vir 6000 jaar gedoen het: Hy wandel saam met mense deur hul verduisterde begrip terwyl hulle die bitter vrugte van hul keuses eet, terwyl Hy deur Sy Gees saggies met hulle praat van 'n beter weg.

Maar die man Moses was baie sagmoedig, meer as al die mense op die aardbodem. Numeri 12:3 (AFR53)

Moses was die geduldigste, sorgsaamste man op aarde in daardie tyd, en daar sou baie min na hom wees wat sy vlak van nederigheid sou besit. Tog was die verborge verraad van Adam se tyd steeds versteek in die karakter van Moses. Ons hemelse Vader wou Moses van hierdie verborge vyandigheid bevry.

Die enigste manier om dit te doen, was om die natuurlike neigings van Moses in 'n moeilike situasie te laat oorheers. Dit sou God se genade baie meer oorfloedig maak. Die oomblik toe Moses die rots twee keer geslaan het in woede as gevolg van die ontroue ondankbaarheid van die mense, het die verborge vyandigheid in Moses na vore gekom. Die slaan van die rots was 'n simbool van die slaan van Christus. Voordat Moses die berg Nebo sou klim en na die graf sou gaan, sou God die diepte van Moses se vyandigheid in hom openbaar, tot so 'n mate dat dit gesien kon word dat Moses dieselfde natuur besit het as die Farao wat hom as 'n baba probeer doodmaak het.

In die laaste hoofstuk het ons die doodmaak van die skuldiges in Israel gesien omdat hulle afgodsaanbidding en seksuele immoraliteit in die kamp toegelaat het. Nou was dit tyd vir die skuldige nasies van Moab en Midian om te maai wat hulle gesaai het. God praat met Moses:

“Neem wraak vir die kinders van Israel op die Midianiete; daarna sal jy by jou volksgenote versamel word.” Numeri 31:2 (AFR53)

Hier is die laaste taak vir Moses voordat hy sterf: wraak op die Midianiete. Maar wie se wraak is hier bevredig? Oorweeg twee ander vertalings:

“Voltooi die wraak van die kinders van Israel teen die Midianiete - daarna word jy by jou volk versamel.” Numeri 31:2 (vrylik vertaal uit YLT)

“Laat [neem wraak met straf van die kinders van Israel] op die Midianiete; en uiteindelik sal jy by jou volk gevoeg word.” Numeri 31:2 (vrylik vertaal uit die Apostolic Polyglot)

Wat het Moses en die Israeliete onder wraak verstaan?

Moses het toe vir die volk gesê: “Bewapen manne vir die oorlog en laat hulle teen die Midianiete optrek om hulle te straf in die Naam van die Here.” Numeri 31:3 (Afr83)

Vir Moses het wraak beteken om diegene wat verkeerd gedoen het, dood te maak en te vernietig. Moses het menslike wraak as God se wraak uitgedruk. Dit projekteer die karaktereienskappe van Israel, insluitend Moses, op God. Die slinkse verraad van Bileam in verbond met die Midianiete wek die toorn van Moses op en veroorsaak dat die misdaad van Moses toeneem. (Rom 5:20).

God het met Moses gepraat oor die wraak van die kinders van Israel. Moses het gepraat van die wraak van die HERE. Moses sê vir die Israeliete om hulleself vir oorlog te bewapen. God het nie die woord *oorlog* of die opneem van wapens genoem nie. Hoe wreek God Homself op Sy vyande?

Moenie julle wreek nie, geliefdes, maar gee plek vir die toorn; want daar is geskrywe: Aan My kom die wraak toe, Ek sal vergeld, spreek die Here. **As jou vyand dan honger het, gee hom iets om te eet; as hy dors het, gee hom iets om te drink, want sodoende sal jy op sy hoof vurige kole ophoop.** Romeine 12:19–20 (Afr53)

God se wraak voed Sy vyande en gee hulle iets om te drink. Wanneer jou vyand goedhartig teenoor jou is, pynig dit jou gewete (as daar enige

gewete oor is) en veroorsaak dit groot ongemak vir die siel. Só verander God Sy vyande, wat alle mense in hul natuurlike toestand insluit, in Sy vriende – Sy goedheid teenoor ons lei ons tot bekering en bring versoening. (Rom 2:4).

Hoe het Elisa sy vyande behandel?

En die koning van Israel sê vir Elísa toe hy hulle sien: Moet ek verslaan, moet ek verslaan, my vader? Maar hy antwoord: U mag nie verslaan nie. Sou u dan verslaan die wat u met u swaard en u boog as gevangenes weggevoer het? Sit aan hulle brood en water voor, dat hulle kan eet en drink en na hulle heer kan trek.”

En hy het hulle 'n groot maaltyd berei; en nadat hulle geëet en gedrink het, laat hy hulle gaan; en hulle het na hul heer getrek. En die bendes van die Arameërs het verder nie meer in die land van Israel gekom nie. 2 Konings 6:21-23 (Afr53)

Waarom het die bendes van Siriese rowers nie meer die land van Israel binnegekom nie? Dit is as gevolg van die vurige kole op hulle koppe. Hierdie soldate het gedink hulle gaan sterf. Om eerder 'n groot feesmaal te ontvang, het hulle harte geraak en hulle skaam gemaak oor hulle begeerte om die Israeliete dood te maak, dus het hulle opgehou.

Maar soos ons gesê het, was dit nie God se wraak wat voltrek is nie; dit was die wraak van Israel. Moses het die rots, 'n simbool van Christus, weer geslaan deur te sê dit was God se wraak wat voltrek is. Dit was 'n manifestasie van die verborge vyandskap wat in die hart van Adam ontstaan het.

Die sagmoedigste man op die hele aarde openbaar skielik die verskuilde vyandigheid binne hom in die begeerte om die Midianiete almal uit te moor. As God nie gesê het wat Hy gedoen het nie, sou hierdie verborge vyandigheid dalk nie na vore gekom het nie.

Dit is die misverstand van wat God bedoel het, wat veroorsaak dat Hy in duisternis gehul word. Anders gestel, dit is die projeksie van mense se gedagtes op God se woorde wat veroorsaak dat dit lyk of God in duisternis geklee is. Daar is geen duisternis in God nie, maar as mense

wat God verteenwoordig Sy karakter verkeerd verstaan, veroorsaak dit dat God in duisternis gehul word. Die duisternis is God wat deur Sy volgelinge verkeerd voorgestel word.

Dit is noodsaaklik dat die diepte van vyandigheid in Moses geopenbaar word voordat hy sterf. God doen dit nie om Moses te veroordeel nie, maar sodat Moses oorfloedige genade kan ontvang. God veroordeel nooit; Hy veroordeel slegs om genesing van die vyandskap te bring vir dieper versoening. Dit is die mens wat, in sy misverstand, hierdie werk van oortuiging as veroordelend beskou, en in skuldgevoelens en vrees vergaan hy.

Israel het oorlog toe gegaan teen Midian met die gedagte dat hulle God se oorlog voer en Sy wraak neem. Die Midianiete is uitgewis. Israel het seker gemaak dat Bileam, daardie valse profeet, ook vernietig word. Maar toe hulle terugkeer, reageer Moses met groot woede.

Moses was kwaad vir die bevelvoerders van die leër, die bevelvoerders oor duisend en oor honderd wat van die veldtog af teruggekom het. Hy het vir hulle gesê: “Julle het al die vrouens in die lewe laat bly, en deur toedoen van Bileam was juis hulle die oorsaak dat die Israeliete by Peor ontrou was aan die Here en daar 'n ramp oor die volk van die Here gekom het! Maak al die seuntjies dood en elke vrou wat al met 'n man gemeenskap gehad het. Numeri 31:14–17 (Afr83)

Het God enigiets vir Moses gesê oor die doodmaak van babaseuntjies? Op watter manier het die babaseuntjies van Midian Israel verlei en 'n plaag veroorsaak wat 24 000 Israeliete vernietig het? Alle vroue wat met 'n man geslaap het, is doodgemaak. Maar die meisies wat nie met 'n man geslaap het nie, is aan die lewe gehou om voorberei te word om met Israelitiese mans te slaap en om hulle slawe te wees.

Dit is nie moeilik om die menslike logika te verstaan waarom die vroue ter dood veroordeel is nie, maar in die lig van die karakter van Jesus wat die vrou wat in egbreuk betrap is, vergewe het, openbaar dit aan ons almal waar ons harte oor hierdie vraag staan.

Moses se lewe is gespaar toe die Farao van Egipte beveel het dat alle Israelitiese babaseuntjies doodgemaak moes word en die babameisies gespaar moes word.

En die koning van Egipte het met die Hebreeuse vroedvroue — die een se naam was Sifra en die ander se naam Pua — gespreek en gesê: As julle die Hebreeuse vroue by 'n geboorte help, moet julle na die geboortestoel kyk: as dit 'n seun is, maak hom dood; maar is dit 'n dogter, laat haar lewe. Exodus 1:15–16 (AFR53)

Dit is ook interessant dat toe Moses uit Egipte gevlug het, hy skulping in die land Midian gevind het.

En toe Farao van dié saak hoor, het hy probeer om Moses dood te maak. Maar Moses het van Farao af weggevlug en in die land Midian gaan woon. En hy het by 'n put gesit. Exodus 2:15 (AFR53)

Moses het met die dogter van Jetro, die priester van Midian, getrou. (Eks 2:16-21). Al hierdie dinge behoort ons te laat sidder. Moses was die sagmoedigste man wat geleef het. Toe die regte toets gekom het, het dit getoon dat Moses dieselfde eienskappe as Farao kon vertoon toe die Israelitiese kinders doodgemaak is.

As jy werklik wil weet wat diep in jou siel verborge is, kyk in die gesig van Moses en sien jouself. Al hierdie dinge is opgeskryf tot ons lering. (Rom 15:4). Daar is niks goeds in die mens nie; daar is niemand wat God soek nie. (Rom 3:11–12). Soos Jesus vir ons gesê het, is daar niemand wat goed is nie, behalwe Een, naamlik God.

In die moorde op die konings van Midian en hulle manne sien ons die offer van die skuldiges. In die vroue wat Israelitiese mans verlei het, sien ons ook die offer van die skuldiges. In die dood van die vroue wat Israel nie verlei het nie en die babaseuntjies van Midian sien ons die offer van die onskuldiges – en dit voltooi die versoening van Strafvervanging. Dit alles weerklink die beskuldiging in die tuin: “die vrou wat U (die Seun) aan My gegee het...”: die skuldige vrou en die onskuldige Seun word ter dood veroordeel om die versoening vir Adam te voltooi.

Die res van die hoofstuk praat oor die oorlogsbuit en hoe dit verdeel is en wat aan God gewy is. Dan lees ons iets uiters belangriks oor die onderwerp van die versoening.

“Daarom bring elkeen van ons as offer aan die Here wat hy aan goue goed gevind het: armkettings en armbande, vingerringe, ooringe en halssierade, **om versoening te doen vir ons siele voor die aangesig van die Here.**” Numeri 31:50 (Afr53)

Deur die Midianiete dood te maak, die buit van die oorlog te neem en 'n offer aan God te bring, het die Israëliete vir hulself versoening gedoen. Maar hoe doen mense versoening vir hulself as daar niemand regverdig is nie, nee, nie een nie? Soos God gesê het, was dit Israel se wraak wat bevredig is, daarom was die versoening vir hulleself.

Vir 'n kort oomblik lyk dit of Moses optree soos Faraó, met dieselfde saad van vyandskap gedryf deur die begeerte om sy nasie te bewaar. Die kritieke punt om te onthou is dat God geen persoon veroordeel vir hul mislukkings nie, maar Hy sal hulle die waarheid wys sodat Hy hulle genade en geestelike genesing kan gee as hulle die waarheid aanvaar.

Baie mense is geskok oor die suggestie dat Moses verkeerd opgetree het. Dit is 'n poging om die verskuilde vyandigheid in hul harte te regverdig. Jesus het nooit die dood van enigiemand vereis nie; dit is nie deel van Sy karakter nie. Christus het die Kruis verduur in die dood van al daardie Midianiete, sodat die evangelieproses in Moses voltooi kon word.

Moenie 'n fout maak nie, die Midianiete het die natuurlike gevolge van hul keuses ontvang. Hulle wou Israel vernietig, daarom het God toegelaat dat die ongeregtighede van die vaders aan die kinders besoek word. God het nie verhoed dat die gevolge intree nie, maar God se karakter word nie verteenwoordig in die volksmoord op die Midianiete nie.

Dit is my gebed dat, deur hierdie stories met vars oë te lees, die Spieëlbeginseel 'n veel groter betekenis sal kry. Wat ons in die Skrif as versoening lees, is 'n weerspieëling van mense se versoening. God se

gedagtes is nie ons gedagtes nie, maar Hy ontmoet ons waar ons is. Ek bid dat die verdorwenheid van die hele menslike natuur geopenbaar en in die stof gelê sal word sodat ons almal aan Christus sal vasklou as ons enigste hoop op verlossing. Daar is niemand wat goed is nie, nee nie een nie. Dit is hoekom hierdie geskiedenis aan ons gegee word:

“Al hierdie dinge het met hulle gebeur as ‘n voorbeeld vir ons, en is neergeskryf om ons te waarsku – ons wat hier teen die einde van die wêreldgeskiedenis leef.” 1 Korinthiërs 10:11

Ons het almal dieselfde vlees as Moses en Farao. Ons het die potensiaal om presies te doen wat hulle gedoen het, selfs al is ons die sagmoedigste persoon op aarde.

HOOFSTUK 47

MET DIE SLUIER GELIG

Ons almal weerspieël die heerlijkheid van die Here, want die sluier is van ons gesig af weggeneem. Ons word al hoe meer verander om soos die Here te lyk, met 'n heerlijkheid wat steeds toeneem namate die Here, dit is die Gees, dit aan ons gee. 2 Korintheërs 3:18

In hierdie soeke om my Vader in die hemel te vind, bely ek die werklikheid dat Hy my soos die verlore skaap gevind het. Die Vader wat ek deur die Skrif gevind het, is liefde van begin tot einde. Die Skrif, gekombineer met my persoonlike ervarings met my ouers, vrou en kinders, bevestig die teerheid wat in die hart van ons Skepper gevind moet word, want ek kon self nie sulke teer hartsverlangens begryp nie, as gevolg van die duisternis wat ek weet in my hart woon.

Satan het sy uiterste bes gedoen om te verhoed dat ek my Vader vind deur die pad van die Ou Testament te plaas dwarsdeur sy eie spieëlhuis. Om die ware van die valse te onderskei, word feitlik onmoontlik, want deur hierdie antieke Skrifte buite Christus te lees, bied hulle slegs 'n God aan my wat soos ek is. My vlees is tevrede met so 'n openbaring, maar die getroue getuie van Jesus nooi my om verder en dieper te soek.

Ek het my met ywer aangewend om deur die verhale van die eerste vyf boeke van die Bybel te navigeer om die persoon van God in die Tora met die persoon van Christus in die Nuwe Testament te harmoniseer. Ek het probeer om in hierdie verhale te wys wat die mens se denke en wat God se denke is. In hierdie bundel het ek tien beginsels voorgelê waardeur die verwarring van die spieëlhuis opgelos word.

Jesus Christus is die openbaring van die Vader. Hy is die enigste sleutel om die sluier in ons lees van die Ou Testament te verwyder. Dit is aanloklik om te dink dat ons die Ou Testament direk kan lees en die stories daarin kan onderskei en verstaan. Maar as die Bybel korrek is wanneer dit die menslike hart heeltemal bedrieglik verklaar, dan is dit wys van ons om nederigheid te beoefen deur daarna te kyk, ons aannames te bevraagteken en te soek na volkome harmonie regdeur die hele Bybel.

Ek het al soveel mense ontmoet wat baie skepties voel oor die idee dat wat hulle lees dikwels 'n spieël van hul eie denke is. Aanvanklik voel dit baie destabiliserend, maar die alternatief is om onwetend te glo dat Jesus nie die volledige openbaring van God is nie, en dat God nie volgens Sy eie Tien Gebooie leef nie.

Die grootste punt wat my verwar, is die gemak waarmee soveel Christene die volksmoord van nasies en die moorde op onskuldige kinders regverdig. Die regverdiging van sulke dade, dat dit goedgekeur word deur die God van die hemel, is om 'n mens se hart so te verhard dat ons menslikheid kwesbaar gelaat word om in die sloot van veroordeling te beland. 'n Man met hierdie denkwyse sal die vernietiging eis van almal wat nie met hom saamstem nie en dink dat God dit goedkeur.

Die aanbidding van 'n God van geweld, volksmoord en vuurdood van miljoene is die grootste enkele oorsaak van geweld en vernietiging in hierdie wêreld, want ons word dit waarin ons glo; ons is ambassadeurs vir die godheid wat ons vereer.

Baie Christene verwerp vrae van bedagsame ateïste en agnostici; dit is maklik (veral as jy in die uitverkiessingsleer glo) wanneer hulle reeds

as goddeloos beskou word, om hulle te bestem vir die hel. Die Christendom bereik nie die wêreld met effektiewe deurdringendheid nie, as gevolg van sy verdediging van die geweld van God. Die sensitiwiteite van mense, wat verskrik word deur die gruweldade wat aan God toegeskryf word, veroorsaak dat hulle in ander rigtings draai vir antwoorde op verwarrende vrae. Die Christene reageer daarop deur hulle as ongelowig te verkleineer, eerder as om te simpatiseer en verder te studeer vir beter antwoorde.

Ek bid dat die materiaal wat in hierdie bundel aangebied word, 'n oomblik van nadenke sal gee en 'n saadjie van hoop sal koester in die vreugdevolle gedagte dat die Skepper van alles nie die vernietiger van die meeste is nie. As die waarheid van die Skrif waar is dat ons deur te aanskou verander word, behoort ons dan nie voor ons oë 'n beeld van volkome welwillendheid, liefde, barmhartigheid en genade sonder die dreigement van geweld te hou nie? Enige beeld met geweld moet, gebaseer op hierdie beginsel, verseker dat geweld bestem is om vir ewig in die menslike ervaring vasgelê te wees. As ons geweld uit onself wil verban, dan moet ons dit verban uit die God wat ons aanbid. Die eenvoud van hierdie argument behoort vir enige openhartige denker duidelik te wees.

Sou ons verwag dat 'n jong vrou volkome sou rus in die arms van 'n minnaar wat duisende babas, plus miljoene mans en vroue, vermoor het? Hoe is daar vrede in die boesem van so 'n vernietiger? Jesaja beskryf die effek daarvan om met 'n oop gesig in die aangesig van die ware God te kyk:

Daardie dag sal die wolf die gas van die lam wees. Die luiperd en die bokkie sal langs mekaar lê. Kalwers en vetgemaakte beeste sal veilig by leeus wees, en 'n kindjie sal vir almal sorg. Vee sal tussen bere wei, hulle kleintjies sal by mekaar lê en leeus sal gras vreet soos beeste. Babas sal veilig tussen giftige slange speel. 'n Kindjie sal sy hand uitsteek na giftige slange en niks oorkom. **Niks of niemand sal op my heilige berg verwoesting of kwaad aanrig nie. Soos die water die see vol maak, so sal die aarde vol wees van mense wat die Here ken.** Jesaja 11:6-9

Niks sal verwoesting bring of kwaad aanrig op God se heilige berg nie, want Sy onderdane word gestreel deur 'n Gees wat nog nooit iemand ooit seergemaak of vernietig het nie. Kan ons nie met vertroue beweer dat hierdie waarheid as vanselfsprekend beskou word deur elke gemoed wat na vryheid soek nie?

In my lewe het ek soms oorweldig gevoel deur die gedagte aan die oorloë wat ons wêreld kort voor my geboorte verwoes het. My pa was in Nederland gedurende die Tweede Wêreldoorlog, en sy ervaring het hom die res van sy lewe beïnvloed. Ek het daardie era bestudeer om die gruwels wat my pa moes verduur, te probeer begryp, soos die gesig van dooie liggame wat in die straat lê – uitmekaar geskiet deur loeiende bomme wat van bo af geval het.

Ek het al getreur oor die onmenslikheid van mense teenoor mekaar deur die eeue heen. Waarom is die geskiedenis van die mens so vol oorlog en bloedvergieting? Soveel keer, nadat 'n misdaad teen die mensdom plaasgevind het, het die mens gesê “nooit weer nie”, net om dit te herhaal; dit lyk asof dit 'n nalatenskap van woede en waansin is waarvan ons nie kan vry kom nie.

Ek het verlang na 'n beginsel waardeur ek kon leef waar ek verseker kon weet dat ek 'n pad gevind het om te ontsnap van die herhaling van hierdie gruweldade, nie net met my hande nie, maar ook in my hart. O, my begeerte is om heeltemal gereinig te word van die begeerte na geweld teenoor enige man of vrou!

In Jesus Christus vind ek 'n man wat vry is van hierdie euwel wat in mense bestaan. My dilemma was die karakter van Sy Vader, wat so onmoontlik in teenstelling met dié van Sy Seun gelyk het. Tog is ek in die afgelope paar jaar vreugdevol aangegryp deur 'n groeiende sekerheid dat my Vader in die hemel nie 'n wese van mag, geweld of dood is nie. Hierdie eens flikkerende hoop het nou ontvlam in die soetste versekering – God is liefde, nie net in woorde nie, maar in elke daad van Sy bestaan! Nie net in letter nie, maar in gees en in waarheid!

Ek het met my hele hart na hierdie Vader se wil gesoek; ek het myself aan hierdie strewe toegewy, soms bewurig, soms verward, dikwels in


gebed, baie keer in tranen wanneer die bewys uiteindelik kom na baie ure se delf in die Skrifte op soek na die are van goud.

Nou, as ek in die gesig van Jesus kyk wat op hierdie aarde gewandel het, het ek die sekerheid dat ek die Vader sien. God is waarlik in Christus besig om myself met Homself te versoen. Ek vind Sy liefde dwingend, Sy geduld onpeilbaar, Sy genade verhewe en Sy vergifnis my vreugde.

Ek bid met die innigste hoop dat my flou pogings om oor die goddelike te praat 'n venster in jou gedagtes oopgemaak het om die skoonheid van die oneindige God te begryp, om Sy ware prag as 'n teer, sagmoedige Vader te ervaar, en om te weet dat Hy alles in Sy ontsaglike mag gedoen het om ons misleide gedagtes, besmet deur Satan se leuens, terug na Hom te lei om met Homself te versoen.

Beproef en sien dat die Here goed is. Neem die beginsels wat ek verskaf het en toets dit totdat jy self tevrede is, en mag jy, liewe leser, dieselfde kosbare vreugde vind wat ek gevind het in die boesem van ons liefdevolle Vader deur Jesus Christus ons Here.

Niemand het ooit God gesien nie; die eniggebore Seun wat in die boesem van die Vader is, dié het Hom verklaar. Johannes 1:18 (Afr53)

The background of the entire page is a photograph of a sunset or sunrise over a calm body of water. The sky is a deep blue with scattered white and orange-tinted clouds. The sun is low on the horizon, creating a bright glow and reflecting on the water's surface. In the distance, a range of mountains is visible under the soft light of the sun.

Uit die diepste en teerste verhouding wat menslike harte kan ken, kom die roep van ons ewige Vader wat ons nooi om Hom te ken soos Hy in sy Seun, Jesus, geopenbaar word.

Om op hierdie roepstem te reageer, moet ons deur die huis van spieëls in die Ou Testament navigeer, wat vir die natuurlike hart blyk dat dit die Vader voorstel as gewillig om miljoene sondaars op die wreedste maniere uit te wis om streng geregtigheid af te dwing.

Sit die diepte van intimiteit en liefde in harmonie met die dood wat geregtigheid eis? Gooi God Sy Vaderlike klere af in ruil vir die beul se byl?

Is jy tevrede met sulke teenstrydighede? Wil jy 'n beter manier weet? Hierdie boek bied tien hulpmiddels aan om die liefdevolle Jesus met die God van die Ou Testament te harmoniseer.